UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE VERBAND TUSSEN GODSBEELD, LITURGIESE ERVARING EN GEMEENTEBOU

**Deur**

**MARTHINUS JACOB JANSEN VAN RENSBURG**

**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE GRAAD**

**Philosophiae Doctor**

**In**

**Praktiese Teologie**

**Fakulteit Teologie**

**Universiteit van Pretoria**

**Promotor: Prof Malan Nel**

**2015**

© University of Pretoria

# SUMMARY

This study investigates Congregational Development, understanding of God and Liturgy. The aim of the study is to provide guidelines from the perspective of the development of congregations according to which members can be trained to better understand the various metaphors of God, in order for them to apply it liturgically in the missional development of the congregation in a changing world.

The methodology of practical theology is found in the concepts *understanding*, *explaining* and *changing*. This study focuses on all three concepts, as embodied in hermeneutic understanding, the empirical reality and a new theory of practice that leads to change.

The hermeneutic understanding focused firstly on the development of congregations as an ecclesiological starting point in the identity and calling of the Church. Secondly, the different metaphors of God in the missional development of the congregation were investigated. In the metaphorical understanding of God, the spotlight fell on the changing world in which members of the congregation are expected to liturgically live out their understanding of God.

The aim of the empirical measurement, which was a combination of qualitative and quantitative research, is to test the hermeneutic understanding and to explain to which degree it is manifested in the Netherdutch Reformed Church of Africa ("Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika").

The concept of change focused on the provision of a new theory of practice that can serve as a guide to members of congregations to live out their roles in the missional development of the congregation in a changing word.

© University of Pretoria

# OPSOMMING

Die studie handel oor Gemeentebou, Godsbegrip en Liturgie. Die doel van die studie is om vanuit 'n gemeentebouperspektief riglyne daar te stel waarvolgens lidmate opgelei kan word om die verskillende metafore van God beter te verstaan, sodat hulle in staat kan wees om dit liturgies uit te leef ten einde die missionale opbou van die gemeente in 'n veranderende wêreld te verseker.

Die metodologie van praktiese teologie word gevind in die konsepte van *verstaan*, *verklaar* en *verander*. Hierdie studie fokus op al drie die konsepte, soos uitgedruk as hermeneutiese verstaan, die empiriese werklikheid en 'n nuwe praktykteorie wat verandering tot gevolg het.

Die hermeneutiese verstaan het eerstens gefokus op Gemeentebou as 'n ekklesiologiese vertrekpunt in die verstaan van die identiteit en roeping van die Kerk. Tweedens is daar gefokus op die verskillende metafore van God in die missionale opbou van die gemeente. In die metaforiese verstaan van God het die fokus vervolgens verskuif na die veranderende wêreld waarin die lidmate hulle verstaan van God liturgies moet uitleef.

Die empiriese meeting, wat kwantitatief en kwalitatief gedoen is, het ten doel om die hermeneutiese verstaan te toets en te verklaar in watter mate lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika hulle verstaan van God verdiskonteer in die liturgiese uitleef van hulle geloof en die opbou van die gemeente.

Die konsep van verandering het gefokus op die daarstel van 'n nuwe praktykteorie wat kan dien as die begeleiding van lidmate om hulle amp as gelowiges uit te leef in die missionale opbou van die gemeente in 'n veranderende wêreld.

© University of Pretoria

# Key Terms

- Congregational Development
- Understanding of God
- Worship
- Liturgy
- Congregation
- Ecclesiology
- Fellowship of believers
- Community of faith

© University of Pretoria

# Sleutelwoorde

- Gemeentebou
- Godsbeeld
- Eredienste
- Liturgie
- Gemeente
- Ekklesiologie
- Koinonia
- Gemeenskap

© University of Pretoria

**Opgedra aan**

**my vrou**

**Hannetjie**

**en my dogter**

**Elanja**

© University of Pretoria

# Bedankings

- My promotor prof Malan Nel, wat 'n voorreg het ek nie gehad om nie net onder u leiding akademies gevorm te word nie, maar u het my ook laat deel in u lewenswysheid. U omgee vir ander maar dan ook u insig in die teologie was en is vormend op elkeen wat u pad kruis.
- My medepromotor prof Cas Wepener, dankie vir u besondere manier van insig waarmee u die liturgie van die lewe vir my 'n werklikheid gemaak het.
- Loina Bodenstein en Andries Masenge van Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria. Dankie dat julle, lewe en betekenis gegee het aan die data wat ingesamel is.
- Brenda Nsanzya, van die Merensky Biblioteek by die Universiteit van Pretoria. Dankie dat jy gehelp met navorsing. Dankie vir jou geduld en jou vriendelikheid.
- Die Kerkraad van die Hervormde Kerk Phalaborwa, dankie vir julle finansiële en emosioneel ondersteuning. Dankie dat julle my die geleentheid gegee het om hierdie studie te onderneem.
- Aan my vrou Hannetjie, dankie vir jou ondersteuning en hulp. Dankie vir ure se tikwerk en verwerking van inligting. Meer nog, dankie dat jy my aangemoedig het om te studeer en vir jou liefdevolle bystand.
- My dogter Elanja, dankie dat jy verstaan het as ek by tye nie tuis was nie. Wat 'n voorreg was dit nie vir ons om saam studente by die Universiteit van Pretoria te kon wees nie. Mag hierdie ook jou inspirasie wees om akademies te groei.
- My ouers, Koos en Bettie van Rensburg, dankie vir liefde en geloofsopvoeding. Dankie dat julle die eerste voetspore van geloof in my lewe getrap het en dat ek steeds daarin kan volg.
- Aan my broer, Deon, en tannie Mimmie, dankie vir huisvesting en gasvryheid in Pretoria
- Tannie Erika Breitenbach en Zanel de Lange. Dankie dat julle bereid was om julle liefde en kennis van Afrikaans met my te deel. Dankie vir ure se proeflees en julle raad en advies.
- Aan my Hemelse Vader alle eer en dank. Wat ek is, is net genade. Dankie Vader vir insig en geleenthede. Vader neem my hande en my voete en maak my diensbaar in U koninkryk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

## Hoofstuk 1: Probleemstelling en Metodiek


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Navorsingsonderwerp | 1 |
| 1.1.1 | Tema | 1 |
| 1.1.2 | Navorsingsprobleem | 1 |
| 1.1.3 | Hipotese | 3 |
| 1.1.4 | Navorsingsdoelwitte | 3 |
| 1.1.4.1 | Inleiding | 3 |
| 1.1.4.2 | Die vraag waarop daar 'n antwoord gesoek word | 4 |
| 1.1.4.3 | Waar gaan die grense van die navorsing lê? | 4 |
| 1.1.4.4 | Wat is die oogmerke van die navorsing? | 5 |
| 1.1.4.5 | Waar pas die navorsing in die Praktiese Teologie in? | 6 |
| 1.1.4.6 | Watter soort navorsing word onderneem? | 7 |
| 1.1.4.7 | Watter relevansie het die navorsing? | 8 |
| 1.1.5 | Konseptualisering | 9 |
| 1.1.6 | Hoofstukindeling | 12 |
| 1.2 | Metodologie | 13 |
| 1.2.1 | Inleiding | 13 |
| 1.2.1.1 | Heitink | 13 |
| 1.2.1.2 | Osmer | 15 |
| 1.2.2 | Oorsig oor die studie | 17 |
| 1.2.2.1 | Hermeneutiese sirkel | 17 |
| 1.2.2.2 | Empiriese sirkel | 18 |
| 1.2.2.3 | Strategiese sirkel | 18 |


## Hoofstuk 2: Gemeentebou: 'n Praktiese teologiese ondersoek na die metaforiese nadenke oor God en die invloed wat dit op die opbou van die gemeente het


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 19 |
| 2.1.1 | Praktiese teologie | 19 |
| 2.1.2 | Gemeentebou | 19 |
| 2.1.3 | Woorde en metafore as hulpmiddels in die opbou van die gemeente | 24 |
| 2.1.3.1 | Die boumetafoor in die Ou Testament | 31 |
| 2.1.3.2 | Die boumetafoor in die Nuwe Testament | 32 |
| 2.1.4. | Koinonia | 34 |
| 2.1.4.1 | Die begrip *koinonia* in die Bybel | 35 |
| 2.1.4.1.1 | Die begrip *koinonia* vanuit 'n Ou Testamentiese perspektief | 35 |
| 2.1.4.1.2 | Die begrip *koinonia* vanuit 'n Nuwe Testamentiese perspektief | 35 |
| 2.1.4.2 | Die begrip *koinonia* en Gemeentebou | 36 |
| 2.1.5 | Interaksie van 'n gemeenskap | 40 |
| 2.1.5.1 | 'n Gemeenskap wat aanbid. | 40 |
| 2.1.5.2 | 'n Gemeenskap wat bely | 41 |
| 2.1.5.3 | 'n Gemeenskap wat hoop bied | 43 |
| 2.1.5.4 | 'n Gemeenskap wat waardes het | 44 |
| 2.1.5.4.1 | Die waarheid | 45 |
| 2.1.5.4.2 | Besorgdheid | 45 |
| 2.1.5.4.3 | Priesterskap van geloof | 45 |
| 2.1.5.5 | 'n Gemeenskap wat dien en omgee | 47 |




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | |
|---|---|---|
| 2.1.5.6 | 'n Gemeenskap wat uitreik na ander | 49 |
| 2.1.6. | Ekklesiologie | 51 |
| 2.2 | Gemeenteboumodelle | 53 |
| 2.2.1 | Die Instituutmodel (God as Koning – Hoofstuk 3, punt 3.3.2) | 53 |
| 2.2.2 | Die Mistiekegemeenskap-model (God as Vriend – Hoofstuk 3, punt 3.3.5) | 56 |
| 2.2.3 | Die Sakramentmodel (God as Versorger – Hoofstuk 3, punt 3.3.3) | 58 |
| 2.2.4 | Die Aankondigermodel (God as Vader – Hoofstuk 3, punt 3.3.4) | 60 |


**Hoofstuk 3: Godsbeelde in die Bybel en die invloed daarvan op Gemeentebou**


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 64 |
| 3.2 | Taal | 67 |
| 3.2.1 | Inleiding | 67 |
| 3.2.2 | Metafore | 67 |
| 3.2.3 | Definisies van metafore | 68 |
| 3.2.4 | Gebruike van metafore | 69 |
| 3.2.5 | Metafore en begrip | 72 |
| 3.3 | Godsbeeld in die Bybel | 76 |
| 3.3.1 | God as Herder | 78 |
| 3.3.1.1 | Inleiding | 78 |
| 3.3.1.2 | Verwysings in die Ou Testament | 79 |
| 3.3.1.3 | Verwysings in die Nuwe Testament | 82 |
| 3.3.1.4 | Gemeentebou | 83 |
| 3.3.2 | God as Koning | 85 |
| 3.3.2.1 | Inleiding | 85 |
| 3.3.2.2 | Verwysings in die Ou Testament | 85 |
| 3.3.2.3 | Verwysings in die Nuwe Testament | 88 |
| 3.3.2.4 | Gemeentebou | 92 |
| 3.3.3 | God as Versorger | 93 |
| 3.3.3.1 | Inleiding | 93 |
| 3.3.3.2 | Verwysings uit die Ou Testament | 93 |
| 3.3.3.3 | Verwysings uit die Nuwe Testament | 95 |
| 3.3.3.4 | Gemeentebou | 96 |
| 3.3.4 | God as Vader | 99 |
| 3.3.4.1 | Inleiding | 99 |
| 3.3.4.2 | Verwysings in die Ou Testament | 100 |
| 3.3.4.3 | Verwysings uit die Nuwe Testament | 102 |
| 3.3.4.4 | Gemeentebou | 104 |
| 3.3.5 | God as Vriend | 106 |
| 3.3.5.1 | Inleiding | 106 |
| 3.3.5.2 | Verwysings uit die Ou Testament | 107 |
| 3.3.5.3 | Verwysings uit die Nuwe Testament | 108 |
| 3.3.5.4 | Gemeentebou | 109 |
| 3.3.6 | Onpersoonlike metafore | 110 |
| 3.3.6.1 | Rots | 110 |
| 3.3.6.2 | Water | 111 |
| 3.3.6.3 | Vuur | 113 |
| 3.3.6.4 | Liefde | 114 |
| 3.3.7 | Onpersoonlike metafore en gemeentebou | 115 |




© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.7.1 | Rots | 115 |
| 3.3.7.2 | Water | 115 |
| 3.3.7.3 | Vuur | 115 |
| 3.3.7.4 | Liefde | 116 |
| 3.4 | Godsbeeld sedert die reformasie | 116 |
| 3.4.1 | Calvyn | 116 |
| 3.4.2 | Luther | 119 |
| 3.4.3 | Schleiermacher | 120 |
| 3.5. | Groepering van metafore | 122 |
| 3.5.1 | Monargies-juridiese beelde | 123 |
| 3.5.2 | Familiebeelde | 123 |
| 3.5.3 | Vriendskapsbeeld | 124 |
| 3.5.4 | Beeld van God se liefde | 124 |

**Hoofstuk 4: Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in 'n veranderende wêreld**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 125 |
| 4.2 | Die wêreld verander | 125 |
| 4.2.1 | Reaksie op 'n veranderende wêreld | 135 |
| 4.2.1.1 | Deduktiewe reaksie | 135 |
| 4.2.1.2 | Reduktiewe reaksie | 135 |
| 4.2.1.3 | Induktiewe reaksie | 136 |
| 4.2.2 | 'n Veranderende Suid-Afrika | 137 |
| 4.2.2.1 | Laag 1: Sacla se sewe reuse | 139 |
| 4.2.2.2 | Laag 2: Verlies van paradigma | 140 |
| 4.2.2.3 | Laag 3: Ekonomie – die towerstaf | 141 |
| 4.2.2.4 | Laag 4: Die kern – die soeke na 'n nuwe identiteit | 142 |
| 4.3 | Sekularisasie en die invloed daarvan op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika | 144 |
| 4.4 | Die invloed van sekularisasie op die ekonomiese welstand van lidmate van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika | 146 |
| 4.5 | Sekularisasie en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in 'n veranderde politieke situasie | 149 |
| 4.5.1 | Die Volkskerk | 149 |
| 4.5.2 | Misdaad en geweld | 153 |
| 4.5.3 | Gevolgtrekking | 155 |
| 4.6 | Die invloed van sosiale, ekonomiese en politieke verandering op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika | 156 |
| 4.7 | Postsekularisasie | 159 |
| 4.7.1 | Inleiding | 159 |
| 4.7.2 | Postsekularisasie en Gemeentebou | 161 |
| 4.8 | Scharmer se teorie | 163 |

**Hoofstuk 5: Liturgie**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 168 |
| 5.2 | Omskrywings van liturgie | 168 |
| 5.3 | Liturgie en liturgiese handelinge | 170 |
| 5.4 | Die erediens | 173 |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Liturgie | 182 |
| 5.5.1 | Inleiding | 182 |
| 5.5.2 | 'n Historiese oorsig oor liturgie | 182 |
| 5.5.2.1 | Ou Testament | 183 |
| 5.5.2.2 | Nuwe Testament | 186 |
| 5.5.2.3 | Die Vroeë Kerk | 187 |
| 5.5.2.4 | Die Reformasie | 188 |
| 5.5.2.5 | Die Post-Reformatiewe tydperk | 191 |
| 5.6 | Die sistematiese gang deur die liturgie van 'n erediens | 197 |
| 5.6.1 | Voorbereiding vir die erediens | 198 |
| 5.6.2 | Die begin van die erediens | 200 |
| 5.6.3 | Die votum | 200 |
| 5.6.4 | Die seëngroet | 201 |
| 5.6.5 | Sang | 202 |
| 5.6.6 | Voorlees van die Wet | 203 |
| 5.6.7 | Verootmoediging en skuldbelydenis | 204 |
| 5.6.8 | Genadeverkondiging | 205 |
| 5.6.9 | Geloofsbelydenis | 206 |
| 5.6.10 | Skriflesing | 209 |
| 5.6.11 | Prediking | 211 |
| 5.6.12 | Gebed | 213 |
| 5.6.13 | Die seën | 215 |
| 5.7 | Liturgiese inkleding van die erediens | 216 |
| 5.7.1 | Emosie en gevoel in die erediens | 216 |
| 5.7.1.1 | Multisensoriese aanbidding | 218 |
| 5.7.1.2 | Musiek | 219 |
| 5.7.1.3 | Kleredrag | 220 |
| 5.7.1.4 | Kleure | 221 |
| 5.7.1.5 | Stilte | 223 |
| 5.8. | Liturgie en lidmate | 224 |
| 5.8.1 | Beplanning en evaluasie | 224 |
| 5.8.2 | Deelname van lidmate | 226 |
| 5.9 | Liturgie en die fokus op homogene groepe | 229 |
| 5.9.1 | Kinders en jongmense | 229 |
| 5.9.2 | Volwassenes en gesinne/families | 230 |
| 5.10 | Gevolgtrekking | 231 |

**Hoofstuk 6: Empiriese navorsing gedoen in die Ring van Laeveld**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Inleiding | 232 |
| 6.2 | Data-insameling | 233 |
| 6.2.1 | Kwantitatiewe navorsing | 233 |
| 6.2.2 | Kwalitatiewe navorsing | 234 |
| 6.3 | Statistiese terminologie | 235 |
| 6.3.1 | *p*-waarde (oorskrydingswaarskynlikheid) | 235 |
| 6.3.2 | Fischer se eksakte toets | 235 |
| 6.3.3 | Korrelasiekoëffisiënt | 236 |
| 6.4 | Data-ontleding | 237 |
| 6.4.1 | Beskrywende statistiek | 237 |
| 6.4.2 | Kwantitatiewe data-ontginning | 237 |



© University of Pretoria

6.4.2.1 Kerkbesoek 238
6.4.2.2 Huisgodsdiens 238
6.4.2.3 Beeld van God 238
6.4.2.4 Erediensbywoning van pa's en die Beeld van God 241
6.4.2.5 Beeld van God en eredienste moet streng formeel wees 241
6.4.2.6 Beeld van God en kerkordelike reëls 242
6.4.2.7 Die Beeld van God en die ervaring van eredienste deur vreemdelinge 243
6.4.2.8 Erediensbywoning en siening oor die nodigheid om eredienste by te woon 244
6.4.2.9 God as Regter en die toepassing van sensuur 244
6.4.2.10 Die bywoning van eredienste vandag en die aanbidding van God in eredienste 245
6.4.2.11 Die bywoon van eredienste en gemeentelike aktiwiteite is belangrik 246
6.4.2.12 Die lidmate voel deel van die aanbidding 246
6.4.3 Kwalitatiewe data-ontginning 247
6.4.3.1 Wie is God? 247
6.4.3.2 Hoe beleef jy die beeld van God in die erediens? 248
6.4.3.3 Hoe lyk die ideale erediens vir jou? 249
6.4.3.4 Watter impak het die erediens op jou betrokkenheid by die gemeente? 251
6.4.3.5 Is eredienste noodsaaklik om God te aanbid? 252
6.4.3.6 Is daar iets anders wat vir jou belangrik is ten opsigte van God, die eredienste of julle gemeente? 253
6.5 Samevattende opmerkings 254
6.5.1 Inleiding 254
6.5.1.1 Vraag 1: "Wat is besig om te gebeur?" 254
6.5.1.2 Vraag 2: "Waarom is dit besig om te gebeur?" 256
6.5.1.3 Vraag 3: "Wat is veronderstel om te gebeur?" 259
6.5.1.4 Vraag 4: "Hoe kan ons reageer?" 260
6.5.2 Samevatting 261

**Hoofstuk 7: Riglyne vir 'n nuwe praktyk teorie**

7.1 Inleiding 264
7.2 Sleutels waarmee oopgesluit word 267
7.2.1 Opleiding as sleutel 267
7.2.1.1 Teologiese opleiding van predikante 269
7.2.1.2 Opleiding van gemeenteleiers en gemeentelede 271
7.2.1.3 Samevatting 272
7.2.2 Aanbidding as sleutel 274
7.2.2.1 Die erediens van Sondag 274
7.2.2.2 Op pad na die erediens van Sondag 279
7.2.2.3 Op pad vanaf die erediens van Sondag 280
7.2.2.4 Die erediens van die lewe 280
7.2.3 Koinonia as sleutel 281
7.2.3.1 Groepshuisbesoeke 282
7.2.3.2 Omgeegroepe 282
7.2.3.3 Huisgodsdiens 283
7.2.3.4 Faseologiese byeenkomste 283



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 7.3 | Samevatting | 283 |
| | Bylaag A - Empiriese Toetsing: Kwantitatiewe vraelys | 285 |
| | Bylaag B- Empiriese Toetsing: Kwalitatiewe Navorsing | 288 |
| | Bibliografie | 290 |



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING EN METODIEK

## 1. PROBELEEMSTELLING EN METODIEK

### 1.1 Navorsingsonderwerp

'n Teologies-empiriese evaluering van die Godsbeeld van lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die invloed daarvan op die opbou van 'n missionale gemeente.

#### 1.1.1 Tema

Die opbou van 'n missionale gemeente en die liturgiese ervaring van lidmate.

('n Prakties-teologiese ondersoek na die verband tussen Godsbeeld, liturgiese ervaring en gemeentebou)

#### 1.1.2 Navorsingsprobleem

Die opbou van 'n missionale gemeente word direk geraak deur die liturgiese ervaring van lidmate in die erediens. Hierdie ervaring hou verband met lidmate se Godsbeeld. Die volgende het die navorser gemotiveer om die navorsing aan te pak:

a. Die statistieke van die NHKA van die afgelope 30 jaar toon 'n afname van 39 103 belydende lidmate, wat 'n afname van 29,93% beteken, terwyl die totale afname in lidmate (belydend en nie-belydend) 'n afname van 82 728 is, dus 42,13% (NHKA 2015:214).



© University of Pretoria

b. Heitink (1993:289) maak die opmerking: "More research must be done into the experiences of people who participate in these celebrations. Do they really participate? What appeals to them? What causes resistance? Practical-theological research has shown that many church members do not experience the worship service as meaningful."

c. Heitink (1993) verwys na Dekker (1992:32-35), wat ook die probleem raakgesien het van mense wat nie aktief in die kerk betrokke is nie, met die gevolg dat die invloed wat die kerk in die wêreld het, baie beperk word.

d. Dreyer (2003:1059) maak die opmerking: "Die kontoere van die storie van die Hervormde Kerk (verlede verhaal), toon duidelike ooreenkomste met wêreldwye tendense ten opsigte van die tradisionele hoofstroomkerke, wat 'n drastiese daling in lidmaatgetalle beleef."

e. Van der Merwe (1991:635) beweer die volgende: "Die funksionering van die kerk word vandag aan bande gelê deur die afwesigheid van sekere elemente van die gemeenskap van die gelowiges". Hy beweer dat die erediens "te min warmte en intieme atmosfeer" het. Van der Merwe (1991:643) wys voorts op die belangrikheid van die liturgie in die samekoms van die gemeente en in die gemeente se gemeenskap met mekaar en met God. Die afwesigheid van die gevoel van saamwees sal dus ook tot 'n gevoel van afwesigheid voor God lei en dit sal die fokuspunt van die erediens laat verlore gaan.

f. Hierdie probleem word verder beklemtoon met die volgende opmerking: "Die verlies aan lidmate is 'n feit. Indien die huidige tendens voortduur, kan geprojekteer word dat die kerk binne die afsienbare toekoms ernstige probleme kan ervaar om die infrastruktuur in stand te hou" (NHKA 2007:72-73).



© University of Pretoria

g. Tydens die NHKA se 68ste Algemene Kerkvergadering wat in 2007 plaasgevind het, is kommer uitgespreek oor die tendens dat die NHKA jaarliks 'n afname in lidmaatgetalle toon. Tydens die vergadering is 'n besluit geneem dat daar navorsing hieroor gedoen moet word. Dit het die navorser geprikkel om hierby betrokke te raak. Deur hierdie tendens na te vors, hoop die navorser om 'n bydrae te lewer tot die uitdra van die evangelie en die vervulling van die NHKA se roeping.

### 1.1.3 Hipotese

Die opbou van 'n missionale gemeente kan bevorder word wanneer lidmate se liturgiese ervaring in die erediens en hulle Godsbeeld in 'n positiewe verband met mekaar staan.

### 1.1.4 Navorsingsdoelwitte

#### 1.1.4.1 Inleiding

Die navorser wil in Praktiese teologie, en dan spesifiek in Gemeentebou, navorsing doen in verband met die redes waarom kerke, en in besonder die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), lidmate verloor. Met 'n natuurlike proses van veroudering en gevolglike afsterwe, en 'n oënskynlike gebrek aan groei, kom daar 'n afname in lidmaatgetalle voor wat 'n verkleining van die NHKA tot gevolg het.

Daar is al baie oor die onderwerp gepraat, maar aangesien die navorser van mening is dat daar 'n navorsingsvakuum in hierdie verband bestaan, primêr binne die Praktiese Teologie, maar dan ook sekondêr binne die NHKA, gaan daar op 'n wetenskaplike wyse hieroor navorsing gedoen word, om sodoende 'n bydrae te lewer tot die soeke na 'n antwoord op die probleem. In hierdie navorsing gaan daar spesifiek gekyk word na



© University of Pretoria

lidmate van die NHKA se Godsbeeld en die invloed wat dit op hulle liturgiese ervaring het, as vertrekpunt vir hulle betrokkenheid by die opbou van 'n missionale gemeente.

#### 1.1.4.2 Die vraag waarop daar 'n antwoord gesoek word

Die vraag is soos volg: Is daar 'n korrelasie tussen lidmate se Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring en watter invloed dit op hulle betrokkenheid by die Missionale opbou van die gemeente het?

#### 1.1.4.3 Waar gaan die grense van die navorsing lê?

Kerke in die algemeen, en die NHKA in besonder, beleef 'n afname in lidmate en erediensbywoning. Hierdie navorsing gaan in die besonder fokus op die NHKA in 'n poging om die redes vir die tendens te identifiseer. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat daar verskeie redes is waarom lidmate nie tuis voel in 'n bepaalde denominasie nie. Die redes kan in die volgende kategorieë verdeel word:

a. Erediens (voel uitgesluit as gevolg van onbevredigende liturgiese behoeftes);
b. Jeug (die portuurgroep voel uitgesluit);
c. Pastorale behoeftes (lidmate voel dat hulle pastorale behoeftes nie bevredig word nie);

In hierdie navorsing val die fokus op die Godsbeeld van lidmate van die NHKA en die invloed wat dit het op hulle liturgiese ervaring van die erediens as vertrekpunt vir die uitbou van die Missionale gemeente, met ander woorde, wat is daar waaraan kerkgangers 'n behoefte het? Die grense van die navorsing sal dus soos volg wees:

a. Die navorsing vind plaas binne die NHKA;



© University of Pretoria

b. Daar sal navorsing gedoen word binne die NHKA oor die Godsbeeld van lidmate en die invloed wat dit het op hulle liturgiese ervaring van die erediens, as vertrekpunt vir die opbou van die missionale gemeente.

### 1.1.4.4 Wat is die oogmerke van die navorsing?

Met bogenoemde vertrekpunte van die navorsing gaan daar gepoog word om sekere lyne te trek waarbinne daar gesoek gaan word na antwoorde op die navorsingsprobleem.

Deur middel van narratiewe navorsing gaan gepoog word om die stories van lidmate van die NHKA te rekonstrueer (Dreyer 2010:11). Dit word gedoen met die bewustheid van die epistologiese uitdagings waarmee die narratiewe gekonfronteer word (Dreyer 2010:11).

Volgens Heitink (1993:103) sal die spanning tussen tradisie en ervaring dien as vertrekpunte vir die navorsing wat dan deur middel van 'n hermeneutiese proses ontleed gaan word. Die strategiese teorie (Heitink 1993:103) sal gebruik word om verklaring en aksies te implimenteer wat voortvloei uit die navorsing. Die ontwerp van bepaalde aksies met die oog op implimentering is baie belangrik. As gevolg van 'n samelewing wat voortdurend aan die verander is, en derhalwe 'n invloed uitoefen op die wyse waarop mense dink en optree, is dit noodsaaklik dat die navorsing ook hierna moet kyk. Die invloed van verandering in die omgewing op lidmate se godsdienstige behoeftes en dan spesifiek op hulle liturgiese behoeftes, word soos volg deur Müller (2011:2) verwoord:

> "Therefore, my choice would be to use postfoundationalist language in order to describe the transition in the current society and church."



© University of Pretoria

Volgens Müller (2011:3) is:

> "The shift of emphasis from individual to social, from subjective towards discourse, which constitutes a new epistemology in the social sciences, is also part and parcel of the postfoundationalist movement."

Die interaksie tussen teorie en praxis (Heitink 1993:151) sal ondersoek word vir die volgende doel: "to understand as the actions of individuals and groups in society, within and outside the church." (Heitink 1993: 151).

Die navorsingsresultate sal die basis vorm van 'n nuwe praktykteorie vir die opbou van 'n missionale gemeente. Dit sal ook dien as 'n aanbeveling aan die Universiteit van Pretoria en spesifiek die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) maar daarnaas ook aan die NHKA se Algemene Kerkvergadering ten einde aandag te gee aan die missionale opbou van gemeentes in die NHKA.

**1.1.4.5 Waar pas die navorsing in die Praktiese Teologie in?**

Binne die ruimte van die Praktiese Teologie pas die navorsing in die veld van Gemeentebou. Wanneer Nel (1994:1) na die teologiese perspektiewe op Gemeentebou verwys, definieer hy Gemeentebou as 'n teologiese veld binne die ruimte van Praktiese Teologie. Aangesien die studie sterk sal fokus op die liturgiese ervaring van lidmate in die eredienste, sal veral die ekklesiologie sterk aan die orde van die dag kom, en sal die ekklesiologie vanuit Gemeentebou verklaar en bespreek word. Vanuit die perspektiewe van Gemeentebou sal daar 'n teologiese besinning plaasvind van die trinitariese oorsprong van die kerk en dan spesifiek van die erediens as diens aan God (Nel 1994:37 & Nel 2015:43). Daar sal ondersoek word of die kerkgangers in die NHKA die erediens as 'n "ontmoeting met God" beleef.



© University of Pretoria

As 'n skakel met Praktiese Teologie, sal gekyk word na lidmate se ervaring en verwagting ten opsigte van die erediens en gevolglik hulle betrokkenheid by die totaliteit van die verskillende liturgiese elemente van die erediens, en die invloed wat dit op die missionale gerigtheid van die gemeente het.

**1.1.4.6 Watter soort navorsing word onderneem?**

Dreyer (1979:47) wys daarop dat die filosofie van Hegel aangaande die geskiedenis, 'n beweging is waarin die Goddelike redelikheid homself in 'n dialektiese beweging openbaar, tussen gebeure (tese) en 'n weerspreking (antitese) daarvan. Die spanning tussen die twee word opgelos deur die formulering van 'n hoër eenheid (sintese). Hierdie filosofie sal as vertrekpunt dien in die navorsing. Verder sal daar in hierdie navorsing rekening gehou word met die opmerking van Dreyer (2010:11) dat die epistomologiese uitdaging saam met narratiewe navorsing, in die rekonstuksie van die storie lê. Dit gaan dus nie net om die versameling van die data nie, maar dat die storie herbou moet word.

In die navoringsproses verwys Dreyer (2010:2) na die waarde van narratiewe praktiese teologie as hy stel dat :

> "Hence, the task of the researcher is to assist the co-researchers (research participants) to develop their own interpretations of their stories and help them to create alternative (life-enchancing or "preferred") stories."

Wanneer lidmate hulle eie storie verstaan, word hulle plek binne die ruimte van die gemeente en die kerk duidelik. Die navorsing wil daarom met hierdie navorsing vasstel watter invloed lidmate se Godsbegrip op hulle liturgiese behoeftes en die missionale opbou van die gemeente het.



© University of Pretoria

In die navorsingsproses is dit egter belangrik om kennis te neem van Janse van Rensburg (2007:67) se opmerking dat ons hier te make het met verskillende kontekste van tradisie, kultuur en teologie. Wat egter vir hierdie navorsing belangrik is, is dat die Skrif altyd die norm bly. Die interaksie en die invloed van tradisie en kultuur kan nie ontken word nie (Janse van Rensburg 2007:67). Müller (2011:3) wys daarop dat: "the postfoundationalist approach forces us to listen firstly to the stories of people in real situations." Aangesien die huidige tydsgees een van verandering is, is dit noodsaaklik dat daar in die huidge situasie na die verhale van lidmate geluister sal word en dit binne die huidige konteks verstaan word (Müller 2011:3).

Wanneer lidmate se verhale in verband met hulle belewenis van God verstaan word, kan hulle ervaring van die eredienste in die Hervormde Kerk ook verstaan word. Dit sal dit moontlik maak om riglyne daar te stel wat kan help om die eredienste beter in te klee, wat dan om die beurt positief kan bydra tot die opbouing van die gemeente se missionale gerigtheid.

Die narratiewe navorsingsproses samel data in deur middel van geskrewe dokumente of gesproke data (Dreyer 2010:12). In die narratiewe proses tref Riessman (2008) 'n onderkeid tussen navorsing deur middel van storievertelling en navorsing deur middel van onderhoude. Die twee is nie dieselfde nie. Die fokus is op die rekonstruksie van die storie en nie bloot 'n onderhoud nie.

**1.1.4.7 Watter relevansie het die navorsing?**

Soos uit die statistieke afgelei kan word, lê die belang van die navorsing in die identifisering van dít wat aanleiding daartoe gee dat die Hervormde Kerk nie groei in getalle ervaar nie. Daar moet vasgestel word hoekom die Hervormde Kerk ten spyte



© University of Pretoria

van die opdrag van Matteus 28 nie groei in lidmaatgetalle toon nie. Inteendeel, die Hervormde Kerk toon 'n afname in lidmate.

### 1.1.5 Konseptualisering

Na aanleiding van Osmer (2008:9) se normatiewe sirkel, word die volgende begrippe kernagtig verduidelik:

a. Opbou van die gemeente

Die opbou van die gemeente, of gemeentebou, word deur Nel (1994:14) beskryf as 'n bediening waarbinne die gemeente begelei word om sy wese en bestaansdoel te verstaan, ten einde sy eie funksionering te evalueer, en doelwitte te formuleer, wat op 'n beplande wyse bereik kan word. Nel (1994) wys voorts daarop dat gemeentebou strukture ontwikkel wat die heilshandelinge van die Drie-enige God in kerk en wêreld dien. Gemeentebou is volgens Nel (1994:25) 'n bediening wat baie sensitief daaroor moet wees dat die gemeente 'n kommunikasiesisteem, 'n sentrum en netwerk is.

b. Godsbeeld

Mense kan nie anders aan God dink as in menslike beelde en menslike taal nie. Dit kan ook nie anders nie, want volgens Dreyer (1998:549) is menslike woorde en beelde al wat aan die mens beskikbaar is.

Weber (1988:398) wys daarop dat daar 'n verband is tussen dít wat elke dag om gelowiges gebeur en gelowiges se begrip van God. Tog verwys hy na Psalm 40:6, wat die andersheid van God beklemtoon en dat niks met God vergelyk kan word nie. Weber (1988:399) gaan so ver om te sê dat selfs die woord "God" gelaai is met mense se eie betekenis en dat mens eintlik nie



© University of Pretoria

eers "God" kan sê sonder om 'n eie, menslike eie betekenis daaraan te koppel nie. Hy is van mening dat dat ons eers stil moet raak, en in dié stilte moet die andersheid van God geëer word.

c. Eredienste

Die erediens kan beskryf word as die lewensaar van die kerk (Barnard 1985:1) waaruit die totaliteit van die gemeentelike aktiwiteite vloei. Barnard (1985:388) beskryf die erediens as die verkeer tussen Christus en die gemeente as volk van die Here. Dreyer (1995:755) beskryf die erediens as die totaliteit van die kommunikatiewe, wat 'n uitdrukking is van "die totale omgang, verhouding, reaksie en optrede in woord en daad, tussen gelowiges."

d. Liturgie

Die ontmoeting tussen God en mens, en tussen mens en mens in die teenwoordigheid van God, is 'n liturgiese belewenis wat Vos (1999:102) beskryf as 'n ontmoetingstyd. Liturgie is die ruimte waarin die ontmoeting plaasvind en Vos (1999:108 & 109) sluit onder liturgie 'n wye verskeidenheid van handelinge, gebeure en gesproke verkondiging in.

e. Gemeente

Die gemeente, as bruid van Christus, is volgens Trimp (1989:7) die kroon op Christus se middelaarswerk. Trimp (1989: 5) beskryf die gemeente vanuit haar liturgiese aktiwiteite, wat verwys na die totaliteit van alle handelinge van die gemeente. Met Christus as die Bruidegom en die gemeente as die bruid, is daar 'n noue band tussen Christus en die gemeente. Hierdie



© University of Pretoria

metafoor beklemtoon ook die belangrikheid van gemeente as die plaaslike verskyning van die kerk. Pont (1981:49) beskryf die plaaslike gemeente as volkome gemeente of kerk, wat alle eienskappe besit wat eie is aan die kerk. Pont (1981:49) beskryf hier die band wat daar tussen gemeentes is, naanlik 'n waarborg van voortbestaan en welstand. Pont (1981:22) verwys verder ook na die Franse kerkorde van 1559 waarin duidelik gesien word hoe Calvyn en die stadsowerheid van Geneve 'n gemeente opgebou het rondom die konstituerende elemente van Woordverkondiging en sakramentsbediening, asook tugreëlings om die gemeente te hou by die Christelike lewenswandel.

Nel (1994:12) wys daarop dat die gemeente "wat sy trinitariese oorsprong verstaan; wat sy oriënteringspunt in sy Hoof, Christus vind; wat sy pneumatiese bestaanswyse ernstig opneem; vind sy vervulling in diensbaarheid aan God, as mense wat oor God en sy Koninkryk dieselfde dink, glo en bely."

f. <u>Ekklesiologie</u>

Wanneer Heitink (1999: 276) oor ekklesiologie nadink, verwys hy na Firet wat na Muurling se verstaan van ekklesiologie verwys as "the discipline that deals with the organization, the governance and the daily life of the church, in relation to its essence and destiny." In die navorsing sal gekyk word na die totaliteit van die ekklesiologiese handelinge met betrekking tot die bestuur en organisasie van die kerk.



© University of Pretoria

g. Koinonia

Van der Merwe en Beukes (1991:637) beskryf koinonia in terme van 'n vertikale en 'n horisontale dimensie. Hulle verwys na koinonia se vertikale dimensie as 'n gemeenskap met en deur God, en koinonia se horisontale dimensie as 'n onderlinge gemeenskap tussen mense. Louw en Nida (1988:446) beskryf koinonia as "an association involving close mutual relations and involvement". Daar is dus 'n baie hegte band tussen gelowiges.

h. Gemeenskap

Gelowiges bevind hulle vandag in 'n veranderde gemeenskap. Op bykans elke terrein van die lewe word hulle gekonfronteer met veranderinge wat aan die kerk bepaalde uitdagings bied: "In dié opsig leef die kerk in die spanning om die tydsgees akkuraat te peil, en die evangelie binne die tydsgees raak te verkondig, maar om nie daardeur op sleeptou geneem en meegesleur te word nie" (Van Wyk 1999:184 en Pont 1994:5).

### 1.1.6 Hoofstukindeling

Die volgende is 'n kort opsomming van die belangrikste afdelings waarin hierdie navorsing verdeel is.

| | | |
|---|---|---|
| **Hoofstuk 1** | **1** | **Probleemstelling en metodiek** |
| | 1.1 | Navorsingsonderwerp |
| | 1.2 | Metodologie |
| **Hoofstuk 2** | **2** | **Gemeentebou** |
| | 2.1 | Inleiding |
| | 2.2 | Gemeenteboumodelle |
| **Hoofstuk 3** | **3.** | **Godsbeelde in die Bybel en die invloed daarvan op gemeentebou** |
| | 3.1 | Inleiding |
| | 3.2 | Taal |
| | 3.3 | Godsbeelde in die Bybel |
| | 3.4 | Godsbeelde sedert die Reformasie |
| | 3.5 | Groepering van metafore |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| **Hoofstuk 4** | **4** | **Die NHKA in 'n veranderende wêreld** |
| | 4.1 | Inleiding |
| | 4.2 | Die wêreld verander |
| | 4.3 | Sekularisasie en die invloed daarvan op die NHKA |
| | 4.4 | Die invloed van sekularisasie op die ekonomiese welstand van lidmate van die NHKA |
| | 4.5 | Sekularisasie en die NHKA in 'n veranderende politieke situasie |
| | 4.6 | Die invloed van sosiale, ekonomiese en politieke verandering op die NHKA |
| | 4.7 | Postsekularisasie |
| | 4.8 | Scharmer se teorie |
| **Hoofstuk 5** | **5** | **Liturgie** |
| | 5.1 | Inleiding |
| | 5.2 | Omskrywings van liturgie |
| | 5.3 | Liturgie en liturgiese handelinge |
| | 5.4 | Die Erediens |
| | 5.5 | Liturgie |
| | 5.6 | Die sistematiese gang deur die liturgie van 'n erediens |
| | 5.7 | Liturgiese inkleding van die erediens |
| | 5.8 | Liturgie en lidmate |
| | 5.9 | Liturgie en die fokus op homogene groepe |
| | 5.10 | Gevolgtrekking |
| **Hoofstuk 6** | **6** | **Empiriese navorsing gedoen in die Ring van Laeveld** |
| | 6.1 | Inleiding |
| | 6.2 | Data-insameling |
| | 6.3 | Statistiese terminologie |
| | 6.4 | Data-ontleding |
| | 6.5 | Samevattende opmerkings |
| **Hoofstuk 7** | **7** | **Riglyne vir 'n nuwe praktykteorie** |
| | 7.1 | Inleiding |
| | 7.2 | Sleutels waarmee oopgesluit word |
| | 7.3 | Koinonia as sleutel |
| | 7.4 | Samevatting |

## 1.2 METODOLOGIE

### 1.2.1 Inleiding

#### 1.2.1.1 Heitink

Daar is verskillende vertrekpunte waaruit navorsing gedoen kan word en vir Heitink (1999:165) is navorsing die interaksie tussen drie bewegings of aksies, naamlik die hermeneutiese sirkel, die empiriese sirkel en die kritiese of regulatiewe of strategiese sirkel as die proses van *verstaan*. Die interaksie tussen die drie sirkels of velde van verstaan het ten doel om die proses van navorsing te omskryf.



© University of Pretoria

a. Die hermeneutiese sirkel het ten doel om te *verstaan*. Navorsing word gedoen om uit te vind wat gedoen word, deur wie, hoekom dit gedoen word, waar dit gedoen word en hoe en met watter intensie. Die metode van navorsing kan óf deur middel van onderhoude geskied (kwalitatiewe navorsing) óf deur middel van vraelyste (kwantitatiewe navorsing).

b. Die empiriese sirkel gaan oor die toetsing van die navorsing, of "the analysis of human action with regard to its factuality and potentiality" (Heitink 1999:65). Die inligting wat die hermeneutiese proses ingesamel het, moet getoets word om te bepaal watter potensiaal daarin geleë is.

c. Die strategiese sirkel fokus op die ontwikkeling van modelle en strategiese aksies. Aksies moet toegepas word om verandering te weeg te bring.

Die doel van hierdie navorsing is om uit die insameling van inligting, stappe en aksies, te bepaal watter stappe geïmplimenteer kan word om 'n verskil in die lewe van lidmate en die gemeentes te maak.

Met die drie sirkels as vertrekpunt, omskryf Heitink (1999:228) die volgende metodes van navorsing:

a. <u>Deskriptiewe navorsing</u>

Dié tipe navorsing sluit die versameling van statistiese data in ten einde 'n probleem te beskryf.

b. <u>Eksploratiewe navorsing</u>

Heitink (1999:230) beskryf eksploratiewe navorsing as 'n vermenging tussen navorsing wat daarna streef om te beskryf, en navorsing wat 'n hipotese toets. Heitink (1999:230) wys daarop dat eksploratiewe navorsing daarop fokus om 'n



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teorie te formuleer of 'n sekere voorveronderstelling te maak wat in 'n hipotese kan ontwikkel.


c. Hipotesetoetsing

In enige navorsing is toetsing belangrik. Die toetsing sluit die hele empiriese sirkel in. Die proses word soos volg deur Heitink (1999:165) saamgevat:

"The three circles correspond to the distinctive goals of the discipline: the interpretation of human action in the light of the Christian tradition (the hermeneutical perspective), the analysis of human action with regard to its factuality and potentialility (the empirical perspective), and the development of action models and action strategies for the various domains of action (the strategic perspective)."

#### 1.2.1.2 Osmer

Osmer (2008:11) beskryf navorsing met 'n meer uitgebreide model as Heitink (1999) deur vier sirkels te gebruik, soos hieronder aangedui:






© University of Pretoria

Belangrike vrae wat volgens Osmer (2008: 4) in die navorsingsproses gevra moet word, is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| ** What is going on? | The descriptive-empirical task | Priestly listening |
| ** Why is it going on? | The interpretive task | Sagely wisdom |
| ** What ought to be going on? | The normative task | Prophetic discerment |
| ** How might we respond? | The pragmatic task | Servant leadership |

Hierdie vier vrae vorm 'n belangrike vertrekpunt in navorsing, want:

> "Humans are inherently "hermeneutical" beings, engaged in the activity of interpreting and making sense of their experience." (Osmer 2008:21).

Osmer (2008:21) wys voorts daarop dat die mens se lewe 'n netwerk van interpertasies is waarvolgens sekere dinge gedoen word, sonder om elke objek opnuut te definieer en te ontleed. Die verskillende navorsingsmodelle bevat elkeem elemente van 'n empiriese ondersoek, literatuurstudie en innoverende denke. Heitink (1993:238) beskryf die metodologie van navorsing as 'n "hermeneutical path". Dit is 'n reis op 'n pad na *verstaan* waar daar by verskeie plekke aangedoen word totdat antwoorde by 'n nuwe bestemming bereik word. Hierdie reis is 'n beweging tussen "understanding, explanation and change" (Heitink 1993:163).

Die keuse wat die navorser in hierdie navorsing maak, is 'n kombinasie van Osmer (2008) se vier sirkels of vrae en Heitink (1993:165) se drie sirkels. Die empiriese ondersoek sal 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe insameling van data wees. Hierdie data sal met die hulp van die verskeie vakdissiplines ontleed en



© University of Pretoria

hermeneuties verklaar word. Die resultate hiervan sal die basis vorm van aksies wat ten doel het om verandering teweeg te bring.

### 1.2.2 Oorsig oor die studie

#### 1.2.2.1 Hermeneutiese sirkel

Alhoewel Heitink ( 1993:178) se vertrekpunt hermeneuties van aard en Osmer ( 2008:4) empiries van aard is, maak Heitink ( 1993:179) die volgende opmerking wat van belang is vir die navorsing: " Before one understands an action, one must grasp what motivates people and why they do what they do in this particular way." Die navorser vind in Heitink ( 1993:179) se "why " en "what" 'n skakel tussen Heitink se hermeneutiese sirkel van "understanding"

(Heitink 1993:178) en Osmer se empiriese vraag "What is going on?" (Osmer 2008:4). Dit lyk egter tog asof Heitink se "understanding" en Osmer se tweede vraag "Why is it going on ?" beter met mekaar skakel aangesien Osmer (2008:4) se tweede vraag fokus op "understanding". Osmer samel eers inligtng in ( descriptive-empirical) en dan kyk hy na teorië (why is it going on?) wat hermeneuties van aard is. Heitink (1993: 179) wys ook daarop dat "Hermeneutics has a twofold task. It studies the basic principles of understanding and formulates the rules for actual interpretation."

Alhoewel Osmer en Heitink se vertrekpunt verskillend is, is die navorser van mening dat die kombinasie tussen Heitink en Osmer se navorsingsmetodes ons kan help om beter te verstaan wie God is. Ons fokus in hoofstuk 2,3,4 en 5 op "verstaan" en dan spesifiek op die verstaan van God in 'n veranderende wêreld en die invloed wat dit het op die opbou van die gemeente.



© University of Pretoria

#### 1.2.2.2 Empiriese sirkel

Die empiriese sirkel wat Heitink ( 1993: 220) “explanation” en Osmer (2008:4) “ descriptive-empirical task” ( What is going on ?) noem, word vervolgens aangeraak. In hierdie siklus word die navorsingsprojek van stapel gestuur en daar sal in hoofstuk 6 hieroor gerapporteer word oor die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing wat gedoen is. Daar sal gerapporteer word oor kwalitatiewe navorsing in die vyf gemeentes van die NHKA se Ring van Laeveld. In elk van die vyf gemeentes is onderhoude gevoer met lidmate wat op 'n statistiese ewekansige wyse, onder leiding van die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria, geïdentifiseer is. Vir die kwantitatiewe navorsing is daar uit die vyf gemeentes van die NHKA se Ring van Laeveld, op 'n ewekansig wyse, 403 lidmate geïdentifiseer om aan die navorsing deel te neem.

#### 1.2.2.3 Strategiese sirkel

Heitink ( 1993:201) noem die strategise sirkel “ change” en Osmer ( 2008:4) se strategiese vrae is: “ What ought to be going on? “ asook “ How might we respond? “. Opgrond hiervan sal in hoofstuk 7 'n nuwe praktykteorie geformuleer om lidmate van die NHKA te begelei tot 'n verdieping in hulle Godsbegrip.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# GEMEENTEBOU

## 'n Praktiese teologiese ondersoek na die metaforiese nadenke oor God en die invloed wat dit op die opbou van die gemeente het

### 2.1 INLEIDING

#### 2.1.1 Praktiese teologie

As praktiese teoloog onderskei Heitink (1999:285) onder die domein van kerk en geloof verskeie subdissiplines in praktiese teologie, waaronder kerkontwikkeling (oikodomiek), kategetiek, liturgie en homiletiek. Die oogpunt van hierdie navorsing is 'n ondersoek na die opbou van die gemeente, en dan spesifiek die invloed wat lidmate se beeld van God op hierdie proses het. In die praktiese teologiese ondersoek sal 'n kombinasie van die modelle van Heitink (1999) en Osmer (2008) gebruik word om te bepaal hoe lidmate se beeld van God hulle betrokkenheid by die erediens beïnvloed, met die opbou van die gemeente as vertrekpunt.

Hierdie navorsing is beperk tot lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), aangesien 'n navorsingsvakuum spesifiek in die NHKA deur die navorser geïdentifiseer is.

#### 2.1.2 Gemeentebou

Verskeie vertrekpunte kan vir hierdie navorsing gebruik word. Die keuse is gemaak om op gemeentebou te fokus, waar Nel (1994:27 asook 2015:71) verskeie



© University of Pretoria

kommunikatiewe handelinge of bedieningsmodi geïdentifiseer het, naamlik: prediking (*kerugma*), Missionaat (*maturia*), onderrig (*didache*), die erediens (*leiturgia*), gemeenskap (*koinonia*), sorg (*paraklese*) en diens (*diakonia*).

Alhoewel daar dus 'n verskeidenheid bedieningsmodi bestaan, gaan dit in gemeentebou "om die onmisbare perspektief en om die integrasie en koördinering van al hierdie bedieningsvelde" (Nel 1994:29 asook 2015:71). Omdat hierdie bedieningsmodi onlosmaaklik aan mekaar verbind is, sal hierdie navorsing op die erediens (*leiturgia*) fokus, en die invloed wat dit op die ander bedieningsmodi het. Gemeentebou dien as skakel om die verskillende velde van gemeentewees bymekaar te bring en só word die gemeente begelei om te word wat God met die gemeente ten doel het (Nel 1994:23).

Nel (1994:27 asook 2015:71) beskryf die erediens as 'n kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie en as sodanig is die doel van die erediens die verheerliking van God. Van den Brom (2009:149) maak die opmerking dat "de gemeenschap van gelovigen die als gemeenschap expressie geeft aan het 'beeld van God' ". Die beeld van God moet dus in al die handelinge in die gemeente weerspieël word. Alhoewel die gemeente uit verskeie bedieningsvelde bestaan wat elkeen noodsaaklik is, is dit belangrik dat die gemeente as 'n eenheid funksioneer, eerder as 'n versameling losstaande gebeure. In hierdie eenheid beskou Nel (1994:29) "die evangelie van Jesus Christus [as] die wesenlike, die absoluut onmisbare in alle kommunikatiewe handelinge van God en van sy gemeente wat hieraan deelneem."



© University of Pretoria

Van den Brom (2009:149) verwoord dit soos volg: "Wanneer nu de relatie tussen de geloofsgemeenschap en Christus zo 'n saamhorigheid uitdrukt dat deze verbondenheid het beste met het beeld van 'een lichaam' valt uit te drukken, dan staat Christus in deze metafoor als 'het hoofd' ten behoeve van 'de andere (lichaamsdelen)'."

Aangesien die evangelie waardeur die gemeente tot bestaan geroep (geskep) is, die Woord van die Here is waardeur die gemeente regeer word, is dit terselfdertyd ook die Woord en woorde wat deur die gemeente oorgedra moet word. Dit is die hoor, aanvaar en uitleef van die evangelie wat die bediening van die gemeente tot sy volle reg laat kom (Nel 1994:29). Van den Brom (2009:138) benadruk dit soos volg: "In plaats van ons te concentreren op eigenschappen die kenmerkend voor het wezen van de kerk zijn, kunnen we ook de aandacht erop richten hoe de kerk leeft, wat haar praktijken zijn en waarom om meer te kunnen zeggen over wat kerk-zijn betekent."

Dit gaan dus hier oor *kerkwees*, eerder as blote kerkbywoning. Die erediens waarvan die Woordgebeure die kern vorm, moet dus groei tot die erediens van die lewe. Vir De Klerk (2007:29) is die wisselwerking tussen die liturgie in die samekoms van die gemeente en die liturgie van die lewe belangrik: "Die erediens van die lewe vloei uit die wese van die samekoms voort en die kerk kan hom nooit afsluit van die lewe en die nood van die wêreld nie." De Klerk (2007:29) is ook van mening dat daar onder talle werkendes die neiging en behoefte bestaan om in die werkplek na die teenwoordigheid van God te soek, en sodoende word die erediens voortgesit in die daaglikse lewe.



© University of Pretoria

Die bediening is dus nie na binne gerig met die oogmerk op die instandhouding van die gemeente nie, maar eerder op die uitdra van die boodskap van die nabyheid van die Koninkryk van God (Van den Brom 2009:138). Vir Keifert (2013:37) is dit verder ook belangrik dat die gemeente na sy roeping en doel in die gemeenskap sal vra, aangesien die gemeente geroep is om 'n verskil te maak in die gemeenskap waarin dit bestaan. Daar moet rekening gehou word met die veranderende gemeenskap waarin die gemeente hom bevind en Belcher (2009:27) noem in hierdie opsig dat "many of the questions [...] 'how to connect our faith to our changing world, how to make Christianity understandable to our culture, how to build community in an individualistic world, how the church should impact the city' – are being asked by the emerging church today." As geloofsgemeenskap is die roeping van die kerk om in 'n veranderende wêreld hoop te bring: "The church has never before faced today's challenge: being empirically a world community of diverse traditions and cultures, confronting a new world awareness and emerging global economy, and needing a theology that is truly universal and ecological" (Snyder 1991:21).

As kommunikatiewe handeling is die erediens deel van verskeie handelinge in diens van die Evangelie (Nel 1994:27). Nel (1994) vergelyk hierdie verskillende tipes verkondiging met 'n gebalanseerde dieet. Net soos ongesonde eetgewoontes tot gesondheidsprobleme kan lei, kan 'n gemeente wat nie aan gebalanseerde verkondiging blootgestel word nie, ook aan "wanvoeding" lei. Selfs al bestaan hierdie verskeidenheid in die verkondiging, waarsku Nel (1994:29) dat die kerk se voortbestaan van die verkondiging van die Evangelie afhanklik is. Die Evangelie is, om weer die metafoor van die dieet te gebruik, die hoofbestanddeel van die kos wat voorgesit word. Alhoewel die Evangelie op verskillende maniere verkondig kan word,



© University of Pretoria

bly die erediens die kern waaruit en waarna alles vloei (Barnard 1985:1). Net soos die opbou van die gemeente uit die verkondiging en dus ook uit die erediens kan voortvloei, kan dit ook tot die afbreek van die gemeente lei wanneer die erediens nie in diens van God is nie ( Nel 1994:39 asook Nel 2015:74).

Volgens Brouwer (2009:223) kan die lewensaar van die geloofsgemeenskap beskryf word as "de mate waarin men er in slaagt de in de context beschikbare middelen optimaal te gebruiken." Die korrekte en optimale gebruik van verskillende middele of hulpbronne tot eer van God is belangrik en noodsaaklik om die gemeente as geloofsgemeenskap op te bou. Alhoewel verskeie middele aangewend kan word, wys Barnard (1994:150) daarop dat "die middele waardeur die Here die bouwerk verrig, primêr die Woord en sakramente moet wees. Die talle ander middele moet diensbaar wees aan die Woord en daardeur gekontroleer word." Die Nederlandse Geloofsbelydenis behandel in Artikel 2 (NHKA 1995:133) die middele waardeur ons God ken. Dit beskryf die middele as die Skepping en die Goddelike Woord. Die Woord van God is by uitstek die middel wat God gebruik om Homself aan ons te openbaar.

In die verkondiging staan die Woord sentraal en in hierdie verband stel Nel (1994:29) dat "die bediening van die Woord, in watter gestalte ook al, steeds moet wees om mense met die goeie woorde en dade van God in Christus te bedien". Die belangrikheid van woorde in die opbou van die gemeente mag daarom nooit onderskat word nie, aangesien die gebruik van woorde een van die belangrikste maniere is waardeur die Woord verkondig word. Volgens Hendriks (1992:11) moet 'n gemeente weet "waar hy op die oomblik is. En hy moet kan luister na die Woord en die Gees,



© University of Pretoria

sodat hy kan hoor waarheen die Here wil hê dat hy moet gaan." In die opbou en vorming van die gemeente speel die Woord van God en ook die woorde van gelowiges dus 'n belangrike rol. "Dit beteken dat God in die erediens spreek en dat die gemeente antwoord" (Vos & Pieterse 1997:7).

### 2.1.3 Woorde en metafore as hulpmiddels in die opbou van die gemeente

In die opbou van die gemeente wys Nel (1994:57) daarop dat "Hy [God] hulle deur sy Gees ondersteun en lei, sy Woord in hulle gedagtes vestig en deur hulle monde laat spreek, maar Hy gebruik primêr mense in die koms van sy Ryk en die kommunikasie van sy Evangelie." In die verkondiging is dit noodsaaklik dat die Woord van God die vertrekpunt vorm van die kommunikasie tussen God en mens. "Die gehalte van gemeentewees is direk eweredig aan die kwaliteit van die kommunikasie tussen God en die gemeente" (Nel 1994:25). Die wyse waarop God aanbid en gedien word, het dus 'n invloed op die hoe suksesvol die gemeente funksioneer. In die opbou van die gemeente word woorde gebruik om aan die Woord van God gestalte te gee.

Een van die grootste uitdagings in die opbou van die gemeente, volgens Keifert (2013), is dat "lidmate selde hul eie lewens beskryf met God as die subjek – die 'doener' – van werkwoorde." Wat Keifert (2013) bedoel, is dat lidmate dikwels nie in staat is om in te sien dat God besig is om die gemeente te vorm en te lei om Sy wil te doen, of dat God hoegenaamd in die gemeente besig is nie.

Die Heilige Gees speel 'n belangrike rol in die verkondiging van die Woord om die gemeente op te bou. Pieterse (1979 39) beklemtoon dat "die verstaan eers voltrek [is] as die gemeente, as interpretatiewe gemeenskap wat ook deur die Gees gelei en verlig



© University of Pretoria

word, die Woord verstaan." Die hoor en die verstaan van God se Woord is dus die vertrekpunt en die grondslag vir die opbou van die gemeente. Dit gaan egter hier oor meer as net die hoor en die verstaan: dit is ook die uitleef van dit wat gehoor is. In die verband wys Nel (1994:7) op die volgende: "God Drie-enig moet as die enigste en ware God déúr die gemeente in die wêreld bekend word – só soos Hy Hom deur sy Woord bekendgemaak het. Wanneer dit gebeur, word God verheerlik. Dan bestaan die gemeente en werk die gemeente tot die eer van God."

Voordat God deur die gemeente bekend gemaak kan word, moet die gemeente eers tot 'n 'volwasse' organisme opgebou word, dit wil sê tot 'n liggaam wat verstaan dat geestelike volwassenheid nie bloot 'n toestand is nie, maar eerder 'n weg waarop gegroei word in geloof, hoop en liefde. Carrol (1991:80) verwys ook na die kerk as 'n liggaam, en sê dan verder: "But the metaphor also describes the character and calling of – and thus also the character and calling of its leaders – are defined by the story of Jesus Christ, by his life, ministry, death and ressurrection."

Die opbou van die gemeente is 'n voortdurende proses waarin die gemeente groei na dít wat God se wil en roeping vir hulle is. Met verwysing na God Drie-enig as subjek in die opbou van die gemeente, handhaaf Keifert (2013: 55) die volgende mening: "Die Gees woon en beweeg dus binne ons strukture, maar skep ook gedurig nuwes en breek ander oop om die toekoms wat by God se wil en beloftes vir ons inpas, te laat deurbreek". God is dus self besig om die verandering in die gemeente te bring. Deur die Bybel kry ons 'n deurlopende verandering in die wyse van aanbidding. Kimball (2004:7) lig die volgende uit:



© University of Pretoria

- In Genesis 4 bring Kain en Abel van hulle onderskeie boerderye se opbrengs offers in hulle aanbidding;
- In Genesis 8:20 bou Noag 'n altaar en bring 'n brandoffer. Hierdie offer het verskil van Kain en Abel se offers uit hulle boerderye;
- Die tabernakel was 'n heilige ruimte tydens die swerwing deur die woestyn en het gedien as plek van ontmoeting met God;
- Eeue later is die tempel in Jerusalem gebou as ruimte van aanbidding;
- In die Nuwe Testament vind aanbidding aanvanklik in die tempel plaas en daarna verskuif dit na private huise;
- Later word kerke en katedrale met ryk versierings soos loodglasvensters as plekke van aanbidding gebou;
- Moderne kerke en ouditoriums wat toegerus is met klankstelsels en multimediaskerms word in aanbidding gebruik;

Daar was dus deur die ganse verloop van die Bybelse tyd geen eenvormige wyse van aanbidding nie. Deur die verloop van die geskiedenis het die aanbiddingswyse telkens verander. Die verandering in die wyse van aanbidding het 'n direkte invloed op gelowiges se samekomste gehad (Wepener 2009:70).

Die verstaan van die Woord van God word sigbaar daar waar die gemeente "begelei word tot 'n omvattende betrokkenheid by die kommunikasie van die Evangelie – sodat die bediening aan en deur die gemeente inderdaad kommunikatiewe handelinge in die diens van die Evangelie word" (Nel 1994:33). Die gemeente se handelinge moet in geheel in diens van die gemeente se roeping staan, met ander woorde om dít te word waartoe God die gemeente geroep het (Nel 1994: 112). Die gemeente groei dus om in gehoorsaamheid God se wil te doen. Wat egter belangrik is, is om te onthou dat die



© University of Pretoria

kerk moet aanpas by veranderinge in die samelewing. "For some it may mean launching a new worship gathering and ministry in an existing church. For some it may mean making changes in their existing ministries. For some it may mean birthing a new church" (Kimball 2004:17). Die uitdaging is hier die bestuur van die voortdurende verandering. Die groei in die kerk is afhanklik van hoe suksesvol die kerk is om die verandering te bestuur.

Die hipotese waarmee in hierdie navorsing gewerk word, is dat daar 'n verband bestaan tussen lidmate se beeld van God, hulle liturgiese ervaring in die erediens, en hulle betrokkenheid in die missionale opbou van die gemeente. Brouwer (2009:453) maak die volgende opmerking wat hier van belang is: "Door onze begrippen zijn we verbonden met de werklijkheid, maar het blijft ons begrip. De referent van het begrip is echter God zelf. Begrippen zijn niet louter mentale voorstellingen ('godsbeelden'), maar ze leggen een verbinding met de werkelijkheid, waarbij onze menslijke kenvermogens en ons bewustzijn zijn ingeschakeld."

Die gemeenskap tussen God en die mens bepaal die lidmate se beeld van God en hulle betrokkenheid by die opbou van die gemeente. In hierdie proses is God die subjek en die gemeente die objek. Die vrug van die proses is dat die gemeente die gemeenskap ingaan om die gemeenskap te lei in 'n verhouding met God. Die geloofshandelinge van die gemeente is van uiterse belang: "Vertrouwen en betroubaarheid spelen een bepalende rol in de godsgemeenschapen in de sociaal-communicative kaders die deze godsgemeenschap oproept" (Brouwer 2009: 454). Kimball (2004:10) is ook van mening dat "I think he will be more interested in what type of disciples our churches produced. I think he will be more interested in the hearts of the people who attended



© University of Pretoria

our worship gatherings than what we did in them." Die belangrikheid van 'n geloofsgemeenskap wat in 'n verhouding met God lewe, word hiermee beklemtoon.

Die fokus van die hierdie navorsing is 'n ondersoek na die beeld wat mense van God het en hoe dit hulle liturgiese ervaring van die erediens beïnvloed. Hoe verstaan mense, en dan spesifiek die gemeeente, vir God? Hoe lyk die beeld van God waarmee die gemeente werk? Die hipotese is dat die begrip van God 'n direkte invloed op lidmate se betrokkenheid by die opbou van die gemeente het. Pieterse (1979:47) is van mening dat dit by die verstaan van God belangrik is dat die mens op sy beurt homself moet verstaan, en dat hierdie selfkennis van die mens afhanklik is van die mens se kennis van God. Van der Merwe (2013: 2) beweer dat "die huidige krisis wat baie kerke beleef in 'n groot mate 'n krisis van beelde is". Baie van die beelde en metafore wat in die Bybel gebruik word, kom uit 'n tyd en konteks wat totaal vreemd is vir die moderne leser. Die gevaar bestaan dus dat hierdie beelde en metafore gevolglik hulle betekenis verloor het en dat die moderne gemeentelid daarom maklik 'n beeld of begrip van God het wat nie ooreenstem met die Bybelse bedoeling nie.

In die mens se poging om iets van God te sê, word woorde en taal gebruik. Die rol wat tradisies in hierdie verband speel, word ook deur Pieterse (1979:47) beklemtoon. Dit beteken dat gelowiges saam nadink oor God en die wyses waarop God Homself aan mense openbaar, asook oor hoe die mens God ervaar. Brueggemann (in Buitendag 2009:221) gebruik ʼn skema waarvolgens die lewe van die gelowige beweeg van bekende en gevestigde situasies na 'n konteks van disoriëntering en die onbekende, voordat dit weer terugbeweeg na 'n nuwe geborgenheid. Buitendag (2009:221) illustreer hierdie verskynsel deur te verwys na die lewe van Jakob in Genesis 28.



© University of Pretoria

Jakob beweeg vanaf die bekende van sy ouerhuis na 'n posisie van disoriëntering as hy van sy ouerhuis af wegvlug. By Bet-El vind 'n nuwe oriëntasie plaas as hy God ontmoet en dan verder reis en 'n nuwe geborgenheid vind wanneer hy deel van 'n ander familie word. Buitendag (2009:221) wys daarop dat 'n eksistensiële punt van heroriëntering noodsaaklik is, alhoewel God nie in een plek vasgevang kan word nie. Die ankerpunt van geloof is dus in God. Buitendag (2009:221) gebruik hierdie verskynsel as ŉ beskrywing van wat hy ŉ "kosmiese liturgie" noem om die ontmoeting tussen God en die gemeente te beskryf.

Aangesien die fokus van hierdie navorsing is om vanuit praktiese teologie, en meer spesifiek vanuit gemeentebou, 'n ondersoek te doen na lidmate se beeld van God, gaan daar nie gepoog word om 'n volledige dogmatiese verklaring van die openbaring van God te gee nie. Nel (1994:2) maak egter die belangrike opmerking dat die bepalende faktor steeds die Bybel se uitspraak in verband met die opbou van die gemeente bly. Ebeling (in Pieterse 1979:52) tref 'n onderskeid tussen die Woord van God en die Skrif. Hy tref die onderskeid in reaksie op die Ortodoksie, wat die Skrif en die Woord van God aan mekaar gelyk gestel het. Die Skrif bevat die Woord van God en getuienis oor God, maar nie alles in die Skrif is noodwendig die Woord van God nie. Volgens Pieterse (1979:53) het Luther nie die gesag van die Skrif op die geskrewe woord gebaseer nie, maar eerder op die gesproke woord wat in die gemeente verkondig is.

Wanneer Nel (1994:114) oor vernuwing in die gemeente praat, beklemtoon hy dat vernuwing in die gemeente geskied deur God wat deur Sy Gees en Woord besig is. Die Heilige Gees gebruik die Woord om sodoende die gemeente te lei om dít te word wat God se wil met die gemeente is. Verandering kom dus deur die Woord van God



© University of Pretoria

wat in die gemeente verkondig word en daardeur word die gemeente begelei en gevorm. In die woorde van Kimball (2004:11): "But in the emerging church we must look at our worship gatherings, ask these questions first, and then design our worship gatherings with new priorities."

Jesus Christus het Mens geword en as sodoende het Hy by die mens gewoon om die mens en dít waarmee die mens hom besig hou, te vorm tot die eer van God. Nie net is Christus die Woord wat Mens geword het nie (Johannes 1:14), maar die woorde van Christus het die fondament geword vir die bouwerk van die gelowige (Matteus 7:24). Die woorde van die Woord is die fondament van die bouwerk vir die opbou van die gemeente. In hierdie verband sê Pieterse (1979:51) die volgende: "Die Woord van God wek die geloof op omdat God self spreek en wanneer Sy Woord gehoor word, Hyself geglo word."

Soos reeds vermeld, is die hipotese van hierdie navorsing 'n ondersoek na lidmate se liturgiese ervaring in die erediens, hulle beeld van God en die invloed wat dit op die opbou van die gemeente se missionale gerigtheid het. Die beeld van God word gevorm deur die woorde en taal wat in die verkondiging wat plaasvind, gebruik word. Wat egter van belang is, is om die subjek van die bouwerk duidelik te definieer. Wie is besig om te bou? Deur wie word die bouwerk gedoen? Indien die opbou van die gemeente die totaliteit van die gemeentelike handelinge is, is dit slegs mense handelinge, of nie?

Aangesien die hipotese van hierdie navorsing is dat die beeld wat mense van God het, 'n invloed op hulle betrokkenheid by die opbou van die gemeente het, sal kortliks



© University of Pretoria

gekyk word na die *boubeeld* soos wat dit in die Bybel voorkom. Sonder om in eksegetiese besondere in te gaan, sal enkele opmerkings in dié verband gemaak word.

### 2.1.3.1 Die boumetafoor in die Ou Testament

Die stam van die Hebreeuse werkwoord "om te bou" is *banah* (בנה) en volgens Holladay (1971:42) verwys dit na "bou", "opbou" of "herbou" Volgens Nel (1994:2) dui die werkwoord op "bou, maak, oprig, tot stand bring, en regmaak". Die subjek van die bouproses is God en in hierdie verband wys Nel (1994:3) daarop dat die Ou-Testamentiese tyd deur oorloë gekenmerk is, waartydens geboue dikwels verwoes is en later weer opgebou is. Dit is egter nie slegs geboue wat afgebreek en opgebou is nie, maar ook die volk Israel wat herhaaldelik hierdie proses beleef. In Jeremia 31:28 word verwys na hoe die volk Israel vernietig en platgeslaan is, maar hoe God hulle dan weer opbou en herstel. Daar was 'n voortdurende proses van bou en herstel wat geaktiveer is deur die vernietigende gevolge van sonde en ellende. God het die volk Israel menige maal oorgegee in die hande van vyande, wat dan die volk en hulle omgewing verwoes het.

Hendriks (1992:41) beweer: "die Hebreeuse woord *banah* (בנה) (bou) word konsekwent in die konteks van die Verbond gebruik. God bou sy Verbondsvolk." Dit laat die klem val op die metaforiese verwysing na God as die Verbondsgod wat die subjek in die opbou van die volk Israel is. Osmer (2008:9) maak die volgende opmerking oor God as die subjek van die bouwerk:

"The recitals of God's actions in events like the exodus and the wilderness wanderings provide identity descriptions of God. Yet these very descriptions of God's identity are reinterpreted to articulate the new thing God is doing and will do as the people of God continue on their journey."



© University of Pretoria

Die objek van God se bouwerk is die verbondsvolk (Hendriks 1992:42). Hierdie bouwerk vind dus in 'n baie besondere verhouding tussen God en Israel plaas. Nie net is God die subjek en die volk Israel die objek van die bouwerk nie, maar Psalm 127 verwoord die proses van die bouwerk as tevergeefs as God dit nie self doen nie. Die bouwerk en gevolglik die opbou van die gemeente vind plaas onder leiding van die Heilige Gees en in gehoorsaamheid aan God.

### 2.1.3.2 Die boumetafoor in die Nuwe Testament

Die Griekse woorde wat verband hou met "bou" is **κατοικέω** of **οικέω** (huis), **οικητήριον** (woning of huis) of **οικία** (familiehuis) en die verband tussen die verskillende woorde lê daarin dat dit dui op 'n huis, 'n familie of 'n eiendom. Louw en Nida (1988a:113) lê klem op die sterk familieband of groepsidentiteit wat deur die woorde aangedui word.

Heitink (1993:285) verwys na die Griekse term *oikodomiek* as die bou van 'n huis en dan verbind hy dit met die Bybelse beeld van die kerk as 'n "geestelike huis". Heitink verwys verder na 1 Petrus 2:5, waar daar na die gelowiges verwys word as "lewende stene" wat gebruik word om 'n geestelike huis te bou.

Nel (1994:4–5) sien God as die subjek in die opbou van die gemeente: "Vader, Seun en Heilige Gees is ten nouste by hierdie bouwerk betrokke". Die opbou van die gemeente geskied deur God Drie-enig, aangesien die Vader en die Seun deur die Heilige Gees aan die gelowiges gawes skenk wat noodsaaklik is vir die opbou van die gemeente. Die gawes is juis bedoel om die gelowiges toe te rus vir die dienswerk (Nel 1994:5) sodat hulle bekwaam kan wees vir die taak. Die dinamika van die bouwerk



© University of Pretoria

word deur Keifert (2013:16) beskryf as 'n "geloofsonderskeidende reis" waarop die kerk is, veral weens die geweldige veranderinge waarmee die kerk gekonfronteer word. Hierdie veranderinge is volgens Keifert (2013:18) waarneembaar in die situasie waarin talle kerke hulle tans bevind: "Gemeentes uit kerklike tradisies waarin hulle nie van die ondersteuning van hulle onmiddellike omgewing afhanklik was nie, of wat geleer het om self die boustene en bronne vir die Christelike gemeenskap te verskaf, floreer egter nou." Die teendeel is ook waar: "Plaaslike gemeentes wat op grond van mense se lojaliteit teenoor 'n bepaalde denominasie verwag het dat hulle lidmaatgetalle dieselfde sal bly of sal bly groei, stagneer nou, of hulle gaan agteruit of moet sluit." Hierdie proses bring gemeentes voor geweldige uitdagings te staan.

Nel (1994:6) is van mening dat die bouwerk van die gemeente in die volgende aksies van gelowiges bestaan:

- Onderlinge bemoediging
- Onderlinge vermaning en waarskuwing in wysheid
- Geduld met mekaar
- Liefde vir mekaar
- Om in liefde met mekaar die waarheid te praat
- Om saam te groei tot meer kennis van die Seun van God
- Om saam, in eenheid verbonde, te groei en te dien

Hendriks (1992:59) wys daarop dat Jesus die subjek in die opbou van die gemeente is as Hy in Matteus 16:18 vir Petrus sê dat die kerk op die rots gebou sal word en dat hierdie rots die belydenis is dat Jesus die Christus is. Dit is egter meer as bloot 'n



© University of Pretoria

belydenis: dit is ook verkondiging en kommunikasie van die Evangelie aan die gemeente en ook deur die gemeente (Nel 1994:54).

Die gemeente word opgebou om as 'n nuwe gemeenskap in die wêreld te funksioneer en alhoewel dit bestuur word om bepaalde oogmerke te bereik, beskryf Osmer (2008:191) hierdie gemeenskap as "a reversal [that] takes place". In plaas van die soek en afdwing van mag en oorheersing, het daar 'n ommekeer van mag en oorheersing plaasgevind na een van omgee vir ander en vir mekaar. Die gemeente is dus 'n gemeenskap wat na mekaar omsien en na mekaar uitreik.

### 2.1.4. Koinonia

Vir hierdie navorsing is die begrip *koinonia* van belang, aangesien die navorsing fokus op die Godsbeeld wat lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) het, en die invloed wat dit op hulle Missionale betrokkenheid by die opbou van die gemeente het. Daar word ondersoek ingestel na die betrokkenheid van lidmate en hoe dit beïnvloed word deur die beeld wat hulle van God het. Die hipotese is dat lidmate se Godsbeeld 'n invloed sal uitoefen op hulle Missionale betrokkenheid by die gemeente, wat weerspieël sal word in die koinonia in die gemeente. Van der Merwe (2013:14) verwys na Berger, wat praat van "slegte geloof" (bad faith) en die gevolg daarvan is: "Slegte geloof loop uit op burgerlike godsdiens, terwyl lewende geloof 'n lewe in die teenwoordigheid van God beteken, en om moreel aanspreeklik te wees vir ander."



© University of Pretoria

#### 2.1.4.1 Die begrip *koinonia* in die Bybel

##### 2.1.4.1.1 Die begrip *koinonia* vanuit 'n Ou Testamentiese perspektief

Volgens Holladay (1971:94) beteken die woord "gêbêr" 'n gemeenskap, of groep wat saamgebind is. In Genesis 14:3 word die begrip gebruik om te verwys na 'n bondgenootskap wat tussen verskillende konings gesluit is om te gaan oorlog maak. Koinonia, of dan onderlinge verbondenheid tussen mekaar, word in die Ou Testament deur die begrip 'gêbêr' weergegee. Hier dui dit op 'n hegte gemeenskap wat 'n gemeenskaplike doelwit het. Hierdie hegte gemeenskap is geanker in die Verbond wat die Here met die volk Israel gesluit het en lei tot naasteliefde. Omdat die Here God met die volk en met ons in ontmoeting tree, kan ons, en móét ons, met mekaar in ontmoeting tree.

##### 2.1.4.1.2 Die begrip *koinonia* vanuit 'n Nuwe Testamentiese perspektief

Volgens Van der Merwe en Beukes (1991:636) verwys die begrip *koinonia* in die Nuwe Testament na:

"*koinonia* as mededeelsaamheid, of *koinonia* as deelneming, of om 'n aandeel te hê aan iets. In 1 Korintiërs 1:9 is dit om verenig met Christus te lewe, in 1 Korintiërs 10:16 is dit gemeenskap met die bloed van Christus, in Filippense 3:10 is dit gemeenskap met Christus se lyding en in 2 Korintiërs 13:13 is dit gemeenskap met die Heilige Gees."

Buitenweg ( in Van der Merwe en Beukes 1991:636) sien twee moontlikhede in *koinonia* naamlik ‘n vertikale dimensie en 'n horisontale dimensie. Die gemeenskap met God lei tot gemeenskap tussen gelowiges, soos wat in Handelinge 2:42 met die onderlinge verbondenheid tussen gelowiges uitgebeeld word. Hierdie onderlinge



© University of Pretoria

verbondenheid tussen gelowiges word in ons verhouding met God geanker, en Van der Merwe en Beukes (1991:637) wys daarop dat die hele proses met en deur die Heilige Gees plaasvind. Vir hierdie navorsing is die volgende opmerking van Van der Merwe en Beukes (1991:637) van belang: "Die erediens is dus die sentrum en die vertrekpunt van die gemeenskap van gelowiges."

Die verbond tussen God en die mens is deur die hele Bybel soos 'n goue draad verweef. Barnard (1985:480) merk op dat die erediens juis in hierdie werklikheid van die Verbond ingebed lê. Hieruit vloei die weldade van Christus na die gemeente, wat Barnard (1985:480) as 'n "heerlike gebeurtenis" beskryf.

**2.1.4.2 Die begrip *koinonia* en gemeentebou**

In baie kerke is die *Apostolicum* of *12 Geloofsartikels* die belydenis waarmee die gemeente hulle geloof verwoord. Met hierdie belydenis bely die gemeente onder andere: "Ek glo in die gemeenskap van die heiliges". Die Heidelbergse Kategismus behandel in Vraag 55 wat verstaan word met: "Ek glo in die gemeenskap van die heiliges". Die antwoord wat die Kategismus gee, is soos volg:

"Eerstens, dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap het en aan al sy skatte en gawes deel het. Tweedens, dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend."

Met hierdie belydenis verwoord gelowiges dat daar tussen hulle onderling 'n bepaalde band bestaan, 'n geloofsband wat met Christus se sterwe en opstanding tot stand gebring is en deur die uitstorting van die Heilige Gees bevestig is. In 1 Korintiërs 12



© University of Pretoria

word die verskeidenheid van geestelike gawes genoem en in 1 Korintiërs 12:7 ontvang gelowiges elkeen afsonderlik 'n gawe of werking van die Gees tot voordeel van almal. Aangesien hierdie navorsing sterk fokus op die erediens (Hoofstuk 5), is die volgende opmerking van Vos en Pieterse (1997:8) van belang: "Die liturgie wat die erediens se gang bepaal, mag nie as die voltooiing van die koinonia beskou word nie, maar as die stasies op pad daarheen." Die koinonia is dus 'n voortdurende proses wat gedurig gevoed en gestimuleer word deur nuwe insette (McClure 1995:53).

Alhoewel die liturgie volledig in Hoofstuk 5 van hierdie navorsing bespreek word, is dit nodig om in verband met koinonia kortliks te noem dat in die gang van die liturgie 'n onderlinge band tussen die gelowiges gevestig word. McClure (1995:51) is van mening dat: "Roundtable conversations are communal. Although everyone cannot be bodily present in the pulpit at the same time, the roundtable includes over a period of time the voices of most participants in the life of the congregation." Daar vind dus 'n interaksie plaas tussen die erediensgangers, asook tussen die erediensgangers en die prediker. Die "roundtable conversations" waarna McClure hier verwys, is die dialogiese skakel wat in die gemeente ontstaan as gevolg van die onderlinge band tussen die gemeentelede. In Hoofstuk 5 van hierdie navorsing word die liturgie volledig bespreek.

Nel (1994:41) verwys na koinonia as "diepe verbondenheid wat daar tussen mense bestaan wat God sy eie gemaak het". Hierdie verbondenheid het deur die koms van Jesus Christus tot die herstel van die kommunikasie tussen God en sy mense gelei (Nel 1994:41). Hierdie herstelde verhouding word deur Nel (1994) beskryf as die hart



© University of Pretoria

van koinonia – die gevolg van 'n geestelike vernuwing wat plaasgevind het. Daar ontstaan dus 'n vertikale verhouding tussen God en die mens.

Die vertikale verhouding tussen God en die mens lei tot 'n horisontale verhouding tussen mense. Die dinamika wat tussen gelowiges bestaan, het sy oorsprong in God. Die gelowiges, as gebou van God, is op die fondament van Christus gebou en die gelowiges is volgens 1 Korintiërs 3 elkeen besig om mee te doen aan hierdie bouwerk. Die koinonia is dus die interaksie en vernuwing tussen gelowiges, wat om die beurt die gevolg is van dít waarmee God besig is, naamlik die opbouwerk van die gemeente (Nel 1994:8).

In die nadenke oor koinonia is dit belangrik om rekening te hou met die proses van verandering in die samelewing, en die invloed wat dit op verskillende generasies het. Gibbs en Coffey (1991:220) merk op dat: "The escalating pace of change has divided the population in North America into at least five generations, each characterized by a prevailing attitude." Dit geld nie net vir Amerika nie, maar is net so waar in die hedendaagse Suid-Afrika. Gibbs en Coffey (1991) is van mening dat die verskillende generasies verskillende uitdagings aan die kerk bied in die versorging van gelowiges. Elke generasie het ander uitdagings en ander behoeftes waarmee rekening gehou moet word in die opbou van die gemeente.

Codrington en Grant-Marshall (2004:1) onderskei die volgende generasies:

- "GI" (gebore in die 1900's tot 1920's)
- "Silent" (gebore in die 1920's tot 1940's)
- "Boomer"(gebore in die 1940's tot 1960's)



© University of Pretoria

- "Xer" (gebore in die 1960's tot 1980's)
- "Millennial" (gebore in die 1980's tot 2000's)

Die volgende moet volgens Gibbs en Coffey (1991:220) by die verskillende generasies in gedagte gehou word:

- *"GI" (1900's tot 1920's)*

As gevolg van baie veranderinge wat in hulle lewe plaasgevind het, het hulle 'n weerstand teen verandering en is die kerk hulle anker. In die koinonia van die gemeente sal daar 'n sensitiwiteit teenoor senior burgers gekweek moet word (Gibbs & Coffey 1991:221).

- *"Silent generation" (1920's tot 1940's)*

Hierdie generasie is stilswyend, omdat hulle in 'n groot mate oorgesien is. Daar is nie so baie ontdek en ontwikkel in hierdie tyd as in die vorige generasie of in die generasie wat sou volg nie. Hulle is nie baie kreatief nie en het 'n weersin in verandering. Die gemeentelike bediening sal dit in gedagte moet hou, soos Gibbs en Coffey (1991:222) opmerk: "Perhaps the most effective way to challenge them, is by asking them why their children left the church."

- *"Boomers" (1940's tot 1960's)*

Hierdie generasie is die produk van bevrediging in eksperimente, en dan ook in verskeie vorme van geloofseksperimente.

- *"Xer generation" (1960's tot 1980's)*

Dié generasie vind grootliks 'n geestelike tuiste buite die kerk en Gibbs en Coffey (1991:222) wys daarop dat hulle ook maklik in verskillende godsdienste 'n tuiste vind.

- *“Millennials” (1980's tot 2000's)*



© University of Pretoria

Die Milleniale is volgens Gibbs en Coffey (1991:222) die spieëlbeeld van hulle ouers, die Boomers. As sulks het hulle nie tyd gehad om 'n eie karakter te ontwikkel nie en verteenwoordig hulle die sosio-ëkonomiese polarisasie wat as gevolg van geweldige tegnologiese veranderinge in die middelklas plaasgevind het.

Osmer (2008:15) beskryf die interaksie van ŉ gemeente as "the interconnectedness of ministry in the congregational system and the congregation's interaction with its context". Hy vergelyk dit verder met die web van 'n spinnekop, en beskryf dit dan só: "Just as the strands of a spider's web are interconnected, so too are the bonds that link individuals, families, congregations, communities, and larger social systems" (Osmer 2008:16).

### 2.1.5 Interaksie van 'n gemeenskap

Die koinonia wat tussen verskillende generasies in 'n gemeente plaasvind, is 'n interaksie van verhoudinge wat beskryf word as onderskeidelik 'n gemeenskap wat aanbid, wat bely, wat hoop bied, wat waardes het, wat dien en omgee, en wat uitreik na ander.

#### 2.1.5.1 'n Gemeenskap wat aanbid.

Die opbou van die gemeente is gevestig in die geestelike vernuwing wat in Jesus Christus plaasvind. Nel (1994:41) beskryf dit as "dieselfde verbondenheid aan dieselfde God deur Christus Jesus en deur die Gees wat mense uit alle volke, tale en nasies tot een liggaam, tot een nuwe mensheid verenig". Die herstel van die verhouding tussen God en mens lei tot die herstel van die verhouding tussen mens en mens. Mense wat saam aanbid se onderlinge gemeenskap met mekaar neem ook toe.



© University of Pretoria

Barnard (1985:440) beskryf aanbidding as "primêr gerig op God en nie tot die mens en die wêreld nie." Die nood van die mens het wel 'n plek in die aanbidding in die gemeente, maar die fokus is die verheerliking van God. Vanuit die verheerliking en aanbidding van God vloei die roeping en opdrag van die gelowiges om na mekaar om te sien en die gemeente op te bou. Die selfoorgawe van die gelowige wat biddend met sy kruis die Here volg, is 'n gelowige wat homself as offer gee in antwoord op die roepstem van die Here. Hierdie offer is 'n totale selfoorgawe, en Barnard (1985) sien die erediens as die besondere wyse waarop die selfoorgawe van die gemeente tot uitdrukking kom. Barnard (1985:443) beweer dat waar die eer en heerlikheid van God nie op die aarde sigbaar genoeg is nie, dit in die erediens sigbaar moet word. Die heerlikheid van God moet sigbaar word in die manier waarop die gemeente byeenkom. Vir De Klerk (2007:27) weerspieël elke erediens "iets van die komende Koninkryk van God en het [dit] daarom ook 'n gerigtheid op die wêreld." Hy is van mening dat die gemeente voor God staan as plaasvervangers en verteenwoordigers van die wêreld. Die gemeente is 'n weerspieëling van die gemeenskap en om hierdie rede kan die gemeente nie anders as om biddend voor God te vergader nie.

**2.1.5.2 'n Gemeenskap wat bely**

Die gemeenskap van die gelowiges is 'n gemeenskap wat op die uitnodiging van God gereageer het. Barnard (1985:434) beskryf dit só: "Hierdie aanvaarding, die 'ja' sê, moet steeds weer geskied, want steeds weer moet die geloof geskenk en versterk word, dit moet opgebou en verdiep word en die verskillende aanslae daarteen afgeslaan word." Gemeentebou is die voortdurende opbouproses van die gemeente, die voortdurende vernuwing van die gemeente.



© University of Pretoria

Küng (1992:86) stem daarmee saam: "The Church is not composed by the free association of individuals; it is more than the sum of its members. Naturally it cannot exist without the decision and the faith of individuals; but these are preceded by God's call." Hy wys verder daarop dat dit juis die gelowiges se reaksie op die gebeure van Pinkster was wat tot die Kerk se totstandkoming gelei het. Met die uitstorting van die Heilige Gees het die gelowiges verander, en in 1 Korintiërs 3 word hulle beskryf as tempels van God, aangesien die Gees van God in die gelowiges se lewe ingekom het.

Aangesien die opbou van die gemeente 'n antwoord op die roepstem van God is, roep Gibbs en Coffey (2001:122) geestelike leiers ook op: "... seeking to renew spiritually and to discover and strengthen their identity in Christ". Daar moet 'n soeke wees na geestelike vernuwing en verdieping wat die gemeente na die belydenis van geloof lei. Die vraag wat Gibbs en Coffey (2001:143) hier vra, is: "Is there an authentic divine encounter as the people of God gather to worship?" Die byeenkoms van die gemeente kan nooit anders wees as 'n biddende en belydende samekoms van die herstelde gemeente in die teenwoordigheid van God nie. In die teenwoordigheid van God word die gemeente nie slegs versterk nie, maar vind die opbou van die gemeente plaas om sodoende dít te word wat God se bedoeling met die gemeente is (Nel 1994:21).

Dit is belangrik dat die gemeente se belydenis ook sigbaar sal word in hulle handelinge. Gibbs en Coffey (2001:194) stel dit dat "Christians are called to live the story". As liggaam van Christus moet die gemeente 'n weerspieëling van Christus wees. Die geloof wat bely word, moet ook beleef word. Die oproep van Jesus in die Bergpredikasie, soos dit in Matteus 5:14 tot 16 voorkom, is 'n oproep vir gelowiges



© University of Pretoria

om hulle lig te laat skyn. Die lig van die gemeente word juis sigbaar in die belydenis wat na buite uitgeleef word.

### 2.1.5.3 'n Gemeenskap wat hoop bied

Die moderne samelewing word soos volg deur Sider, Olsen en Unruh (2005:11) beskryf: "People realized that the level of social decay – failing schools, violence, broken families, poverty – in all America's great cities was both a moral outrage and a threat to democracy."

Ons leef in 'n samelewing wat baie mense met wonde laat en waar baie opsoek is na troos en hoop. Die Kerk, en spesifiek die gemeenskap van gelowiges, is die adres waar hulp en troos gevind kan word. Sider, Olsen en Unruh (2005:45) beskryf die taak van die Kerk soos volg: "To spread the kingdom of God is more than simply winning people to Christ. It is also working for the healing of persons, families and relationships. It is doing deeds of mercy and seeking justice."

Die gemeenskap van gelowiges is 'n gemeenskap met hoop. Callahan (1983:25) is van mening dat die rede vir die bywoning van eredienste is dat: "they come for community, not so they will be put on a committee." Callahan (1983:25) sien raak dat kerkgangers hoop vind in die onderlinge gemeenskap van gelowiges en beskryf hierdie onderlinge verhouding as "caring and sharing". Daar is dus 'n onderlinge band van gemeenskap met mekaar, maar dit is meer as net 'n onderlinge *band*, dit is 'n onderlinge *omgee*.



© University of Pretoria

Die hoop wat 'n gemeenskap van gelowiges uitstraal, word volgens Callahan (1987:103) sigbaar in die manier waarop 'n gemeente oor hulself dink. Gemeentes dink dikwels slegs aan hulleself in terme van die Kruisgebeure, en dan word baie klem en aandag geplaas op die sieke en die sterwende. Saam met die kruis gaan ook die oop graf en die ewige lewe.

Callahan (1987:103) beskryf die gemeente soos volg: "We are 'a first-day people'. We are the Easter people. We are the people of the open tomb, the risen Lord, and new life in Christ. We are the people of vision and hope."

Voortvloeiend hieruit is die gemeente se vermoë om 'n verskil in die gemeenskap te maak. Wanneer 'n gemeente bekend word vir die sorg en omgee wat dit in die gemeenskap bied, sal meer en meer mense volgens Callahan (1983:4) die gemeente besoek, omdat hulle behoefte aan hulp daar bevredig word.

In die gemeenskap van gelowiges is dit egter belangrik dat lidmate toegerus word om sensitief te wees vir onderlinge hulp aan mekaar. Gelowiges moet in mekaar belangstel, en wanneer lidmate agterkom dat hulle belangrik is in ander se oë, het dit 'n groeiende en opbouende effek op mekaar.

#### 2.1.5.4 'n Gemeenskap wat waardes het

Die koinonia van die gemeente berus op sekere waardes. Dit is 'n onderlinge band wat die lidmate saambind tot 'n gemeenskap van gelowiges, wat vir mekaar omgee en 'n verskil in die wêreld maak. Die waardes kan ook beskryf word as boustene wat in die



© University of Pretoria

proses van gemeentebou gebruik word om die gemeente op te bou. Die volgende is boustene wat in die proses van koinonia vir gemeentebou gebruik word:

#### 2.1.5.4.1 Die waarheid

Gelowiges van vandag leef in 'n tyd wat Niemandt (2007:87) beskryf as: " 'n wêreld waar ons gebombardeer word deur allerhande idees en begrippe wat daarop aanspraak maak om die waarheid te wees." Talle artikels en publikasies het die afgelope jare verskyn waarin ondere andere Christus se Goddelikheid bevraagteken word of Judas as 'n held voorgestel word. Sulke publikasies lei tot onsekerheid onder lidmate en 'n soeke na die waarheid. Een van die basiese boustene van die Christelike geloof is die waarheid dat Jesus Christus die Seun van God is en die enigste weg na saligheid is.

#### 2.1.5.4.2 Besorgdheid

Een van die fokusgebiede van die gemeenskap van gelowiges is die onderlinge besorgdheid oor mekaar. Die geloofsband wat tussen gelowiges bestaan, berus op die gebod oor die naaste wat in die liefde van God geanker is. As gemeenskap van gelowiges is die gemeente "God se ambassadeurs op 'n baie spesifieke plek" (Niemandt 2007:87). As sulks is die gemeentelede die draers van God se liefde en besorgdheid oor mekaar en oor die omgewing. Besorgdheid oor mekaar en ander is 'n belangrike bousteen in die opbou van die gemeente en Heitink (1999:307) verbind dit met die roeping en die taak van elke gemeentelid.

#### 2.1.5.4.3 Priesterskap van geloof

'n Priester het as bemiddelaar tussen God en die mens gestaan. Hy het diens gedoen in die tempel, waar dit sy taak was om as spreekbuis van God die wil van God aan die



© University of Pretoria

tempelgangers te openbaar. Dit was verder ook die taak van die priester om namens die tempelganger by God in te tree en dít het by die offeraltaar plaasgevind waar die offer van die mens aan God aangebied is.

Wanneer Jesus in Johannes 17 vir die dissipels bid en daarmee ook vir elke gelowige, bid Hy dat die gelowiges as gestuurdes 'n verskil in die wêreld sal maak. Jesus verbind in Johannes 17 sy gestuurdheid met elke gelowige se gestuurdheid na die wêreld. Niemandt (2007:87) beskryf dít waarmee die gemeenskap van die gelowiges besig is as: "Jesus se priesterlike werk in die wêreld." Hy wys daarop dat die priesterskap nie net op 'n Sondag gebeur as die gemeente saam is nie, maar dat dit elke dag van die week moet gebeur. Heitink (1999:307) verwys in hierdie verband na die "equipping of the laity" en dan verwys hy ook na "those activities that equip Christians to perform their task in society." Die gemeenskap van gelowiges is 'n gemeenskap wat verantwoordelikheid vir mekaar moet aanvaar, en vir hierdie doel het die Heilige Gees 'n verskeidenheid genadegawes aan die gelowiges gegee, en daarmee saam ook 'n taak en verantwoordelikheid, sodat die gemeenskap van gelowiges soos 'n liggaam kan funksioneer. Die opbou van die gemeente is die taak en roeping van elke lid van die gemeente (Nel 1994:45). Dit is egter belangrik dat gemeentelede voortdurend toegerus sal word om hulle priesterskap van geloof uit te leef, soos wat Stevens en Collins (1993:xiii) dit ook beklemtoon: "No, the equipping pastor assists the people to fulfil their own ministry." Hiermee word beklemtoon dat elke gemeentelid 'n bediening en 'n roeping en 'n taak het, wat as 'n amp beskryf kan word wat vra om uitgeleef te word.



© University of Pretoria

### 2.1.5.5 'n Gemeenskap wat dien en omgee

Die koinonia of gemeenskap van gelowiges is deur God geroep om nie net ter wille van hulleself te bestaan nie, maar om 'n verskil in die wêreld te maak. Alhoewel daar 'n onderlinge besorgdheid oor mekaar is, is daar ook die opdrag om oor ánder besorg te wees. In Markus 10:45 lees ons dat Jesus sê dat die Seun van die Mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys te gee. Jesus vorm 'n verbinding tussen die Kruisgebeure en omgee vir mense. Die indikatief van die kruisgebeure lei tot die imperatief van Pinkster. Die Heilige Gees het aan elkeen 'n gawe of bediening gegee ter opbou van die gemeente. Senn (1985:17) verwys na Dietrich Bonhoeffer wat geskryf het: "The Church is the Church only when it exists for others. The Church must share in the secular problems of ordinary human life, not dominating, but helping and serving."

Barnard (1985:464) verwys daarna as "die gesindheid van dienende liefde van Christus, wat nie terugdeins vir die offer nie. Die diens van barmhartigheid en die konkrete liefde is veranker in die erediens." Hy wys daarop dat dit by die nagmaaltafel begin en dan uitkring na elke faset van die gemeente. Die gemeenskap wat tussen gelowiges in die erediens plaasvind, is 'n gemeenskap wat ook gedurende die week plaasvind, waar die gelowiges vir mekaar en ander omgee. In 1 Korintiërs 12 sien ons dat die gemeenskap van gelowiges uitgebeeld word as 'n liggaam wat uit verskillende dele bestaan en hoe die dele mekaar aanvul. Malphurs (1993:167) identifiseer een van die grootste uitdagings in die kerk as hy skryf: "most Christians are not involved in any ministry of the church".

Handelinge 4:32–37 verwys na die eerste gemeente, en die wyse waarop hulle na mekaar omgesien het. As gelowiges het hierdie lidmate niks vir hulleself gehou nie,



© University of Pretoria

maar alles met mekaar gedeel. Hulle het mekaar se nood op die hart gedra en daadwerklik daaraan aandag gegee. Senn (1985:17) haal Justin Martyr aan wat na die nagmaal in die vroeë kerk verwys en hoe die tekens van die nagmaal deur die diakens of diegene wat in die erediens diens doen, na diegene geneem is wat nie die nagmaal in die erediens kon bywoon nie. Die lidmate van die vroeë kerk was ingestel op mekaar se behoeftes.

Vanuit die koinonia wat op 'n Sondag plaasvind, vloei die uitreik na ander en na die res van die week. Ogden (2003:67) beskryf die proses só: "Preaching at its best calls people to become disciples by pointing people to disciple-making settings, such as reproducible discipline relationships." Ogden (2003) verwys na die talle mense wat tydens Jesus se intog in Jerusalem hulle klere op die grond gegooi het en Hom geëer het, net om 'n paar dae later te skree dat Hy gekruisig moet word. Die verklaring wat Ogden (2003) hiervoor gee, is dat dissipelskap in 'n verhouding plaasvind. Dit wil voorkom asof daar geen verhouding tussen Jesus en die skare was nie en daarom het hulle Hom oorgelewer om gekruisig te word.

Vanuit die genade van Jesus Christus vind daar geloofsgroei plaas en dit mond om die beurt uit in omgee vir mekaar. Nel (1994:91) beweer: "Dissipels is mense wat leer, maar hulle leer binne 'n verhouding met die lewende Here". Die nabyheid aan die lewende God is die vertrekpunt vir die omvorming van lidmate in dissipels.

Selfverloëning en opoffering is twee van die belangrikste boustene in die opbou van die koinonia van die gemeente. Net soos 'n steen wat in 'n gebou ingebou word, nie meer beskikbaar is om elders gebruik te word nie, is dit ook met elke gelowige. Die



© University of Pretoria

opbou van die gemeente vra dat die mense hulleself moet verloën en bereid moet wees om in hulleself te sterf en as 'n offer te dien. Watson (1999:21) beskryf die proses soos volg: "He calls us to share our lives both with Him and with one another in love." Die dinamika van koinonia gaan juis daaroor dat die gemeente as liggaam funksioneer ter wille van ander.

Malphurs (1993:179) wys ook op die belangrikheid van verhoudings, en dat onderlinge verhoudings 'n ruimte bied waarin gelowiges vir mekaar kan omgee. Dissipelskap, wat diens en omgee behels, is volgens Nel (1994:84) 'n "onmisbare komponent van gemeentebou".

**2.1.5.6 ’n Gemeenskap wat uitreik na ander**

Die uniekheid van die erediens lê volgens Niemandt (2007:93) ondere andere in die waarheid oor God se liefde wat uitreik na almal en wat plaasvind met die oog op die stigting en vermeerdering van geloof. Diegene wat reeds tot geloof gekom het, se geloof word gevoed en verdiep, terwyl daar by diegene wat nog nie glo nie, die saad van geloof gesaai word. De Klerk (2007:35) herinner ons daaraan dat Paulus daarmee rekening gehou het dat ongelowiges ook in die samekoms van die gemeente kan wees, en daarom is dit belangrik dat hulle ook in die erediens verwelkom moet word. Niemandt (2007:147) verwys na David Bosch se Missio Deo, wat beteken dat "die missie of sending van die kerk in die wêreld aan God behoort". Die kerk is met ander woorde 'n instrument in die hande van God waarmee Hy na die wêreld reik. Dit is nie die kerk wat besluit of daar sending of uitreiking gaan plaasvind nie, maar God self. Die kerk is bloot 'n instrument in God se hande.



© University of Pretoria

Niemandt (2007:103) stel dit dat: "Ons leef in 'n wêreld waar deelname aan ervarings alles tel." Daar is voortdurend interaksie tussen mense. Die bedrywighede op die Internet en sosiale netwerke is 'n goeie voorbeeld hiervan, asook die deelname aan verskillende politieke protesaksies. Mense is aktief betrokke by die omgewing en reik uit na mekaar. Dieselfde interaksie vind ook in die gemeenskap van gelowiges plaas. Die verskeidenheid aksies en aktiwiteite van die gemeente aktiveer gelowiges tot groter deelname aan die opbou van die gemeente. As liggaam van Christus is die gemeente in interaksie met mekaar en met Christus. Vanuit die verhouding met Christus vloei die verhouding met mekaar. Die verskillende dele van die gemeenskap van gelowiges is met mekaar verbind en oefen 'n invloed op mekaar uit.

Barnard (1985:465) sien die voltooiing van die erediens as: "in die uitgaan in, en gerig wees tot die wêreld in sy nood." Hiervolgens loop die erediens uit mense se uitreiking na diegene wat nog nie deel van die erediens is nie. Verder wys Barnard (1985:465) daarop dat "die erediens dan die lewenskool vir die transformasie van alles [word], tot die groot liturgie van God." Vanuit die erediens vloei verskillende aksies wat 'n invloed op die gemeente en die gemeenskap het. Die gemeenskap van gelowiges se samekoms op 'n Sondag het 'n oorloop-effek na die res van die week, en het tot gevolg dat gemeentelede getuies word van die verlossing van Christus. Sodoende word die hele lewe ingerig soos 'n erediens met die verskillende liturgiese handelinge van lofprysing, aanbidding en offervaardigheid.

Nel (1994) sien in die aksie van die nagmaal die uitreik van gelowiges na mekaar en na ander. "Soos wat die tekens van die nagmaal ontvang en aan die persoon langs jou



© University of Pretoria

aangegee word, so moet die Goeie Nuus van die Evangelie met mekaar en ander gedeel word."

De Klerk (2007:21) wys op die verband tussen die seën aan die einde van die erediens en dit wat in die week met die lidmate gebeur, en is van mening dat lidmate nie altyd hierdie verband raaksien nie. Die samekoms in die gemeente behoort daartoe te lei dat die lidmate evangeliserend gaan lewe. Die erediens moet 'n oorloop-effek na die res van die week tot gevolg hê. Die koinonia, as gemeenskap van gelowiges, is 'n gemeenskap wat in die geloof dus uitreik na mekaar en ander. Dit is 'n gemeenskap wat ingestel is op mekaar en ander se nood en behoeftes. Barnard (1995:465) wys daarop dat die boodskap van Jesus se redding die gemeente beweeg om uit te gaan na diegene wat van die kerk vervreemd is of nog nie van die evangelie gehoor het nie.

### 2.1.6. Ekklesiologie

Met Jesus Christus se sterwe en opstanding word 'n gemeenskap van gelowiges gevorm wat met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag die wêreld ingestuur word. Küng (1992:81) beskryf die proses soos volg:"In this way the new community of disciples comes to see itself as the eschatological community called and chosen by God."

Küng (1992:81) sê ook: "Thus the members of the community rightly bear the title: the elect (εklεcτoi), the saints (αkτoi)." Ekklesiologie verwys dus na 'n gemeenskap van gelowiges wat deur God geroep en gestuur is om die Evangelie tot aan die uithoeke van die wêreld uit te dra.



© University of Pretoria

Heitink (1999:276) verwys na Firet, wat ekklesiologie beskryf as die teologiese teorie van die sosiale manifestasie van die Christelike geloof, die aktualisering van 'n moontlikheid wat inherent tot die belofte is en die vervulling van 'n kommissie wat ontvang is in 'n spesifieke sosiale en kulturele situasie. Hiervolgens kan onder ekklesiologie verstaan word dat dit die totale organisasie, inrig en bestuur van die kerk in verhouding tot sy doel en oogmerk is, wat die gemeente se rigting en aktiwiteite bepaal.

Dulles (2002:12) sê: "Ecclesiology down through the centuries has continued to meditate upon biblical images." Dulles (2002:1) wys daarop dat die ekklesiologie met die verloop van tyd vanuit verskillende invalshoeke beskryf is. Hy het die verskille gesif en met mekaar vergelyk om uiteindelik 'n moontlike ekklesiologiese geheelbeeld te vorm, alhoewel daar 'n wye verskeidenheid en diversiteit bestaan.

Alhoewel die gemeente as 'n nuwe gemeenskap in die wêreld funksioneer en bestuur word om bepaalde oogmerke te bereik, beskryf Osmer (2008:191) hierdie gemeenskap as: "A reversal [that] takes place". In plaas van die soek en afdwing van mag en oorheersing, het daar 'n ommekeer van mag en oorheersing plaasgevind na omgee vir ander en mekaar. Die gemeente is dus 'n gemeenskap wat na mekaar omsien en na mekaar uitreik.

In hierdie navorsing vind ons aansluiting by Dulles (2002), aangesien hy daarin slaag om met die verskeidenheid van beelde die verskillende ekklesiologiese rolle van die kerk in te kleur. As 'n Roomse teoloog het Dulles homself reeds bewys as iemand wat met gesag kan praat oor die verskillende ekklesiologiese modelle van die Kerk. Die



© University of Pretoria

feit dat Dulles se boek *Models of the Church* verskeie kere herdruk is, skep die indruk dat dit 'n boek om mee rekening te hou.

## 2.2 GEMEENTEBOUMODELLE

Vir 'n volledige bespreking van die verskillende metafore, sien Hoofstuk 3.

### 2.2.1 Die Instituutmodel (God as Koning – Hoofstuk 3, punt 3.3.2)

Wanneer daar na die kerk as instituut verwys word, beskryf Dulles (2002:27) die kerk as: "primarily in terms of its visible structures, especially the rights and powers of its officers." Hiervolgens val die fokus meer op die kerk se strukture en voorgeskrifte as op aanbidding en die dien van die Here. Die vorm en die instandhouding van strukture, waarbinne die gemeente saamkom in aanbidding, word beklemtoon. Volgens Pieterse (1990:24) geskied funksies binne strukture en het 'n struktuur 'n bepaalde invloed op die wyse waarop funksies sal geskied. Die aktiwiteite van die gemeente vind binne die veilige ruimte van die kerk as instituut plaas en die strukture beïnvloed en bepaal die aard van die funksies. Snyder (1991:69) beklemtoon ook die strukture van die kerk en die sterk fokus op orde en reëls wat geplaas word.

Dulles (2002:29) sien in die ekklesiologiese instituut dat "the powers and functions of the Church are generally divided into three: teaching, sanctifying and governing". Hiervolgens vind daar in die kerk 'n drieledige verdeling plaas en "the Church as institution is on the giving end" (Dulles 2002:30). Die kerk word bestuur as 'n instituut of organisme van heiliges wat onderrig gee.



© University of Pretoria

Gibbs en Coffey (2001:70) is egter van mening dat baie institute sukkel om te oorleef, omdat daar 'n nuwe era aangebreek het wat geweldige aanpassings vereis. Waar die kerk as instituut se strukture aan die een kant 'n veilige ruimte verskaf waarbinne aanbidding plaasvind, wys Gibbs en Coffey (2001:74) daarop dat: "those traditions that are centrally organized with a hierarchical structure, have suffered the most damage, finding it increasingly difficult to maintain institutional integrity and to continue to recruit quality leadership."

Die klem val hier op die kerk se mag, en die manier van kommunikasie is van bo na onder en die kommunikasiestyl is baie kognitief. Hendriks (1992:16 & 18) wys daarop dat die negatiewe kenmerke van die model insluit dat die instituut alles oorheers en dat lidmate se gawes nie benut word nie. Die lidmate is dus baie passief. Met verwysing na die beskrywing van die kerk as instituut, maak Dulles (2002:27) die volgende opmerking: "[It is] a system in which the institutional element is treated as primary. From the point of view of this author, institutionalism is a deformation of the true nature of the Church."

Die kerk as instituut het verval in 'n formele sisteem van strukture en amptenare met bepaalde pligte en funksies wat meestal op die nakom van spesifieke opdragte fokus, dikwels ten koste van die liefde van Jesus Christus vir die gebroke sondaar. In hierdie model val die fokus op die struktuur van die kerk en nie op die lidmate van die kerk nie. Die gevaar hiervan word deur Belcher (2009:23) uitgewys: "I was afraid that the institution would kill the revival." Dit is dikwels juis die geval vanweë die feit dat mense as minder belangrik as strukture beskou word, en programme meer op die



© University of Pretoria

voorgrond geplaas word as mense (Belcher 2009:23), wat dan om die beurt veroorsaak dat groei belemmer raak.

Nel (1994:21) is van mening dat die model gemoeid is met die oorlewing van die kerk as instituut, eerder as wat daar 'n besorgdheid is oor die beantwoording aan God se doel met die kerk. Die fokus is meer op die uiterlike as op die innerlike, aangesien dit na binne gerig is en nie na buite nie.

Brouwer (2009:378) sien die vele gesigte van die kerk raak en daarom: "maak ik gebruik van een aantal metaforen die licht werpen op de mogenlijke verhouding tussen kerk en sociale omgeving". Brouwer (2009:379) gebruik vyf beelde om die verantwoordelikheid van die kerk as geloofsgemeenskap teenoor die sekulêre gemeenskap uit te beeld. In aansluiting by Dulles (2002:30) se uitbeelding van die kerk as instituut, waar die klem van die kerk eerder op struktuur as lewende organisme val, is een van die beelde van die kerk vir Brouwer (2009:379) 'n pilaar wat as 'n baken in die gemeenskap funksioneer. Net soos 'n pilaar, as 'n dooie sementstruktuur, 'n gebou regop hou, so funksioneer die kerk ook om die gemeenskap "regop" te hou.

Met verwysing hierna maak Van den Brom (2009:139) die opmerking: "De kerk als instituut roep gewoonlijk weinig warme gevoelens bij mensen op omdat die voorstelling van zaken voor vele menschen slechts de onpersoonlijke buitenkant van de kerk laat zien."



© University of Pretoria

Wanneer die kerk as instituut beskryf word, sal die fokus op die metaforiese verwysing na God as Regter val. In Hoofstuk 3 van hierdie navorsing sal die bespreking van God as Regter hanteer word.

### 2.2.2 Die Mistiekegemeenskap-model (God as Vriend – Hoofstuk 3, punt 3.3.5)

Dulles (2002:40) verwys na Emil Brunner wat in, *The Misunderstanding of the Church* stel dat die kerk nie 'n instituut is nie, maar 'n gemeenskap van mense. Dit is 'n gemeenskap wat gegrond is op liefde en omgee vir mekaar. Dulles (2002) beweer dat die kerk aan die een kant 'n gemeenskap is van mense met mekaar en met God, en aan die ander kant is hierdie gemeenskap die totaliteit van dit wat hierdie gemeenskap in stand hou.

In hierdie gemeenskap wat plaasvind op grond van die Heilige Gees, stel Dulles (2002) dat daar deur die werking van die Heilige Gees 'n netwerk van interpersoonlike verhoudings van omgee en bystand bestaan. Alhoewel 'n liggaam baie lede het wat elkeen selfstandig funksioneer en in eie reg 'n selfstandige entiteit is, is dit tog ook deel van 'n groter eenheid waarsonder dit nie kan bestaan nie. Koestler (1967:48) verwys hierna as 'n "holon" en beskryf dit só:

"Everything is always both a part and a whole simultaneously. Imagine a chair standing in the middle of a room. Like all functional chairs, it is a whole. It is a whole complete within itself. But at the same time it is a part. The chair that is a whole on itself and is also a necessary part of the room, if the room is to be a whole."

Hiervolgens het die verskillende dele 'n invloed op mekaar en so is dit ook met 'n gemeente. Die kleiner deeltjies vertel die storie van die geheel. Daar is dus 'n fyn



© University of Pretoria

verweefdheid van die verskillende dele met mekaar, 'n mistieke gemeenskap van verhoudinge.

In die ekklesiologiese model van die kerk as 'n mistieke gemeenskap vind ons dat die kerk, en veral die plaaslike gemeente, as 'n hegte eenheid funksioneer. Hierdie eenheid beskryf Dulles (2002:50) soos volg: "The primary factor that binds the members of the Church to each other is the reconciling grace of Christ". Die genade van Jesus Christus is dus die samebindende faktor in die gemeente, wat tot gevolg het dat daar 'n verdieping in die gemeente se geestelike lewe plaasvind. Belcher (2009:25) het in sy navorsing oor ontluikende kerke bevind dat daar by mense 'n behoefte is na interaksie en gemeenskap met mekaar. Mense het 'n behoefte aan koinonia met mekaar, 'n gevoel van omgee, en dit ontbreek dikwels in kerke. In die opbou van die gemeente moet die fokus op betekenisvolle verhoudinge wees en nie op vergaderings nie. In dié verband maak Callahan (1983:35) die volgende opmerking: "Indeed, effective, successful congregations share a strong theology of community and provide substantial relationships of sharing and caring in the various groups constituing that particular church."

Gibbs en Coffey (2001:76–77) verwys na die opkoms van: 'new apostolic networks' met gepaardgaande gesagstrukture wat 'n verskuiwing tot gevolg het vanaf "bureaucratic authority to personal authority, from legal structure to relational structure, from control to co-ordination and from rational leadership to charismatic leadership." Wilkes (2004:12) sluit hierby aan wanneer hy na die behoefte van gelowiges verwys: "They long for deep relationships. They relate to individuals, to people, not some idea or institutional line".



© University of Pretoria

Kung (1968:84) wys daarop dat die woord *ekklesia* verwys na gebeure wat elke keer plaasvind as die gemeente bymekaar kom. Die bymekaarkom is 'n reaksie op God se Woord en is 'n woord- of linguistiese gebeurtenis waarin die liggaam van Christus gekonstitueer word.

### 2.2.3 Die Sakramentmodel (God as Versorger – Hoofstuk 3, punt 3.3.3)

Daar is 'n sigbare spanning tussen die ekklesiologiese modelle van die kerk as instituut en die kerk as gemeenskap. Dulles (2002:55) wys daarop dat die institusionele model diegene uitsluit wat nie deel van die instituut is nie, terwyl die gemeenskapsmodel die vraag vra: "why anyone should be required to join the institution at all", aangesien die instituut as 'n rigiede organisasie sonder emosie ervaar word. Deur die kerk as sakrament te beskryf, word daar gepoog om 'n kombinasie en versoening tussen die twee modelle te bewerkstellig om sodoende 'n eenheid tussen God en mens tot stand te bring. Snyder (1991:59) wys ook daarop dat: "One value of a sacramental understanding of the church (as Dulles also notes) is that with its aspects of sign and mystery it is capable of holding together emphases that seem in tension."

Die Heidelbergse Kategismus handel in Sondag 25 vraag en antwoord 66 (NHKA 1995:149) oor sakramente en verwys na sakramente as tekens en seëls wat God ingestel het om die belofte van die evangelie beter te verstaan, die belofte van genade en verlossing vir die sondaar. 'n Teken verwys altyd na iets anders en het 'n dieper element waarna dit verwys en wat dit voorstel. As seël word die betekenis van die sakrament vir die gelowige beseël as 'n waarheid. Die sakramente is dus tekens en



© University of Pretoria

seëls wat heenwys na Jesus Christus en vorm 'n onsigbare band tussen Jesus Christus en die gelowige.

Wanneer die kerk as sakrament beskryf word, beskryf Dulles (2002) die kerk as so 'n teken. Dit is die draer van die verlossende genade van Christus. Die verlossing van Christus is die samebindende element tussen gelowiges. Soos wat 'n sakrament 'n uiterlike en innerlike deel het, so het die kerk as sakrament ook hierdie tweeledige bestaan. Die kerk se sigbaarheid is vasgevang in die institusionele aspek van die kerk, alhoewel die institusionele of strukturele aspek van die kerk (Dulles 2002:61) nie voldoende is om die kerk as kerk te begrond nie. Die ampsdraers moet na vore tree as: "the actual expressions of the faith, hope and love of living men" (Dulles 2002:61).

Aansluitend hierby verwys Louw (1992:121) na J van Genderen, wat sê die vraag is nie of ons aan die ware kerk behoort nie, maar of ons ware en lewende lidmate van die kerk is en of die kerk as sakrament sigbaar word deur die lidmate.

Dulles (2002) sien in die kerk as sakrament die viering van 'n eenheid tussen gelowiges. Soos wat gemeentelede rondom die nagmaaltafel as geloofsgemeenskap bymekaar kom en met mekaar in interaksie tree, net so gebeur dit ook in hierdie ekklesiologiese model (Van den Brom 2009:150). Daar vind 'n interaksie plaas wat gegrond is op die kerk as draer van hoop en "The Church becomes an event of grace as the lives of its members are transformed in hope, in joy, in self-forgetful love, in peace, in patience, and in all other Christlike virtues" (Dulles 2002:63).



© University of Pretoria

Deur die kerk as sakrament te beskryf, wil hierdie ekklesiologiese model op die kerk as sigbare draer van die evangelie van hoop fokus. Die lidmate en hulle interaksie met mekaar gee gestalte aan die liefde van Jesus Christus. Deur die lidmate se optrede word die kerk en die kerk se roeping in die wêreld sigbaar.

Brunner (1952:107) verwys nie na die kerk as 'n instituut nie, maar as "a brotherhood (*Bruderschaft*); it is a pure communion of persons (*Personengemeinschaft*)." Die kerk is met ander woorde 'n gemeenskap van gelowiges wat in gemeenskap met God en met mekaar lewe. Dulles (2002: 41) definieer die kerk dan as die totaliteit van die handelinge wat die gemeenskap tot gevolg het en in stand hou. Dit toon raakpunte met die beeld van 'n liggaam wat Paulus in 1 Korintiërs 12 gebruik, alhoewel die beeld van gemeenskap van gelowiges 'n bietjie ruimte skep tussen die lede en die Hoof (Dulles 2002:46). In die beeld van die kerk as 'n mistieke gemeenskap kom iets van die verhouding tussen God en die mense na vore. Dit is 'n verhouding wat moontlik nie altyd so duidelik na vore kom in die beeld van die kerk as liggaam nie.

### 2.2.4 Die Aankondigermodel (God as Vader – Hoofstuk 3, punt 3.3.4)

In die ekklesiologiese model word die kerk beskou "as a herald – one who receives an official message with the commission to pass it on" (Dulles 2002:69). Die taak en roeping van die kerk in hierdie model is primêr verkondiging, soos die opdrag van Matteus 28:19 aan die dissipels is: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels …"

As dissipels of leerlinge van Jesus Christus was dit hulle taak en roeping om die Evangelie na die nasies te bring en is dit 'n verkondigingstaak wat die kerk as aankondiger identifiseer. Die boodskap van hoop wat ontvang is, moes uitgedra word



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na ander. Louw (1992:124) beskryf die oogmerk van 'n prakties-teologiese ekklesiologie as: "die kommunikasie van die evangelie (in woord en daad) met die oog op die ontsluiting van 'n sinvolle bestaanshorison binne sosiale kontekste en maatskaplike verbande.

Die kommunikasie van die evangelie lei tot die ontsluiting van geloof en die stigting van geloofsgemeenskappe. Volgens Dulles (2002) lê die eenheid van die kerk juis in die reaksie van gelowiges wêreldwyd op dieselfde Woord wat verkondig word. Die uitdaging waarmee die ekklesiologiese model van Aankondiger die kerk konfronteer, is soos Heitink (1999:290) dit stel: "If the struggle of sermon preparation does not make it possible to say something new, it is better to say nothing at all." As Aankondiger is dit 'n uitdaging om altyd iets nuut te sê, aangesien die wêreld gedurig aan die verander is.

Louw (1992:124) identifiseer verskillende diensgestaltes en beskryf die diensgestaltes as: "kommunikatiewe geloofshandelinge met die oog op getuienis en sending". Die opdrag is dus om deur woord en daad van Christus te getuig en sodoende is die evangelie nie bloot net abstrakte waarhede nie, maar is dit 'n "event of proclamation" (Dulles 2002:75). Die kerk is so 'n woordgebeurtenis wat tot 'n verskeidenheid van aksies soos verkondiging, onderrig en gebed lei. (Heitink 1999:289).

'n Hegte band tussen verkondiging en die gemeenskap waarbinne verkondig word, is noodsaaklik vir die effektiewe uitdra van die evangelie: "the church needs the strength of community to reinforce its message" (Gibbs & Coffey 2001:192). Vir die effektiewe uitdra en verkondiging van die evangelie sal die kerk die regte vrae moet vra, ten einde in die behoeftes van lidmate te voldoen en dit steun volgens Gibbs en



© University of Pretoria

Coffey (2001:43) swaar op sekere bemarkingstrategieë. Die kerk sal die behoeftes van gelowiges moet peil sodat dit geleenthede kan identifiseer om die evangelie te verkondig. Gibbs en Coffey (2001:45) wys daarop dat indien kerke suksesvol wil wees in die uitdra van die evangelie, hulle die volgende moet doen: "Go to people where they are and communicate in terms that will make sense to them". Daar moet dus 'n soeker-sensitiwiteit onstaan om so die evangelie by lidmate uit te bring. Die kerk word daardeur 'n instrument van God in die uitdra van die evangelie, net soos die profete in die tyd van die Ou Testament. Alhoewel die Woord Mens geword het, wys Dulles (2002:77) daarop dat die Woord in die Reformatoriese tradisie nie vlees geword het nie, maar Woord gebly het. Dit het die Verkondigde Woord gebly.

Van den Brom (2009:138) sien die kerk ook as 'n boodskapper en vir hom is dit die primêre taak of verantwoordelikheid van die gemeente:
"Het beeld van de kerk als bode kunnen we overigens ook herkennen bij kerken die hun identiteit allereerst zoeken in Missionaale betrokkenheid en juist niet in zelfprofilering. Het beeld van de bode vestigt daar de aandacht op de functie van de kerk te vertellen wat de boodschap van de nabijheid van het Koninkrijk van God in Jezus Christus betekent.

As liggaam van Christus kan daar ook nie anders oor die kerk gedink word, as 'n dienskneg nie. Soos wat Jesus gedien en gely het, so sal dit ook met die kerk wees. Die aankondiging van die koms van die Koninkryk geskied nie alleen deur die Woord nie, maar ook deur werke. As dienskneg is dit veral die diakonale werksaamhede van die kerk wat ter sprake kom. Dulles (2002:92) verwys soos volg na die diensknegmodel van die kerk: "All offices in the Church are forms of *diakonia*, and



© University of Pretoria

thus the term, in biblical usage, cannot properly be used in opposition to preaching or worship." As dienskneg is die kerk geroep tot die verandering van die wêreld in die Koninkryk.

Dulles (2002:69) maak die volgende opmerking in verband met die kerk: "It sees the task of the Church primary in terms of proclamation". Die kerk kan nie dit wat gehoor is, vir haarself hou nie. Daar is 'n sekere dringendheid om dit uit te dra en bekend te maak. Daarom verwys Dulles (2002) na die Woord of Stem van God as 'n gebeurtenis, iets wat elke keer plaasvind wanneer God met Sy kinders praat en dit geglo word.

In hierdie model verskuif die fokus na die Woord en word Jesus Christus as die vleesgeworde Woord van God verkondig (Hendriks 1992: 20). Die gebruik van woorde in die Woordverkondiging staan sentraal tot die model. Snyder (1991:101) beskryf die ekklesiologies model as: " an active transforming agent in the society". Deur die verkondiging van God se bemoediging van die gebroke sondaarmens, en deur die verkondiging van God se ingryping in die lewe van die mens deur Jesus Christus, kom daar 'n verandering in die gemeente en die gemeenskap.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 3

## GODSBEELDE IN DIE BYBEL EN DIE INVLOED DAARVAN OP GEMEENTEBOU

### 3.1 INLEIDING

Wanneer mense oor God praat, is daar verskeie opvattings oor God of lense waarmee daar na God gekyk word en dan kan iets oor Hom gesê word. Dit wat mense van God weet en wat hulle oor God bely, is direk met die openbaring van God verbind. Gelowiges kan slegs oor God praat in die mate waarin Hy Hom aan hulle openbaar (Weber 1988:171).

Wat gelowiges dus van God weet, kom nie van of uit hulself nie, maar is 'n openbaring van God. In Matteus 18:16 bely Petrus dat Jesus die Christus is en in Matteus 18:17 sê Christus vir Petrus dat hierdie belydenis nie uit homself kom nie, maar dat dit 'n openbaring van God is. Dit is 'n bekendmaking wat van God self kom. Weber (1988: 171) stem hiermee saam as hy sê: "… but when we speak of God's revelation, then we mean the gift (how could it be different in Christian theology?) in which God grants to us the possibility of knowing him."

Weber (1988:171) wys daarop dat openbaring 'n aksie van God is en dat kennis van God 'n aksie van die mens is. Die kennis wat ons van God het, is kennis wat vanuit die openbaring van God verbind, wat om die beurt tot gevolg het dat die mens God kan ken. De Klerk (1998: 32) verbind die mens se vermoë om God te ken met die skepping van die mens as beeld van God, wat daartoe lei dat die mens God ontmoet en met Hom kan kommunikeer. "Op 'n tydstip in die geskiedenis het God, op sy



© University of Pretoria

inisiatief, in verhouding met die mens getree en vir die mens 'n Teenwoordigheid geword wat nie geïgnoreer kan word nie" (De Klerk 1998: 32).

Hierdie ontmoeting tussen God en die mens lei tot 'n verhouding tussen God en die mens. Berkhof (1985:110) maak die opmerking: "Dan is het ook wezenlijk voor God dat Hij zich wil openbaren en met zijn schepsel in gemeenschap wil treden. Openbaring is als zodanig communicatie. Zij openbaart ons, nog afgesien van elke concrete inhoud, een communicatiieve God."

Die kennis wat gelowiges dus van God het, is kennis wat Hy aan hulle, as Sy beelddraers, geopenbaar het. Weber (1998:173) wys daarop dat die term "openbaring" met die volgende begrippe verband hou:

- "*apokalyptein*, with the idea of the removal of veiling;
- *Phaneroun*, with the emergence of what had been concealed;
- *Deloun*, as the pronouncement of what had been unknown;
- *Gnorizein*, as the communication of what had been unkown."

Volgens Weber (1998:173) is openbaring 'n aksie en 'n daad wat in sy diepste wese 'n aksie van God is. Dit is nie dieselfde as wanneer 'n mens iets ontdek; as wanneer dit in 'n stadium gebeur het nie. As aksie en daad van God is openbaring 'n gebeurtenis wat op 'n spesifieke tydstip plaasvind en is dit God wat dit laat gebeur. God openbaar Hom dus op 'n bepaalde wyse aan sy skepsels.

Daar bestaan egter 'n baie noue korrelasie tussen Skrifbeskouing en Godsbeelde (Dreyer 1998a:60–62, 246–289). Verder beklemtoon Dreyer (1998b:546) dat die



© University of Pretoria

wyse waarop mense oor God dink, 'n uitwerking het op hulle verhouding met God, asook op hulle verhouding met andere. As God as veroordelende regter gesien word, sal dit volgens Dreyer (1998b:546) tot 'n vreesbevange optrede met 'n negatiewe ondertoon lei. Die teenoorgestelde is egter ook waar: indien God as 'n liefdevolle Vader gesien word, sal dit ook sigbaar word in die optrede en verhouding met ander mense.

Dit is juis die opmerking van Dreyer (1998b:546) dat die wyse waarop mense oor God dink 'n uitwerking op hulle verhouding met God het, wat die fokus van hierdie is navorsing. Die hipotese waarmee gewerk word is dat mense se Godsbeeld 'n invloed het op hulle betrokkenheid by die gemeente.

Du Toit (1984:29) wys egter op die problematiek van taal en die kompleksiteit van woorde en die invloed wat dit op mense se nadenke oor God het: As iemand byvoorbeeld sê: "God is 'n rots", is dit dan net 'n taalkundige figuratiewe uitspraak, of het dit ook te doen met die werklikheid?" Hy is van mening dat die korrelasie tussen taal en werklikheid 'n komplekse probleem is. Taal skep 'n werklikheid (Du Toit 1984:31). Tog wys Du Toit (1984:33) op die afstand tussen poëtiese taal en wetenskaplike taal en dat dit in die poëtiese taal nie gaan om wetenskaplike, historiese of geloofswerklikhede nie.



© University of Pretoria

## 3.2 TAAL

### 3.2.1 Inleiding

Gelowiges se nadenke en uitsprake oor God kom na vore in menslike taal, want dit is wat tot hulle beskikking is (Dreyer 1998b:549). As 'n taalhandeling is die uitsprake oor God metafories van aard, waar een saak aan 'n ander gelyk gestel word (Du Toit 1984:12). Ook wys Botha & Dreyer (2007:1246) daarop dat: "menslike ervaring van God verwoord word deur middel van metafore." Alhoewel metafore twee sake noem wat ooreenkomste toon, wys Botha en Dreyer (2007:1246) daarop dat die sake nie identies is nie.

### 3.2.2 Metafore

Eidevall (2005:55) sien in die gebruik van verskillende metafore in die Bybel die bydrae wat hierdie metafore lewer in die skep van die metaforiese identiteit van God. Eidevall (2005:56) is daarom van mening dat daar 'n noue interaksie is tussen die beeld van die self ('self-image'), die beeld van die vyand ('enemy-image') en die beeld van God ('God-image'). Deur die gebruik van verskillende metafore word 'n beter begrip van God geskep en in hierdie verband wys Smith en Dreyer (2000:298) daarop dat: "God self meer is as die somtotaal van die potensiële Godsbeelde in die pastoraat". Hulle verkies om met metafoorgroeperinge te werk, eerder as 'n enkele metafoor, omdat hulle van mening is dat "die gebruik van 'n enkelvoudige metafoor nie die heil in Christus volledig kan verdiskonteer nie" (Smith & Dreyer 2000:299).

Vir Dulles (2002:12) is die gebruik van metafore baie meer as net simbolies. Dit transformeer en verander die leser: "Symbols transform the horizons of man's life, integrate his perception of reality, alter his scale of values, reorient his loyalties,



© University of Pretoria

attachments, and aspirations in a manner far exceeding the powers of abstract conceptual thought. Religious images, as used in the Bible and Christian preaching, focus our experience in a new way." Vos and Wepener (2014:97) sluit hierby aan met die volgende opmerking: "As 'n metafoor 'n verhouding tussen twee domeine skep, word nuwe assosiasies en verbindings tot stand gebring. 'n Metafoor maak ons oë oop om te sien. Die resultate is meestal verrassend en vreemd." Deur die gebruik van metafore word die leser se lewe dus getransformeer en verander.

Aangesien die hipotese in die navorsing is om te kyk of daar 'n verband is tussen lidmate se Godsbeeld en hulle betrokkenheid by die opbou van die gemeente, sal daar hierdie eers gefokus word op verskillende metafore wat vir God gebruik word. Die verskillende enkelvoudige metafore gaan eers bespreek word voordat die metafore gegroepeer word om 'n meer volledige geheelbeeld te kry. Volgens Smith en Dreyer (2000:298) bied metafoorgroepering juis 'n beter beeld van God se betrokkenheid by die mense en hoe die mens daarop reageer.

### 3.2.3 Definisies van metafore

- Die retoriese metafoorteorie van Aristoteles sien die metafoor as 'n oratoriese hulpmiddel met ornamentele en oortuigingswaarde (Du Toit 1984:64). Van der Merwe en Duvenhage (2008:201) verwys na Aristoteles wat die volgende definisie vir 'n metafoor voorstel: "Metafoor bestaan daarin dat aan iets 'n naam gegee word wat aan iets anders behoort." Hiervolgens vind daar dus 'n bepaalde betekenisverandering plaas.
- Die metafoor is 'n woord wat tussen die gewone heersende en ongewone gebruik van die woord rondspeel. Op 'n speelse manier word twee sake



© University of Pretoria

waarmee die mens vertroud is, op só 'n wyse met mekaar in verband gebring dat diegene wat toegespreek word, nuwe insig kry (Van Wyk 1995:519).

- Vos en Wepener (2014:97) verklaar 'n metafoor deur te wys op die Griekse afkoms van die woord *metafoor*, naamlik *meta* (oor) en *pherein* (dra). Nuwe waarhede word dus geskep en oorgedra en 'n 'metafoor maak ons oë oop om te sien" (Vos en Wepener 2014:97).

### 3.2.4 Gebruike van metafore

- Aangesien God die Gans Andere is, is metafore 'n hulpmiddel in die poging om iets oor Hom te sê. Hiervolgens kan die metaforiese uitsprake oor God die beeld wat mense oor God het, só beïnvloed dat dit mense se betrokkenheid by die opbou van die plaaslike gemeente totaal oorheers. Die waarskuwing van Smith en Dreyer (2000:298) moet egter ter harte geneem word – dat God meer is as die somtotaal van die metafore wat gebruik word om Hom te bespreek.
- Taal, en spesifiek metafore, is die instrumente wat gebruik word om oor God te praat, al is dit maar gebroke woorde en handelinge. So word taal 'n gids om God as die Gans Andere te ontbloot: "Both testaments have a root metaphor for God, which is the metaphor that so to speak lies behind most of what is being said about God and therefore functions as a guide for speaking of God." (Van Hecke 2005:263). Vos en Wepener (2014:98) verwys ook na die 'wortelmetafoor' wanneer metafore gebruik word.
- Sommige is van mening dat die enigste manier waarop mense oor God kan praat, deur middel van metafore is (Durand 2007a:23).



© University of Pretoria

- Metafore is ook meer as net 'n gids en riglyn, dit het 'n invloed op mense se begrip van, en nadenke oor God wat soos volg deur Kloppers (2003:93) verwoord word:

  "Deur God met metafore te beskryf (byvoorbeeld God as vader wat beskerm of God as regter wat oordeel) kom ook bepaalde beelde van God tot stand wat ons geloofsverstaan bepaal."
- Metafore skep spanning (Vos en Wepener 2014:99) deur die vorming van 'n brug tussen 'saak' en 'beeld' en dit 'skep ruimte vir verbeelding'. Wanneer dit 'wat is', en 'dit wat nie is nie' met mekaar in verbinding gebring word, word nuwe assosiasies en betekenisse geskep" (Vos en Wepener 2014:100).
- Metafore verbind verbandhoudende werklikhede en realiteite (Vos en Wepener 2014:100): "In die voorbeelde wat hier gebruik word, word die aardse werklikheid verteenwoordigend vir God se werklikheid." Om dit te illustreer, verwys Vos en Wepener (2014:100) na Psalm 91:1 en "verklaar die digter dat hy in die skaduwee van die Almagtige vernag. Hiermee word die koelte en beskutting wat die Here gee, aangedui."
- Metafore funksioneer in 'n netwerk (Vos & Wepener 2014:100) waarvolgens dit nie slegs om enkele woorde gaan nie, maar om die konteks waarin woorde gebruik word.
- 'n Huweliksmetafoor. Vos en Wepener (2014:101) wys op die metaforiese gebruik van die huwelik in Hosea om die verhouding tussen God en die volk Israel uit te beeld. Hierdie is 'n swaar gelaaide metafoor wat die dikwels komplekse verhouding tussen God en die volk Israel uitbeeld.
- Van der Merwe en Duvenhage (2008:202–203) onderskei tussen drie teorieë ten opsigte van die retoriese gebruik van metafore:



© University of Pretoria

Volgens die ***plaasvervangingsteorie*** is die metafoor 'n woord wat in die plek van 'n ander woord of uitdrukking gebruik word omdat daar 'n verwantskap tussen woorde is.

Die ***vergelykingsteorie*** word gebruik om 'n betekenisooreenkoms aan te dui as 'n vergelyking sonder dat 'n nuwe betekenisooreenkoms tot stand gebring word.

Die ***verbeeldingsteorie*** waarvolgens daar gewerk word met 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis waar die letterlike betekenis onmiddellik funksioneer terwyl die figuurlik betekenis middellik funksioneer. Van der Merwe & Duvenhage (2008:203) verduidelik dit soos volg: "Die woord in sy letterlike betekenis tree op as beeld of voorbeeld vir die figuurlike betekenis".

- Wat die semantiese gebruik van metafore betref, onderskei Van der Merwe en Duvenhage (2008:203–205) tussen drie teorieë of benaderings:

Die *interaksieteorie* se vertrekpunt is die konteks. Betekenis word binne 'n bepaalde konteks vasgelê, waar die kontekste met mekaar in 'n wisselwerking staan en verbande tussen die kontekste gelê word.

Die *weersprekingsteorie* onderskei tussen primêre en sekondêre betekenis. Volgens Van der Merwe en Duvenhage (2008:204) bestaan hier eerstens 'n eksplisiete betekenis en daarteenoor 'n implisiete betekenis. Die een skakel die ander een uit ten einde die betekenis te ontgin. Van der Merwe en Duvenhage (2008:204) beskryf dit as 'n "doelbewuste weerspreking: metaforiek bestaan in die uitskakeling van die primêre betekenis deur die invoer van 'n sekondêre betekenis."

- Die *spanningsteorie* verwys volgens Van der Merwe en Duvenhage (2008:204) na die spanning waarin 'n metafoor bestaan: "tussen die betekenis van 'n



© University of Pretoria

> spesifieke woord binne 'n uitdrukking, en die betekenis van die uitdrukking in sy geheel." Vervolgens beweer Van der Merwe en Duvenhage (2008:204): "Hierdie spanning tussen woord en sin word geformuleer in terme van 'n spanning tussen die fokus en die raam van die metafoor."

### 3.2.5 Metafore en begrip

Du Toit (1984:1) beklemtoon dat spreke oor God 'n taalprobleem is wat 'n interpretasie- en verstaansprobleem is. As verstaansprobleem gaan dit oor die verstaan van God, die mens en die werklikheid, wat verband hou met die konkrete werklikheid van die lewe. Vir Dreyer (1998b:567) is die verband tussen taal en die werklikheid in die lewe belangrik, en daarom vereis dit respek vir die konteks van vandag se tyd. Die konteks en sosiologiese omgewing van die mens verander voortdurend en het tot gevolg dat die verstaan van God, en uitsprake oor God, ook telkens met ander inhoud gevul word (Du Toit 1984:65). Lindijer (1988:7) sluit hierby aan as hy benadruk dat mense se ervaring van God 'n invloed het op die beeld wat hulle van God het en volgens hom het elke mens sy eie Godsbeeld wat beïnvloed en gevorm word deur verskeie faktore. Dreyer (2004:666) sien die kompleksiteit van die situasie raak: "As ons woorde tekort skiet, of te min is om menslike ervaring onder woorde te bring, hoe moeilik, eintlik onmoontlik, is dit dan om God onder woorde te bring. God is die Gans Andere, die Onmeetlike, die Ewige, die Allerhoogste God!" Dit lei tot 'n ander, dieper werklikheid wat Cilliers (2008: 4) soos volg verwoord:

> " 'n Mens sou 'liturgiese ruimte' waarskynlik ook 'n 'atmosfeer van verbeelding en antisipasie' kon noem, wat mens op 'n hermeneutiese wyse die werklikheid so laat transendeer dat die werklikheid werklik verander, of beter gesê: dat 'n mens vanuit die ontdekking leef dat die werklikheid reeds verander is."



© University of Pretoria

Alhoewel dit belangrik is om rekening te hou met die werklikheid en die konteks van ons tyd, is die waarskuwing van Cilliers (2008: 15) dat dit ook belangrik is om nie ons sin vir ander werklikhede te verloor nie. Ons eie werklikheid en situasie is nie die finale en die enigste werklikheid nie.

Die kompleksiteit van die menslike poging om iets oor God te sê, word deur Dreyer (2004:666) verduidelik deur te verwys na die Handelinge 7. Die gedeelte handel oor Stefanus se verweer voor die Joodse Raad nadat hy aangekla is van laster teen die tempel en die wet van Moses. In Handelinge 7: 48 word gelees: "God die Allerhoogste woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie". Die gedeelte kan volgens Dreyer (2004:666) ook vertaal word as: "God die Allerhoogste woon nie [in] mensgemaakte konstruksies nie…", "omdat God so anders is as ons gebroke woorde en sondige werklikheid, en ons so beperk is in ons eie vermoë en taal, kan ons God nooit met ons woorde omvat nie. Daarom kan ons nooit anders oor God praat as analogies en metafories nie" (Dreyer 2004:666). God kan nie in die tempel vasgevang word nie, want die tempel is maar net 'n mensgemaakte konstruksie (Dreyer 2004: 667). Omdat God meer is as die mens se gedagtes en woorde, gebeur dit maklik dat "wanneer die mens God probeer beperk, uitbeeld, of vasvang in mensgemaakte konstruksies, dit aan afgodsdiens grens (Dreyer 2004: 667) omdat ons van God iets maak wat Hy nie is nie".

Nie alle metafore wat gebruik word om oor God te praat, is ewe doeltreffend nie. Trouens, sommige van die metaforiese verwysings na God word dikwels deur mense as negatief ervaar, veral as hulle met lyding of nood worstel. Die vraag is dan: "but is



© University of Pretoria

it possible to diagnose unhelpful God-images and how do you distinguish between adequate and inadequate God-conceptions?" (Louw 1998:234).

Al is ons menslike taal al wat tot ons beskikking is wanneer ons oor God praat (Dreyer 1998b:549) moet ons die volgende opmerking van Weber (1981:407) in aanmerking neem: "God is then in his essence, his reality, holy, free, sovereign love." Wat hy bedoel is dat God nie bloot sekere eienskappe het nie, maar dat Hy dit in wese is. Alhoewel ons oor God in metafore dink en praat, is God meer as 'n metaforiese beskrywing. God is die eienskappe wat ons gebruik om Hom te beskrywe. Tog is God meer as dit en word die beperktheid van ons taal en woorde verder duidelik in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1:

> "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is."

Die onbegryplikheid van God lê daarin dat God die Allerhoogste nie in mensgemaakte strukture woon nie (Dreyer 2004:671) en daarom kan God nie in woorde en belydenisse vasgevang word nie. Ons poog dus telkens om met die beperktheid van woorde iets van die onbeperktheid van God te verwoord.

Die verband tussen taal en ons konkrete situasie, en die uitwerking wat taal op 'n mens het, beklemtoon die gebruik van metafore: "Een van die eienskappe wat die metafoor 'n unieke taalverskynsel maak, is die emotiewe en evokatiewe aard daarvan.



© University of Pretoria

Die metafoor is by uitstek die taalverskynsel wat allerlei gevoelens 'stoor' en kan 'oproep' (Du Toit 1984:20).

Die beperktheid van ons woorde in ons nadenke oor God word deur De Klerk (1998:49) beklemtoon as hy stel dat God Homself in mensebeelde aan ons bekend stel. Dit gebeur volgens De Klerk (1998:49) in en deur die Bybel waar God Homself aan ons bekendstel deur Bybelwoorde wat niks anders as loergaatjies is waardeur ons die geleentheid kry om God te ontdek nie. Hierdie is ontdekkings, en dit gebeur deur die werking van die Heilige Gees wat die woorde van die Bybel verander in die Woord van God (De Klerk 1998:49).

Die gebruik van metafore om oor God te praat is egter 'n nou verweefde taalkundige proses wat Van Hecke (2005: 264) soos volg beskryf:

> "These metaphors are in constant dialogue with each other. The personal metaphors for God as 'king', 'father', 'shepherd', et cetera are challenged by metaphors taken from nature, God as 'fire', 'rock', 'lion', 'eagle' et cetera. The root metaphors are personal metaphors and they underline the personal relationship between God and mankind. And it is evident that we cannot replace these personal metaphors with impersonal metaphors like 'rock' or 'lion'.

Die betekenis van 'n metafoor moet dikwels gesoek word om die waarheid daarvan te kan begryp (Du Toit 1984:65). Hierdie waarheid vereis dikwels wedersydse kommunikasie en volgens Lindijer (1988:8) is dit vir gelowiges 'n uitdaging om die presiese woorde te vind om hulle geloof in God uit te druk om sodoende hulle



© University of Pretoria

ervaring van God te verwoord: "In a parable a metaphor is extended into a story which in turn gives meaning to the term God." (Mills 1998: 147).

## 3.3 GODSBEELD IN DIE BYBEL

Onder die term *Godsbeeld* word verstaan die beeld wat oor God weergegee word. Dit gaan hier oor mense se ervaring van en nadenke oor God (Lindijer 1988:6). Die feit dat God die mens geskape het na Sy beeld, bring mee dat die mens die vermoë het om met God in 'n verhouding te tree (De Klerk 1998:32) en vanuit hierdie verhouding kom die beeld na vore wat mense van God het. Weber (1998:173) benadruk die feit dat die mens net dit kan weet wat God aan hom openbaar. Omdat God Sy beeld in die mens ingestort het, het Hy sodoende aan die mens die vermoë geskenk om Hom te ontmoet (De Klerk 1998:32).

Hoe ontmoet God die mens? Hoe lyk dit as God Hom aan die mens openbaar? Clements (1978:58) wys op die volgende in verband met die openbaring van God:

> "Significant as such images are, however, the overriding impression given by the Old Testament references to Yahweh is that which concerns his personality. No other facet of his being stands out as strongly as this. He plans, wills, speaks, acts and feels like a human being".

God se openbaring aan die mens en Sy ontmoeting met die mens, het 'n definitiewe invloed op die mens. Hierdie navorsing ondersoek die beeld van God by lidmate van die NHKA en hoe hulle God beleef en ervaar, asook watter invloed dit op hulle betrokkenheid by die opbou van 'n gemeente het.



© University of Pretoria

Wat hierna volg, is 'n ondersoek na spesifieke metafore van God wat in die Bybel voorkom. Dit is gegrond op Dulles (2002:7–25) (sien ook Hendriks 1992:13) en Snyder (1991) se verwysing na die volgende ekklesiologiese of kerkmodelle:

- Die instituutmodel,
- Die verkondigingsmodel,
- Die liggaammodel
- Die transformasiemodel
- Die mistieke gemeenskap
- Die kerk as aankondiger
- Die kerk en die eskatologie

Verder word ook Nel (1994) se verwysing na gemeentebou betrek, waar die gemeente:

- deur God as Koning opgebou word met die oog op die koms van die Koninkryk (Nel 1994:13) en in diens van die Koninkryk (Nel 1994:24);
- opgebou word met die klem op die Herderskap van God met die pastorale versorging van die gemeente Nel (1994:40);
- as gemeenskap of koinonia van mense funksioneer, met 'n besondere band tussen mekaar en hulle soos 'n familie funksioneer, met God as Vader (Nel 1994:41);
- deur Jesus Christus herstel word en hoe die herstelde verhoudings die hart vorm van die koinonia, en God as Terapeut metafories uitgebeeld word (Nel 1994:41);
- met barmhartigheidsdiens hulpverlenend betrokke is by mense se nood en God as Vriend omsien na diegene in nood (Nel 1994:46).



© University of Pretoria

In hierdie navorsing word daar gefokus op die volgende vyf persoonlike metafore van God:

- God as Herder;
- God as Koning;
- God as Versorger;
- God as Vader; en
- God as Vriend.

Aangesien die navorsingshipotese fokus op lidmate van die NHKA se Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring in die erediens en die invloed daarvan op die opbou van die gemeente, (is daar nie) en nie die volledige eksegetiese verklaring van die verskillende metaforiese verwysings van God nie. Die gebruik van kommentare is dus slegs as ŉ teologiese vertrekpunt as nie as ŉ volledige eksegetiese verklaring van die teks nie.

### 3.3.1 God as Herder

#### 3.3.1.1 Inleiding

Die Hebreeuse woord רעה verwys volgens Brown ed al. (1979:914) na "pasture, tend, graze". Die metaforiese verwysing is na God as 'n Herder en die mense as sy kudde of skape. Die Griekse woord ποιμήν verwys volgens Louw en Naida (1988: 542) na 'n herder wat skape oppas, maar dit kan ook figuurlik gesproke verwys na iemand wat omsien na 'n gemeente. Die doel is om hulle te lei, te help en te onderrig.

Die metafoor van God as Herder beeld 'n baie intieme en besondere verhouding tussen die Skepper en sy skepsels uit wat ook nie slegs die verhouding tussen God en



© University of Pretoria

volk verwoord nie, maar ook beskrywend is van die volk Israel se lewenswyse: "At the beginning of their history the Israelites, like their ancestors before them, lived as nomads or seminomads, and when they came to settle down as a nation, they still retained some characteristics of that earlier way of life" (De Vaux 1973:3).

Spore van die oorblyfsels van die nomadiese lewe van die Israeliete is te vind in verwysing na 'n tent in plaas van 'n huis (1 Samuel 4:10:1933 vertaling). Ook in die godsdienstige lewe van die Israeliete, vind ons spore van die nomadiese lewe van die volk Israel. Wanneer daar in Psalm 23:1 na God verwys word as 'n Herder, sien Spurgeon (1976:108) hierin die sorg en omgee waarmee die Here Sy volk gelei het, soos 'n herder met sy skape gedoen het. Schaefer (2001: 58) verwys ook na die nomadiese lewe van die volk Israel wat in Psalm 23 die vertrekpunt is vir die metaforiese verwysing van God se teenwoordigheid wat tot gevolg het dat daar vrede en kalmte is.

Hierdie opmerking word deur De Vaux (1973:13) beklemtoon: "Lastly, there are countless allusions to the pastoral life, and Yahweh or his Messiah are frequently represented as the Good Sheppherd (Ps 23; Is 40:11; Jr 23: 1–6; Ez 34, et cetera)".

In die Nuwe Testament word daar ook op verskeie plekke verwys na die Herder, maar dan is dit Jesus wat die Herder is en die gelowiges is die kudde.

**3.3.1.2 Verwysings in die Ou Testament**

Daar is verskeie verwysings na God as die Herder in die Ou Testament:



© University of Pretoria

Met die uittog uit Egipte het God die volk Israel uit die huis van slawerny na 'n nuwe bestemming gelei waar hulle as volk van God in vrede kon lewe en Hom met rustigheid kon dien: "The Exodus God of Israel is thus the God of liberation who goes ahead of his people, leading them by acts of faithfulness" (Otto 1991:66). Soos wat 'n herder sy skape uitlei na velde waar daar weiding en water is, so het God die volk deur die woestyn gelei, bedags met 'n wolk en snags met vuur. Alhoewel dit op die oog af kan lyk asof die volk Israel in die woestyn verdwaal het, is dit nie die geval nie: "This tradition, however, prefers to call it the Dwelling, or Abode, *mishkan*, which seems to be a term originally used for the temporary dwelling of a nomad" (De Vaux 1973:295). Hulle omswerwinge was dus nie 'n doellose tog nie, maar 'n doelgerigte trek agter God die Herder aan.

Psalm 23 is seker een van die bekendste skrifgedeeltes wat die metafoor van God as Herder gebruik om die besondere verhouding tussen die Skepper en sy skepsels te beskryf. Beukes (1981:5) lê klem op die versorgende eienskappe van God. God as Herder se versorging is dus volledig en so omvattend dat diegene wat gelei word, niks kortkom nie.

Psalm 80 beskryf God as die Herder wat die kudde van Israel na verlossing lei. Spurgeon (1976:346) sien die noue verhouding tussen die Herder en sy kudde en hoe die volk Israel soos 'n kudde veilig voel naby God die Herder. Die kudde word uit skuld en ellende na 'n nuwe lewe van vryheid gelei. Schaefer (2001:196) vind hierby aansluiting:



© University of Pretoria

> "The prayer expresses longing to return to normal relations between God and the convenant people. The refrain is reinforced by the recurring theme of God's care and protection" (vv. 2, 8–9, 14–15, 17).

Jeremia 31: 10 beskryf God as die Herder wat sy kudde bymekaar sal maak nadat hulle verstrooid was. Nadat die volk in ballingskap was, sal God, as die Opperherder, hulle weer byeenbring en oppas. Beukes (1981:5) beklemtoon die gevolge van die verlossing deur God as die Herder en hoe dit 'n totaal nuwe lewe tot gevolg kan hê. Soos wat 'n herder sy kudde uitlei na die weivelde waar daar volop weiding en water is, so beskryf die metafoor van God as Herder die herstel van die verhouding tussen God en sy volk. Keown et al (1995:114) verwys soos volg hierna: "Their derisive comment: 'no one cares for her help' is to be replaced by an acknowledgement of the Good Sheperd's guardianship. God's promises in v 9b are the actions of a shepherd on behalf of the flock. (compare Ps 23:2–3)."

Vanuit die nomadiese verlede van die volk Israel word die besondere verhouding van die Herder en sy kudde as metafoor gebruik om God se bemoeienis met die volk Israel te beskryf (De Vaux 1973:3). Dit is veral die uitverkiesende genade van God wat sterk beklemtoon word. God (die Herder) kies om met hierdie spesifieke kudde (volk Israel) gemoeid te raak. Nie net kies God die volk Israel uit al die volkere van die aarde nie, maar God is die Herder wat hulle die toekoms in lei. Met God as Herder word die volk Israel na 'n nuwe lewe gelei: "Israel's history is thus characterized by the Exodus, by its liberating response to the 'unknown Lord' who had revealed himself to Israel in promise" (Otto 1991:67).



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.3.1.3 Verwysings in die Nuwe Testament

Een van die bekende metaforiese verwysings na God as 'n Herder in die Nuwe Testament, is opgeteken in Johannes 10. Die evangelieskrywer verwys in Johannes 10:3 na Jesus as die Goeie Herder wat die skape uitlei, en hiermee word die baie hegte en besondere verhouding tussen Jesus en die gelowiges beskryf . Barret (1978:374) sien hierin "the comparison between the ministry of Jesus and the work of a shepherd [as] general, but the messianic shepherding of God's people lies in the background." Hiervolgens is Jesus dus die messiaanse Herder wat besondere bemoeienis met Sy skape gemaak het om hulle te versorg. Alhoewel die metafoor van die herder hier na Jesus verwys, benadruk Johannes 10:15 die verbondenheid tussen Vader en Seun in die versorging van die kudde (Groenewald 1980:241 & Van Houwelingen 1997:218).

Wanneer Jesus na homself as die Goeie Herder verwys (εγώ ειμι ο ποιμὴν ο καλός), sluit Hy hiermee aan by die belofte in Esegiël 34:10 tot 16 dat God 'n Herder vir Sy volk sal wees. Hier is Christus die vervulling van God se herderlike versorging van sy volk (Groenewald 1980:239).

Jesus is nie net die Goeie Herder (Johannes 10:11) nie, Hy is ook die Opperherder (1 Petrus 5:4) en die Groot Herder (Hebreërs 13:20) met 'n besondere doel: "Jesus Christus se herderskap lei daartoe dat Hy deur Sy eie geken word, dat Sy kudde in Hom glo en na Sy stem luister" (Beukes 1981:13). Van der Watt (1990:49) beklemtoon die besondere verhouding wat daar was tussen 'n herder en sy skape bestaan en dit verduidelik Johannes 10:4, waar vermeld word dat die skape agter die herder aanloop omdat hulle sy stem ken. Met verwysing na hierdie gebruik wat die besondere verhouding tussen die herder en die skape aandui terwyl hulle van die



© University of Pretoria

rowers af wegvlug, maak Van Houwelingen (1997:218) die volgende opmerking: "Maar het zorgzaam leiderschap van de goede herder bewijst zichzelf. De schapen lopen niet voor Hem weg, ze zullen Hem graag volgen." As die Goeie Herder sou Jesus aan die kruis hang en langs Hom die twee rowers (Van Houwelingen 1997:218).

In Johannes 10:16 sê Jesus dat Hy ook ander skape het wat in 'n ander kraal is. Daar is ander mense waarvoor Hy ook 'n Herder is, maar hulle is nie deel van die volk Israel nie (Van Houwelingen 1997: 222). Groenewald (1980:241) wys daarop dat ons hierin die gebeure sien wat in Handelinge opgeteken is, wanneer Paulus as apostel die evangelie aan ander volkere bring en hulle sodoende "een kudde met een herder" word. Barret (1978:376) interpreteer die gedeelte soos volg: "The incarnation makes clear the predestined distinction between the two groups." Alhoewel daar 'n verskil is tussen volkere, is Christus hiervolgens ook vir ander volkere 'n Herder. Die sorg en omgee van 'n herder vir skape word hier metaforiese gebruik om Christus se Herderskap voor te stel.

In Johannes 21 word Petrus in sy amp herstel wanneer Jesus na sy opstanding aan die dissipels verskyn. In die gesprek ontvang Petrus die opdrag van Jesus om na die lammers of skape om te sien en hierdie opdrag definieer die verhouding tussen Hom en die gelowiges in terme van 'n herder en sy kudde. Hiermee ontvang Petrus die verantwoordelikheid om die kudde te versorg (Barret 1978:583, Groenewald 1980:414 & Van Houwelingen 1997:410).

**3.3.1.4 Gemeentebou**

Alhoewel die Herder Sy kudde lei en versorg, beklemtoon Köstenberger (1998:9) dat gelowiges hulle identiteit moet soek en vind in hulle gestuurdheid deur Christus. Die



© University of Pretoria

Herder lei die kudde, maar tog word die kudde ook deur die Herder gestuur wanneer Petrus in Johannes 21 die opdrag ontvang om die kudde te versorg. Keifert (2013:55) vind aansluiting hierby as hy praat oor gemeentes se gestuurdheid deur God.

In Handelinge 20: 28 word na die gelowiges as 'n kudde verwys en die opsieners word die "wagters" genoem. Barret (2002:316) vind in die metafoor van die herder en kudde die noodsaaklikheid dat leiding in die gemeente gegee moet word:

> "The elders are bidden to take thought for themselves, that is, to maintain the quality and integrity of their own Christian life, and to take thought for the church, in which they hold a responsible position. The church is described as a flock, which the elders must shepherd."

Die gemeente is die kudde met God as die Herder (Psalm 23 en Esegiël 34). Köstenberger (1998:137) sien die rol van Christus soos volg: "The concern of this present monograph lies in the Fourth Gospel's portrait of one of the roles of Jesus – that of the eschatological shepherd-teacher."

In Hoofstuk 2 van hierdie navorsing is die ekklesiologies modelle van Dulles (2002:7) bespreek en spesifiek na die kerk as Mistieke Gemeenskapsmodel verwys (2.2.2) waar op die koinonia of die omgee van die gemeente gefokus word. As Herder versorg God die gemeente as 'n kudde en daar ontstaan besondere gemeenskap tussen hulle.



© University of Pretoria

### 3.3.2 God as Koning

#### 3.3.2.1 Inleiding

Die Hebreeuse woord מלך verwys volgens Brown ed al. (1979:572) na 'king'. Die Griekse woord βασιλεὺς verwys volgens Louw en Naida (1988:480) na "One who has absolute authority within a particular area and is able to convey this power and authority to a successor or 'king'."

#### 3.3.2.2 Verwysings in die Ou Testament

Die God van Abraham, Isak en Jakob is die God van die verbond wat in beheer is van die volk Israel se lewe. God is egter nie net die Verbondsgod van die volk Israel nie. Hy is veel groter as dit: "The kingship of the God of Israel establishes and maintains world order. Seated on his throne, God rules over all aspects of human existence, from social order to the fertility of the land" (Mills 1998:5).

Dat God as Koning uitgebeeld word, beklemtoon nie slegs die mag en majesteit waarmee Hy oor ons heers nie, maar plaas ook die verloop van die ganse geskiedenis in Sy hande. Soos wat 'n gewone aardse koning oor sy land en mense regeer en met mag sy koninkryk beskerm, soveel meer is en bly God in beheer, selfs ook oor die ander volkere:

> "The God of Israel here controls the destiny not only of his own people, but that of another nation in a foreign land. The gods of the Egyptians cannot resist YHWH's power and might" (Mills 1998:31).

Die gebeure rondom die uittog uit Egipte en die hele reis deur die woestyn ondersteun die metafoor van God as Koning wat met mag en majesteit regeer oor mense en die



© University of Pretoria

natuur (Mills 1998:31). Die gebeure by die berg Sinai in Eksodus 19 onderstreep die almag van God en hoe God die berg 'n verbode terrein maak vir enige persoon of dier. Dit beklemtoon die grootsheid, heiligheid en almag van God (Dunnam 1987:245). Mills (1998:35) verwys soos volg na die gebeure by die berg Sinai: "There is a layer of metaphor in the Old Testatment which is deeply connected with mythological material and this closely surrounds the figure of the deity. In the Sinai story it is a god of power who appears at the mountain."

Die verbond wat God met Abraham gesluit het, vorm die agtergrond en onderbou vir die uittog uit Egipte wanneer God Hom aan Moses openbaar by die brandende doringbos in Eksodus 3. Die uittogtradisie onderstreep die besondere verhouding tussen God en die volk Israel. Hierdie verhouding beskryf Mills (1998:48) só: "God indeed becomes the good king who rewards loyal subjects with his own renewed promise of loyal support." God is nie net God van die verbond nie, Hy is ook die Koning wat sy onderdane na vryheid lei en na 'n land wat oorloop van melk en heuning. In die proses om Sy volk te lei na 'n land en vryheid, het God Sy volk deur die gebied van vreemde volke en nasies gelei. Mills (1998:49) maak in dié verband die volgende opmerking: "The context for this theme is Deuteronomy's language of God's mighty arm, which provides an example of the concept of God as warrior whose convenantal care for Israel is that of a mighty general leading the Israelite army to victory. "

Wanneer die volk Israel in Eksodus 20:3 verbied word om enige ander god te aanbid, is dit juis omdat God Hom as die enigste God openbaar (Dunnam 1987:252) en dit vorm die vertrekpunt om Hom as Koning te erken (Clements 1978:73). Aangesien God in Deuterononium 5:9 onverdeelde trou eis, word die volk opgeroep om hulle



© University of Pretoria

afhanklikheid van en nederigheid voor die enigste Koning te bely. Hy alleen is God en Koning. Ridderbos (1963:110) wys op die strafgerigtheid waarmee God sal optree teen diegene wat die tweede gebod oortree. Soos wat 'n koning met mag sal optree teen diegene wat sy koningskap bedreig, so sal God ook as Koning optree teen diegene wat Hom minag deur afbeeldings van Hom te maak of Sy naam te laster (Ridderbos 1963:110).

Volgens Nielsen (2005:263) is daar 'n verband tussen verskillende metafore en ook tussen hulle onderskeie betekenisse:

> "In the Old Testament, 'king' may be considered as the root metaphor for God. But speaking of God as a 'king' (or as another person with a lot of authority) does not exclude the use of impersonal metaphors like God as 'fire' or God as 'rock'."

God se Koningskap in die Ou Testatment word verder beklemtoon deur die "troonbestygingspsalms" (Psalm 47, 93, 96, 97, 98 en 99). In Psalm 47 word God beskryf as Koning wat groter is as enige aardse heerser en Hy regeer met mag en majesteit vanaf Sy troon (Spurgeon 1976: 223–224). Scheafer (2001:119) verklaar ook Psalm 47 as: "A description of God enthroned in his court follows the second. … The perspective is universal, yet the focus is on Israel among whom God is enthroned."

God as Koning is die prototipe vir aardse konings in terme van hulle rol en karaker wat gedefinieer word as "the sacral character of the role of the king in Israel and his importance for the faith and religion of Israel" (Miller 1985: 219). Tog is Miller



© University of Pretoria

(1985:221) van mening dat: "The expression is more a proclamation of Yahweh's enthronement and rule than an actual royal investiture."

In die metaforiese verwysing na God as Koning is die volgende van belang: "In Akkadian, Phoenician and Hebrew, the same words are used for the 'house' or 'place' of a god and for the 'house' or 'place' of a king. And in fact, every temple was built as a home for a divinity (De Vaux 1984:282). Hierdie opmerking van De Vaux (1984) beklemtoon dus die siening dat die tempel in Jerusalem die huis van God as Koning is (Psalm 84).

### 3.3.2.3 Verwysings in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word die verwysings na God as Koning in verband gebring met die eskatologiese verwagtinge in verband met God. Jesus het verskeie kere na die koninkryk van God verwys, wat impliseer dat God as Koning 'n einde sal maak aan die huidige wêreld soos wat ons dit ken. Die huidige wêreld is bloot 'n tydelike omgewing waarin die mens hom bevind, en wat aan die verbygaan is: "The whole world is now involved in God's eschatological process of history, not only the world of men and nations" (Otto 1991:104).

In die Bergpredikasie in Matteus 6:33 roep Jesus die mense op om nie bekommerd te wees oor die alledaagse dinge nie, maar om hulle allereers te beywer vir die koninkryk van God en die wil van God. Die versorgende liefde van God as Koning word hiermee opnuut beklemtoon en die mense word daaraan herinner dat God wat Koning is, ook Almagtig is en dat Sy versorging volledig is. Soos reeds vermeld, wys Nielsen (2005:263) daarop dat die metaforiese verwysings na God met mekaar in verband staan en daar kan dus uit die verwysing in Matteus 6:33 afgelei word dat die



© University of Pretoria

metafoor van God se koninkryk verband hou met die metafoor van God as Vader wat in liefde Sy kinders versorg, hulle beskerm en vir hulle omgee (Gundry 1983:118 & Van Bruggen 1990:120).

In Matteus 22:1–14 is daar die gelykenis van die bruilofsfees en word God as die Koning voorgestel wat die bruilof vir sy Seun gereël het. In hierdie gelykenis val die fokus op God wat met koninklike gesag deur die feessaal stap. Die feit dat die koning in die gelykenis die man laat uitgooi wat nie die regte klere aan het nie, beklemtoon die metaforiese beeld van God as Koning wat streng is en as Monarg het Hy die mag om die man te verwyder (Gundry 1983:440). Deur die verwydering van die man wat nie met die nodig eerbied en respek teenoor die koning opgetree het nie, wil die gelykenis volgens Gundry (1983:440) en Van Bruggen (1990:392) diegene beklemtoon wat onder valse voorwendsels poog om in die Koninkryk te kom. Omdat God as Koning regverdig is, sal Hy dit nie toelaat dat daar in sy Koninkryk met minagting opgetree word nie: "Dat rijk komt via een uitnodiging en vraagt eerbied voor de knechten van de hemelse Koning. Die eerbied ontbrak bij de leiders." (Van Bruggen 1990:392).

Durand (2007a:38) verwoord dit soos volg: "The God of Israel, the true God, the Father of Jesus Christ alone, is the creator and only ruler, of all things." Die gelykenis se eskatologiese boodskap en verwysing na God as Regeerder is belangrik. Hier moet die volgende opmerking van Otto (1991:104) in gedagte gehou word:

> "Apocalyptic cherishes a relgious, deterministic view of history. Contrary to the openess of the eschata in the prophets, apocalyptic sees history as the



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

unfolding of a divine plan. In apocaliptic, God stands over against the "world," which lies under the power of evil."

Markus 10:37 bevat die gesprek tussen Jesus, Jakobus en Johannes in verband met die posisies wat hulle aan die sy van Jesus wou beklee wanneer Hy as koning heers. Die eskatologiese onderbou van die perikoop is belangrik. Alhoewel Jesus hulle vermoë om langs hom te sit bevraagteken, bevraagteken Hy nie die uitspraak in verband met die koninkryk nie (Groenewald 1981:121). Die uitspraak deur Christus in Markus 10:40 dat God die Een is wat besluit wie waar sit, onderstreep die metaforiese uitbeelding van God as Koning wat volgens Jesus (Gundry 1993:578) die finale besluite sal neem oor posisies in sy Koninkryk.

Met die Jesus se intog in Jerusalem word daar in Lukas 19:38 verwys na Psalm 118:26 en word Jesus as Koning verheerlik. Die intog was die begin van die lyding wat op Golgota tot 'n klimaks sou kom. Die intog was 'n koninklike prosessie met 'n verskil: "He leads the human kingdom on while taking on himself the sorrows and sins of man and their abandonment. His lordship has nothing to do with any worldly rulership, but rather in the turning of rulership into service, power into love, and commands into vicarious suffering." (Otto 1991:126).

Hierdie opmerking van Otto (1991) sluit baie nou aan by Johannes 18:36–37 waar Jesus in gesprek is met Pilatus en sy Koningskap verdedig. In die gesprek met Pilatus wys Jesus daarop dat sy Koningskap nie van hierdie wêreld is nie. Barret (1982:536) beweer die volgende: "The metaphor is spatial, rather than temporal and is confirmed by the use at the end of the verse of εντεύθεν. The last clause duplicates the first and



© University of Pretoria

εντεύθεν is equivalent to εκ τού κόσμος τούτου". Hiervolgens is die koningskap van Jesus 'n werklikheid wat tyd en ewigheid oorkom en nou reeds 'n werklikheid is om mee rekening te hou.

Volgens Barret (1982:536) se opmerking sal die mataforiese verwysing na God as Koning en Jesus as sy Gestuurde dan 'n ander betekenis hê as die konsep van 'n aardse koning met soldate en wapens. Omdat God deur Christus as sy Gestuurde die aardse en tydelike ruimte betree het as die ewige Koning, beteken dit volgens Smith (2003:1447) die volgende:

> "Die versekering van God se koningskap en heerskappy bied aan mense die hoop om selfs midde-in verlies hoopvol te lewe en vas te hou aan die bevrydende sorg van God wat hooploses laat leef in die verwagting dat die koninkryk van die andersmagtige koning ook vir hulle bedoel is."

Daar is dus hoop midde in die lyding en swaarkry. In Openbaring 21 word die koninkryk van God die inlywing van 'n nuwe bedeling. In sy Almag het God as Koning die wêreld nuut en anders kom maak (Openbaring 21:1 en 4). Die eskatologiese verwagting wat geskilder word, is een waar die woonplek van God as Koning op die aarde tussen die mense is. Du Rand (2007b:582) maak die volgende opmerking: "Die neerdaal beklemtoon God se almag en sy oorname van die aardse."

Die metafoor van God wat hier gebruik word, is "monargies-juridies" (Smith 2003:1445). God as Koning is ook Regter oor alles en almal.



© University of Pretoria

### 3.3.2.4 Gemeentebou

Wanneer God as Koning uitgebeeld word, word die metafoor gebruik om God te verkondig as die Een wat regeer en in beheer is van alles en almal. Soos wat 'n aardse koning vanaf sy troon regeer, so wil die metafoor beklemtoon dat God as Koning vanuit sy Hemelse troon regeer. In die verband maak Durand (2007a:38) die volgende belangrike opmerking:

> "The term *monarchianism* is derived from the two Greek words, *monos* ('one') and *archei* ('rule'), literally meaning that only one (God) rules. The God of Israel, the true God, the Father of Jesus Christ alone is the creator and only ruler, the monarch, of all things."

Die uitbeelding van God as Koning dui op God se heerskappy oor alles en almal en Durand (2007a:162) is van mening dat die Drie-eenheid in beheer van die ganse skepping is: "All we can speak about is the different modes by which God rules and reveals Himself". Wat egter belangrik is, is om te onthou dat die metafoor van God as Koning, onlosmaaklik verbind is met die metafoor van God as Regter en dit plaas die fokus op die regverdigheid van God wat as Almagtige in beheer is van die verloop van die ganse heelal (Smith 2003:1446).

Met die verwysing na die Koninklike heerskappy van God, is Evans (1986:17) van mening dat die Bybel na drie aspekte verwys wat in verband met die koninkryk van God belangrik is: "As an eternal fact, as manifested upon earth in its acceptance by men, and as communication to be hoped for in the future". Die koningmetafoor is dus 'n metafoor wat tyd en ewigheid omvat en as sodanig bring dit hoop vir die mens as vervalle sondaar wat gebuk gaan onder die gevolge van die sondeval. Die metaforiese



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verwysing na God as Koning het dus nie net betrekking op die sigbare nie, maar ook op die onsigbare (Johannes 18:37b).

In Hoofstuk 2 van hierdie navorsing is na die ekklesiologiese modelle van Dulles (2002:7) verwys en dan spesifiek na die kerk as instituut (Hoofstuk 2, punt 2.2.1) waar die fokus val op die formele strukture van die gemeente. Die beeld van God as Koning en die kerk as instituut vind by mekaar aansluiting, waar daar dikwels meer klem geplaas word op die instandhouding van strukture as op diegene aan wie die evangelie verkondig word.

### 3.3.3 God as Versorger

#### 3.3.3.1 Inleiding

Omdat ons met die interafhanlikheid van metafore (Smith 2003:1446,1458) rekening moet hou, beteken dit dat God as Koning ook Herder en Vader is. As Almagtige en Ewige is Hy Vader en Herder. Hy is dus versorgend betrokke by die skepping: "God alone is true Wisdom, and therefore the true Teacher, Guide and Educator (Barth 1961:247). God is dus ook Versorger van sy Skepping en sy kinders.

#### 3.3.3.2 Verwysings uit die Ou Testament

Wanneer God in die tuin van Eden kom wandel, en Hy soek na die mens met die woorde: "Waar is jy?" (Genesis 3:9), dan is God soos 'n versorger of terapeut in 'n beradingsessie met die mens wat weens die sondeval wegkruip. Die sondeval het die mens met 'n gevoel van skaamte en mislukking gelaat en God die Versorger gebruik 'n gesprek om die mens te begelei vanuit sy nood. "The impression conveyed by the record of the questioning which follows is not that God had to make an inquisition to



© University of Pretoria

find out what had happened, but rather that He at once knew the cause of man's shame and was compelling him and his wife to convict themselves" (Simpson 1989:508). Die mens se besluit om in ongehoorsaamheid teenoor God te handel, dompel hom in 'n krisis en dit veroorsaak erge trauma. God tree in regverdigheid op as die sonde gestraf word en die sondaar genade ontvang. Die omgee en genade van God word in Genesis 3:21 sigbaar as Hy aan hulle klere van vel gee om hulle skaamte mee te bedek (Thomas 1976:51).

Collins (2007:36–40) verwys na die rol wat kommunikasie in die proses van berading speel. Die versorger of terapeut en die persoon in nood se kommunikasie met mekaar is van uiterste belang ten einde die nood van die mens aan te spreek. In Psalm 32 beskryf die digter sy nood as gevolg van sy swygende houding en sê dat dit byna sy lewe verwoes het. Nie net was die sonde verwoestend nie, maar die onwilligheid om dit te bespreek (Psalm 32:3) het byna sy lewe geëis. Die digter het egter sy sonde voor God bely (Psalm 32:5) en daar het genesing gekom. As Versorger het God vir die digter die openhartigheid en vrymoedigheid gegee om te praat en dit het hoop en lewe gebring. Nie net het hy met God gepraat nie, maar God het ook met hom gepraat (Psalm 32:8) en dit het 'n nuwe uitkyk op die lewe gebring (Spurgeon 1976:159 & Scheafer 2001:80). Omdat metafore onderling met mekaar verbind is (Smith 2003:1458), vind Dawid in God 'n herder (Psalm 23:4) en versorger wat hom veilig in Sy hande versorg en beskerm teen die aanvalle en uitdagings van die lewe.

Alhoewel Psalm 139 die almag en alwetendheid van God beklemtoon, roep dit ook die metafoor van God as 'n Versorger op. Soos wat 'n terapeut deur middel van gesprekvoering leiding verskaf aan iemand in nood (Collins 2007:3) en sodoende as 'n versorger optree, so beklemtoon Psalm 139 die almag van God as die Een wat alles



© University of Pretoria

weet en oral teenwoordig is (Spurgeon 1976:634). Alhoewel Dawid se outeurskap deur sommige bevraagteken word (Spurgeon 1976: 634), is Psalm 139 die getuienis van Dawid wat troos en hulp soek en dit dan ook vind by God wat versorg. God is allomteenwoordig en alwetend (Psalm 139:1–6) en daarom is Hy 'n Versorger wat by magte is om nie net die nood van mense aan te hoor nie, maar Hy kan dit ook verlig en 'n nuwe rigting aan die lewe skenk (Psalm 139:24).

**3.3.3.3 Verwysings uit die Nuwe Testament**

Wanneer metafore van God as Versorger in die Nuwe Testament ondersoek word, lei die ondersoek onvermydelik na Jesus Christus. As Gestuurde van God en as deel van die Drie-eenheid, tree God deur sy Seun, Jesus Christus op. Baie van die wonders en handelinge van Jesus het gegaan om die genesing van siekes en hulpverlening aan mense in nood. Collins (2007:7) maak die volgende belangrike opmerking:

> "Die grondslag van Jesus se manier van help was egter sy persoonlikheid. Terwyl Hy besig was om mense te onderrig en te versorg, en terwyl Hy besig was met berading, het Hy die kenmerke, houding en waardes gedemonstreer wat van Hom 'n suksesvolle berader gemaak het… Hy het probeer om mense in nood nader aan Hom te trek sodat hulle volkome vrede, hoop en geborgendheid kon ervaar."

In Matteus 6:25 praat Jesus met die menigte tydens die Bergpredikasie oor die sorge en bekommernisse van die lewe. Die bekommernis van die mense oor die lewe het swaar op hulle gedruk. In Matteus 6:30 word die mens se bekommernis aangespreek deur te verwys na die sorg en omgee van die God (Nielsen 1976:141). Die mens se bekommernis begin gewoonlik by stoflike dinge en die uitnodiging van Jesus is juis



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die mens sy bekommernis na God moet bring, omdat God by magte is om dit wat nood en teleurstelling veroorsaak, te kan oplos (Collins 2007:3). Van Bruggen (1990:120) maak die volgende opmerking wat belangrik is: "Jesus heeft niet gezegd dat we geen prioriteit mogen geven an zorg voor eten en drinken, maar Hij leerde dat we daar helemaal mee bezig moeten zijn, wanneer het gaat om de toekomst. Niet omdat wij deze niet nodig hebben, maar omdat God daar wel voor zorgt op een heerlike wijze."

God word in Johannes 3:16 as Versorger uitgebeeld as Hy met liefde en omgee sy Seun gee tot redding vir die mensdom en die wêreld (Groenewald 1980: 87). God het dus moeite gedoen om die lot van die mensdom en die wêreld te verander.

Die metaforiese verwysing na God as Versorger kan ook in die Pauliniese literatuur gevind word. Die bekende verwysing van Paulus in 2 Korintiërs 12:7 na die 'doring in die vlees' en die 'vra en soek na hulp', bring hom by die Here uit. Hy het herhaaldelik om hulp gevra (2 Korintiërs 12:8) en die antwoord was dat die genade van God vir hom genoeg was en dat die krag van God in hom in werking was. Paulus was herhaaldelik in gesprek met die Terapeut en as terapeut het God hom begelei na 'n posisie van kalmte en rustigheid, te midde van 'n moeilike en vreemde situasie.

**3.3.3.4 Gemeentebou**

God as Versorger werk deur die Heilige Gees wat gestuur word om in en deur ons te werk (Johannes 14:25–27). Die teenwoordigheid van die Heilige Gees maak 'n verskil in die lewe van mense.

> "Die invloed van die Heilige Gees vorm die kern van alle ware Christelike hulp, hetsy in privaatheid of in die openbaar… Dit is Hy wat sorg vir die mees



© University of Pretoria

effektiewe beradingeienskappe: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing" (Collins 2007: 8).

Die Heilige Gees maak van mense instrumente wat troos en hoop bring aan diegene wat in nood verkeer en vir wie die lewe koers- en hooploos geword het (Collins 2007:8).

Die oogmerk van terapie en die terapeut is die bring van hoop en herstel aan diegene wat deur teleurstellings en krisisse hoop verloor het (Collins 2007:3). Die uitdagings om teleurstellings te oorkom word soms deur intense en onhanteerbare eksterne ingrype veroorsaak en bemoeilik. Otto (1991:151) verwys na die volgende: " 'Resurrection from the dead' is an apocalyptic expression for the God who creates new being out of nothing. In the act of raising by God, the Jesus who by His death becomes part of nothingness and chaos of historical existence, was, essentially, created out of nothing. "

Hiermee word die hoop wat deur die oorwinning van die dood verkry is, beklemtoon. Die almag van God is dus groter as die leegheid en die niksheid wat deur die trauma van die dood en ellende veroorsaak is. Die metafoor van God as Versorger vind sy metaforiese begronding in die krag van die opstanding. As die dood deur die opstandingsgebeure kragteloos gelaat is (Efesiërs 1:19–20), is daar niks wat kan keer dat God hoop en lewe kan bring nie. Die lewe wat God bring, strek verder as net hierdie aardse lewe. Otto (1991:152) verbind dit met die eskatologiese vervulling van die beloftes van God en die "eschatological transformation of the world by its creator." Die metafoor van God as Versorger en God as Skepper se interafhanklikheid



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word hiermee opnuut beklemtoon (Van Hecke 2005:264) en dit is belangrik om te onthou dat as ons die een sê, die ander een veronderstel word.

God se versorgende liefde word in die Heidelbergse Kategismus (Sondag 10: vraag en antwoord 27 en 28) beskryf as: "Die almagtige en oral teenwoordige krag … sy hand nog onderhou en so regeer …", sodat "alle skepsels so in sy Hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie" (Diensboek 1997:142). Dit beteken dat God by die skepping en dit wat gebeur, betrokke is. Smith (2003:1449) beklemtoon dat God goeie dinge vir die mens wil bewerk en juis daarom is Hy betrokke by die skepping. Nie net versorg en voorsien God nie, maar Hy bring ook persoonlike verandering in die lewens van mense (vgl Van Hecke 2005:264).
Wanneer ons fokus op die metaforiese verwysing na God as Versorger, val die ondersoek op God wat na die mens omsien en met begrip by sy lewe betrokke is. Die metafoor van versorger en vader toon baie raakpunte, en tog is die verskil dat waar die metafoor van God as Vader 'n intieme verhouding veronderstel, dit nie noodwendig die geval is by die metafoor van God as Versorger nie. Hierdie verhouding tussen God as Versorger en mens word soos volg beskryf: "He seeks us, as those who can let themselves be found. He converses with us, as those who are capable of hearing, understanding and obeying. He deals with us as the Creator, but as a person with persons, not as a power over things" (Barth 1975:407).

Lindijer (1988:26) verwys na 'n uitspraak van Bonhoeffer in verband met God, wat ook hier belangrik is: "De religieuse mens ziet God als de 'deus ex machina', d.w.z de plotseling uit den hoge redden. Hy is de 'Luckenbusser', degene die de menselijke leemten vult, de 'noodhulp' ". As Versorger tree God in om die mens wat in nood



© University of Pretoria

verkeer, te help. Vir Barth (1975:410) is daar 'n verband tussen God se omgee vir die mens en Sy krag en Godheid: "The uniqueness of God's love for the world of the fallen man, the power of reconciliation, will be underestimated if the true deity of the Reconciler is called in question."

Die oogmerke van die versorger is om diegene wat deur trauma gaan, by te staan en ondersteuning te verleen met die oog op die herstel van 'n gevoel van sin van die lewe. Collins (2007:3) maak die volgende opmerking ten opsigte van berading wat ook van toepassing is op versorging: "Berading probeer om bemoediging en leiding te verskaf aan mense wat verliese, besluite of teleurstellings in die gesig staar." Die metaforiese verwysing na God as Versorger fokus op die hulp en versorging van die mens in nood.

In Hoofstuk 2 van hierdie navorsing is die ekklesiologies modelle van Dulles (2002:7) bespreek, met spesifieke verwysing na die kerk as sakrament (Hoofstuk 2, punt 2.2.3) waar die klem val op onderlinge sorg. Die koinonia, of onderlinge sorg wat in die gemeente bestaan, is die sigbaarwording van God se versorging en bemoeienis met die mens as sondaar. Wanneer Christus die sakrament van die nagmaal instel, gee Hy sy liggaam op 'n simboliese wyse aan die gelowiges om hulle te versorg.

### 3.3.4 God as Vader

#### 3.3.4.1 Inleiding

Die Hebreeuse woord אב verwys volgens Brown et al. (1979:3) na 'father'. Wanneer dit met God as Vader verbind word, beteken dit "constituted, control, guidance and loving watch over something" (Brown et al. 1979:3).



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Griekse woord πατήρ verwys volgens Louw & Naida (1988: 113) na "father".

### 3.3.4.2 Verwysings in die Ou Testament

Die metafoor van God as Vader bring ook die metafoor van familie na vore en beklemtoon die mens se verhouding met God, asook mense se onderlinge verhoudings met mekaar. Die metafoor van God as Vader veronderstel 'n vader-kind-verhouding en Nielsen (2005:267) beskryf dit só: "The relationship between parents and children is so strong that they neither desert nor forget each other. The parent-child metafor underlines the strong bond between Yahweh and Israel." Hierdie verhouding of band tussen God en Israel begin met die roeping van Abram in Genesis 12:1–3 en is die vertrekpunt van die Vader-kind-verhouding wat ontvou in die geskiedenis van die volk Israel (Keil & Deliztzch 1983:193). Die grondslag vir 'n vader-kind-verhouding is gehoorsaamheid van die kind aan die vader, en dit is ook van toepassing as Abram in gehoorsaamheid aan God wegtrek van sy vader Tera af na 'n nuwe bestemming. Hierdie gehoorsaamheid was die vertrekpunt vir die besonderse verhouding tussen God en Abram, en God en die volk Israel (Thomas 1976:115). Clements (1978:60) beklemtoon die besondere verhouding soos volg: "Hence the most telling and moving pictures of the relationship between God and his people are those which draw upon the realm of human relationships. Most noticeable here are splendid analogies drawn from the father-son relationship (Hosea. 11:1-9; Jeremia 31:20), and those of the husband and his bride (Hosea 2:2; Jeremia. 2:1–3)."

Die volgende is 'n aantal aanhalings uit die Ou Testament wat verwys na 'n Vader-kind-verhouding tussen God en Israel:

- Hy is 'n Vader wat "soos 'n man sy seun dra" (Deut 1:31);



© University of Pretoria

- Hy is 'n Vader wat sy kinders "vertroetel en versorg soos die appel van sy oog" (Deut 32:10);
- Hy is 'n Vader wat sy kinders liefhet. Hy leer hulle loop, dra hulle in sy arms, lei hulle "met sorg en liefde", gee hulle gereeld kos (Hosea 11:1–4);
- Hy is 'n Vader wat sy oordeel bedwing wanneer sy kinders straf verdien: "Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk" (Hosea 11:8);
- Hy is 'n Vader wat Hom ontferm oor sy kinders: "Lankmoedig en genadig is die Here… vol liefde… Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien (Psalm 103:8 en 13).

Alhoewel daar verskeie metaforiese verwysings in die Ou Testament na God as Vader is, is die bogenoemde verwysings positief: "The fatherhood of God thus serves to give a positive and optimistic setting for human existence, that of good parental nurture" (Mills 1998:72).

Alhoewel die metafoor van God as Vader 'n baie sterk en bekende metafoor is, sluit dit verskeie ander metafore in wat die diversiteit in die nadenke oor God beklemtoon: "He is the Lord, the Father and Creator, the King and Judge of Israel, its Helper and Redeemer… Conversely, Israel are the people of Yaweh, his people, his possession, his own… The Israelites are his servants, his sons and daughters (Küng 1992:117).

As Liefdevolle Vader is God die Een wat omgee vir die skepping en wat ten spyte van die sondeval nie die mensdom en wêreld aan homself oorlaat nie, maar wat Hom deur die eeue steeds intens met die mens bemoei. Otto (1991:88) beskryf dit soos volg:



© University of Pretoria

> "Moltmann develops his dialectic of God and the world in order to emphasize the depth of God's suffering and love in and for the world."

God se Vaderlike liefde is dus 'n diepgewortelde omgee vir die mens wat nie deur tyd of ruimte ingeperk kan word nie (Psalm 139), en as dit in gedagte gehou word dat die verskillende metafore interafhanklik is (Smith 2003:1458), dan is God as Vader ook die Almagtige wat alles met liefde kan versorg en instand hou. Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 10: vraag & antwoord 27) beskryf die voorsienigheid van God as: "Die Almagtige en oral teenwoordige Krag … met sy hand onderhou en so regeer … , ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom." (Diensboek 1997:142).

**3.3.4.3 Verwysings uit die Nuwe Testament**

Die metafoor van God as Vader, word in die Nuwe Testament met Christus in verband gebring as die Seun van God. God die Vader is nie net Vader van die gelowiges nie, maar Hy is in die eerste plek Vader van sy Seun, Jesus Christus (Johannes 17:1). As Gestuurde van die Vader, het Jesus na die wêreld toe gekom om met die mag en gesag van die Vader op te tree (Barrett 1978:502) en die kloof wat met die sondeval ontstaan het, te oorbrug. In en deur Jesus is gelowiges met God die Vader versoen (2 Korintiërs 5:18) en het gelowiges die taak en verantwoordelikheid om versoenend te lewe.

Jesus as die Gestuurde Seun van die Vader word deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier gedoop en die stem van die Vader word gehoor (Markus 1:11) as die Gees op Hom neerdaal (Markus 1:10). Met dié gebeurtenis word God Drie-enig gehoor en in verband met die Drie-eenheid stel Schulze (1990:32) die volgende: "Die Bybel bied ons geen Triniteitsleer of Triniteitsdogma nie", tog verwys Artikel 9 van



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Nederlandse Geloofsbelydenis na verskeie skrifgetuienis oor die Drie-eenheid. In dié verband word daar verwys na Genesis 1:26–27, Genesis 3:22, Matteus 3:17, Matteus 28:19, Lukas 1:35 en 2 Korintiërs 13:13. (Diensboek 1997:117–118). Artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dat God Een in wese is, en tog onderskei word in drie Persone:

"naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskei is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie" (Diensboek 1997:117–118).

Köstenberger (1998:107) sien die verhouding tussen Vader en Seun soos volg: "The Fourth Gospel's presentation of the relationship of the Father and the Son, while certainly assuming and at times expressing their ontological unity, focuses frequently on the Father's and the Son's collaboration in the accomplishment of a mission. The Father is the sender, the Son is the one sent." Dit is dus 'n verhouding met 'n spesifieke doel en oogmerk. 'n Verhouding wat ten doel het om Skepper en skepsel nader aan mekaar te bring en wat gefokus is op die ewige heil.

Christus leer die dissipels in die Onse Vader-gebed om God aan te spreek as Vader. As Vader verwys Jesus na Hom as die Een wat heilig is, van ewigheid tot ewigheid. In die Heidelbergse Kategismus (Sondag 46: vraag & antwoord 120) word die vraag behandel waarom God as "ons Vader" aangespreek word. Deur na God as Vader te verwys stel die Heidelbergse Kategismus dat Hy ons veel minder sal weier as wat ons aardse vaders ons aardse dinge sal ontsê (Diensboek 1997:160). Omdat God as Almagtige Vader aanbid en bely word, lewe ons in die vertroue dat Hy as Vader in sy voorsienigheid dinge tot ons beswil sal laat uitwerk (Diensboek 1997:142).



© University of Pretoria

Die intieme verhouding tussen God die Vader en die Seun word deur Malan (2005:264) beklemtoon as hy verwys na 1 Korintiërs 15 en dit duidelik stel dat God die Vader alles geskep het en die skepping aan die Seun oorgegee het. Malan (2005:265) beklemtoon: "Die noue verband tussen die Vader en die Seun impliseer dat God die Vader van Christus is aan wie God alles onderwerp het." Malan (2005:265) se opmerking dat God as liefdevolle Vader oor die skepping regeer en dit onderhou, beklemtoon die diversiteit van die metafore wat met mekaar in verband staan (Smith 2003:1 458).

**3.3.4.4 Gemeentebou**

God se vaderlike sorg word in die Heidelbergse Kategismus (Sondag 9: vraag & antwoord 26) beskryf as: "Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, wat die hemel en aarde … uit niks geskep het… nog onderhou en regeer… Op Hom vertrou ek… tot my beswil verander … dit as 'n almagtige God kan en ook as 'n getroue Vader wil doen. (Diensboek 1997:141–142). Hiermee word die versorgende en liefdevolle verhouding tussen God en mens verwoord.

Die metafoor van God as 'n Vader fokus op God wat in 'n liefdevolle verhouding Sy familie en kinders versorg en vir hulle omgee (Smith 2003:1451). Alhoewel die metafoor van God as Vader 'n positiewe metafoor is, wys Smith (2003:1448) op die volgende:

> "Die werklikheid vandag is een van gebroke, enkelouer- en hersaamgestelde gesinne waar die vaderfiguur afwesig is. Die Bybelse patriarg is in so 'n konteks onbekend. Vaderbeelde kan kontraproduktief wees vir menige pastorant en kan in sekere gevalle selfs hulle hoop vernietig."



© University of Pretoria

Almal ervaar dus nie die beeld van God as Vader ewe positief nie. Burger (1997:28) noem dat in Bybelse tye vaders sterk outoritêre figure was en dat dissipline soms meer op die voorgrond was as liefde. Vaders het as familieleiers met mag en gesag opgetree en die Apostoliese Geloofsbelydenis verwoord dit só: "Ons glo in God die Vader, die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde…" (Diensboek 1997:102). Omdat God die Vader as Almagtige bely word, kan die fokus dus maklik val op Sy Almag en nie op Sy Vaderlike liefde nie. Die mens se verantwoordelikheid om as kinders van God te lewe, sluit hierby aan (Burger 1997:37). As geskape beelddraers en verteenwoordigers van God het die mens dus die verantwoordelikheid om as verteenwoordiger van God (Genesis 1:26) te lewe.

Vir Barth (1961:245) lê die wese van die menslike bestaan as geskapene in die feit dat God die Vader is en dit vorm die grondslag van aardse vaderskap, asook alle verhoudinge waarin die mens staan. Die verhouding tussen ouers en kinders is hier die vertrekpunt vir ander verhoudinge. Nie alleen is die metaforiese verwysing na God as Vader die vertrekpunt vir alle verhoudinge nie, dit gee ook "competence to earthly fathers and mothers who, with their modest and problematical existence, wisdom and knowledge, are set as 'elders' over their children" (Barth 1961:247).

In Hoofstuk 2 van hierdie navorsing is daar spesifiek na die kerk as Aankondiger verwys (Hoofstuk 2, punt 2.2.4) as deel van Dulles se ekklesiologiese modelle (2002:7). By die kerk as Aankondiger, word die aankondiging van die heil en genade beklemtoon. Soos wat 'n vader sy gesin versorg, word hier ook op die aankondiging van die God as Vader se sorg gefokus. Die koinonia, of onderlinge sorg wat in die



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeente bestaan, is die sigbaarwording van God se versorging en bemoeienis met die mens as sondaar.

### 3.3.5 God as vriend

#### 3.3.5.1 Inleiding

Die metaforiese verwysing na God as 'n Vriend verwys na 'n baie besondere verhouding tussen God en mens – 'n verhouding wat gestalte vind in die verbond tussen God en Abraham, soos wat in Genesis 15 gelees word. Mills (1998:47) wys op die verband tussen die vriendskapsmetafoor en die verbond: "Die vriendskapsmetafoor impliseer 'verbond', 'verbondenheid', 'verbindtenis', 'verbinding', 'binding', 'n binding van vertroue en verbintenis" (Smith 2003:1455). Hierdie metafoor is tydloos.

In Jakobus 2:23 word genoem dat Abraham 'n vriend van God (φίλος θεός) was en hierdie vriendskap word in die verbond tussen God en Abraham geanker. Ten opsigte van vriendskap, maak Smith (2003:1455) die volgende opmerking:

> " 'n Vriendskapsverhouding het die betekenis dat daar vir mense in nood 'n skouer is om op te leun. Jesus Christus se vriendskap in nood, naamlik dat Hy bereid was om sy lewe af te lê, beteken dat God se daar-wees, God se teenwoordig-wees, aan mense toegesê word."

God as Vriend was inderdaad daar vir die verbondsvolk deur die woestynreis na die Beloofde Land. As Vriend was God dag en nag daar om die volk te lei. As Vriend het God sigbaar geword in Jesus Christus as Hy Hom bemoei met diegene in nood en vir hulle omgee deur hulle nood te verlig.



© University of Pretoria

### 3.3.5.2 Verwysings uit die Ou Testament

Mills (1998:72) is van mening dat die verskillende metafore en beelde wat vir God gebruik word, mense nader aan God bring en dit mense help om God beter te verstaan. Dit is dan ook in hierdie konteks dat die metafoor van God as Vriend gebruik word om die baie besondere band tussen God en die volk Israel uit te druk. Die metaforiese verwysing na God as Vriend word ondersteun deur Eksodus 20:5, wat God beskryf as 'n God wat onverdeelde trou van ons vra en 'n jaloerse God wat die volk Israel vir Homself vir hê. Dunnam (1987:257) sien in die gebod diè omgee en liefde van God vir gelowiges. Mills (1998:46) stel die volgende: "God requires a wholehearted service from his followers, so one central sanctuary will serve as a focus for worship." Deutrononium 4:24 verwys ook na die onverdeelde trou wat God van ons vra (Craigie 1976:138) en Mills (1998:46) merk op: "Moreover, God is jealous of his people". Die hegte band tussen God en Israel word deur die verbond bekragtig wat God met Israel gesluit het.

Die intensiteit van die persoonlike verhouding wat daar tussen God en mens bestaan, word deur die metafoor van God as Vriend weergegee in die woorde van Mills (1998:53): "The use of this emotive language to define the image of God in relationship to Israel humanizes the deity. God becomes more accessible, since He can be described in language which already has meaning in human society." God se betrokkenheid by die mens word vasgevang in die vriendskapsmetafoor waarmee God beskryf word. Hierdie metaforiese verwysing bring by gelowiges die gevoel van gemaklikheid mee, en dit skep die vrymoedigheid om God met oorgawe te aanbid. Smith (2003:1459) verwoord dit soos volg: "Dit is 'n beeld waar God, uit liefde,



© University of Pretoria

omgee en deernis by mense teenwoordig is, en waar mense gereed gemaak word om met hoop, midde-in en ten spyte van verliese, hoopvol voor God te lewe."

In aansluiting by hierdie opmerking van Smith (2003) verwys Van Hecke (2005:61) na Psalm 35:2, waar die digter vir God vra om sy skild te dra en hom te help. Wanneer God gevra word om as Skilddraer op te tree, veronderstel dit 'n baie besonderse verhouding wat vergelyk word met 'n vriendskap waar vriende se belange en welsyn op die hart gedra word. Die feit dat God die skild moet dra, is 'n teken van onderlinge omgee en deernis tussen digter en God (Schaefer 2001:87).

### 3.3.5.3 Verwysings uit die Nuwe Testament

Die metaforiese verwysings na God as Vriend word in die Nuwe Testament in Johannes 15:13 saamgevat as Jesus sê: "Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê". In hierdie woorde van Jesus word God se opofferende vriendskaps-verhouding vir die mens as beelddraer van God sigbaar. Barret (1978:476) en Smith (2003:1 455) verbind dit met die lewe, kruisiging en opstanding van Jesus. Jesus se omgee en deernis vir diegene wat in nood verkeer, beklemtoon juis dat God soos 'n Vriend omgee en medelye het en ingryp in 'n vriend se omstandighede (Van Houwelingen 1997:314).

By verskeie geleenthede spreek Jesus verskillende persone aan as 'vriend' en daarmee verwys Hy na die besondere verhouding wat Hy, as Seun van God, met hulle het. Wanneer Jesus 'n verlamde man genees, verwys Hy na hom as 'vriend' (Matteus 9:2 en Markus 2:5) en Hy verwys ook na Lazarus as 'vriend' (Johannes 11:11). Ook word Jesus beskou as die 'vriend' van tollenaars (Matteus 11:19 en Lukas 7:34) en Hy



© University of Pretoria

spreek Judas aan as 'vriend' in die tuin van Getsemane. So word die bemoeienis van God as Vriend met die mensdom beklemtoon. Jesus as die Gestuurde Seun van God tree so as Vriend op.

**3.3.5.4 Gemeentebou**

Die vriendskapsmetafoor van God, soos beliggaam in Jesus, word verder deur Dunn (1999:72) beklemtoon: "This practice of table-fellowship was a focus of many of the complaints brought against Him". Wanneer Jesus, as Seun van God, dus saam met tollenaars en sondaars eet (Matteus 11:19), wys Dunn (1999:72) daarop dat die tafelgemeenskap 'n quasi-heilige karakter het wat van elke maaltyd iets heiligs maak (Dunn 1999:73) en dit verklaar die protes teen Jesus se tafelgemeenskap met diegene wat as onrein beskou word. Tog beklemtoon die tafelgemeenskap God as Vriend se bemoeienis met die mens.

Smith (2003:1455) beweer: "Die vriend-metafoor is 'n hoop-metafoor: dit is 'n God-met-ons-metafoor. Dit is 'n metafoor wat vertel dat God teenwoordig is as vriend en medelyer midde-in die lyding van mense. "Die aand voor die kruisiging, tydens die viering van die Pasga, het Christus die nagmaal ingestel, en dan is dit juis die medelye met die sondaarmens wat ter sprake kom. As Hy die tekens van die sakrament met Sy liggaam en bloed verbind, kom die metafoor na vore van God as 'n Vriend wat ter wille van Sy vriende (Johannes 15:13) die lyding en pyn sou verduur (Barret 1978:476 & Smith 2003:1 445).

In Hoofstuk 2 van hierdie navorsing is na die kerk as 'n mistieke gemeenskap verwys (Hoofstuk 2, punt 2.2.2) waar die besondere band van omgee tussen God en



© University of Pretoria

gelowiges bespreek is. Dit dien ook as vertrekpunt van die omgee wat gelowiges vir mekaar.

### 3.3.6 Onpersoonlike metafore

Naas die persoonlike metafore wat gebruik word om God te beskryf, wys Nielsen (2005:263) daarop dat daar ook: "impersonal metaphors like God as 'fire' or God as 'rock'" is. Nielsen (2005) noem dat die persoonlike en onpersoonlike metafore in dialoog met mekaar is en dit dra by tot 'n beter begrip van God se grootheid en sy andersheid. Nielsen (2005:264) stel verder ook die volgende: "The meaning of the impersonal metaphors is to remind us that there is more to be said about God than just saying God is like a human. God transcends the boundaries of human life." Enkele onpersoonlike metafore word hieronder bespreek.

#### 3.3.6.1 Rots

In Deutrononium 32:4 word God beskryf as "die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig." Craigie (1976:378) en ook Christensen (2002:795) is van mening dat God se stabiliteit en onveranderlikheid hier in kontras gestel word met die volk se onstabiliteit. In dié vers vul 'n kombinasie van die onpersoonlike (Rots) en persoonlike (getroue God) uitbeelding van God mekaar aan. In Deutrononium 32:18 word die metafoor van Rots en Skepper gekombineer en dan word God beskryf as 'n vader wat lewe geskenk het. Met die beskrywing van God as 'n Rots, val die klem op die ewige standvastigheid van God wat lynreg teenoor die mens se tydelikheid en onstabiliteit staan.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waar God in die Ou Testament as Rots beskryf word, Verwys Jesus in Matteus 16:18 na Petrus se belydenis as 'n rots waarop die kerk gebou gaan word. Alhoewel daar verskillende verklarings vir Matteus 16:18 (Van Bruggen 1990: 309–312) bestaan, word daar in gereformeerde kringe grootliks aansluiting gevind by die volgende opmerking van Van Bruggen (1990: 312): " 'Deze rotsbodem' duidt het geheel aan, waarvan 'de kiesteen' een deel is. Het fundament waarop Jezus zijn vergadering bouwt, wordt dus gevormd door leerlingen, die de openbaring ontvingen: Simon is daar een van."

Nielsen (2005:270) vind in hierdie metaforiese verwysing dat die kerk as plek van veiligheid en stabiliteit verkondig word. Paulus verwys in 1 Korintiërs 10:1–4 na Christus as 'n Rots waaruit die lewende water vloei. Verder beweer Nielsen (2005:272):

> "Paul tells a new story where the rock is no longer a real rock but the metaphor for Christ. But what Paul does here is that he makes the whole story about surviving in the desert into an intertext for his own preaching of Christ as the source of life and for his warnings against pagan gods and immorality."

**3.3.6.2 Water**

Die Bybel bevat verskeie verwysing waar God metafories met water verbind word. Met verwysing na die skeppingsverhaal van Gensis 1 wat vertel hoe die Gees van God oor die waters gesweef het, wys Beck (2001:290) daarop dat: "Water staat voor geboorte, dood en wedergeboorte. Water staat voor zegeningen als koelte en verfrissing, sereniteit, zuiverheid, vruchtbaarheid en voedsel, maar ook voor verschrikkingen als overstroming, dreining, ondergang, verderf, onvruchtbaarheid en



© University of Pretoria

monsters." Die verhaal van Noag word nog 'n watermetafoor gevind (Beck 2001: 293) wat gebruik word om God se ingryping in die geskiedenis van die mensdom uit te beeld. Ook in die verhaal van Jona word die watermetafoor aangewend as ruimte waarin Jona nuut gemaak word (Beck 2001:293). In Jeremia 2:13 word na God as die "bron van lewende water" verwys. Holt (2005:100) is van mening dat dit hier nie soseer oor die metafoor van water gaan nie, maar eerder oor die 'broken marriage-metaphor'. Water is in dié geval een van die elemente wat gebruik word om die gebroke verhouding tussen God en Israel te beskryf. Craigie ed al (1991:30) maak die volgende opmerking: "Rather, the central metaphor is that of water, which is one of the staples of life. Israel had rejected God, from whom 'water' always flowed, and sought to replace God with cracked and leaky cisterns, which would always be empty."

Beck (2001:293) stel dat wanneer Jesus in Johannes 4 by die put van Jakob kom, Hy die water het wat alle dors vir ewig les. Jesus het nie net die water nie, Jesus is die water wat alle dors vir ewig wegneem.

Wanneer die belangrikheid en die afhanklikheid van water in ag geneem word, word die metafoor soveel belangriker, want soos wat mense, diere en plante dwaas sou wees om te dink dat hulle sonder water kan oorleef, net so is dit dwaas om sonder God te oorleef. Die watermetafoor in Jeremia 4 word gebruik om die dwaasheid van die mens uit te beeld, omdat die volk Israel vir hulle waterbakke maak uit gebarste klippe (Holt 2005:102). Hierdie watermetafoor beklemtoon dat gebarste klippe nie water hou nie, met ander woorde, die mense het selfgemaakte afgode wat eintlik stukkend en niks seggend is. Die metaforiese verwysing na God as water beklemtoon



© University of Pretoria

God as die Gans Andere wat voorsienend en lewensgewend teenwoordig is (Smith 2003:1 446).

### 3.3.6.3 Vuur

Een van die minder bekende metafore vir God, is die metafoor van vuur. Tog is daar verskeie tekste in die Bybel waar God met vuur verbind word:

- Genesis 15:17: Wanneer God die verbond met Abram sluit, het daar 'n brandende fakkel tussen die offerdiere deurgegaan en dit was die bevestiging van God se teenwoordigheid by die verbondsluiting;
- Eksodus 3:2: Wanneer God aan Moses verskyn in die woestyn en hom stuur om die volk uit Egipte te lei, verskyn God in die brandende doringbos;
- Eksodus 19:18: God openbaar Hom deur vuur en swael op Sinai aan Moses en die volk Israel;
- Eksodus 13: 21: God trek met wolk- en vuurkolom voor die Israeliete uit deur die woestyn;
- 2 Kronieke 7:3. Vuur en rook was die tekens van die teenwoordigheid van God in die Tempel;
- Handelinge 2:3–4: Met tonge van vuur word die teenwoordigheid van die Heilige Gees uitgebeeld wanneer die dissipels op Pinksterdag met die Heilige Gees vervul word.

Dit is egter belangrik om raak te sien dat die metaforiese verwysings na God as vuur gebruik word om 'n teofanie te beskryf (Good 1986:269). Deur middel van vuur word die teenwoordigheid en almag van God in mense se lewens uitgebeeld (Nielsen 2005:269).



© University of Pretoria

Die verband tussen die persoonlike en onpersoonlike metafore is te vind in die feit dat God nie beperk kan word tot net een van die twee groeperinge nie (Nielsen 2005:264), want die almag van God is baie meer omvattend as net 'n beperkte en soms eenvoudige verwysing na Hom. Gevolglik vul die metafore mekaar aan (Nielsen 2005:264). Dit onderstreep die opmerking deur Smith (2003:1458) dat metafore mekaar nie uitsluit nie, maar eerder aanvul ten einde 'n meer volledige metaforiese verwysing na God te verkry.

**3.3.6.4 Liefde**

Van al die onpersoonlike metafore is die woorde "God is Liefde" seker een van die bekendste en algemeenste. Baie kansels in Suid-Afrika het die woorde op hulle kanselkleed (Burger 1997:23) wat maklik daartoe kan lei dat die bekendheid van die metafoor sy teologiese betekenis en kerugmatiese impak heeltemal verloor. Wanneer die opmerking van Smith (2003:1458) in aanmerking geneem word dat metafore nie los van mekaar gelees moet word nie, word God is Liefde en God is Vader twee metafore wat met mekaar in 'n noue verband staan. In die gelykenis van die verlore seun in Lukas 15 word dit baie duidelik as God as die Vader wag vir sy Seun en Hom met liefde terug ontvang.

Liefde is dus nie bloot 'n aksie of besluit van God nie, dit is deel van die wese van God wat al die ander metaforiese verwysings na God omsluit en insluit:

> "God's love qualifies his freedom as divine, as freedom turned toward the creature… but rather of the fact that purely of His own essence, unconditioned by anything else, with no regard to the quality of the object toward which He turns, God is and acts, the way He is and acts" (Weber 1988:408).



© University of Pretoria

### 3.3.7. Onpersoonlike metafore en gemeentebou

Naas die persoonlike metafore is daar ook onpersoonlike metafore wat gebruik word om die verhouding tussen God en mens te verwoord (Smith 2003:1443). 'n Keuse is gemaak om by die volgende onpersoonlike metafore stil te staan:

#### 3.3.7.1 Rots

Die metaforiese verwysing na God as Rots beklemtoon stabiliteit en sekerheid wat die fondament en grondslag bied wat nodig is in die opbou van die gemeente. Dit bied aan die gelowige die standvastigheid wat nodig is in die soms onstabiele en onsekere omgewing waarin die kerk haar bevind.

#### 3.3.7.2 Water

As bron van lewe en hoop word water die metafoor waarmee God as bron van lewe uitgebeeld word. Soos water die begin van alle lewe is en ook noodsaaklik is om lewe te voorsien, so is God die Lewende Water wat noodsaaklik is vir die gemeente om te groei en te lewe.

#### 3.3.7.3 Vuur

Soos wat God met 'n vuurkolom die volk deur die woestyn gelei het (Eksodus 13:21) en die vuur soos tonge op die apostels gekom het op Pinksterdag. (Handelinge 2: 3 en 4), so lei en bestuur God ook die opbou van die gemeente. Vuur is die bron van lig en hitte energie en dit is ook die energie, wat nodig is in die opbou van die gemeente.



© University of Pretoria

#### 3.3.7.4 Liefde

Die koinonia in die gemeente begin by God wat Liefde is en ook liefde wek tussen gelowiges. Die omgee van God vir die mens moet sigbaar word in die omgee van die gelowiges vir mekaar en dit vorm die kern van die opbou van die gemeente.

## 3.4 GODSBEELD SEDERT DIE REFORMASIE

Die gebeure in die sestiende eeu wat gelei het tot die Reformasie van die kerk, het 'n groot invloed gehad op die vorming en totstandkoming van die beeld van God waarmee gelowiges deur die eeue gekonfronteer is in hulle betrokkenheid by die gemeente. In hierdie gedeelte sal slegs Calvyn en Luther bespreek word.

### 3.4.1 Calvyn

Pieterse (2009:254) verwys na Calvyn, wat vra wat die aard van God se verhouding is teenoor dit wat Hy geskep het. Hiermee val die fokus op die verhouding tussen God en mens, en spesifiek hoe God optree teenoor die mens as sondaar (Calvyn 1989 Inst. – I, X:2). Smail (2006:206) beklemtoon die belangrikheid vir Calvyn van die verhouding tussen Skepper en skepsel. Hierdie verhouding is gegrond op die kennis wat die mens van God het, wat volgens Calvyn (1989 Inst – I, XV:159) begin by selfkennis. Eers wanneer die mens homself ken, is hy in staat om God te ken (Calvyn 1989 Inst – I, I 39). Die kennis wat die mens van God het, is nie 'n kennis wat die mens uit homself opgedoen het nie, maar dit is in hom geskape (Calvyn 1989 Inst – I, XV:163). God het die mens geskape as beeld van Hom en op grond hiervan is die mens in staat om God te ken. Snyder (1991:49) verwys só hierna: "God is actually reigning through the political power structures." Hiervolgens heers of regeer God deur die mens te gebruik as instrumente in sy hand.



© University of Pretoria

Calvyn (1989, Inst – I, II :43) verwys na die natuurlike kennis van God wat die mens na alles sou gelei het as dit nie vir die sondeval was nie. Hiervolgens sou die mens in staat kon wees om alles te ken, maar die sondeval het veroorsaak dat dit nie moontlik is nie. Durand (2007a:149) is van mening dat: "The image of God as it manifests itselfs in human being consists in the reason they possess by which they distinguish between good and evil." Om te verstaan en insig te hê, sal hiervolgens 'n invloed hê op die mens se geloofslewe en sy saligheid (Durand 2007: 149).

Hierdie kennis word onderskei van die kennis wat die mens van God het en wat deur Jesus Christus ontvang is (Durand 2007:146). Durand (2007:148) wys ook daarop dat Calvyn 'n onderskeid tref tussen die verstaan van "earthly things, like arts and science" en "heavenly things, like the pure knowledge of God, the nature of righteousness and the mysteries of the kingdom of God".

Wanneer die verskillende metaforiese verwysings na God in die Bybel bestudeer word, kan dit net verstaan  word op grond van God se wil om Hom aan die mens te openbaar, en hierdie openbaring van God het begin by die skepping van die mens as sy beelddraer. Calvyn (1989, Inst – I, II:40) beskryf die openbaring van God aan die mens soos volg:

> "For although no man will now, in the present ruin of the human race, perceive God to be either a father, or the author of salvation, or propitious in any respect, until Christ interpose to make our peace… God our Maker supports us by his power, rules us by his providence, fosters us by his goodness… "



© University of Pretoria

Durand (2007:147) beklemtoon dat die mens 'n natuurlike bewustheid het van die goddelike, terwyl Calvyn (1989, Inst – I, IV :46) praat van die saad van geloof (*semen religionis)* wat by die mens 'n natuurlike bewustheid kweek oor God. Tog bly die mens geneig om God te ignoreer (Calvyn: 1989, Inst – I, IV:49).

Die verdorwenheid en sondige aard van die mens as skepsel en sy natuurlike geneigdheid om in opstand te kom teen die Skepper, is die gevolg van die gebrokenheid van die skepping en die stryd teen die bose:

> "The misdirection of the seed of religion occurs despite the overhelming testimony to the contrary, given by God, in his fashioning of the universe and His continuing government of it. There is nothing in the universe that does not in some way or the other reflect the glory of God" (Durand 2007a:147).

Midde-in die stryd waarin die mens as beelddraer van God hom bevind, waarin hy daagliks 'n keuse moet maak tussen die goeie en die slegte, speel die Woord van God 'n belangrike rol en stel dit die mens in staat om God te ken. Die kennis wat gelowiges dus van God het, kom nie uit hulself nie, maar deur kennis van die Woord van God (Calvyn – Inst I, VI: 64 –65). God openbaar Hom aan die mens deur Sy Woord met woorde, en deur die ingrype van die Heilige Gees het die Woord mens geword.

Vanweë die sondeval is die mens nie in staat om God vanuit homself te nader en met God in 'n ontmoeting te tree nie, en dit het tot gevolg dat: "Calvin's use of metaphors is an acknowledgement of human inability to know God as He is in Himself. At the same time it acknowledges the reality of God's condescending love that accommodates itself to our understanding" (Durand 2007a:155).



© University of Pretoria

### 3.4.2 Luther

Van Wyk (1995:524) is van mening dat Martin Luther se opvatting oor metafore meer 'n gelykeniskarakter as 'n tekenkarakter het: " 'n Metafoor is volgens Luther niks anders as 'n toutologie nie. Dit beteken dat 'n mens nie 'n onderskeid kan tref tussen die werklike betekenis en die vreemde betekenis van 'n naam nie."

Die skeppende krag van metaforiese taalgebruik kom hierin na vore en Van Wyk (1995:524) wys daarop dat, volgens Luther, die predikatief van die gebruikte woord in 'n metafoor 'n nuwe woord word. Op dié wyse word die uitdrukking "Christus is die brood" deur Luther verstaan as sou Christus werklik en fisies in die brood teenwoordig wees tydens die viering van die nagmaal (Van Wyk 1995:526). Dit beteken ook dat as Christus as water of rots beskryf word, Hy dit werklik is.

Volgens Van Wyk (1995:524) beantwoord Luther die vraag: 'Wat is God?' deur na die verband tussen geloof en vertroue te verwys, en dan kan alleen vanuit geloof oor God gepraat word. Luther is vervolgens van mening dat: "God is dit van wie 'n mens al die goeie verwag en na wie jy jou toevlug neem in nood" (Van Wyk 1995:525).

Omdat God in die hemel en die mens op die aarde is, waar die mens vanuit 'n aardse perspektief oor God nadink, kan gelowiges God net ken in die mate waarin Hyself aan hulle openbaar, en is Durand (2007a:137) van mening dat Luther die skepping beskryf as: "masks (larvae) of God and in this life masks can never be removed for us to see God face to face". In hierdie uitspraak van Luther maak hy homself amper skuldig aan panteïsme. In skerp teenstelling hiermee wys Durand (2007a:137) daarop dat Luther die volgende uitspraak gemaak het: "Despite God's presence in everything, this



© University of Pretoria

presence is inaccessible unless God reveals Himself to us in his Word." Die Bybel is en bly dus die primêre bron van kennis van God waardeur God Hom aan die mens openbaar en word die mens se vermoë om God te ken, bepaal deur die mate waarin God Homself aan hulle openbaar: "In His self-revelation, God tells sinners all that they need to know, not all that they would like to know. God reveals himself contrariwise (sub contrario) because He wants to be accessible to faith alone" (Durand 2007a:139).

Hiervolgens is die metaforiese verwysings na God in die Bybel beperk tot dít wat God van Homself bekend wil maak. Luther tref egter 'n vergelyking tussen Christologie en die selfopenbaring van God (Durand 2007a:139). In en deur Christus word God geopenbaar, en ontdek die mens wie en wat God is. Luther het die bekende teologie van koninkryke ontwikkel (Snyder 1991:48) naamlik: "the gracious kingdom of God; the political kingdom of law; and the subversive kingdom of Satan". Hiervolgens is God se koninkryk 'n koninkryk van genade teenoor die harde politiek van die wet.

### 3.4.3 Schleiermacher

Die keuse om Schleiermacher (1804–1872) se Godsbeeld by hierdie navorsing in te sluit, is gebaseer op die volgende uitspraak van Heitink (1999:4): "Friedrich Schleiermacher, the first theologian who tried to formulate an answer to the Enlightenment, also become one of the founders of practical theology." Aangesien Schleiermacher beskou word as een van die grootste rolspelers in die vestiging van Praktiese Teologie, is die navorser van mening dat daar met Schleiermacher rekening gehou moet word. Tog is Heitink (1999:22) ook krities omtrent die invloed wat Schleiermacher op Praktiese Teologie gehad het, veral vanweë die feit dat



© University of Pretoria

Schleiermacher tuis gevoel het in die era van die Idealisme. Volgens Heitink (1999:23) sien Schleiermacher ervaring as die essensie van geloof wat die klem dus laat val op die mens, in plaas van die openbaring van God.

Hierdie siening van Scheielermacher sal 'n besliste invloed uitoefen op die metaforiese denke oor God, aangesien die ervaring van die mens dan die vertrekpunt word vir nadenke oor God, in plaas daarvan dat die mens se optrede verklaar word vanuit God se handelinge met die mens. Smith (2003:1445) stel dit só: "God bly altyd meer en groter as die beelde wat mense gebruik om God te beskryf."

Volgens Brandt (1968:233) was daar aanvanklik geen onderskeid in Schleiermacher se denke oor die noue band tussen God en die wêreld nie, en was Schleiermacher van mening dat God en die wêreld wel onderskei kon word, al kon God en die wêreld nie geskei word nie. "Schleiermacher clearly did not believe that God is an individual self-conscious being, capable of distinguishing Himself from the world. On the other hand , he continually insists upon a distinction between God and the world" (Brandt 1968:233). Teen 1806 het Schleiermacher wel begin onderskei tussen God en die wêreld (Brandt 1968:234).

Scheleiermacher se aanvanklike siening oor God en die wêreld het byna neergekom op 'n panteïstiese beskouing. Tog wys Brandt (1968:241) daarop dat Scheleiermacher moeite gedoen het om weg te bly van 'n panteïsme af, en sien hy die verband tussen God en wêreld soos volg:

> "He wished to hold that all finite objects are conditioned by God but none of them are in turn conditions of God" (Brandt 1968: 241).



© University of Pretoria

Volgens Brandt (1968: 242) lyk dit asof Schleiermacher nie konsekwent was in sy denke aangaande die verhouding tussen God en die wêreld nie:

> "It is possible, of course, that Schleiermacher himself did not think he had a perfectly consistent line of argument at this point. It may be that he saw that line of reasoning brought him close to a kind of pantheism, while another set of facts convinced him that the idea of God must somehow be kept distinct from the idea of the world."

## 3.5. GROEPERING VAN METAFORE

Die saamgroepering van die verskillende beelde of metafore van God bied volgens Smith (2003:1444) die moontlikheid om die rykdom wat die verskillende metafore inhou, beter te ontgin. Die volgende groepering van metafore word deur Smith (2003:1444) voorgestel:

- Monargies-juridiese beelde
- Familiebeelde
- Vriendskapsbeelde
- Beeld van God se liefde

Hierdie groepering het besondere waarde vir die missionale betrokkenheid van lidmate by die opbou van die gemeente. Keiffert (2013:37) maak die opmerking dat mense nié dikwels vra na God se doel of rigting met die gemeente nie. Wanneer gelowiges onseker is oor hulle roeping en gestuurdheid, kan hulle nie as geloofsgemeenskap groei nie. Deur die metafore saam te groepeer kan dit, volgens Smith (2003:1444), vanweë die ryke verskeidenheid van die beelde, leiding, rigting en hoop verskaf. Alhoewel Smith (2003) in sy navorsing fokus op die rouproses



© University of Pretoria

waardeur mense soms gaan, bied sy bevindinge ook waarde vir die missionale betrokkenheid van lidmate. Die groepering van die verskillende beelde bring 'n nuwe visie en dimensie wat nodig is vir die groei van die gemeente: "En God se missie weerspieël die aard en wese, die werking en werkswyse van God. Dink so daaraan: God se aard as Vader, Seun en Gees is wesenlik 'n proses van gestuurdheid: Die Vader stuur die Seun; die Seun stuur die Gees."

### 3.5.1 Monargies-juridiese beelde

Met die monargiese-juridiese groepering van die metaforiese uitbeelding van God, word daar op God as Koning (3.3.2) en Rots (3.3.7.1) gefokus en vind dit aansluiting by die ekklesiologiese model van die kerk as Instituut (Hoofstuk 2, punt 2.2.1). Die groepering beklemtoon God se almag en ewigheid wat in skerp kontras staan met die mens se tydelikheid. Met die uitbeelding van die kerk as Instituut, val die fokus hoofsaaklik op die instandhouding van strukture (Dulles 2002:27) wat ondersteun word deur die metafoor van God as Koning en Rots.

### 3.5.2 Familiebeelde

Met die groepering van familiebeelde word daar gefokus op die metafoor van God as Vader (Punt 3.3.4 hierbo) en God as Water (Punt 3.3.7.2 hierbo). Die metafoorgroepering vestig die aandag op God wat lewe bring en dit onderhou. In aansluiting hierby is die ekklesiologiese model van kerk as Aankondiger (Hoofstuk 2, punt 2.2.4). Die boodskap van lewe en hoop moet uitgedra word na almal. Soos water lewe gee, en 'n aardse vader in die lewe van sy kind voorsien, so val die fokus in die metafoorgroepering op die "hoop en lewe" wat gevind word in die boodskap wat uitgedra en aangekondig word.



© University of Pretoria

### 3.5.3 Vriendskapsbeeld

Die metaforiese vriendskapsbeeldgroepering sluit die metafore van God as Herder (Punt 3.3.1 hierbo), Vriend (Punt 3.3.5 hierbo) en Liefde (Punt 3.3.7.4 hierbo) in, en dit vind aansluiting by die ekklesiologiese model van die kerk as Mistieke Gemeenskap (Hoofstuk 2, Punt 2.2.2). Die fokus van die groepering is God se liefdevolle versorging en omgee vir die gelowiges, wat tot gevolg het dat daar 'n gevoel van koinonia onder die gemeentelede ontstaan.

### 3.5.4 Beeld van God se liefde

Met die metaforiese groepering van God se Liefde, kan die metafore van God as Versorger (Punt 3.3.3 hierbo) en God as Vuur (Punt 3.3.7.5 hierbo) saamgegroepeer word. Soos reeds bespreek, verskyn God in die brandende bos aan Moses om Sy besorgdheid en liefde vir die volk Israel te openbaar (Eksodus 3:2). Met dieselfde versorgende liefde lei God hulle met 'n wolk-en vuurkolom ( Eksodus 13:21).



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

## 4.1 INLEIDING

Die navorser is deeglik bewus van die baie veranderings wat in die samelewing voorkom, en van die tempo waarteen dinge gedurig aan die verander is. Dus gaan daar nie gepoog word om hierdie veranderings in totaliteite te beskryf nie. Daar gaan eerder gepoog word om slegs na enkele van die momente of grepe hiervan te kyk, ten einde die invloed daarvan op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan te toon.

## 4.2 DIE WÊRELD VERANDER

"Die rivier het geskuif en die brug staan alleen." Niemandt (2007:11) gebruik hierdie bekende metafoor van 'n brug in die Suid-Amerikaanse staat Honduras oor die Cholutearivier as beeld van die veranderende wêreld van vandag. Wat die brug in Honduras uniek maak, is dat dit die vernietigende orkaan Mitch weerstaan het. Orkaan Mitch het in 1998 die Karibiese See getref en die loop van die Cholutearivier verskuif. Die brug staan nog, maar dit loop nie meer oor 'n rivier nie en lei na nêrens nie. Die brug is stewig en indrukwekkend, maar dit word nie gebruik nie, want die pad het geskuif omdat die rivier geskuif het. Die brug is hoogstens 'n bewys van goeie ingenieurswerk, maar dit dien geen doel nie. Almal kyk daarna en bewonder dit, maar niemand gebruik dit nie. Heitink (2012:14) sien ook hierin die verandering wat die mens getref het raak, en beskryf dit deur die metafoor van vloedgolwe te gebruik wat



© University of Pretoria

die mensdom oor jare heen getref het en alles verander het: "Daardoor zijn de geloofsomstandigheden ingrypend veranderd. Maar de spiritualiteit, het verlangen naar God, vormt ook in onze tijd heel veel mensen een onvervangebare bron van inspiratie." Alhoewel die vloedgolf van verandering gelowiges getref het en dit hulle steeds meesleur, is daar steeds 'n verlange en soeke na God.

Die brug is 'n goeie metafoor om te beskryf wat met die kerk in 'n veranderende wêreld kan gebeur. Die gevaar is dat die kerk, en spesifiek die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), weens voortdurende verandering 'n brug kan word wat nie meer as brug dien nie. Almal verwonder hulle aan die kerk se mooi strukture en gebruike, maar niemand gebruik dit meer nie. Die kerk loop die gevaar dat dit die storm kan oorleef, maar nie meer bruikbaar gaan wees nie.

Die omgewing waarin gelowiges hulself bevind, word deur Taylor (2007:506) beskryf as 'n driehoek: "The three sides of this triangle mutually supported each other: the family was the matrix in which the young were brought up to be good citizens and believing worshippers: religion was the source of the values that animated both family and society: and the state was the realization and bulwark of the central, to both family and churches." Die kerk bevind haarself dus in 'n komplekse omgewing van verhoudings wat 'n direkte invloed op mekaar het. Doyle (2000: 13) stel dit só: "The Church is a web of interwoven relationships. It cannot be understood simply as a modern institution or corporation."

Hierdie is 'n omgewing van verhoudings wat gedurig aan die verander is, en al waaroor daar vandag sekerheid is, is dat alles gedurig aan die verander is. Die tyd toe



© University of Pretoria

die kerk die hoogste gebou in die dorp was, is verby. Deesdae verberg wolkekrabbers kerkgeboue en in baie gevalle lyk kerkgeboue nie meer soos tradisionele kerkgeboue nie, wat verder die sigbaarheid van die kerk benadeel. Die era waarin almal Christene was, en die regering na die kerk opgekyk het vir leiding, is ook verby. Niemandt (2007) wys daarop dat in die postmoderne samelewing van vandag, byna alles bevraagteken word en dat daar 'n verskuiwing is van 'n Christendom of Christelikheid as instituut, na 'n era waar geloof baie meer individualisties en persoonlik ervaar word (Niemandt 2007:14). Dit lei daartoe dat die moderne neiging is dat dit soms voel of geloof en aanbidding besig is om uit die publieke oog te verdwyn. Taylor (2007:539) vra die eenvoudige vraag: "Why is it so hard to believe in God in (many milieu of) the modern world, while in 1500 it was virtually impossible not to?"

Casanova (2011:58) hou die volgende opinie:

> "Indeed, his phenomenological account of the secular 'conditions' of belief is meant to explain the change from a Christian society around 1500 CE in which belief in God as unchallenged and unproblematic, indeed 'naive' and taken for granted, to a post-Christian society today in which belief in God not only is no longer axiomatic but also becomes increasingly problematic."

Hiervolgens kan daar afgelei word dat die onvoorwaardelike aanvaarding van God as Skepper en Here nie meer vanselfsprekend is nie. Trouens: "This naturalization of 'unbelieve' or 'non-religion' as the normal human condition in modern societies corresponds to the assumptions of the dominant theories of secularization ... so that the more modern a society is, the more secular, the less 'religious', it is supposed to become" (Casanova 2011:58). Dit is 'n mening wat ook deur Heitink (2012:45)



© University of Pretoria

gehuldig word: "Het algemene beeld is dat het religieuze element uit de Westerse sameleving verdwijnt. Er is spraken van een diepgaande secularisatieproces, zo kun men horen." Hieruit kan dus afgelei word dat daar 'n proses van algehele sekularisasie besig is om plaas te vind en dit het 'n besliste invloed op die manier waarop mense oor God dink. Alhoewel die invloed van sekularisasie al hoe duideliker word, is daar 'n transformasie besig om plaas te vind ten opsigte van die wyse van aanbidding. Van der Merwe (2013:14) sê die volgende: "Die status quo kan eenvoudig nie in 'n post-sekulêre wêreld gehandhaaf word nie." Dit laat die vraag ontstaan of dit die einde of die begin is? Is dit die einde van die kerk, en spesifiek die NHKA, of is hierdie die begin van 'n nuwe era, ook vir die NHKA?

Snyder (2001:21) verwys na Bultman wat gepraat het van "The Third Church", en hiermee word verwys na die verandering wat plaasvind en hoe dit tot verandering in en van die kerk lei. Hiervolgens kan daar afgelei word dat, alhoewel bestaande wyses van aanbidding in tradisionele hoofstroomkerke onder druk is en in sekere gevalle besig is om te kwyn, dit nie noodwendig beteken dat alle kerke oral besig is om dood te loop nie. Keifert (2007:18) maak die opmerking dat kerke en gemeentes wat vroeër baie prominent was en leierskaprolle in 'n bepaalde gemeenskap gespeel het, besig is om minder prominent te word, terwyl ander kerke weer na vore kom. Dit kan maklik lei tot 'n veralgemening dat die era van die kerk verby is, terwyl dit in baie gevalle nie so is nie: "Om die waarheid te sê, daar is 'n toename in die invloed wat godsdiens, veral die Christelike godsdiens, op die burgerlike en openbare lewe het" (Keifert 2007:19).



© University of Pretoria

Die invloed van globalisering mag ook nie onderskat word nie. Heitink (2012:204) wys op die invloed wat die TV en die Internet het, wat die verspreiding van inligting wêreldwyd moontlik maak, en dit veroorsaak dat die wêreld baie klein word. Daarmee saam het die gebeure van 11 September 2001 in Amerika 'n wêreldwye invloed op die mensdom gehad. Voeg hierby die migrasie van mense tussen kontinente, wat dikwels tot gevolg het dat nuwe gemeenskappe ontstaan: "De komst van vreemdelingen en met name van de Islam in de Westerse samenleving, zichbaar in de bouw van moskeeën en in kleding zoaals hoofddoekjes, roept veel weerstand op" (Heitnk 2012:204–205). Die gevolg hiervan is 'n verandering wat dikwels moeilik is om te verstaan en dit het ingrypende gevolge vir die kerk.

Martin (2005: 26) wys daarop dat die skeiding wat die afgelope halfmillennium in Europa en Amerika tussen staat en kerk ontstaan het, bygedra het tot die proses van sekularisasie. Ook het Suid-Afrika dit nie vrygespring nie en maak Dreyer (2007:41) die volgende opmerking ten opsigte van die verandering wat in Suid-Afrika plaasgevind het: "The adoption of the new Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act 108 of 1996) with its Bill of Rights, implied a total change for all spheres of the South African society." Die samelewing het in so 'n mate verander dat dit soms verkeerdelik lyk asof sekularisasie in so 'n mate oorgeneem het dat godsdiens, en veral die Christelike godsdiens, heeltemal aan die verdwyn is. In dié verband verwys Dreyer (2007:48) na Ricoeur, wat ten opsigte van sekularisasie onderskei tussen "the secularism by abstention of the state implies that the state has no religion" en "secularism by confrontation belong to the sphere of civil society", waar laasgenoemde verwys na mense se vryheid om hulle geloof en godsdiens te beoefen en mekaar nie mag oorheers nie. Waar die fokus in eersgenoemde val op die



© University of Pretoria

staat wat nie met een godsdiens identifiseer en dit verkondig nie, is die fokus in laasgenoemde op die samelewing wat verdraagsaam teenoor mekaar moet wees. Volgens Dreyer (2007:58) is dit 'n uitdaging om 'n positiewe bydrae te lewer ten opsigte van 'n veranderende samelewing waar almal nie dieselfde oor godsdiens dink nie. Casanova (2011:77) beklemtoon dat die neiging om godsdiens meer as 'n privaat aangeleentheid te sien, dikwels daartoe lei dat daar verkeerdelik afgelei word dat godsdiens verdwyn het. Hy beweer: "In short, much liberal theory conceptualizes citizenship as essentially secular, even where citizens happen to be religious." Heitink (2012:218) praat hiervan as "religie zonder kerk", waarvolgens baie mense hulleself nog as gelowig beskou, maar kerklik onbetrokke is.

Taylor (2007:424) beskryf die verandering wat plaasvind soos volg: "Here we enter onto the terrain of 'secularization theory'. This has been mainly concerned with explaining various facets of secularity 1: 'the retreat of religion in public life' and 2: 'the decline in belief and pratice', but obviously, there is going to be a lot of overlap between these and secularity 3: 'the change in the conditions of belief' ".

Na aanleiding van hierdie veranderinge en die invloed wat dit op die samelewing het, word daar voorts vanuit 'n Gemeentebouperspektief na die Godsbeeld van die lidmate van die NHKA, wat as liggaam van Christus geroepe is om binne 'n veranderde en steeds veranderende wêreld op te tree, gekyk. Hierdie navorsing wil vasstel watter uitwerking hierdie verandering op lidmate se beeld van God het, en wat die invloed daarvan is op hulle betrokkenheid by die opbou van die gemeente se missionale gerigtheid. Watter uitdagings bied hierdie veranderinge?



© University of Pretoria

Jonker (2008:16) wys daarop dat die kerk as *corpus Christianum* vir 'n baie lang tydperk 'n bepaalde posisie in die samelewing beklee het, wat aan die kerk sekere geleenthede gebied het, soos die onbeperkte uitbreiding van lidmaatgetalle, aangesien almal as deel van die kerk beskou is. Taylor (2007:446) beskryf dit soos volg: "The ancient regime model interwove church and state, presented us a living in a hierarchical order, which had divided endorsement. In societies on this model, the presence of God was unavoidable ; authority itself was bound up with the divine, and various invocations of God were inseparable from public life."

Jonker (2008:19) wys egter daarop dat die Konstantynse fase in die sestigerjare van die 20ste eeu verander het, en lyk dit asof die kerk besig is om sy relevansie te verloor, aangesien lidmaatgetalle aan die afneem is. Volgens Jonker (2008:12) is die relevansie van die kerk ten opsigte van godsdienstige en maatskaplike funksies, ook besig om te kwyn. Waar lidmate in die verlede dikwels nog baie waarde geheg het aan die kerk as uitdrukking van godsdienstige sake, soos hulle verhouding met God, is dit besig om te verdwyn. Ook is die maatskaplike funksie van die kerk besig om al hoe kleiner te word (Jonker 2008:13). Onder die maatskaplike funksie verwys Jonker (2008:13) na sake soos doop, huweliksbevestiging en kerklike begrafnisse.

Heitink (1999:43) verwys na Dekker, wat die term *sekularisasie* op drie verskillende wyses gebruik.

a. Sekularisasie as 'n afname in die godsdienstigheid van mense. Hy wys daarop dat mense se godsdienstige aktiwiteite en oortuigings aan die afneem is.
b. Sekularisasie as 'n beperking op die fokus van godsdiens. Godsdiens word teruggeskuif in mense se private lewens.



© University of Pretoria

c. Sekularisasie as aanpassing van godsdiens. Godsdiens pas sy inhoud aan om in die gemeenskap en die wyse waarop mense hulself sien, in te groei.

Sekularisasie het 'n besliste invloed op die beoefening van godsdiens (Heitink 1999:43). Lidmate se uitlewing van hulle geloof verander, soos onder andere blyk uit die bywoning van eredienste, asook hulle Godsbeeld. Alhoewel daar 'n emansipasie van geloof plaasvind, tree daar 'n verlies aan identiteit in as gevolg van die sekulêre uitkyk op die lewe. Taylor (2007:513) sluit hierby aan as hy die volgende opmerking maak: "a wider range of people express belief which moves outside Christian orthodoxy."

Mense waag dit dus al meer om die tradisionele grense van geloof oor te steek, wat tot gevolg het dat die relevansie en belangrikheid van die kerk besig is om te kwyn, en die invloed wat die kerk op die samelewing uitoefen, is aan die afneem. Nel (1994:11) reageer soos volg op hierdie proses: "Terwyl die wêreld hierdie Heer en sy heerskappy ontken, verwerp en teenstaan; bely, aanvaar en dien die kerk hierdie Here as die Enigste." Die kerk kan nie anders nie as om as lig vir die wêreld, maar dan ook as lig ín die wêreld, op te tree. As draer van die Evangelie van hoop, is die kerk en eintlik elke gemeente " 'n openbare 'vertoonvenster' in sy omgewing, midde-in 'n Godvervreemde wêreld" (Nel 1994:11). Die uitdaging vir die kerk is dat die mense met hulle rug na die 'vertoonvenster' staan (Nel 1994:11). In gemeentebou gaan dit juis hieroor – dat die gemeente begelei moet word om vernuwend in die samelewing op te tree, en diensbaar te wees aan die doel wat God vir die gemeente het. Callahan (2002:83) maak die volgende baie belangrike opmerking: "It is more appropriate to discuss the decline in the church, rather than the decline in religion. There is no



© University of Pretoria

decline in religion." Hiervolgens kan daar afgelei word dat, alhoewel daar in sekere kringe 'n afname in godsdienstige aktiwiteite is, mense steeds godsdienstig is. Keifert (2007:20) wys in dié verband op die volgende: "Die opkomende 'inheemse' Afrikakerke vertoon eerder 'n stryd tussen tradisionele kulture en Europese moderniteit as postmoderne trekke."

Heitink (2012:46) verskil hiervan: "Naar mate de geschiedenis voortschreed werd het geloof in God als overbodig ervaren." Hierdie opmerking deur Heitink kom vanuit 'n Europese konteks, wat die vraag laat ontstaan, "Is dit in Suid-Afrika ook waar, en dan spesifiek in die NHKA?" Word geloof in Suid-Afrika as oorbodig beskou?

Volgens die statistieke van die NHKA-Almanak (2014: 209) is daar 'n afname in die lidmaatgetalle van die NHKA.

| **JAARTAL** | **BELYDENDE LIDMATE** |
|---|---|
| 2011 | 99 072 |
| 2012 | 95 931 |
| 2013 | 91 919 |

Die vraag is: 'Is dit is as gevolg van sekularisasie, of is dit weens ander faktore soos 'n afname in geboortes, emigrasie en interne gebeure?'

Van der Merwe (2013:1) hou die volgende mening:

> " 'n Groot dilemma waarvoor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) tans te staan gekom het, is die oënskynlike onvermoë om diversiteit positief te waardeer, te hanteer en te benut tot eer van God en tot voordeel van die kerk ... Die gebeure wat daarenteen sedert September 2010 in die NHKA



© University of Pretoria

afspeel, het skeuring, verdagmakery, veroordeling, spanning, hartseer en finansiële druk tot gevolg."

Die gevolg hiervan word in die statistieke van die lidmaatgetalle van die NHKA weerspieël. Die situasie in die NHKA is dat daar enersyds interne spanninge voorkom en andersyds is daar die verskynsel van sekularisasie. Dit bring die NHKA voor 'n nuwe uitdaging te staan: "Om gelowig te wees, is om ons wêreld te desekulariseer deur in die teenwoordigheid van God as 'n Geesvervulde mens te lewe" (Van der Merwe 2013:15). Hiervolgens moet gelowiges in die teenwoordigheid van God opnuut weer hulle roeping ontdek.

Martin (2005:29) wys daarop dat een van die uitvloeisels van sekularisasie juis die invidualisering van geloof is, en die neiging om aanbidding 'n private aangeleentheid te maak, wat dan tot gevolg het dat dit soms lyk asof sekularisasie aan die toeneem is, terwyl dit nie noodwendig altyd die geval is nie.

Taylor (2007:445) verwys na die verandering wat plaasvind deur dit te beskryf as 'The Age of Mobilzation'. Hieronder beskryf hy die proses van verandering as: "a process whereby people are presuaded, pushed, dragooned, or bullied onto new forms of society, church, assosiation. This means that they are induced through the actions of governments, church hierarchies, and/or other elites; not only to adopt new structures, but also to some extent to alter their social imaginaries, and sense of legitimacy, as well as their sense of what is crucially important in their lives or society." Die gevolge hiervan is dat alles verander het en steeds aan die verander is.



© University of Pretoria

### 4.2.1 Reaksie op 'n veranderende wêreld

Daar is drie uitgangspunte in reaksie op die golf van sekularisasie wat die wêreld getref en die vloei van die rivier verander het (Jonker 2008:26):

#### 4.2.1.1 Deduktiewe reaksie

Die eerste moontlike reaksie op die verskynsel van sekularisasie is volgens Jonker (2008:26) se verwysing na Berger "om te bly vashou, asof daar niks gebeur het nie." Hy verwys daarna dat Karl Barth 'n voorbeeld van die deduktiewe keuse of reaksie was. Hy het eenvoudig vasgehou aan die oorspronklike geloof en alles veroordeel wat daarmee in stryd was. Ons kan dit beskryf as 'n ontkenning of wegvlug van die werklikheid af. Hiervolgens word daar aan die tradisie vasgehou, asof dit die enigste waarheid is. Daar vind dus 'n doelbewuste afsluiting plaas teenoor dit wat gebeur. Hierdie uitgangspunt is baie negatief, aangesien dit nie rekening hou met die werklikheid van die lewe van vandag nie. Die gevolg is dat die kerk en gemeentes hulself so kan isoleer dat hulle heeltemal irrelevant raak en dat niemand meer hulle opinie vra nie. Om die metafoor van die brug te gebruik, kan hierdie reaksie 'n stewige brug wees, maar niemand gebruik dit nie.

#### 4.2.1.2 Reduktiewe reaksie

Die tweede moontlike reaksie op die verskynsel van sekularisasie is volgens Jonker (2008:26) se verwysing na Berger: "dat mense hulle godsdiens aanpas by die moderne geesteklimaat en dit reduseer tot wat aanvaarbaar is". Kompromieë word aangegaan, aangesien dit wat om mense gebeur, so belangrik vir hulle is dat hulle nie anders kan as om kompromieë te sluit nie. Die gevaar is dat onderhandeling maklik kan verander in oorgawe. Mense reduseer geloof tot die punt waar hulle vra of die Christelike



© University of Pretoria

boodskap eintlik nog nodig is (Jonker 2008:28). Dit wat nie verklaar kan word nie, word nie aanvaar nie. Rudolf Bultman se program van ontmitologisering (Jonker 2008:28) is 'n goeie voorbeeld hiervan. Wat vir die moderne mens aanvaarbaar is, word die kriteria waaraan alles gemeet word. Die gevolg hiervan is dat die betekenis van die lewe meer en meer vanuit 'n nie-godsdienstige wêreldbeeld afgelei word (Heitink 1999:28). Die mens en dít wat vir die wêreld aanvaarbaar is, word die vertrekpunt en nie die soeke na die Koninkryk en die Wil van God nie. Nel (1994:57) wys daarop dat dit juis in Gemeentebou gaan om die begeleiding van lidmate om die belange van God in die samelewing te dien. Die gemeente moet meer en meer dít word wat Christus se doel met hulle is.

Die volgehoue geloofstoerusting van gemeentelede is vir Nel (1994:57) die teenvoeter vir stagnasie en agteruitgang. Wanneer gelowiges en die gemeente hulleself los van God sien, word die belange van God nie meer gedien nie. Om die metafoor van die brug weer te gebruik, kan hierdie reaksie gesien word as 'n poging om die brug se rigting te verander – 'n ander pad of ompad word gebou om sodoende die brug weer te gebruik. Die nadeel is dat die ompad te ver kan raak en dat niemand kans sien om dit te gebruik nie.

**4.2.1.3 Induktiewe reaksie**

Die derde moontlike reaksie op die verskynsel van sekularisasie is volgens Jonker (2008:26) se verwysing na Berger "dat hulle agter die uiterlike gesagsinstansie van die tradisionele godsdiens inbeweeg, na die egte individuele godsdienstige ervaring daaragter". Die oogmerk van dié model of reaksie is om die wese van die godsdienstige beweging vas te stel. Wat is in die kern waaroor nie onderhandel kan



© University of Pretoria

word nie? Jonker (2008:29) verwys na Dekker, wat van die standpunt uitgaan dat die vorm van aanbidding dikwels dít is wat die moderne samelewing in botsing bring, en nie noodwendig die Christelike geloof nie. Die induktiewe reaksie op sekularisasie is die poging om die wese van aanbidding te vind en daaraan vas te hou. Om die metafoor van die brug weereens te gebruik, kan die induktiewe reaksie gesien word as 'n poging om die brug te gebruik, al is dit ook vir iets anders. Taylor (2007:447) maak die opmerking dat die verandering bestuur moet word "But it can be present to the extent that we build a society which plainly follows God's design". Al lyk alles miskien nie meer dieselfde nie, en al het baie sigbare strukture verander, kan die inhoud daarvan steeds gebaseer word op die plan en doel van God.

Heitink (2012:240) is van mening dat "Wat die golven hebben achtergelaten kan toch niet alleen maar wrakhout zijn? Gebroken morele kaders, verloren principes, vervolgen illusies, fragmenten van dogma's? Er moet toch ook veel waardevols te vinden zijn. In het heden herkennen we sporen van het verleden die kunnen dienen als bouwstenen voor de toekomst." Ons kan dus nie die verlede maar net vergeet nie, ons moet die verlede gebruik om die toekoms te bou.

### 4.2.2 'n Veranderende Suid-Afrika

Suid-Afrika het saam met die res van die wêreld verander en is steeds besig om te verander. In hierdie veranderende Suid-Afrika is dit nodig om aandag te gee aan kommunikasie en die manier van kommunikasie, omdat Claasen (2008:37) daarop wys dat verandering 'n invloed op kommunikasie het. Wat vir hierdie navorsing in die besonder van belang is, is dat die wyse van aanbidding nie onveranderd kan bly in 'n



© University of Pretoria

veranderde omgewing nie (Barnard 2001:50). Aangesien die omgewing waarin ons aanbid verander, sal die wyse waarop ons aanbid, ook verander moet word.

Dit is die mening van Clasen (2008:37) dat: "There are different aspects of cultural change that ask for liturgical reaction". Die hipotese waarmee daar gewerk word, dat lidmate van die NHKA se Godsbeeld 'n invloed het op hulle betrokkenheid by die opbou van die missionale gerigtheid van die gemeente. Dan nie alleen net in die missionale gerigtheid van die gemeente nie, maar ook in die wyse waarop die gemeente oor hulleself dink en prakties daaraan gestalte gee.

Heitink (2012:256) is van mening dat: "Bij elke nieuwe ontdekking verdween er weer een aspect van God uit beeld." Dit is 'n opmerking wat 'n uitdaging aan die NHKA en elke kerk en gemeente stel, aangesien dit beteken dat mense se bewustheid van God al hoe minder saak maak. In die missionale gerigtheid van die NHKA sal daar seker gemaak moet word dat die proses van sekularisasie teengewerk word.

Die omgewing waarin die NHKA haarself bevind, lyk baie anders as jare gelede. Cilliers (2007:1) beskryf dit só: "The South African society is like an onion. The more skin you peel away, the more layers you discover." Met die metafoor van 'n ui beskryf Cilliers (2007) die komplekse samestelling van die moderne omgewing van Suid-Afrika waarin die kerk haarself bevind en so ook die NHKA. Cilliers (2007:3–11) identifiseer die volgende as die verskillende lae van die "ui" wat verwyder moet word, ten einde die gemeenskap van Suid-Afrika beter te verstaan:



© University of Pretoria

#### 4.2.2.1 Laag 1: Sacla se sewe reuse

Cilliers (2007:3–4) wys daarop dat tydens 'n byeenkoms van die "South African Christian Leaders (Sacla)" wat op 17–20 Julie 2003 in Pretoria gehou is, daar na aanleiding van die verhaal van Dawid en Goliat die volgende reuse geïdentifiseer is wat die gemeenskap van Suid-Afrika soos 'n Goliat bedreig; "HIV/Vigs, crime and corruption, violence, poverty and unemployment, sexism, racism and the crisis in the South African family (Sacla Newsletter 28 May 2003). Die byeenkoms is georganiseer deur Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, African Enterprise (AE) en The Evangelical Association of South Africa (TEASA).

In 'n omgewing waarin mense elke dag fisies en emosioneel bedreig word, is die uitdaging vir kerk om die evangelie van hoop aan hierdie mense te bring, en wel in 'n liturgiese milieu en atmosfeer van liefde en geborgenheid. Alhoewel almal nie noodwendig meer kerk toe gaan nie, is die uitdaging dat die eredienste so ingerig word dat diegene wat wel kerk toe gaan en diegene wat die kerk toevallig besoek, 'n atmosfeer van aanvaarding en hoop sal beleef. Armstrong (1979:58) beweer: "As a servant community, the local church exists to minister to the needs of people, and in so doing, the church must serve the whole person – physical as well as spiritual needs".

Ten opsigte van die sewe reuse of Goliats wat die kerk bedreig, maak Cilliers (2003:4) die volgende opmerking: "But ultimately they are only symptoms of more fundamental issues, only the outer skin of the onion. We need to peel deeper."



© University of Pretoria

Nog 'n laag van die Suid-Afrikaanse "ui" sal verwyder moet word om die omgewing waarin die kerk haarself bevind, beter te verstaan.

#### 4.2.2.2 Laag 2: Verlies van paradigma

Cilliers (2007:5) is van mening dat die dieper rede agter die bedreiging deur die "sewe reuse van Sacla" te vinde is in die inploffing van verskillende paradigmas, wat daartoe lei dat hierdie paradigmas verlore gaan. Alhoewel daar verskillende paradigmas is, is Cilliers (2007:5) van mening dat 'Americanism' van die belangrikste is. Hieronder verwys hy na dinge soos materialisme, die strewe om altyd groter en beter te wees, globalisering, ekonomiese manipulasie en menseregte. Dit lei dikwel tot "my rights" (Cilliers 2007:6). Deel van die 'Americanism' se sukses en invloed in die wêreld, lê volgens Cilliers (2007:7) in die suksesvolle gebruik van die media en dan verwys hy spesifiek daarna dat dit 'n negatiewe effek op die lidmaatgetalle van die sogenaamde hoofstroomkerke in Suid-Afrika gehad het. Cilliers (2007:7) maak in dié verband die volgende opmerking:

> "At least one reason for the unmistakable ecclesiological shift must be sought in the way churches reacted to the ways or modes in which culture has been communicated throughout history – the so-called eras or spheres of communication as proposed by the French philosopher Debray: the logo-sphere (oral tradition), grapho-sphere (printed media) and the video-sphere (transmission of images via electronic means.)"

Wat die gebruik van kommunikasiemiddele betref, het Afrika en dan ook Suid-Afrika, 'n baie groot agterstand teenoor die res van die wêreld. Die rede hiervoor is dat televisie kunsmatig van die mense van Suid-Afrika weggehou is tot en met 1975.



© University of Pretoria

Hierna het Suid-Afrika beweeg vanaf 'n 'grapho-sphere' na 'n 'video-sphere' (Cilliers 2007:7). Hierdie beweging het sekere uitdagings vir die kerk gebring, en Cilliers (2007:8) is van mening dat die charismatiese kerke hierdie oorgang beter hanteer het as die tradisionele kerke wat veral sukkel om hulle liturgiese aktiwiteite te herdefinieer, om rekening te hou met liggaam, emosie en verbeelding.

'n Baie dieper uitdaging waarmee die kerke in Suid-Afrika worstel, is volgens Cilliers (2007:8) om die skakel te vind tussen hierdie paradigmas en die sewe reuse van Sacla wat reeds genoem is. In Gemeentebou is dit uiters belangrik om rekening te hou met die omgewing waarin die evangelie verkondig word. Nel (1994:152) vra die volgende vraag: "Hoe vergelyk die gemeente byvoorbeeld met die samelewing waaruit God hulle geroep het om syne te wees?" Teen die agtergrond van hierdie opmerking is dit uiters belangrik dat daar rekening gehou moet word met die demografie van 'n gemeente.

**4.2.2.3 Laag 3: Ekonomie – die towerstaf**

Die ekonomie is 'n volgende, baie belangrike laag van die "ui" wat ondersoek moet word. Alhoewel Suid-Afrika na 1994 baie anders lyk en ekonomies gegroei het, is die ekonomie nog nie wat dit moet wees nie. Deel van die realiteit in Suid-Afrika is dat die ekonomie nie voldoende herversprei is tussen die verskillende bevolkingsgroepe van die land nie. Hierdie feit het veroorsaak dat voormalige president Thabo Mbeki in die Parlement in Kaapstad op 29 Mei 1998 na Suid-Afrika verwys het as "two nations within one South Africa," naamlik 'n ryk en 'n arm volk (Cilliers 2007:9).



© University of Pretoria

Cilliers (2007:10) sien die rol van die kerk in dié verband as die skepper van 'n nuwe identiteit. Hierdie opmerking is van belang vir hierdie navorsing, aangesien die hipotese waarmee daar gewerk word, die beeld wat lidmate van die NHKA het van God, 'n invloed uitoefen op hulle missionale betrokkenheid by die opbou van die gemeente. Die kerk, en spesifiek die NHKA, het dus die uitdaging om 'n atmosfeer te skep wat sal bydra tot die positiewe ervaring van God, om so sy beeld in hulle te versterk.

**4.2.2.4 Laag 4: Die kern – die soeke na 'n nuwe identiteit**

Soos wat die verskillende lae van die ui verwyder word in 'n poging om die omgewing waarin die kerk haarself bevind, te verstaan, word dit duidelik dat die kern van die ui wat oorbly, die soeke is na 'n nuwe identiteit. Soos wat elke laag verwyder is, het die noodsaaklikheid van 'n gemeenskaplike kern al hoe duideliker geword. Cilliers (2007:10) maak in dié verband die volgende opmerking: "In my view, the latter constitutes a core issue facing culture, religion and hence also the churches in the years to come." Die dringendheid in die soeke na 'n gemeenskaplike kern of nuwe identiteit is te vinde in die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing. 'n Diversiteit wat ook gevolge en uitdagings vir die kerke in Suid-Afrika inhou.

In die soeke na 'n identiteit, noem Cilliers (2007:11) drie moontlikhede waardeur 'n nuwe identiteit gevorm kan word, naamlik: "cultural assimilation", "multicultural pluralism" of "cultural engineering". Alhoewel hierdie drie sake nie in besonderhede bespreek word nie, is dit wel belangrik om vanuit 'n Gemeentebouperspektief die effek van die invloed van die samelewing op die gemeente te besef (Nel 1994:159). Nel (1994) wys daarop dat in die analise van die gemeente, daar deeglik rekening



© University of Pretoria

gehou moet word met die omgewing, aangesien die omgewing 'n besliste invloed op die gemeente het. So sal die soeke na 'n identiteit ook 'n invloed op die kerk en haar aktiwiteite hê.

Barnard en Post (2001:50) wys op die volgende belangrike saak ten opsigte van die veranderde situasie waarin die kerk haarself bevind: "Liturgie kan niet onveranderd in telkens wisselende culturele contexten worden gebruikt." Aangesien eredienste 'n integrale deel van 'n gemeente se aktiwiteite vorm, is dit van die allergrootste belang dat daar in die navorsing stilgestaan moet word by die liturgiese inkleding van eredienste in 'n veranderde situasie en veranderende omgewing (Barnard & Post 2001:50).

Die relevansie van liturgie in veranderende gemeenskappe en situasies word deur die volgende verklaring van The Lutheran World Federation (1996) beklemtoon:

- Liturgie is transkultureel. Die aanbidding van Christus oorspan kulture, tyd en grense en lei daartoe dat liturgie dieselfde bly ten spyte van wisselende situasies.
- Liturgie is kontekstueel. Die liturgie word vertaal in woorde en simbole wat eie is aan die natuurlike, kulturele en plaaslike konteks. So kan daar byvoorbeeld tydens nagmaal in Indonisië rys in plaas van brood gebruik word.
- Liturgie is kontra-kultureel. Die liturgie behoort die transformasie wat Christus se sterwe en opstanding gebring het, te werspieël midde in die veranderende wêreld. Dit kan beteken dat sekere bestaande kulture en gebruike bevraagteken en uitgedaag word.



© University of Pretoria

- Liturgie is kruiskultureel. Die liturgie kan gedeel word tussen mense van verskillende kerke en kulture, aangesien Christus tyd en ruimte oorspan.

Barnard en Post (2001:50) wys op die volgende: "Liturgische inculturatie blijkt aldus een complex, gelaagd en diep ingrijpend process." Om die metafoor van die ui met die verskillende lae te gebruik, kan verduidelik word dat elke nuwe laag of situasie van die Suid-Afrikaanse samelewing vra dat daar nuut gedink moet word oor die kerk en die invloed wat dit op lidmate se betrokkenheid by die opbou van die gemeente het.

In Hoofstuk 5 van hierdie navorsing sal volledig aandag gegee word aan liturgie. Hier word egter net kortliks verwys na die raakpunte tussen verandering en liturgie.

## 4.3 SEKULARISASIE EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Smit (2009:15), maak die volgende opmerkings met betrekking tot die situasie in Suid-Afrika:

- "Na beraming het meer as 1,2 miljoen mense die land die afgelope 20 jaar verlaat.
- Daar is meer as 2 000 plakkersgebiede in Suid-Afrika.
- Die volgehoue toestroming van immigrante bring vaardighede, maar ook negatiewe gevolge soos misdaad en dwelmhandel. Die beraming is dat daar tans (2009) tussen en 8 en 9 miljoen immigrante in Suid-Afrika is.
- Witmense wat in 1980 nog bykans 15% van die bevolking uitgemaak het, verteenwoordig in 2009 slegs 9,1%.



© University of Pretoria

Hieruit blyk dit dat die situasie waarin die kerke, en dan spesifiek die NHKA, haarself bevind, baie anders lyk as 'n dekade of wat gelede. Dreyer (2009:5) beweer:

> "Die NHKA se verlies aan belydende lidmate het in die dekade 1999 tot 2008 verdubbel (van 6% tot 12%), in vergelyking met die dekade 1988 tot 1998. Hierdie versnelling sal na alle waarskynlikheid toeneem, omdat kleiner kerke meer blootgestel word aan demografiese veranderinge. Dit word bevestig deur die daling van belydende lidmate van die Gereformeerde Kerke, wat drievoudig toegeneem het (van 3% tot 9%)."

Die Raad vir Apostolaat het in sy voorlegging aan die 68ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA 2007a:61) tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n verskeidenheid faktore is wat aanleiding gee tot die daling in getal lidmate, naamlik:

- Emigrasie van baie lidmate na die buiteland
- Lae geboortesyfer
- Veroudering van lidmate
- Gebrekkige geloofsopvoeding van kinders deur ouers
- Gebrekkige toesig oor en bearbeiding van bestaande lidmate
- Oneffektiewe bedieningstrukture
- Eredienste wat nie altyd inspirerend is of die jeug bereik nie
- Ingrypende sekularisasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap
- Die rol van die media
- Die aanvaarding van ander godsdienste of ateïsme as geldige alternatiewe
- Die invloed van ander kerke op die NHKA (konkurrente)



© University of Pretoria

- Die tyd van "tradisionele lidmaatskap" is verby
- Beweeglikheid van lidmate
- Min lojaliteit ten opsigte van een kerk of gemeente
- Jonger lidmate skakel by kerke en gemeentes in waar daar groter vryheid en variasie is, en waar hulle voel dat hulle geestelik versorg word en 'n sinvolle bydrae kan lewer

Dit is belangrik om van hierdie veranderende sosiologiese faktore kennis te neem en dit in aanmerking te neem in die beplanning van gemeentelike aktiwiteite (Nel 1994: 159) met spesifieke fokus op die missionale betrokkenheid van lidmate. Heitink (2012:254) is van mening dat 'n verdere gevolg van verandering sal lei tot verskillende reaksies, wat weer die volgende tot gevolg het: "naarmate God verder uit beeld verdween leide dit ook tot het ontstaan van een omsloten zelf, waaruit de ervaring van een persoonlijke God bij velen op den duur wegvloeide." Tog is Heitink (2012:254) ook van mening dat die volgende ook kan gebeur: "Bij anderen verdiepte het zelfgesprek zich daarentegen tot een mystieke ervaring, gevoed door een innerlijke bron."

## 4.4 DIE INVLOED VAN SEKULARISASIE OP DIE EKONOMIESE WELSTAND VAN LIDMATE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Situasie- en omgewingsdiagnose (Nel 1994:159) is belangrik ten einde die omgewing te definieer waarin 'n gemeente of kerk haar roeping moet vervul. In die situasie- en omgewingsdiagnose van Suid-Afrika in 2009, maak Smit (2009) die volgende



© University of Pretoria

opmerkings in verband met die ekonomiese situasie waarin Suid-Afrikaners en gevolglik lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk hulle bevind:

- Die wiel van bevoorregting en bevoordeling het in 1994 dramaties gedraai. Globalisering het reeds sedert die 1980's groot ekonomiese struktuur-veranderinge veroorsaak. Die nuutverkose demokratiese regering was vasberade om na 1994 die ongelykhede van die verlede reg te stel.
- Die staatsdiens was vir dekades die toetreevlak vir baie Afrikaners tot die arbeidsmark. Deur vroeë uittrede en vrywillige skeidingspakkette het die nuwe regering van talle staatsamptenare ontslae geraak. Vanaf 1998 tot 2002 het bykans 117 000 blanke amptenare hul poste ontruim.
- Voornemende blanke studente kry moeilik studiebeurse, terwyl sommige universiteite openlik teen blankes diskrimineer en hulle toegang tot veral professionele studierigtings weier.
- Die emigrasie van ongeveer een miljoen blankes sedert die begin van die 1990's het werkskepping benadeel, en het die sosiale ondersteuningsbasis van baie bejaardes nadelig geraak. 'n Groot aantal blankes wat hulle posisie om verskeie redes moes ontruim, het as entrepreneurs uitstekend gevaar. Daar was ook mislukkings, en talle blankes het óf hulle uittredingpakkette onverstandig belê, óf vind tans uit dat dit jaarliks deur inflasie geërodeer word.

Heitink (1999:301) het vroeër daarop gewys dat baie mense ook die werkplek moet verlaat weens hulle ouderdom en dit dra by tot die ekonomiese krisis waarin baie mense hulle bevind. Baie mense is nie gereed om weens hulle ouderdom op te hou werk nie, omdat hulle onvoldoende finansiële voorsiening vir hulle oudag het. Hieruit



© University of Pretoria

is dit duidelik dat die ekonomiese omgewing waarin die NHKA haar bevind, oor die afgelope dekade dramaties verander het. Nie alleen het die demografiese verskuiwings meegebring dat die omgewing verander het nie, maar dit het ook die ekonomiese posisie van lidmate van die NHKA beïnvloed, waarvan die oorgrote meerderheid blank en Afrikaanssprekend is. Smit (2009) wys daarop dat die persoonlike inkomste van blankes se aandeel tot die totale inkomste van alle bevolkingsgroepe van 70,4% in 1960 gedaal het tot 42% in 2007; 'n daling wat 'n wesenlike invloed op die lewens van lidmate van die kerk het; nie bloot net finansieel nie, maar ook fisies en emosioneel, soos blyk uit die navorsing van Schoeman en Dreyer (2008:1045): "Hierdie studies het konstant bevestig dat werkloosheid oor die algemeen geassosieer kan word met fisiese en sielkundige welstand wat verswak, soos weerspieël in vlakke van angs en depressie en stresverwante simptome soos hoof- en maagpyn.

Schoeman en Dreyer (2008:1047) het in hulle navorsing bevind dat werkloosheid nie net diegene raak wat hulle werk verloor nie, maar ook diegene wat agterbly nadat ander hulle werk verloor het. Hulle lewe enersyds met die vrees dat hulle ook hulle werk kan verloor, en andersyds het hulle die verantwoordelikheid om die take van diegene wat hulle werk verloor het, oor te neem. In dié verband maak Schoeman en Dreyer (2008:1047) die volgende opmerking: "Op die langtermyn kan hierdie negatiwiteit uitkring na persone se gesin, die kerk, die gemeenskap, die ekonomie en selfs die sosiopolitieke omgewing."

'n Ander verskynsel waarmee baie gemeentes in die hedendaagse konteks gekonfronteer word, is die toenemende verskynsel van emigrasie van families weens



© University of Pretoria

werkverliese in Suid-Afrika, en die onvermoë om plaaslik werk te kry. Toenemend is dan ook die tendens dat baie mans in die buiteland gaan werk, terwyl hulle gesinne in Suid-Afrika agterbly, en dit het tot gevolg dat in baie gesinne die afwesige vader, weens ekonomiese redes, 'n werklikheid geword het. In beide gevalle het dit implikasies vir die plaaslike gemeente.

Volgens Schoeman en Dreyer (2008:1068–9) moet kerke en ander rolspelers betrokke raak by die ekonomiese, sosiale en morele hervorming van Suid-Afrika in hierdie tyd van sosio-ekonomiese uitdagings weens werkloosheid, wat 'n al groter probleem in Suid-Afrika word. Volgens Smit (2009) word meer as 600 000 blankes in Suid-Afrika geklassifiseer as arm, waarvan die effek na die breë gemeenskap van Suid-Afrika uitkring. Die verantwoordelikheid van kerke raak al hoe groter om lidmate pastoraal te versorg. Jonker (2008:152) wys daarop dat die kerk nie anders kan as om by die lot van die armes betrokke te raak nie.

In Hoofstuk 5 van hierdie navorsing word breedvoerig ingegaan op die liturgie en hoe lidmate se Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring met mekaar in verband staan.

## 4.5 SEKULARISASIE EN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA IN 'N VERANDERDE POLITIEKE SITUASIE

### 4.5.1 Die Volkskerk

Met 'n ondersoek na wat die invloed van die politieke situasie in Suid-Afrika na 1994 op die Nederduitsch Hervormde Kerk is, kom die term *volkskerk* byna vanself te voorskyn. *Volkskerk* is 'n term wat baie wyd bespreek is, wat apostolêr iets wil



© University of Pretoria

verwoord van die fokus van die kerk se arbeidsveld. Tog het die *volkskerk*-gedagte vir baie ook 'n politieke kleur gekry weens die assosiasie met die Afrikanervolk, soos verwoord in die kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) in Ordereël 4:

> "Die Kerk is 'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense."

Wat word bedoel as daar na die NHKA as 'n "volkskerk" verwys word? Ten opsigte van die "volkskerk" word onder andere die volgende opmerkings gemaak:

- "Die begrip 'volkskerk' en die NHKA het byna sinoniem geraak" (NHKA. 2007:338);
- Die aanvanklike bedoeling met die begrip is dat dit verstaan moet word as "kerk vir die volk, en nooit kerk van die volk nie." (NHKA 2007a:338).
- In Nederland het die owerheid egter meer seggenskap in kerksake gehad as wat Calvyn bedoel het. Op die sinode van Dordt het die owerheid self sitting geneem. So is die sogenaamde Statebybel in opdrag van hierdie sinode uitgegee. Vanuit hierdie staatskerkpraktyk het die begrip volkskerk gegroei met die betekenis dat elke lid van die volk daaraan móét of outomaties sál behoort (Van derWesthuizen 1981:21);
- Die gevolgtrekking is dat alhoewel die NHKA die staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek was, dit nie beteken het dat die staat ingemeng het in kerklike sake, aan die kerk voorgeskryf het of dwingend opgetree het nie. Aan die anderkant wou die NHKA nie op die terrein van die owerheid oortree nie. Die NHKA as staatskerk was tegelyk volkskerk (Dreyer 1996:882);



© University of Pretoria

- Dit impliseer dat die NHKA nooit die spanning tussen kerk en volk kan ophef nie. Die kerk behoort nie aan die volk nie, maar aan Christus (Dreyer 1996:888);
- Die adres, wat die NHKA betref, is in die eerste plek die Afrikanervolk. Die NHKA bid, preek en sing in Afrikaans (Dreyer 1996:888);
- Botha beskryf die verhouding tussen Kerk en volk sedert die Kaapse periode en hy evalueer ook die teologiese insette van Hoedemaker, Berkhof, Langman, Van Ruler en andere; waarna reeds verwys is. Hy wys daarop dat die NHKA uit beginsel 'n 'Christus'-belydende volkskerk en Kerk vir die Afrikaner wil wees (Dreyer 2006:1 358).

Jonker (2008:17) vra die volgende vrae ten opsigte van die begrip volkskerk, wat van hier belangrik is:

- Die vraag is nie of slegs burgers van een volk aan die kerk behoort nie, maar of die kerk in 'n bepaalde land op sodanige wyse die geheel van die bevolking probeer omvat;
- of die kerk en volk prakties saamval;
- en of lidmaatskap van die kerk feitlik 'n vanselfsprekendheid vir alle lede van die volk word.

Jonker (2008:17) wys op die gevaar dat kerk en volk op sodanige wyse met mekaar kan saamvloei, dat die kerk se aard daardeur in gedrang kom, en dat die kerk later die religieuse sy van die volks- en staatslewe word. Dit kan volgens Brugger (2009:170) aanleiding gee tot "being a theocracy, in which the division or separation model is lost: here a legal requirement is often a religious one."



© University of Pretoria

Waar die verhouding tussen NHKA en die regering van die volk voor die demokratiese verkiesing van 1994 in Suid-Afrika baie nou met mekaar verbind was, het die situasie ná 1994 dramaties verander. Na die aanvaarding van die Kerkorde in 1997 was daar ook 'n dramatiese afname in navorsing en publikasies, wat die NHKA as volkskerk positief beoordeel (Dreyer 2006:1 358).

Dreyer (2006:1 364–1 365) toon aan dat die situasie in Suid-Afrika na 2006 soos volg lyk:

- Kerklidmaatskap onder Afrikaners is besig om af te neem;
- Die owerheid van Suid-Afrika is neutraal en handhaaf 'n skerp skeiding tussen kerk en staat;
- Christelike onderwys word ontmoedig, ten gunste van 'n godsdiens-neutrale onderwys;
- Die hele teokratiese verstaan van 'n Christelike gemenebes, waar kerk, volk en owerheid onder heerskappy van God staan (en wat die onderbou vir 'n volkskerk bied), is tot niet en sal nooit weer bestaan nie;
- Alle gemeenskappe in Suid-Afrika, maar veral in die stedelike komplekse, is volkome veelrassig en multikultureel;
- Al meer gemeentes van die NHKA akkommodeer swart en bruin lidmate uit hulle omgewing;
- Deur die massamedia het die wêreld 'n sogenaamde *global village* geword;
- Afrikaanse kinders het binne 'n relatief kort tydsverloop 'n radikaal ander lewens- en wêreldbeskouing as hulle ouers ontwikkel;
- Jongmense het reeds aangepas in 'n multikulturele samelewing en is dikwels gemaklik in werkplekke met swart bestuurders of eienaars.



© University of Pretoria

Met dit in gedagte is dit duidelik dat die politieke omgewing waarin die NHKA haarself bevind, baie anders lyk as 'n dekade gelede. Waar baie lidmate van die NHKA in die verlede deel was, of deel gevoel het van die regering, het dit na 1994 in so 'n mate verander dat hulle ervaring van die regering aansluiting vind by wat Juergensmeyer (2011:185) soos volg beskryf: "the actives involved in these movements are parts of communities that perceive themselves to be fragile, vulnerable and under siege from a hostile secular world." Die regering of die staat word as die vyand of die opposisie beskou wat tot gevolg het dat: " it has been generated by the construction of the idea of a secular social order, that marginalizes religious values, practices and identies and creates a potential scapegoat for social and culture frustrations" Juergensmeyer (2011:184). Mense voel dus gemarginaliseer as gevolg van verliese en dit lei daartoe dat die staat as die vyand beskou word.

### 4.5.2 Misdaad en geweld

Een van die dinge wat sedert die veranderinge ná 1994 in Suid Afrika nie verander het nie, is misdaad en geweld. Dit het drasties toegeneem. Cilliers (2007:8) wys daarop dat ten spyte van politieke en ekonomiese groei wat daar in Suid Afrika voorkom, die vlakke van misdaad en geweld geweldig hoog bly. Voster (2006:742) vestig ook die aandag daarop dat "criminality has increased quite significantly since 1994". Volgens misdaadstatistiek wat in September 2009 bekend gemaak is, wys Afriforum (2009) op die volgende tendense in misdaad:

- Roof by besigheidspersele het met 41,4% gestyg;
- Roof by residensiële persele het met 27,3% gestyg;
- Motorkapings het met 5% gestyg;
- In die afgelope jaar is 18 148 moorde gepleeg.



© University of Pretoria

Schulze (2009:9) wys daarop dat "Suid-Afrika in die vroeë deel van die een-en-twintigste eeu, bestempel word as die geweldshoofstad van die wêreld (moord het 'n verhouding van 40,3 per 100 000 mense uitgemaak). Die bogenoemde skilder 'n prentjie van Suid-Afrika wat in 'n toestand van algemene kriminaliteit en wanorde verval. Die situasie is van so 'n aard dat, as gevolg van die blootstelling wat mense aan misdaad en geweld het, baie meer mense vatbaar is vir kriminele viktimisasie, en meer en meer mense en veral kinders word die voorreg ontneem om sonder geweld en misdaad groot te word (Schulze 2009:17). Die gevolg van die voortdurende blootstelling aan misdaad en geweld, is dat baie jeugdiges hierdie optrede en karaktereienskappe aanleer en naboots (Schulze 2009:13). Die gevolge hiervan is verreikend vir die kerk, aangesien misdaad 'n besliste invloed op mense se lewenspatrone, en veral ook hulle betrokkenheid by die kerk en gemeentelike aktiwiteite het.

Jonker (2008:155) is van mening dat daar wêreldwyd 'n verandering gekom het wat 'n einde bring aan die oorheersing van 'n Westerse, blanke dominante posisie deur die Christendom. Volgens hom is ons in Suid-Afrika in 'n sekere sin die kruispunt waar al hierdie veranderinge bymekaarkom, en die gevolg is volgens Jonker (2008:156) dat:

> "dit geen wonder is dat ons op 'n besondere wyse blootgestel is aan die pyn en verwarring, die haat en bitterheid, die geweld en gevaar wat gepaard gaan met sulke groot omwendinge in die kulturele en geestesgeskiedenis van die mens nie."

Jonker (2008:156) is van mening dat ons in Suid-Afrika voor 'n bedreiging staan wat die potensiaal het om die land en sy inwoners te vernietig. Een van die redes hiervoor is dat "die 1994 Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie grootliks misluk het, want



© University of Pretoria

misdaad en geweld is nou vir 'n groot persentasie Suid-Afrikaners 'n wettige element in hul eie kultuur en beleweniswêreld" (Schulze 2009:14).

### 4.5.3 Gevolgtrekking

Die omgewing waarin die kerke hulle in 2009 in Suid Afrika bevind het, het baie verander. Van Wyk (2005:674) maak in dié opsig die volgende opmerking: "South Africa is a multireligion, multiconfessional country. One religion and one confession can no longer insist on being given preference by the state." Die veranderde en veranderende omgewing het ook 'n invloed op die stem van die kerk, en dan spesifiek die NHKA:

> "This has far-reaching consequences for the Nederduitsch Hervormde Church, which is closely associated with the Afrikaner culture. The church will in future have to be very cautious about taking a standpoint on culturally related issues, such as education matters" (Van Wyk 2005:675).

Die veranderde omgewing het ook 'n invloed op die NHKA se bediening, want die verandering wat in die land gekom het, het ook in die NHKA se midde neerslag gevind: "Under no circumstances may the Church be blind to the political pluralism in its own ranks" (Van Wyk 2005:675). Die veranderde omgewing het nie slegs 'n invloed op die NHKA se bediening nie, maar ook op die lidmaatgetalle van die NHKA, wat weer 'n invloed op die bediening het. Voster (2006:748) verwys na Black, wat daarop wys dat: "At the same time affirmative action lead to the loss of skills, since many well-trained and skilled white people leave the country to seek better opportunities elsewhere." Volgens Dreyer (2003:1049) wys die sensus van 1991 daarop dat daar 5 068 110 blankes in Suid Afrika is, terwyl die sensus van 1996



© University of Pretoria

daarop wys dat dit na 4 434 697 gedaal het. Volgens Dreyer (2003) se verwysing na Hendriks, is daar moontlik drie redes vir hierdie tendens, naamlik "dat baie blankes nie besoek is tydens die sensusopname nie, emigrasie 'n groter rol speel as wat erken word, en 'n duidelike afname in die geboortekoers onder blankes".

Die kerk, as draer van hoop, het die verantwoordelikheid om die evangelie van die koninkryk van God te verkondig en 'n boodskap van hoop te bring wat volgens (Jonker 2008:159) mense en volke verander, gesindhede en strukture kan aangryp, vrede en 'n lewe van diensbaarheid aan mekaar beteken. Dit geld veral in die veranderde situasie waar geweld, misdaad en politieke veranderinge verdeeldheid en skeiding tussen mense bring weens agterdog teenoor mekaar en onsekerheid as gevolg van vrees vir eie veiligheid. Die kerk sal volgens Jonker (2008:149) met hierdie veranderinge moet rekening hou: "Die nood van die mens op die horisontale vlak: sy verhouding tot sy medemens en tot die wêreld, sy geestelike en liggaamlike, en sy ekonomiese en politieke bestaan."

## 4.6 DIE INVLOED VAN SOSIALE, EKONOMIESE EN POLITIEKE VERANDERING OP DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die fokus van hierdie hoofstuk in die navorsing is om vas te stel watter invloed die veranderde situasie van die 21$^{ste}$ eeu op die lidmate van die NHKA se beeld van God het. Die hipotese waarmee in hierdie navorsing gewerk word, is dat daar 'n direkte verband is tussen lidmate van die NHKA se Godsbeeld en hulle betrokkenheid by die opbou van missionale gerigtheid van die gemeente. Clasen (2008:45) maak die volgende opmerking wat belangrik is: "The cultural shift that is taking place has such



© University of Pretoria

an extensive impact on the design of our worship services that Kimball (2004:45) suggests everything has to change – preaching, evangelism, spiritual formation and all the other acts of communication."

Heitink (1999:301) verwys na Artikel 5 van die voorlopige Konstitusie van die Verenigde Protestante Kerk van Nederland, wat soos volg lui: "The church confesses each time anew, in its celebrations, words, and actions, Jesus Christ as Lord of the world, and thus calls for renewal of life in culture, state and society." Daar is dus 'n baie noue wisselwerking tussen kerk en wêreld, wat 'n besliste invloed het op die lidmate se betrokkenheid. Kimball (2004:17) is van mening dat: "As our culture radically changes, the church must change."

Een van die grootste uitdagings waarmee die kerk en dan veral die NHKA te doen het, is om die beginsel te verstaan dat aanbidding nie in 'n onveranderlike vorm gegiet is wat deur die eeue dieselfde gebly het nie. Soos wat mense se situasies verander het, so het hulle aanbidding deur die eeue ook verander. Kimball (2004:7) verwys na die enkele voorbeelde van hoe aanbidding in die Bybel verander en ontwikkel het (sien ook punt 2.1.3):

- Genesis 4: Kain en Abel se aanbidding het bestaan uit 'n offerande van hulle graan en vee. Die eerste liturgiese handelinge was bloot 'n offerande;
- Genesis 12:7, 12:8 en 13:18 is enkele voorbeelde waar Abraham telkens altare gebou het om offers te bring. Hy het telkens 'n aanbiddingsruimte geskep waar hy offers kon bring;



© University of Pretoria

- Genesis 28:22 vertel van die olie wat Jakob op die klip uitgegiet het nadat God in 'n droom aan hom verskyn het. Sonder om iets te offer, het hy God aanbid, en die plek Bet-El genoem wat "Huis van God" beteken;
- Gedurende die volk Israel se omswerwinge deur die woestyn, was die tabernakel hulle aanbiddingsplek met die ark van die verbond, lamp en ander toebehore as deel van hulle aanbidding en het die liturgiese inkleding hierop gefokus;
- Die tempel in Jerusalem was vir baie eeue die fokus van die volk se aanbidding. Die verskillende dele van die tempel, wat elkeen met ander toebehore gevul is, het die volk se liturgiese handelinge in Jerusalem bepaal;
- Tydens die volk Israel se ballingskap het die sinagoge met die Wet die liturgiese handelinge van die volk Israel bepaal;
- In die Nuwe Testamentiese tyd het gelowiges na Pinkster in huise bymekaar gekom en hier het maaltye 'n besondere rol begin speel in aanbidding;
- In die Vroeë kerk is kerke en katedrale gebou wat met loodglaswerke en beelde versier is;
- Die Reformasie het die klem op *Sola Scriptura* laat val en ontslae geraak van alles wat hierop inbreuk gemaak het;
- Tans lyk baie kerke soos ouditoriums en is hulle toegerus met dataprojektors en elektroniese toerusting.

Hieruit blyk dit dat daar geen vaste aanbiddingsvorm is nie. Soos wat die tye verander het, het elke generasie sy eie unieke aanbiddingsvorm en liturgie ontwikkel. Die postmoderne tyd bring dieselfde uitdaging: "The emerging church desires new wineskins for worship. These new wineskins are needed in response to our



© University of Pretoria

postmodern culture" (Kimball 2004:9). Die NHKA het ook hierdie uniekheid raakgesien:

> "Dit is selfs wesenlik dat eiesoortige gemeentes en geloofsgemeenskappe, met 'n eiesoortige bediening, gevestig word om post-kerklikes en ander bekeerlinge te akkommodeer wat nie gemaklik voel binne die bedieningstrukture van die NHKA nie (NHKA 2007a:65).

## 4.7 POSTSEKULARISASIE

### 4.7.1 Inleiding

Met die reeds vermelde hipotese van die navorsing in gedagte, is die opmerking van King (2009:11) dat postsekularisasie "a renewed engagement with religion" is, belangrik. Met hierdie opmerking word nuwe energie gevind ten opsigte van godsdiens in 'n tyd waarin dit nie meer vreemd en ongewoon is om nie meer godsdienstig te wees nie (Heitink 2012:45). Volgens King (2009:104) verwys dit na 'n nuwe debat en 'n era wat verby sekularisasie strek. Hiervolgens het sekularisasie dus nie die laaste sê nie, maar wel die opkoms van die sogenaamde 'Defenders of faith' wat staan teenoor 'Defenders of the faith' (King 2009:80). Die fokus het dus verskuif van 'the faith' na 'faith' (King 2009:80). Hierdie is 'n verskuiwing van 'n enkelvoudig gefokusde vorm van aanbidding, na 'n nuwe algemene openheid en aanvaarding van godsdienstigheid in die algemeen. Die grense het vervaag tussen verskillende godsdienste, en dit lei tot groter interaksie tussen verskillende geloofsgroepe (Heitink 2012:205). Teen hierdie agtergrond word navorsing gedoen na die Godsbeeld van lidmate van die NHKA. Daar word ondersoek gedoen na die invloed wat postsekularisasie op die NHKA het en wat die invloed daarvan is op die missionale betrokkenheid van lidmate. In watter mate is die NHKA in staat om hierdie



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

postsekulêre era te hanteer, al dan nie? Van der Merwe (2013:14) maak die volgende opmerking: "Die uitdaging waarvoor die NHKA tans staan is: 'hoe nou vorentoe?' Dat die kerk nie onaangeraak kan bly deur alles wat tot nou toe gesê is nie, is vanselfsprekend. Die status quo kan eenvoudig nie in 'n postsekulêre wêreld gehandhaaf word nie."

Postsekularisasie word volgens King (2009: 104) beskryf as "a renewed openness to questions of the spirit", en hierdie bewustheid skep nuwe energie in die soeke na insig en vrede. 'n Verdere gevolg van die postsekularisasie is dat daar 'n beweging is na 'Religion Studies' teenoor 'Theology' of 'Biblical Studies', wat 'n verdere interaksie tussen godsdienste daarstel en dit dus aanvaarbaar maak om verskillende godsdienste en godsdienstige geskrifte met mekaar te vergelyk en by mekaar te leer. Ons beweeg dus in 'n era waar dit nie meer vreemd is om te vra na verskillende beelde en opinies aangaande God nie: "that the various 'Gods', constructed out of differing spiritual impulses, need to be carefully distinguished, but that no one of them is more correct than another" (King 2009:114). Postsekularisasie bring die mens dus na 'n era wat nuwe uitdagings aan die kerk, en spesifiek die NHKA, stel. Dit is 'n tyd waarin nuwe vrae gevra word en nuwe antwoorde gevind moet word. Hierdie proses word soos volg deur Heitink (2012:194) beskryf: "Opvattingen over God, over seksualiteit, over opvoeding, over geld verdienen, over het leefmilieu, over kerklidmaatschap, om slechts enkele te noemen, zijn diepingrijpend veranderd en hebben naast gevoelens van opluchting en bevrijding ook de nodige twijfels en aanvechtingen met zich meegbracht."



© University of Pretoria

Die vraag wat beantwoord moet word, is watter invloed hierdie postsekularisasie op die NHKA het. Is die NHKA gereed vir die nuwe debat wat volgens King (2009:104) besig is om te ontvou? "We are asking to what extent does the debate present a renewed openness to questions of the spirit, while retaining the secular habits of critical thought?" Hiervolgens is postsekularisasie 'n kombinasie van soeke na geloof, sonder om terug te keer na die tradisionele geloofsgewoontes. Gelowiges bevind hulself dus in 'n omgewing en 'n tyd waarin die tradisionele vorme van aanbidding verander het en steeds verander. Daar is dus 'n herlewing van geloof sonder om terug te keer na die fundamentele godsdienstigheid van die verlede (King 2009:104). Herlewing is dus 'n herlewing van spiritualiteit en nie noodwendig van die instituut nie.

Die kerk word dus gekonfronteer met nuwe denke en Van der Merwe (2013:3) beskryf die uitdaging soos volg: "Die lens wat verskillende beelde van die kerk bied, is egter nie genoeg vir die kerk se verstaan van haarself, en van die werklikheid van 'n steeds veranderende wêreld waarin sy geroep is om die evangelie te verkondig nie."

### 4.7.2 POSTSEKULARISASIE EN GEMEENTEBOU

Die postsekulêre era vra dat daar nuut gedink sal word oor die gemeentemodelle. In dié opsig maak Heitink (2012:312) die volgende opmerking: "Er worden talloze pogingen ondernomen om waar mogenlijk nieuwe vormen van geloofsgemeenschap op te bouwen. Daarbij kan het niet gaan om restauratie van het traditionele 19de eeuwse kerkmodel. De tijd lijkt voorbij". Van Wyk (2013:2) is ook van mening dat die kerk, en spesifiek die NHKA, rekening moet hou met die postsekulêre era:



© University of Pretoria

> "Tradisionele kerke het ongeloofwaardig geraak, en hulle tradisies maak nie juis 'n indruk op tydgenote nie. 'n Hele nuwe kerklike bedeling moet dus geskep word."

Hieruit kan afgelei word dat die tyd aangebreek het dat gelowiges voor die uitdaging staan om die kerklike strukture meer vloeibaar te maak en dat die klem verskuif het vanaf geboue en strukture na verhoudings (Heitink 2012:313). Die vorming van netwerke raak al hoe belangriker, waar die fokus verskuif na verhoudinge en gemeenskap met mekaar (Callahan 1983:35).

In die vloeibare gemeenskap, waar die kerk nie meer as 'n georganiseerde instituut beskou word nie, is die oproep deur Van Wyk (2012:3) dat daar nie van die kerk weggedoen kan word nie. Heitink (2012:315) sê ook: "Ik wil niet in een wêreld zonder kathedralen leven." Die behoefte aan aanbidding bly dus 'n onontbeerlike werklikheid, ook in die postsekulêre era waarin dit soms lyk asof die bewustheid van God in sekere kulture en gemeenskappe besig is om te verdwyn. Tog kan dit nie veralgemeen word nie. Wepener (2011:258) is van mening dat die toenemende voorkoms van kruise langs paaie en op koppies naby dorpe, 'n aanduiding is dat daar eerder 'n groeiende godsdienstige bewustheid is en dat die rituele landskap besig is om te verander.

Hierdie veranderinge lei tot 'n vloeibare gemeenskap (Heitink 2012:313) wat in die postsekulêre era uitkristaliseer in die ingeweefdheid van die verskillende gemeentemodelle.



© University of Pretoria

## 4.8 SCHARMER SE TEORIE

Scharmer en Kaufer (2013:22) se "Theory U" laat die fokus val op dit wat mens kan doen en behoort te doen ten einde die antwoord te vind op die dieper dimensie van leierskap en sosiale veranderinge. Alhoewel Scharmer en Kaufer (2013:22) fokus op leierskap in 'n sosiale en ekonomiese veranderende wêreld, kan daar baie by hulle geleer word ten opsigte van verandering en die bestuur van veranderinge.

Scharmer en Kaufer (2013:1) wys op die volgende: "We have entered an Age of Disruption". Hulle laat die fokus val op die wisselwerking tussen dít wat verbygaan en dít wat kom en die gevolge van hierdie proses wat volgens hulle 'n ontwrigting is. Daarom is dit belangrik dat hierdie "Age of Disruption" (Scharmer & Kaufer 2013:1) georden moet word. Ons wil hierby aansluiting vind, aangesien die NHKA ook in 'n sekere mate deur hierdie ontwrigting getref word. Hierdie proses word soos volg deur Scharmer en Kaufer (2013:1) beskryf:

> "Maximum material consumption, bigger is better, and special-interest-group-driven dicision-making that has led us into a state of organized irresponsibility, collectively creating results that nobody wants."

Hulle waarneming en opmerking is dat gelowiges hulself dikwels besig hou met dinge wat lei tot 'n optrede wat verduidelik kan word as 'n georganiseerde onverantwoordelikheid (Scharmer & Kaufer 2013:1) wat resultate lewer wat nie meer in aanvraag is nie. Dit beteken dat energie en tyd spandeer word op dinge wat nie nodig is nie. Dit is ook in sommige gevalle van toepassing op die kerk. Jamieson (2002:15) het voor Scharmer en Kaufer (2013:1) waargeneem dat gelowiges, en in die geval van hierdie navorsing, die kerk, dikwels resultate lewer wat nie meer van



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belang is nie en dit het tot gevolg dat mense die kerk verlaat, sonder om die Christelike geloof te verlaat. Alhoewel die Christelike geloof nog belangrik is, is die kerk as instituut vir baie gelowiges nie meer relevant nie en lewer dit in sommige gevalle resultate wat nie meer in aanvraag is nie.

Scharmer en Kaufer (2013:1 ) is van mening dat die fokus nou verskuif het:

> "It's a future that requires us to tap into a deeper level of our humanity, of who we really are and who we want to be in society. It's a future that we can sense, feel and actualize by shifting the inner place from which we operate. It is a future that in those moments of disruption, begins to presence itself through us."

Volgens Scharmer en Kaufer (2013:1) is die onsekerheid waarin gelowiges hulself dikwels bevind, die nuwe begin wat nodig is. Deur hulle en in hulle begin daar dus iets nuuts. Hierdie onsekerheid en onstabiliteit is die vonk wat 'n nuwe begin aktiveer met die fokus op waarneming, asook op 'n dieper vlak van menswees en in die geval van die kerk en geloof, die eksistensie van die mens se bestaan. Die onsekerheid van 'n veranderende bestaan kan beskryf word as "the disruptive changes of our time. We also look at these disruptive events from the viewpoint of change-makers" (Scharmer & Kaufer 2013:27). Hierdie 'disruptive events' het ook die kerk, en in die besonder die NHKA, getref en dit het moontlik bygedra tot die kerkskeuring (Dreyer 2014:1) omdat baie lidmate nie die onsekerheid van sekere nuwe besluite in die NHKA kon hanteer nie.



© University of Pretoria

Scharmer en Kaufer (2013: 22) se "Theory U" het juis ten doel om gelowiges te begelei om die 'disruptive events' te verdiskonteur deur die fokus te verskuif van die individu na die groep, van die enkeling na die groep, van 'n na-binne-gerigtheid na 'n na-buite-gerigtheid.

> "Instead, what we often observe in current reality is a disconnection between reality and awareness: that is, between an eco-system-centric global economy and an ego-system-centric awareness of institutional dicision-makers. The result is a war of the parts against the whole" (Scharmer & Kaufer 2013:12).

As gevolg van 'n gebrek aan waarneming, is daar volgens Scharmer en Kaufer (2013:12) 'n kortsluiting of onderbreking tussen die werklikheid en die waarneming van die werklikheid. Die werklikheid word dus onderbreek en versteur en volgens Scharmer en Kaufer is dit weens 'n gebrek aan waarneming (Scharmer & Kaufer 2013:12). Dit is dus belangrik dat die fokus verskuif van 'n na-binne-gerigtheid ("ego-system"), wat gekenmerk word deur "We can freeze and revert to our deeply ingrained habits of the past" (Scharmer & Kaufer 2013:29) na 'n na-buite-gerigtheid ("eco-system"), "or we can stop and lean into the space of the unknown, lean into that which wants to emerge" (Scharmer & Kaufer 2013:29). Dit gaan hiervolgens nie meer oor wat vir die individu belangrik is nie, maar dit gaan oor wat belangrik is vir die groep en die gemeenskap waarvan die individu deel is. Die sin en vreugde van die individu se bestaan lê nie in hom-/haarself nie, maar in sy/haar deelwees van die groter gemeenskap en "by the well-being of the whole" (Scharmer & Kaufer 2013:2).

Met "Theory U" is dit belangrik om op die volgende te let: "They are connecting to deep sources of knowing, sensing the future that wants to emerge" (Scharmer &



© University of Pretoria

Kaufer 2013:31). Die na-buite-gerigtheid en die waarneming van dít wat besig is om te gebeur, word die stimulus vir aksie. Die gebrek aan waagmoed om die onbekende aan te durf, is dikwels juis dit wat verhinder dat daar groei kom. Scharmer & Kaufer (2013:18) is egter van mening dat "The formula for a successful change process is not 'form follows function', but 'form follows consciousness'." Die bewustheid van die situasie bepaal dus die mate waarin die situasie gaan verander. Verandering kom dus nie vanself nie, maar is die gevolg van 'n bewustheid wat ontstaan en tot aksie lei. Dit is 'n aksie van "letting go of the past in order to connect with and learn from emerging future possibilities" (Scharmer & Kaufer 2013:19). Die ontginning van die toekoms is 'n onsekere stap wat gegee word die onsekerheid in.

Riglyne in die hantering van die onsekerheid kan gevind word in Buitendag (2009:220) se triangulasie, wat hy soos volg verduidelik:

> "Ek wil eerder na analogie van vroeëre skepe met primitiewe navigasiestelsels en met die planete en sterre as primêre referensieraamwerk, die begrip triangulasie van die opskrif verstaan as die oriëntasie wat die gelowige in hierdie wêreld poog te vind, spesifiek in terme van die gemeente se ontmoeting met God, en wat ek met die omvattende term *kosmiese liturgie* wil aandui.

Hiervolgens oriënteer die gelowige hom in sy ontmoeting met God. God is die eksistensiële ankerpunt wat koers en rigting verskaf aan die gelowige wat 'n onsekere toekoms tegemoet gaan. Buitendag (2009:221) verwys na Jakob (Genesis 28) wat op reis is vanaf Israel, die bekende, waar sy ouerhuis was, na sy oom Laban in Padan-Aram, die onbekende. Tydens hierdie reis vanaf die bekende na die onbekende,



© University of Pretoria

oornag hy by Bet-el en verskyn God aan hom. God openbaar hom aan Jakob as die God van Abraham en Isak. Aangesien die fokus van hierdie navorsing val op Gemeentebou, sal enkele opmerkings ten opsigte van Genesis 28 gemaak word, sonder om die gedeelte eksegeties volledig te verklaar.

- God openbaar Hom aan Jakob as die God van Abraham en Isak (Genesis 28:13). Jakob ontmoet God dus as die God van sy voorvaders. Die beeld wat hy dus van God hier kry, is 'n Vaderbeeld. As Vader openbaar God Homself aan Jakob;
- God openbaar aan Jakob dat Hy die grond aan hom sal gee, dat sy grondgebied sal uitbrei en dat sy nageslag sal vermeerder (Genesis 28:14). Die beeld van God as Skepper en Koning word hiermee benadruk;
- God se belofte aan Jakob is dat Hy hom sal beskerm op sy reis (Genesis 28: 15). God se beeld as Regter en Koning word hierdeur beklemtoon.

Jakob se reaksie op die openbaring van God is 'n liturgiese handeling, wanneer hy olie op die klip uitgiet (Genesis 28:18) en die plek verklaar tot huis van God. Met hierdie handeling van Jakob word 'n nuwe plek van aanbidding geskep, met die verwagting van liturgiese handelinge as hy onderneem om 'n tiende te gee. Hier vind Jakob 'n vastepunt wat dien as 'n ankerpunt op sy reis van die bekende na die onbekende.

In aansluiting hierby kan verwys word na Scharmer & Kaufer (2013:13) se beklemtoning van die noodsaak om uit die bekende huidige situasie te beweeg na die onbekende, en die ontdekking en omhelsing van die toekoms. In die omhelsing van die toekoms en uitreiking na die onbekende, is die vashoupunt vir die gelowige sy beeld van en verhouding met God.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# LITURGIE

## 5.1 INLEIDING

Die hipotese van die navorsing is dat lidmate van die NHKA se Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring in die erediens, direk met mekaar verband hou, en dat dit 'n invloed uitoefen op lidmate se betrokkenheid by die missionale opbou van die gemeente. Teen die agtergrond van hierdie hipotese vorm liturgie en liturgiese handelinge in die erediens 'n integrale deel van hierdie navorsing en daarom wil die navorser in hierdie hoofstuk spesifiek fokus op liturgie en die liturgiese handelinge, en in besonder die liturgie in die erediens. Aangesien die erediens, met sy ryke verskeidenheid van liturgiese elemente, 'n ontmoetingsgebeurtenis tussen God en mens is (Beukes 1990:18), sal daar gekyk word na die invloed wat erediensgangers se Godsbeeld op hulle liturgiese handelinge in die erediens en die opbou van die gemeente het. Beukes (1990:18) definieer die erediens as 'n wisselwerking tussen God en die mens, wat beïnvloed word deur erediensgangers se Godsbeeld. Hiervolgens is liturgie dus 'n beweging van handelinge tussen God en die mens, asook tussen mens en mens. In die lig hiervan kan gepraat word van die liturgie van die lewe wat die mens in sy totaliteit met al sy handelinge insluit (Cilliers 2007:28).

## 5.2 OMSKRYWINGS VAN LITURGIE

Calvyn sien liturgie as "Niet alleen in de kerk is er de dienst van God, maar evenzeer in het dagelijksbedrijf van ons mensen" (Brienen 1987:175). Volgens hom is daar 'n verband tussen liturgie en etiek, aangesien dít wat op 'n Sondag in die erediens gebeur, deurwerk na dít wat in die week gedoen word. Aanbidding in die erediens



© University of Pretoria

vloei oor na die lewe van elke dag, en daaruit vloei om die beurt die erediens van die lewe wat poog om getuie te wees van God se almag (De Klerk 2007:29).

Barnard (1981:52) is ook van mening dat liturgie wyer strek as net die erediens: "[Dit omvat] die hele lewe en geskied in die daaglikse lewe; dit is die allesomvattende en insluitende diens aan God. Dit handel oor alles in en om die erediens en soos dit in die lewe gerealiseer word." Hiervolgens omvat die begrip *liturgie* volgens Barnard (1981:52) die preek, die nagmaal, die doop, die openbare belydenis van geloof, die bevestiging van ampsdraers, gebedsdienste, Bybelstudie, huweliksdienste, asook die verskillende elemente van die erediens. Dit sluit ook die kerkgebou, en die dinamiek van die erediens in."

Etimologies kan liturgie volgens Barnard (1981:53) verklaar word as *letos*, wat 'volk' beteken, en *ergon*, wat 'werk' beteken. Dus beteken liturgie 'diens van die volk' of 'werk in belang van die volk'. Die volk of gemeente is dus handelend besig om God te dien. Barnard (1981:54) som die gebruik van *leitourgia* en *leitourgein* op as verwysings na heidense en Joodse tempelkultusse, asook om die Hemelse erediens van Christus uit te druk, soos vergestalt in die offer aan die Kruis. Die terme word ook volgens Barnard (1981:54) gebruik om na die Christelike lewe en liefdesdiens te verwys. Hiervolgens verwys liturgie dus na die totaliteit van aanbiddingshandelinge.

Cilliers (2011:2) beskou liturgie as die spanning tussen dít wat reeds is en dít wat verwag word. In hierdie lig merk hy op dat "it could be a fair question to ask whether the future is not strangely absent from our liturgies". Liturgie is hiervolgens die ruimte waarin daar uitgereik word na die toekoms en dit is gevul met die afwagting



© University of Pretoria

van God se koms. Die vraag van Cilliers (2011:2) is egter 'n uitroep en afwagting op die teenwoordigheid van God. Volgens Cilliers (2011:2) kan tyd en ruimte nie verdeel word nie:

> "Through the Eucharist we are incorporated into the tension of faith in the present absent God, the already, and not yet, that permeates our existence."

Met reg kan ons vra of God se teenwoordigheid in ons liturgiese aktiwiteite ervaar word. Alhoewel die sakramente die sigbare herinnering aan Christus se teenwoordigheid in ons lewens is, blyk dit egter nie altyd so ervaar te word nie.

Wepener (2012:113) plaas liturgie binne die raamwerk van "liturgiese studie" en hieronder verstaan hy: "the complete enacted ritual performance, in which both God and humans are involved, which entails much more than only what one finds in written documents such as prayer books. Thus both the worshipper and the One being worshipped, serve as objects of study in liturgical research". Hierdie opmerking deur Wepener en die navorsingshipotese waarmee in hierdie navorsing gewerk word, vind aansluiting by mekaar, aangesien liturgie nie slegs oor die keuse van liedere handel nie, fokus juis op die totaliteit van aanbidding fokus, wat ook rituele insluit (Wepener 2012:114).

## 5.3 LITURGIE EN LITURGIESE HANDELINGE

In die lig van lidmate se belewenis van liturgie, sal liturgie as ontmoetingstyd (Vos 1999:102) en die bydrae wat die liturgie van die NHKA tot die verskillende ekklesiologiese modelle van die NHKA lewer, in hierdie navorsing ondersoek word. Die hipotese van hierdie navorsing is 'n ondersoek na lidmate van die NHKA se



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring in die erediens, en die invloed wat dit op hulle betrokkenheid by die missionale opbou van die gemeente het.

Cilliers (2009:1) is van mening dat:

> "Religion, as well as worship, is not meant to be purely a matter of crisis management. Life is contingent and this should also be reflected in worship services. But worship is also a way of being assured that the contingency of life does not have the final say. When I say: 'I am before God', I express the conviction that I am in the process of becoming what I should be, what God intended me to be, together with the community of faith."

Indien hierdie opmerking van Cilliers as vertrekpunt geneem word, kan aanbidding en vervolgens ook liturgie beskryf word as die spieëlbeeld van die mens se poging om dít te word wat God se skeppingsdoel met die mens is, naamlik om biddend in die teenwoordigheid van God te lewe. Hiervolgens is liturgie die ruimte en totaliteit van aktiwiteite waarin God en mens met mekaar in ontmoeting tree. Naas die aanbiddingsgebeure het die liturgiese handelinge volgens Barnard en Wepener (2012:7) ook 'n pedagogiese funksie, aangesien dit lei tot "gaining, transmitting and displaying knowledge", wat verandering tot gevolg het. In die ontmoetingsgebeurtenis tussen God en mens word die metaforiese beeld van God as Leraar vooropgestel .

Vos (1999:102) gaan van die standpunt uit dat die liturgie agnosme bestry. Agnosme is die ervaring dat God uit die werklikheid verdwyn het. Vir Vos (1999) is liturgie die teenvoeter vir agnosme, aangesien liturgie die ruimte bied waarin God en die mens mekaar ontmoet. Aangesien liturgie hierdie ontmoeting tussen God en die mens



© University of Pretoria

fasiliteer, sluit dit 'n wye verskeidenheid van handelinge en gebeure in, byvoorbeeld taal en verhale as gesproke verkondiging (Vos 1999:108 & 109), maar kan ook sigbare verkondiging insluit wanneer liturgie as maaltyd beskryf word (Vos 1999:111). Christus maak verkondiging sigbaar as Hy die Paasfees met nuwe inhoud vul deur die brood en wyn as simbole van die nagmaal aan die dissipels te gee met die opdrag dat dit as verkondiging van die Evangelie gevier moet word.

Wanneer Barnard (2009 :113) liturgie verklaar, doen hy dit vanuit die derde deel van die Heidelbergse Kategismus – die dankbaarheid – en dan kombineer hy dit met die tweede deel wat handel oor die Apostoliese Geloofsbelydenis. Hy beklemtoon die Woord en prediking, en sy verklaring is: "Geloof, Woord en Gees hoort bymekaar en dit is die sentrale Calvinistiese liturgiese aanwysing" (Barnard 2009:114). Die Calvinistiese liturgie is dus pneumatologies geanker van dit wat later deur Cilliers (2011:2) verwoord word as die soeke na die teenwoordigheid van God.

Wanneer dit kom by liturgiese handelinge, tref Van der Merwe (2009:165) 'n onderskeid tussen hoog-liturgiese (formele) en laag-liturgiese (informele) kerke. Hoog-liturgiese kerke verwys na die inkleding van eredienste met meer tradisionele inhoude, terwyl laag-liturgiese kerke meer kontemporêre inhoude en minder tradisionele inhoude gebruik. 'n Poging om liturgiese inhoude te laat saamvloei, staan bekend as *konvergensie-liturgie*. Van der Merwe (2009:166) beskryf konvergensie-liturgie as: “Konvergensie-liturgie is die saamvloei van liturgiese bronne uit die breër Christelike tradisie met kontemporêre uitdrukkingsvorms in die een stroom van die plaaslike gemeente se liturgie. Die bedoeling is liturgie wat meer outentiek is, omdat



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit 'n sterk fondament in die tradisie gevind het, maar ook groter relevansie het, omdat dit in kontemporêre vorms uitgedruk word”.

## 5.4 DIE EREDIENS

Die erediens speel 'n wesenlike rol in die bedrywighede van enige gemeente, aangesien die verskillende aktiwiteite van die gemeente hier bymekaar kom en weer hieruit voortvloei (Nel 1994:37). Trimp (1989:5) is ook van mening dat daar sekere gevolgtrekkings uit 'n erediens gemaak kan word ten opsigte van die gemeente: "Dat wil zeggen: wij willen het leven van de gemeente van Christus beschrijven vanuit haar liturgiese aktiviteit." Die liturgiese aktiwiteite is dus 'n beskrywing van dít wat in die gemeente gebeur.

Barnard (1985:1) beskryf die erediens as die lewensaar van die kerk en is van mening dat daar groot onkunde in verband met die erediens bestaan. Dit kan gevolglik maklik gebeur dat lidmate se onkunde kan tot onsekerheid ten opsigte van hulle eie plek en deelname aan die erediens kan lei, met die gevolg dat hulle onbetrokke en afwesig raak, ook wat betref die opbou van die gemeente.

Wanneer die erediens as lewensaar van die gemeente beskryf en beskou word; en dit funksioneer nie na wense nie, beteken dit dat die lewe afgesny word, wat slegte gevolge inhou vir die opbou van die gemeente. Die fokus van hierdie studie is 'n ondersoek na die redes vir 'die verstopping in die are', en die hipotese is dat lidmate se Godsbeeld 'n invloed hierop het. Die resultate van hierdie navorsing sal moontlik ander aksies stimuleer, wat weer tot die opbou van die NHKA en dan spesifiek die eredienste sal lei, om dít te word wat God wil hê dit moet wees.



© University of Pretoria

Beukes (1990:18) se definisie van die erediens lui soos volg:

> " 'n Erediens is 'n Godgewilde, geordende byeenkoms van 'n Christelike gemeente waar God deur Woord en Gees, deur middel van Skriflesing, prediking en ander liturgiese elemente, met die gemeente in ontmoeting tree om geloof te gee en te versterk, en waar die gemeente deur gebed en ander elemente die heil wat hulle van God ontvang het, vier, en dankbaar uitdrukking gee aan hulle geloof in God."

Hiervolgens is die erediens 'n ontmoetingsgebeurtenis waar God die gemeente ontmoet met die spesifieke doel om die verhouding tussen Hom en die mens te versterk. God wil die mens in sy spesifieke omstandighede ontmoet en verander. Volgens die definisie van Beukes (1990:18) reik God dus uit na die mens. Die beeld wat die mens van God het, sal die inhoud en die gevolg van die ontmoeting bepaal.

Die lidmaat se liturgiese aktiwiteite en deelname aan liturgiese aktiwiteite is volgens Trimp (1989) een van die lense waardeur die lewe van die gemeente ondersoek kan word. Aan die ander kant bepaal dit ook lidmate se betrokkenheid by die gemeentelike aktiwiteite. Daar is dus 'n dialektiese spanning wat 'n beweging van aktiwiteite tussen God en mens tot gevolg het. God roep die mens om Hom te ontmoet en die mens roep God aan om hulp, en dank en prys Hom. God reageer dan weer op die aanroeping van die mens (Vos 2010:2). Die erediens is dus 'n bondige samevatting van die totale gemeentelike aktiwiteite en die lidmate se betrokkenheid daarby. Wepener (2009:191) beklemtoon ook die erediens se antwoordkarakter en beskryf dit as 'n wederkerende werking tussen God en die mens.



© University of Pretoria

Barnard (1985:388) verwys na die erediens as "die verkeer tussen Christus en sy gemeente, as gemeente, as die volk van die Here, as die kerk van die Here. Dit is die aanbidding en eer van God deur die vergadering van die gelowiges." Die erediens is in sy diepste wese 'n ontmoeting tussen God en sy kinders en dit geskied "waar die Here deur sy Woord en Gees mense tot Hom roep, mense versamel rondom sy Persoon en rondom sy Woord en rondom die sakrament" (Barnard 1985:391).

Alhoewel God Drie-Enig die middelpunt van die samekoms is, en die verkondiging van die evangelie die fokuspunt, gaan dit in die erediens om die openbaring van Christus se ingrype in die geskiedenis van die mens en is dit die verwagting van erediensgangers om die lewende God te ontmoet (Vos 2010: 1). Verder beweer Vos (2010:2): "Die verskillende en wisselende liturgiese elemente moet tot 'n ervaring van God se teenwoordigheid in pyn en vreugde bydra." Hierdie ontmoeting tussen God en mens vind plaas deur sowel die woordgebeurtenis as die sakramente. As tekens en seëls is die sakramente volgens Vos (2010: 4) die Nuwe Testamentiese antwoord op Psalm 42:4 se vraag: "En waar is jou God nou?" Die Christologiese verkondiging vind gestalte in die sakramentsviering wanneer God met die mens op sigbare en tasbare wyse in ontmoeting tree.

Die heilsplan van God ontvou dus in die ontmoeting tussen Hom en die mens en die erediens is die ruimte en geleentheid daarvoor: "De kerkdienst is een godsdienstige praktijk. In brede zin houdt dat in dat de gemeente haar omgang met God beoefent. In meer specifiek Christelijke terminologie gaat het in de kerkdienst om de ontmoeting met de gekruisigde en opgestane Christus" (Immink 2011:8).



© University of Pretoria

Die erediens as 'n byeenkoms waar God die mens as verloste sondaar ontmoet, kan volgens Dreyer (1995:795) beskryf word as 'n kommunikatiewe handeling, wat 'n uitdrukking is van "die totale omgang, verhouding, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges".

Een van die belangrikste sake is en bly diegene wat nie na die erediens kom nie. Wat van diegene wat nie tuis voel in die kerk nie? Bosch (1979:222) wys daarop dat die kerk 'n nuwe gemeenskap van gelowiges is, wat "langs die weg van goddelike verkiesing, roeping, wedergeboorte en bekering vergader is, in gemeenskap met God Drie-enig." Dit beteken volgens Bosch (1979:223) dat kerkwees 'n bewuste keuse van 'n nuwe lewe onder 'n nuwe Heer is. Bosch (1979:227) beklemtoon egter die missionale betrokkenheid van die kerk by die wêreld en dan wel die gestuurdheid van die kerk in haar totaliteit, naamlik *kerugma* (prediking), *koinonia* (gemeenskap), *diakonia* (diens) en *leitourgia* (liturgie). Gemeentebou is juis die kombinasie van die hierdie bedieningsmodi (Nel 1994:27). Dit is egter meer as net 'n kombinasie van en interaksie tussen die verskillende bedieningsmodi. Dit is ook 'n geleentheid vir getuienis en word soos volg deur Immink (2011:8) beskryf: "In de kerkdienst treed de kerk zichtbaar naar buiten."

Osmer (2008:15) gee 'n breër beskrywing van die interaksie as "the interconnectedness of ministry in the congregational system and the congregation's interaction with its context". Hy vergelyk dit verder met die web van 'n spinnekop en beskryf dit soos volg: "Just as the strands of a spider's web are interconnected, so too are the bonds that link individuals, families, congregations, communities, and larger social systems" (Osmer 2008:16). Soos reeds in Hoofstuk 4 aangetoon, het die sosiale



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omgewing waarin die NHKA haarself bevind oor die laaste aantal jare ingrypend verander. Barnard en Post (2001:48) maak die volgende opmerking, wat belangrik is in die veranderende ekonomiese situasie van Suid-Afrika: "Riten hebben een bepaalde context, byvoorbeeld een sociale, economische, politieke context of de natuurlike omgeving". Die omgewing of konteks het 'n invloed op die rituele of liturgiese aktiwiteite van 'n gemeente. Heitink (1999:305) verwys na die vroeë kerk (1 Kor 11:20 en verder) as hy liturgie en die *agape*-vieringe met mekaar in verband bring. Die eerste Christene het ekonomies moeilike tye ervaar. In hierdie moeilike tye het hulle, hulle omgee vir mekaar sigbaar gemaak in hulle gemeentelike aktiwiteite en dan spesifiek in die liturgie van hulle byeenkomste: "In the early Christian church the diaconate was intimately connected with the liturgy, as is apparent in the *agape* celebrations (Heitink 1999:305)."

Vanweë hierdie veranderende situasie is Gibbs and Coffey (2001:56-57) van mening dat die kerk, en dan spesifiek die erediens, missionaal moet wees. Die missionale kerk moet bewustelik die stem van God in die wêreld wees, en in hierdie opsig het die seën aan die einde van die erediens 'n baie sterk missionale gerigtheid (De Klerk 2007:33). Dit wat in die erediens gehoor en ontvang word, moet die wêreld ingedra word. Die erediens op 'n Sondag wat voortgaan om die erediens van die lewe te word, sal dus missionaal gerig moet wees. Warren (2005:237) onderstreep ook hierdie feit as hy op die noodsaaklikheid van prediking vir kerklose mense wys. Volgens hom is dit belangrik om in die prediking en erediens by mense se nood en behoeftes aan te sluit, want slegs dan maak die evangelie vir hulle sin. Die erediens moet dus missionaal gefokus wees. Smit (2010:5) beweer die volgende: "Deur die viering van die lewende God se inwonende teenwoordigheid in die lewens van gemeentelede, en hulle



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getuienis van aanbidding en verootmoediging, kan die erediens die kernmoment word vir plaaslike gemeentes om steeds hulle roeping in hierdie snelveranderende tyd te vervul."

Die opmerking deur Barnard en Post (2001) dat 'n veranderde konteks 'n invloed op liturgie het, vra dat die NHKA kennis moet neem van die veranderde situasie van lidmate, en die invloed wat dit op hulle beeld van God en die opbou van die gemeente het. In hierdie veranderende situasie is dit lidmate se verwagting om God in die erediens te ontmoet (Vos 2010:1). Die uitdaging is dus om nuut te besin oor die liturgie, aangesien dit 'n ruimte skep vir die ontmoeting en bydra tot die vorming van 'n bepaalde Godsbeeld by lidmate (Vos 2010:1). Dit beïnvloed ook lidmate se missionale betrokkenheid by die gemeente en gemeenskap.

Niemandt (2007:30) wys daarop dat lidmate in postmoderne tye se liturgiese behoeftes baie anders is as in moderne tye. Lidmate is volgens hom daarop ingestel om God op elke lewensterrein te ervaar, en daarom word ware liturgie beskryf as 'n liturgie wat die hele mens, met hart, siel en verstand, betrek. Hiervolgens aanbid lidmate met al hulle sintuie, en omdat dit vir baie lidmate 'n vreemde manier van aanbidding kan wees wanneer die liturgiese elemente hierby aangepas word, kan dit tot gevolg hê dat 'n eiesoortige bediening gevestig sal word. (NHKA 2007a:65). Kimball (2004:21) verwys daarna as "alternative worship gatherings and new forms of ministry in our churches." Hierdie tendens word deur Heitink (2012:224) raakgesien en hy maak die opmerking: "Mensen raaken los van de vertrouwde religieuze en morele tradities en herkenden elkaar als weeskinderen die hun vader (God) en moeder (de kerk) verloren hadden." Dit is 'n proses wat tot die volgende lei:



© University of Pretoria

"Mensen stellen hun eigen religieuze menu samen, waarbij geput kan worden uit de bronnen van verschillende tradities. Er is een levensbeschouwelijke markt ontstaan, met allerlei kraampjes. Hier haal je muziek, daar kaarsen of wierook en elders nog enkele ideëen over bijvoorbeeld reïncarnatie" (Heitink 2012: 224).

In die ontwerp van 'n nuwe vorm van aanbidding gaan dit nie net oor die ontwerp van nuwe liturgiese handelinge, soos liedere of gebede en die verskillende wyses waarop lidmate daaraan deel het nie, maar dit gaan ook oor die plek van aanbidding. Kimball (2004:45) praat van die belangrikheid van "the creation of a sacred space", 'n plek en 'n ruimte vir aanbidding. Wanneer daar na ruimte vir aanbidding verwys word, wys Cilliers (2008:2) daarop dat ruimte nie slegs as 'n fisiese plek verstaan moet word nie, aangesien ruimte ook "verbeelde ruimte" kan wees, 'n konsep of idee of 'n "geantisipeerde ruimte". Op grond hiervan maak Cilliers (2008:4) die volgende opmerking, wat baie belangrik is vir hierdie navorsing:

> 'Liturgiese ruimte' word dus, in aansluiting by die oorspronklike Griekse begrip daarvan, nie bloot as kwantitatiewe, fisiese lokaliteit verstaan nie, maar as primêre kwalitatiewe verstaansmoontlikheid, as sinvolle baarmoeder, as buurt van verbeelding en spasie van antisipasie. 'n Mens sou 'liturgiese ruimte' waarskynlik ook 'n 'atmosfeer van verbeelding en antisipasie' kon noem, wat mens op 'n hermeneutiese wyse die werklikheid so laat transendeer dat die werklikheid werklik verander word."

In Genesis 28 oornag Jakob by Bet-El. Daar verskyn God in die nag aan hom. As hy die volgende oggend opstaan, besef hy iets van 'n veranderde werklikheid, omdat God daar was. Ook in Eksodus 3 staan Moses voor die bos wat brand en moet hy hoor dat



© University of Pretoria

die plek heilig is, want die werklikheid is dat God daar is. Cilliers (2008:13–7) onderskei tussen drie soorte ruimtes wat belangrik is vir liturgie:

- *Liturgie as in-ruiming*

  Cilliers (2008) wys daarop dat baie mense nie meer 'n behoefte het aan 'n aanwysbare ruimte vir aanbidding nie. Hy verwys daarna dat Christus se menswording as't ware die ganse werklikheid as ruimte vir aanbidding geskep het. Tog sluit dit nie die noodsaaklikheid uit vir 'n spirituele ruimte waar gelowiges kan saamkom nie. Cilliers (2008:14) verwys na Noordmans wat die opmerking gemaak het dat God se teenwoordigheid nie magies/outomaties veronderstel moet word nie, aangesien Hy ook afwesig kan wees tydens die erediens.

  Dit is dus belangrik dat die erediens so ingerig sal word dat dit 'n verrykende ervaring sal wees waar 'n ontmoeting met God plaasvind. McClure (1995:51) beskryf lidmate as 'bodily present in the pulpit', wat die wyse beskryf waarop erediensgangers by die erediensgebeure betrek word. Dreyer (2005:94) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat die erediens só ingerig word dat die dialogiese karakter daarvan lidmate sal tot 'n ware ontmoetingsgebeurtenis lei deur 'n retoriese styl wat mense uitnooi tot deelname. Hierdie styl beskryf Dreyer as 'kenotiese' prediking.

- *Liturgie as ver-ruiming*

  Wanneer liturgie as *ver-ruiming* beskryf word, beweer Cillliers (2008:15) dat gelowiges opnuut weer moet nadink oor 'die betekenis van die huidige realiteit, en ons identiteit binne hierdie realiteit'. In watter mate hou liturgie, by wyse van rituele en simbole, dus rekening met die huidige situasie. Niemandt (2007:30), soos reeds genoem, beklemtoon: "Ware liturgie, is



© University of Pretoria

liturgie wat die hele mens – hart en siel en verstand – betrek." In die multisensoriese omgewing van visuele kommunikasie het lidmate verander van toeskouers na deelnemers (Niemandt 2007:105).

- *Liturgie as ont-ruiming*

  Cilliers (2008:15) vra die vraag: "Het ons nie so vasgevang geraak in ons persepsie van die huidige werklikheid dat ons ons sin vir ander werklikhede verloor het nie?" Liturgie moet dus ten doel hê om gelowiges ook bewus te maak van hierdie ander en groter werklikhede en "dit ont-ruim ons in die rigting van 'n ander ruimte" Cilliers (2008:16). Die noodsaaklikheid van hierdie ander en groter werklikhede word deur Woodbridge (2008:346) uitgelig: "Modern technology that was used to communicate with contemporary flair must change, so that church attendees can experience the ancient and mystical via the use of technology."

Die kreatiewe en dinamiese inkleding van eredienste het uiters noodsaaklik geword. Om hierdie rede het die NHKA tydens sy agt-en-sestigste Algemene Kerkvergadering reeds goedkeuring gegee dat verskeie liturgiese ordes en kombinasies daarvan in die eredienste gebruik word, en is daar opgemerk dat 'n "aantal liturgieë as voorbeelde en moontlikhede vir die kreatiewe inkleding van die eredienste gegee word" (NHKA 2007a:15). Die uitdaging vir die kerk, en dan spesifiek die NHKA, is in watter mate die Kerk, en dan spesifiek gemeentes op grondvlak, gewillig is om lidmate se liturgiese behoeftes op kreatiewe wyses aan te spreek.

Die kreatiwiteit rondom liturgiese aktiwiteite word sigbaar in die liturgiese ontwikkelinge wat buite-om eredienste plaasvind, soos wat veral duidelik word in die



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aantal kruise wat langs baie van nasionale paaie opgerig word (Wepener 2011: 257–258). 'n Moontlike verklaring van die kruise langs die paaie is dat hierdie moontlik gelowiges se pogings is om "weg te beweeg van die normale ruimtes van aanbidding en dat hierdie moontlik die toekoms is van aanbidding" (Wepener 2011: 269).

## 5.5 LITURGIE

### 5.5.1 Inleiding

Statistieke toon dat die NHKA se lidmaatskapgetalle oor die afgelope paar jaar afgeplat het en dat dit selfs 'n daling toon. Alhoewel die NHKA, soos alle kerke, uit 'n wye verskeidenheid van kommunikatiewe handelinge (Nel 1994:26) bestaan, sal hier gefokus word op die liturgie, en dan meer spesifiek op lidmate se belewenis van die liturgie. Dit is egter nodig om die sinvolheid en belangrikheid van liturgie te ondersoek (Barnard & Wepener 2012:1). Dien liturgie nog enige doel?

### 5.5.2 'n Historiese oorsig oor liturgie

Aangesien hierdie navorsing op lidmate van die NHKA se Godsbeeld fokus, asook hulle liturgiese ervaring in die erediens, gaan daar vervolgens kortliks stilgestaan word by die historiese ontwikkeling van liturgie, en veral die Calvinistiese liturgie soos dit in die NHKA voorkom. Alhoewel die klem op Gemeentebou en nie liturgie is nie, word enkele grepe uit die geskiedenis in verband met die ontwikkeling van die liturgie gegee, soos dit in die NHKA voorkom. Sonder om die historiese rykdom van die geskiedenis van liturgie te ontken, is 'n doelbewuste keuse gemaak ten opsigte van die historiese afbakening van die ontwikkeling van liturgie.



© University of Pretoria

### 5.5.2.1 Ou Testament

Die oorsprong van die liturgie in die Ou Testament kan gevind word in verskeie verhale wat rondom altare as plek van ontmoeting tussen God en mens afspeel. Die offers van Kain en Abel, soos opgeteken in Genesis 4, is 'n voorbeeld hiervan. Een van die bekendste ontmoetings tussen God en die mens word in Genesis 22 gevind, waar Abraham vir Isak moet gaan offer en die Here God die offer self voorsien. Verskeie offers is by verskeie altare gebring, waarmee die mens sy afhanklikheid van God bevestig het. Die uittog uit Egipte en dit wat daarop volg, is volgens Vrijlandt (1989:12) die sigbaarmaking van die liturgie van die Ou Testament. Hy wys daarop dat die Here by die brandende doringbos vir Moses van 'n toeskouer in 'n dienaar verander het. Moses wat slegs wou naderkom om te kyk, moes sy skoene uittrek, en so word hy deel van 'n liturgiese handeling en ontmoeting met God binne die uittogtradisie – 'n handeling wat die voorloper was van vele handelinge in die kerk. Die handelinge by die offeraltaar, waar die offeraar nie slegs 'n toeskouer was nie, maar 'n aktiewe dienaar, was in vele opsigte die motivering tot groter deelname aan die aanbiddingsgeleentheid. In hierdie opsig maak Clasen (2008:39) die volgende opmerking:

> "The community of faith is, afterall, a community of communication that lives in adurable relationship and constant dialogue with God, as well as each other and society."

In die Ou Tesamentiese aanbidding val die klem op die ontmoetingsgebeurtenis tussen God en die mens. Dit vind hoofsaaklik by die volgende plekke plaas.

- *Die Tent van Ontmoeting*



© University of Pretoria

Vanuit die gebeure op Sinaiberg waar die Here die volk Israel ontmoet, vloei die opdrag om die Tent van Ontmoeting te bou, en dit in te rig as 'n liturgiese ruimte waar die volk Israel tydens hulle reis deur die woestyn met God in ontmoeting kan tree. Die Ark van die Verbond, met die kliptafels met die Tien Gebooie in die Allerheiligste, sou 'n simbool wees van die teenwoordigheid van God. Naas die Ark van die Verbond sou die bring van offers 'n belangrike rol speel in die ontmoeting tussen God en die mens: "In alles staat de ontmoeting met de levende God in het middelpunt" (Vrijlandt 1989:14).

- *Die Tempel in Jerusalem*

  Nadat die reis deur die woestyn voltooi is, met die Ark van die Verbond aan die voorpunt van die reis, handel die aanbidding van die volk van God rondom die tempel in Jerusalem. Die inkleding en inrigting van die tempel sou 'n getuienis wees van die ontmoeting tussen God en die volk Israel. Soos Barnard (1985:71) dit stel:

  "Dit is nie die volk wat 'n God maak na hulle idee of beeld, en Hom dan dienooreenkomstig dien nie. God openbaar sy Persoon, sy Wese en sy Heiligheid aan die volk en Hy bepaal hoe Hy gedien wil en moet word."

Die totale inkleding van die tempeldiens sou getuig van die teenwoordigheid van die Here. Die tempeldiens is deur die volgende gekenmerk.

- *Versoening*

  Die posisie waarin die volk Israel hulle bevind het, was dat die sondige volk in die teenwoordigheid van die heilige God gekom het (Barnard 1985:72). Hierdie was 'n onuithoudbare situasie, en daarom is die tempeldiens ingeklee in 'n atmosfeer van versoening. Barnard (1985:73) wys daarop dat die



© University of Pretoria

tempeldiens oorheers is deur die bring van 'n reeks offerandes: "Die hele godsdienstige lewe was uitgedruk in die patroon van offers."

- *Ontmoeting op 'n afstand*

Een van die unieke kenmerke van die tempeldiens is dat dit altyd 'n ontmoeting op 'n afstand was. Barnard (1985:74) wys daarop dat die volk net tot in die voorhof kon kom; die priesters kon net tot in die Heilige kom om diens te doen; en slegs die hoëpriester kon een keer per jaar in die Allerheiligste kom. Die ontmoeting tussen God en die volk was altyd 'n ontmoeting op 'n afstand, in die sin dat tussengangers altyd 'n rol gespeel het. Die priester het 'n belangrike rol gespeel en De Vaux (1984:357) beskryf dit soos volg: "He represented God before men, and in the third he represented men before God: but he is always an intermediary." Die priester het 'n verteenwoordigende rol gespeel. Hy het óf God by die volk verteenwoordig, óf die volk by God.

- *Aanbidding van God*

In reaksie op die verlossingsdade van God, kan die volk Israel nie anders as om God te verheerlik nie. Barnard (1985:75) wys daarop dat ware aanbidding eerstens deur die offers geskied; dan deur die gebede, en derdens deur die lied wat gewoonlik uitgevoer word deur die tempelkoor en musiekinstrumente. Die hele tempeldiens is dus ingerig en gebou op hierdie handeling om die aanbidding van God te weerspieël. Die plasing van verskillende altare in die tempel is 'n aanduiding van die behoeftes van gelowiges.

- *Die Sinagoge*



© University of Pretoria

Die sinagogediens het naas die tempeldiens 'n belangrike rol gespeel in die godsdiens van Israel. Die ontstaan van die sinagoges kan volgens De Vaux (1984:433) teruggeneem word na die tyd van die Ballingskap toe die volk Israel dit gebruik het as 'n plek om te aanbid. Na die verwoesting van die tempel in Jerusalem, en die volk se wegvoering na ballingskap, was die sinagoge die enigste plek van aanbidding. In die sinagoge was die fokus op gebed, die lees van die Wet, asook onderrig (De Vaux 1984:343), teenoor die offers in die tempel. Een van die belangrike kenmerke van die sinagoge was volgens Barnard (1985:88) die samebindende krag wat dit gehad het. Wessels (2009:32) wys daarop dat die eerste deel van die Sabbatsviering die samekoms in die sinagoge was en daarna het die tweede deel ná die diens in die huis plaasgevind. Deel van die diens was rituele wat rondom die aansteek en uitdoof van kerse, die drink van wyn en die uitspreek van seënbedes gesentreer was.

**5.5.2.2 Nuwe Testament**

Die Nuwe Testamentiese liturgie is geanker in die Ou Testamentiese gebeure van die groot verlossingsdade van God (Vrijlandt 1989:11). Vrijlandt vergelyk hier liturgie met die takke van 'n boom en sê dat alhoewel daar baie takke is, daar net een stam is waaruit almal groei. Alle liturgiese handelinge kan teruggelei word na een stam of bron – Israel. Tog beskou Barnard (1985:106) die Christelike erediens as 'n nuwe gebeurtenis, omdat dit voortvloei uit en saamhang met Jesus se koms, lewe, werk, kruisdood en opstanding. Barnard (1985:107) beskou die Nuwe Testamentiese erediens as tegelyk 'n kontinuïteit van die Joodse godsdiens, en 'n nuwe gebeurtenis. Volgens Wessels (2009:35) het voorlesing en Skrifverklaring 'n belangrike rol vervul



© University of Pretoria

in die liturgie van Nuwe Testamentiese sinagogediens. Hy wys ook op die prominente rol wat seënbedes in die eredienste gespeel het.

Wanneer daar oor die Nuwe Testamentiese erediens gepraat word, moet die werk van die Heilige Gees beklemtoon word. Die koms van die Heilige Gees het 'n nuwe dimensie in die lewe van die kerk ingelei. Barnard (1985:121) beskryf die Nuwe Testament se erediens só "Die Gees het gekom om alles wat Christus verwerf het tot heil en tot lewe van die kerk, nou in vervulling en in verwerkliking te laat gaan."

**5.5.2.3 Die Vroeë Kerk**

Vanuit die Ou Testament, met die offer as die middelpunt van die gebeure in die Tempel, vloei die gebeure rondom Christus as die finale offer aan die kruis. Die heilswerk van Christus lei in die vroeë kerk tot 'n "liturgie as ontmoeting tussen God en mens" (Wagner-Ferreira 2008:120). Wagner-Ferreira wys in hierdie bron daarop dat rituele rakende skuld en versoening vanaf die vroegste tye deel van die liturgie van die kerk was. Barnard (1985:153) wys daarop dat heersende en bekende patrone in die liturgiese handelinge deur die sinagogediens geïnspireer is en deur die nagmaal aangevul is. Met die breek tussen sinagoge en kerk in 70 nC, was die Joodse karakter van die kerk nie meer vanselfsprekend nie en in sommige plekke was daar 'n sterke anti-Joodse houding aan die ontwikkeling.

Wagner-Ferreira (2008:122) wys samevattend na die volgende beeld van die erediens in die vroeë kerk:

- Sondag is die dag waarop die gelowiges bymekaarkom, want dit is die dag waarop Christus uit die dood opgestaan het;



© University of Pretoria

- 'n Voorstander of prediker neem leiding by die diens;
- Die bediening van die Woord en die nagmaaldiens vorm 'n eenheid en is onlosmaaklik verbind;
- Daar word gelees uit die Evangelies of die Profete;
- Uit die onmiddellike Skriflesing volg 'n preek of toespraak;
- Voorbidding word gedoen vir mense met hul behoeftes. Die gemeente bevestig met 'n 'amen';
- Die 'vredeskus' (by die doopdiens) vorm die oorgang na die nagmaal;
- Die brood en die beker met wyn word na die voorganger gebring;
- Die voorganger doen die eucharistiegebed: lofprysing, gebed en danksegging. Dit is 'n vrye gebed en word gerig aan die Vader in die Naam van die Seun deur die Heilige Gees;
- Die diaken bedien die brood en wyn aan almal teenwoordig en vat dit ook na die huise van diegene wat afwesig is;
- Net die raamwerk van die diens word gegee en daar is nog geen voorgeskrewe teksgedeelte of gebede nie;
- Die orde is eenvoudig en net die wesenlike dinge kom voor;
- Die invloed van die Joodse diens kan in die vormgewing en gebede gesien word;
- Geld word ingesamel om die nood van ander te verlig;
- Eucharistie word losgemaak van die agape.

#### 5.5.2.4 Die Reformasie

Die Reformasie het ten doel gehad om die erediens evangelies te hervorm omdat die verval in die kerk hier die duidelikste sigbaar was (Barnard 1985:248). Vrijlandt (1989:81) wys daarop dat die Woord van God in die Reformasie sentraal staan en dat



© University of Pretoria

"God ons wil dienen door het evangelie der genade in Christus." Hy wys daarop dat die doel van die hele liturgie verkondiging moet wees. Van Rooyen (1984:50) is van mening dat dit in die erediens gaan om God wat spreek en die gemeente in stand hou, en daarom val die klem swaar op die verkondiging van God se Woord en die Bybelse instelling van die sakramente (Van Rooyen 1984:50). Wagner-Ferreira (2008:124) wys daarop dat die suiwering van die erediens van elke vorm van die mis en offerhandelinge juis die fokuspunt van die Reformasie was. Die klem is verskuif van die mens na God – God wat met die mens in ontmoeting tree en spreek. Wagner-Ferreira (2008:125) vind dit belangrik dat: "die herontdekking van die prediking hand aan hand gegaan het met die herontdekking van die Bybel." Wagner-Ferreira (2008) wys verder ook daarop dat besondere klem gelê is op lerende en didaktiese formuliere, veral in die prediking, gebede en ander dele van die erediens. Vir Barnard (1985:253) is die swaar klem op die didaktiese inrigting van die erediens verstaanbaar en noodsaaklik, maar ongelukkig "het dit meegewerk om die feestelike karakter van die erediens, die regmatige plek aan die aanbidding en die soepelheid van die viering in die gedrang te bring."

Die Reformatore het besondere klem geplaas op die taal van die prediking. In teenstelling met die Rooms Katolieke Kerk waar Latyn die voertaal was, het die klem in die Reformasie verskuif na die landstaal, sodat elkeen aan die erediens kon meedoen (Vrijlandt 1989:81).

Barnard et al. (1998:210) wys op die wisselwerking tussen prediking en nagmaal. In verskeie gemeentes is die viering van die nagmaal die uitgangspunt vir die inkleding van die erediens. Skrif en maaltyd het 'n belangrike rol gespeel, alhoewel die



© University of Pretoria

frekwensie vir die viering van nagmaal nie oral dieselfde was nie. Wepener (2010:124) verwys in dié verband na Luther, wat ten gunste was van 'n weeklikse viering van die nagmaal, terwyl Zwingly ten gunste daarvan was dat die nagmaal slegs vier keer per jaar gevier word. Wepener (2010:126) wys verder dat Calvyn aanvanklik die viering van die nagmaal beperk het tot vier maal per jaar, maar dit later gewysig het na een maal per week.

In reaksie op die verval in die Rooms Katolieke Kerk, is baie moeite gedoen om terug te keer na die bronne van die erediens. In die lig hiervan het die Reformatore begin by die Bybel, en dan spesifiek by die boodskap van die vryheid in Christus (Wagner-Ferreira 2008:126). Die vryheid in Christus moes in die erediens tot uitdrukking kom, en Wagner- Ferreira (2008) wys daarop dat die liturgie nie as 'n bysaak beskou is nie, maar dat die vorm waarin die erediens gegiet is, 'n baie belangrike saak was. Dit het meegebring dat alles baie deeglik en spesifiek gereël is: die Skrifgedeeltes, die gebede, die keuse van liedere, elke liturgiese stuk en die gebare wat die handelinge begelei. (Wagner-Ferreira 2008:126 & Barnard 1985:256). Die belangrikheid hiervan is volgens Brienen (1987:145) te vind in Calvyn se verband tussen Godskennis en Godsverering. Vanweë die sondeval het die mens die geneigdheid tot afgodsverering, aangesien die natuurlike geneigdheid om God te dien deur die sondeval verwring is (Brienen 1987:145), en in die lig hiervan het woordverkondiging vir Calvyn sentraal in die erediens gestaan.

Die sentrale boodskap van die Reformasie – deur geloof alleen (*sola fide*), deur genade alleen (*sola gratia*), deur die Skrif alleen (*sola scriptura*) – was die fokuspunt van die Reformatore ten opsigte van die aanbring van veranderinge in die erediens



© University of Pretoria

(Barnard 1985:251) in reaksie op die verval in die kerk. Alhoewel die Reformatore die Woordverkondiging die sentrale fokus van die erediens maak, vind ons: "Naast de prediking heeft God het verbum visible van de sacramenten, de Doop en het Avondmaal gegeven, maar die heeft God door zijn Woord geheiligd" (Brienen 1987:148 & Immink 2011:16).

Dit is egter belangrik om te wys op die rol en funksie wat erediensgangers vervul. Immink (2011:16) hou die volgende siening hieroor:

> "Kerkgangers verrichten allerlei verbale en non-verbale handelingen: zij begroeten elkaar, bidden samen, lezen uit de Heilige Schrift, horen het Woord van God, delen hun gaven, eten brood en drinken wijn. Dat doen zij echter als gemeenschap."

#### 5.5.2.5 Die Post-Reformatiewe tydperk

Sedert die Reformasie van die 16$^{de}$ eeu het liturgiese hervormings wêreldwyd plaasgevind. White (1993:142) beskryf die tydperk só: "In the eighteenth and nineteenth centries, Protestant worship under went sweeping changes." Een van die gebeure wat 'n besliste invloed op die liturgiese hervormings van die gereformeerde kerke in die tydperk ná die Reformasie gehad het, was die Sinode van Dordrecht: "In 1618, Reformed church representatives from a number of countries met in Dordrecht, Holland, to estabish orthodox principles for church doctrine and church life, as a defence against the Arminian weakening of the belief in predestination" (Bruno 2003:33). Tydens die geleentheid is besluite geneem wat 'n definitiewe invloed op die kerk gehad het.



© University of Pretoria

Weens die breë omvang van hierdie liturgiese gebeure die afgelope 4 eeue, asook die besondere fokus van hierdie navorsing, sal daar slegs by enkele van hierdie liturgiese gebeure stilgestaan word, sonder om die belangrikheid van ander gebeure te ontken.

Die volgende is hoofmomente in die geskiedenis van liturgie:

- *Die Aufklärung*

  Die Verligting, of 'Aufklärung', word gekenmerk deur die beklemtoning van menslike rede en die bevraagtekening van alles in so 'n mate dat White (1993:143) dit soos volg beskryf: "The Enlightenment, while not necessarily godless, changed entirely the grounds on which religion could be defended." Wat van belang is in hierdie navorsing, is die siening dat God nie inmeng in die verloop van gebeure nie, en dat God se werke in en deur Jesus Christus onthou moet word, en nie ervaar moet word nie (White 1993:144).

- *Sakramentsgodsiens*

  Die sakramentsgodsdiens word gekenmerk deur die ignorering van verandering (White 1993:144) en die beklemtoning van 'n herinnering aan God. Die klem is dus op die onthou van God, en nie die ervaring van die teenwoordigheid van God nie. Die liturgie in dié tyd fokus op herinnering aan dít wat lank reeds verby is, en nie die ervaring van dit wat nou is nie. Die sakramente is die herinnering aan dít wat God in en deur Christus gedoen het in die verlede en nie die viering van die teenwoordigheid van Christus nie (White 1993:145).

- *Romantisisme*

  Die 19$^{de}$ eeu word gekenmerk deur die opkoms van die Romantisisme, waar die individu met sy of haar emosies die middelpunt van die liturgie vorm



© University of Pretoria

(White 1993:145). Dié tydperk word gekenmerk deur die opkoms van die Metodisme, met die fokus op weeklikse byeenkomste en die sing van liedere (White 1993:145).

- *Die Pentekostalistiese tradisie*

  Die begin van die 20ste eeu is gekenmerk deur die opkoms van die Pentekostalisme en: "it has no inhibitions about experiencing the reality of God's presence in worship" (White 1993:146). In dié tradisie word ook die volgende gevind: "Blacks and women played major leadership roles in developing this tradition" (White 1993:146).

- *Rooms Katolisisme*

  Die tydperk 1588 tot 1963 is volgens White (1993:146) gekenmerk deur 'n poging om 'n algehele eenvormigheid te verkry ten opsigte van liturgie. Gedurende dié tydperk is baie moeite gedoen om seker te maak dat die ontwikkelinge in die liturgie oral dieselfde is. Tog vind ons dat "Roman Catholic worship nevertheless went on evolving, almost without interruption" (White 1993:146).

- *Monastisisme*

  Volgens White (1993:53) is die Monastisisme 'n beweging wat die gewone lewe afgesweer het en in afsondering gelewe het. Hulle het sterk gefokus op gebed, en tyd is ingeruim vir spesifieke gebede en "hymns, readings from both Testaments, readings from patristic sermons, legends of the saints, responses, and antiphons" (White 1993:54). Een van die nadele van dié tydperk is volgens White (1993:55) die onbetrokkenheid en verdwyning van lidmate, wat tot gevolg gehad het dat die monnike die liturgie oorgeneem het.

- *Die 19de-eeuse Liturgiese Beweging*



© University of Pretoria

Na die Reformasie is baie moeite gedoen om almal by die erediens te betrek by liturgiese elemente soos skuldbelydenis en genadeverkondiging. Onder andere is formuliere in landstale vertaal, sodat almal dit kon verstaan en aan die liturgie kon deelneem (Wepener 2009:82). Daar het dus 'n algehele liturgiese hervorming plaasgevind, alhoewel die Rooms Katolieke probeer het om dit te keer deur die bestaande erediens te formaliseer (Wepener 2009:82).

- *Liturgie in die 20ste eeu*

Alhoewel praktyke soos die bieg in die Katolieke tradisie nog vir lank na die Reformasie beoefen is (Wepener 2009:83) het dit sedert die sestigerjare van die 19de eeu in onbruik verval. Wepener (2009:83) wys daarop dat die ritueel van die bieg in die Protestantse kerke vervang is deur verskeie handelinge soos huisbesoek, konsistoriegesprekke, skuldbelydenis en genadeverkondiging. Met betrekking tot die bieg, is oproepe al gedoen om dit weer in te stel, ook in Protestantse kerke, met argumente oor die pastorale waarde daarvan vir gelowiges (Wepener 2009:83). Die opmerking word tereg deur Wepener (2009:84) gemaak, dat in 'n land soos Suid-Afrika – met sy eiesoortige geskiedenis – 'n gepaste viering van vergifnis en versoening moontlike aktuele liturgiese handelinge kan wees.

- *Liturgiese ontwikkelinge in Suid-Afrika*

Die koms van Jan van Riebeeck na Suid-Afrika in 1652, was ook die koms van gereformeerde kerklike aanbidding na Suid-Afrika, wat 'n oorplanting was van die gereformeerde geloof vanuit Nederland (Wepener 2010:132). Weens die noue band wat daar met Nederland was, het die kerk hier "dieselfde Bybel, belydenisskrifte, formuliere, psalmboek en vorm van godsdiensoefening as die Nederlandse kerk gehad" (Pont 1978:230). Alhoewel hierdie liturgie volgens



© University of Pretoria

Wepener (2005:4) vir die laaste drie eeue grootliks onveranderd gebly het, is hy van mening dat "certain movements and influences can be traced to the latter half of the twentieth century."

Die volgende is slegs enkele voorbeelde van die vroeër liturgiese ontwikkelinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het:

- Alhoewel die anneksasie van die Kaap deur Engeland geen direkte invloed op die kerk gehad het nie, het die bande tussen die Suid-Afrikaanse gemeentes en die klassis van Amsterdam in Nederland stelselmagtig verslap totdat die kerk in die Kaap selfstandig geword het en in 1824 die eerste Algemene Kerkvergadering aan die Kaap gehou is (Pont 1978:235). Die Engelse invloed in die Kaap het mettertyd ook die kerklike lewe beïnvloed en "so is in 1842 besluit om die Heidelbergse Kategismus in Engels te vertaal en in 1853 is daar ook Engelse vertalings van al die belydenisskrifte en formuliere gemaak. Geleidelik het dit ook die gebruik geword om die namiddagdienste in Engels te hou" (Pont 1978:238).
- Die groot afstande tussen die plase en dorpe en die tekort aan predikante het tot gevolg gehad dat die erediensbywoning dikwels swak was. Pont (1978:231) wys op die volgende: "Huisgodsdiens het vergoed vir die feit dat die gemeentelike godsdiensoefening nie gereeld bygewoon kon word nie". Die bywoning van gemeentelike godsdiensoefeninge en die viering van nagmaal was dus 'n besondere geleentheid, en nagmaalsnaweke het 'n belangrike plek ingeneem in die aanbidding deur die Afrikaner. Wepener (2010:135) wys daarop dat daar tydens nagmaalsnaweke tente op die kerkterrein opgeslaan is en "was dit die



© University of Pretoria

ideale geleentheid om kinders te laat doop, huwelike te bevestig en nuwe lidmate aan te neem".

- Die Groot Trek van 1836 het die kerk die binneland ingeneem – 'n reis wat geweldig baie uitdagings ingehou het. Behalwe vir die uitdagings van uiters groot afstande (Pont 1978:231) en skaarsheid aan predikante, het die liturgiese geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika in 1853 'n nuwe rigting ingeslaan met 'n kerklike skeuring as gevolg van die besluit om gesange te sing (Pont 1978:258).
- Op die NG Kerk se Sinode van 1890 is besluit dat elke gemeente nagmaal kan vier op 'n wyse waarop hulle gemaklik is (Barnard 1985:379).
- Op 8 Januarie 1888 is die nagmaal uitgebrei om dit in die banke te bedien (Barnard 1985:380).
- In 1922 het die 'Begrafnisformulier' verskyn (Barnard 1985:380) en later is ook 'n alternatiewe formulier vir die bevestiging van die kerkraad opgestel (Barnard 1985:380).
- In die 1970's het die eredienste in die NHKA een vaste vorm gehad met dieselfde volgorde van verloop van gebeure, en is dieselfde liedere na die wet en belydenis gesing (NHKA 2004:234) en dit het gelei tot verstarring in die erediens en vernuwing was nodig.
- Aangesien die erediens 'n "besondere ontmoeting met die lewende God , wat ons byeenroep en wat steeds dinamies en nuut met ons handel" (NHKA 2004:235) is, is dit noodsaaklik dat die erediens nie in geykte vorms verval nie. Dit is dus noodsaaklik dat die erediens voortdurend nuut en kreatief ingerig moet word en om dié rede "is meerdere ordes in die Diensboek daargestel om moontlikhede vir afwisseling in die liturgie te bied en 'n groter mate van bewustelike deelname te bewerkstellig" (NHKA 2004:235).



© University of Pretoria

- Die neiging tot 'n oorbeklemtoning van die prediking tydens die erediens ten koste van die ander liturgiese handelinge, het daartoe gelei dat die sukses van erediens absoluut afhanklik was van die prediking (NHKA 2001:277). In die lig hiervan het die fokus verskuif om erediensgangers toe te rus, en te begelei, om bewus te word van God se seënende teenwoordigheid.

Wepener (2005:7) is van mening dat: "Despite the way in which the liturgy can have an impact on the context, the context is also having an impact on the liturgy". In hierdie verband kan die invloed wat armoede, werkloosheid, geweld en HIV/Vigs op die liturgiese inrigting van eredienste genoem word.

**5.6 DIE SISTEMATIESE GANG DEUR DIE LITURGIE VAN 'N EREDIENS**

Die inkleding en inrigting van die erediens kan deur 'n wye verskeidenheid van liturgiese handelinge en elemente geskied. Die erediens behoort so ingeklee te word, dat soveel as moontlik erediensgangers by die verloop van die erediens betrek kan word ten einde te verseker dat die erediensgangers deelnemers is, en nie slegs toeskouers nie. Verstarring het tot gevolg dat erediensgangers verander in toeskouers, en om te verhoed dat dit gebeur, word "die geleentheid gebied om die liturgie in die Nederduitsch Hervormde Kerk te verryk met vorme uit die breë liturgiese tradisie." (NHKA 2004:235). Daar is dus 'n doelbewuste keuse om die liturgie te verryk.

Van der Merwe (2009:170) tref wat betref die inkleding van die erediens, 'n onderskeid tussen 'n gespreksmodel en ontmoetingsgebeurtenis. Met die gespreksmodel val die klem op die prediking as 'n gesprek tussen God en die



© University of Pretoria

gemeente, waar die verskillende liturgiese elemente van die erediens dien as ondersteuning tot die gesprek. Wat die ontmoetingsgebeure betref, wys Van der Merwe (2009:171) op die rol van die nagmaal in die ontmoeting tussen God en mens. Die natuurlike dinamika van die ontmoeting is: "toetrede, diens van die Woord, diens van die tafel en wegsending" (Van der Merwe 2009:171). Die erediens as 'n ontmoetingsgebeurtenis volg die patroon van 'n ontmoeting of kuier tussen vriende, waar die teenwoordigheid van vriende 'n belangrike komponent uitmaak van die ontmoeting. Die fokus is dus die dinamika van verhoudinge tussen mense.

Gesien in die lig dat liturgiese moontlikhede vir die erediens so geweldig groot is en dit dikwels lei tot wanorde, verwys Van der Merwe (2009:166) op die poging om orde te verkry in die inkleding van liturgie. Hierdie poging staan bekend as 'konvergensie-liturgie' en is die samevloei van kontemporêre uitdrukkingsvorms en liturgiese bronne uit die Christelike tradisies. Dit is met ander woorde 'n kombinasie van die ou en die nuwe, 'n byeenbring van liturgiese elemente uit verskillende aanbiddingstyle en teologiese oortuigings, sodat gelowiges met mekaar koinonia kan hê (Van der Merwe 2009:167).

Na aanleiding van hierdie navorsing se fokus op die Godsbeeld van lidmate van die NHKA, sal nou kortliks gekyk word na die inkleding van die erediens soos wat dit in die NHKA voorkom.

### 5.6.1 Voorbereiding vir die erediens

Voorbereiding vir die erediens kan reeds tuis begin. Van Wyk (1986:61) wys daarop dat indien gemeentelede vooraf weet waaruit daar die Sondag gelees gaan word, dit



© University of Pretoria

hulle die geleentheid bied om dit tuis deur te lees en hulleself voor te berei vir die erediens. Gemeentelede kan ook voorbidding doen vir die erediens en vir almal wat aan die erediens gaan deelneem (Barnard 1985:528). Die belangrikheid van voorbidding vir die erediens word deur Brienen (1987:161) beklemtoon:

> "Tot dit doel heeft de Here God ook de samenkomsten van zijn gemeente bevolen, opdat wij bemoedigd en versterkt zullen worden in de strijd met de satan. Eigen staat dit in verband met onze menselijke zwakheid. In deze wereld voert de duivel, onze oervijand, voortdurend strijd tegen onze zielen en als wij ons niet verdedigen, struikelen we hopeloos. Daarom hebben we het (gemeenskappelijk) gebed nodig, het horen van het Woord en de andere handelingen van de eredienst, opdat we bewapen worden voor de strijd tegen de boze."

Dit is egter van belang om ook in ag te neem dat voorbereiding vir Sondag se erediens gedurende die week vooraf plaasvind en dat die hele week se gebeure 'n invloed het op die wyse waarop mense die erediens bywoon (Barnard 1985:528).

Voordat die erediens begin, word die voorbereiding op die erediens in 'n groot mate beïnvloed deur die atmosfeer wat in die kerkgebou heers. Gepaste orrelspel kan die regte stemming en atmosfeer skep vir 'n ontmoeting tussen God en die kerkganger (Van Wyk 1986:62). 'n Verwelkoming by die kerkdeure deur kerkraadslede en die predikant, kan verder bydra tot 'n atmosfeer van hartlikheid.



© University of Pretoria

### 5.6.2 Die begin van die erediens

Een van die belangrikste sake is om betyds by die erediens op te daag. Dit bied die kerkganger die geleentheid om ná die bedrywighede en geraas van die alledaagse lewe, in rustigheid en stilte voor te berei vir die aanvang van die erediens (NHKA 2004:238). Die voorbereiding op die aanvang van die erediens beïnvloed die houding van die aanbidders in die kerk, wat weer 'n invloed het op hoe hulle die kerkgebou beskou. Indien gemeentelede die kerkgebou as 'n heiligdom of tempel sien, sal die atmosfeer meer klinies en heilig wees, of as dit as 'n gemeentehuis gesien word, sal die atmosfeer meer ontspanne wees (Barnard 1985:529).

### 5.6.3 Die votum

Die votum kan beskryf word as die amptelike of formele begin van die erediens (Barnard 1985:538 & Van Rongen 2010:15). Aangesien hier vanuit 'n Gemeentebou-perspektief na die erediens gekyk word, en die opbou van die gemeente om dít te word wat God wil hê dit moet wees (Nel 1994:19), kan die votum beskryf word as 'n belydenis van 'n diepe afhanklikheid van die Here (Barnard 1985:537). Die votum beklemtoon ook "dat God self sy gemeente byeenroep en teenwoordig wil wees" (NHKA 2004:239).

Alhoewel Van der Merwe en Beukes (1991:645) van mening is dat gemeentelede nie altyd bewus is van die doel van die votum nie, en dat dit daarom belangrik is om die gemeente gedurig hieroor in te lig, is Van der Merwe (2009:150) van mening dat die misterieuse teenwoordigheid van God nie weg verklaar moet word nie. Soms is die mistieke deel van die liturgie belangrik ter wille van die ervaring van die teenwoordigheid van God. Indien die gemeente op hoogte is van die inhoud en



© University of Pretoria

betekenis van die votum, kan dit ook as 'n gebed dien, en Van Rongen (2010:14) wys juis daarop dat Calvyn die votum beskou het as 'n geleentheid waar God aangeroep word. Venter en Du Preez (2008:1426) wys daarop dat iemand wat na die preek luister, se gesindheid 'n invloed het op dit wat gehoor word, en dit word deur die volgende beïnvloed: "De manier waarop predikant en gemeente met elkaar omgaan, is direct van invloed op het luisterproces" (Immink 2011:89). Die interaksie tussen predikant en gemeentelede is dus belangrik vir die verloop van die erediens.

Die votum is 'n verklaring van afhanklikheid en toewyding aan God (Barnard 1985:538) en so word die hoorder begelei in die proses van aanbidding. Vos (2010:2) beskou die votum as "erkenning en aanvaarding van die lewende God se teenwoordigheid by die feesvierende skare", en in die lig hiervan is die erediens 'n feestelike geleentheid waar God geëer en aanbid word.

### 5.6.4 Die seëngroet

Die voorganger groet die gemeente as teken dat die gemeente en die voorganger voor God staan en gereed is om na die stem van God te luister (Vrijlandt 1989:190). Barnard (1985:540) wys daarop dat die gebruik om die votum en die seëngroet direk na mekaar te plaas, 'n baie ongewone gebruik in die Vroeë Kerk was, aangesien die erediens met óf die seëngroet óf die votum begin het. Van der Velden (2000:17) wys op die volgende:

> "De formulering van de groet zijn ontleend aan de bewoording waarmee de apostel Paulus de gemeenten aan wie hij schrift, begroet: 'Genade zijn u en vrede van God onze Vader en van de Here Jezus Christus' (Rom.1:7, 1



© University of Pretoria

> Kor.1:3), soms aangevuld met de woorden 'en van de Heilige Geest'. Door deze aanvulling krijt de groet een trinitarische inhoud."

Daar moet onderskei word tussen die seëngroet aan die begin van die erediens en dié aan die einde, aangesien dit beslis nie dieselfde is nie (Barnard 1985:541). Eersgenoemde is 'n groet wat aan die gemeente gerig word en waarmee hulle in die erediens verwelkom word, en waarmee "God verklaar dat Hy met die gemeente kontak wil maak. Hy wil sy genade aan die gemeente betoon" (Beukes 1987:16). Laasgenoemde is 'n seën waarmee die gemeente die wêreld moet ingaan.

Die seëngroet moet 'n gevoel van afwagting skep van God wat met die gemeente in ontmoeting tree. In die lig van navorsing deur Venter en Du Preez (2008:1426) skep die seëngroet die ruimte en die atmosfeer waarin die hoorder die stem van God kan hoor en ook in gehoorsaamheid uitleef. Nel (1985:22) wys op die belangrikheid daarvan dat die erediens as 'n dialogiese ontmoetingsgebeurtenis gesien moet word en nie bloot 'n vergadering nie. As ontmoetingsgebeurtenis is dit belangrik dat daar deeglike beplanning met betrekking tot die erediens geskied, sodat die gemeente met God in ontmoeting kan tree Nel (1985:23). Die seëngroet beklemtoon dat hierdie ontmoeting tussen God en die gemeente plaasvind.

### 5.6.5 Sang

Aangesien die erediens 'n ontmoeting tussen God en die gemeente is, veronderstel dit 'n gesprek tussen God en die gemeente. Die gesprek begin waar God met die gemeente praat en hulle daarop antwoord. Hierdie antwoord in die erediens geskied deur middel van verskillende handelinge, waarvan sang die geleentheid is waar die



© University of Pretoria

gemeente met God in gesprek tree. Barnard (1985:542) wys daarop dat elke lied wat deur die gemeente gesing word, se aard en karakter bepaal word deur dít wat God tot die gemeente gespreek het. Dit gaan nie net oor God wat spreek nie, maar wie en wat God is, kom ook in die liedere wat gesing word na vore (Vos 2010:3). In die lig hiervan is die opmerking van Nel (1994:37) belangrik: "Elke erediens van die gemeente staan onder hierdie koepel – God word gedien deur aanbidding, lofprysing, danksegging, skuld- en geloofsbelydenis, gebede, offers, en so meer."

Dit gaan dus oor die reaksie van die gemeente op die ontmoeting met God, en in hierdie lig maak Barnard (1985:543) die opmerking dat die gemeente met oorgawe tot die eer van God moet sing. Barnard (1985:543) beklemtoon dat die liedere wat gesing gaan word, nie voorgelees moet word nie. Sy argument teen die voorlees van die liedere, is dat dit die leraar te lank alleen aan die woord laat en dit ontneem die gemeente van deelname aan die erediens. Immink (2011:17) beweer in die deelname van gemeentelede aan die verloop van die erediens 'n aansluiting is by die Reformasie wat die gemeentelede se posisie verander het van toeskouers na deelnemers. Waar die gemeentelede eers slegs passiewe toeskouers was, het hulle ná die Reformasie verander in aktiewe deelnemers.

### 5.6.6 Voorlees van die Wet

Aangesien hierdie navorsing fokus op die beeld wat lidmate van God het en die invloed wat dit het op hulle betrokkenheid in die opbou van die gemeente, is dit juis van belang dat onthou word dat met die bekendmaking van die Wet van God aan die volk Israel by die berg Horeb, 'n openbaring ontstaan het van God as die Almagtige God wat met donderslae en aardbewings Homself aan Sy volk openbaar (Van Rongen



© University of Pretoria

2010:20). Nie net word God se openbaring in die Wet gevind nie, maar volgens Van Rongen (2010:20) is die Wet ook die basis van die geloofsverhouding tussen God en Israel, en daarom tussen God en die gemeente vandag. Alhoewel die rol wat die Wet in die lewe van gelowiges gespeel het deur die eeue verander het, beskou Van Rongen (2010:20) dit as die 'Grondwet' wat struktuur gee aan die lewe van gelowiges.

Wat die plek van die Wet in die erediens betref, het dit deur die loop van tyd gewissel afhangende van die doel daarvan. Voor die preek is dit as 'n opwekking tot 'n skuldbesef gebruik. Barnard (1985:544) wys op die Wet as reël van dankbaarheid, wanneer dit ná die skuldbelydenis en genadeverkondiging geplaas word. Die Wet word om twee redes in die erediens gebruik, naamlik as kennis van sonde, of as reël van dankbaarheid. Wanneer die Wet gebruik word om die sonde van die mens te beklemtoon, beweer Vos (2010:2) die volgende: "Die liturgie is 'n ruimte waarin sowel die persoonlike as die gemeenskaplike skuld voor God bekla word." Hier hoor die gemeente ook die genade en liefde van God vir die sondaar aan.

Wanneer Jesus in Matteus 22:34–40 die Wet opsom, doen Hy dit deur te wys op die liefde vir God en gelowiges se naaste. Die onderlinge betrokkenheid by mekaar en ander word soos volg deur Nel (1994:47) beskryf: "Barmhartigheidsdiens is daarom die mees logiese diens wat die gemeente in sy missionale gerigtheid op God se wêreld kan lewer."

### 5.6.7 Verootmoediging en skuldbelydenis

Wanneer die gemeente met God in ontmoeting tree tydens 'n erediens, wys Barnard (1985:547) daarop dat die gemeente opnuut weer bewus raak van sy eie nietigheid en



© University of Pretoria

onwaardigheid voor God. In diepe nederigheid en afhanklikheid kan die gemeente nie anders as om sy eie afhanklikheid teenoor die almag van God te erken nie. Dit vra ook 'n erkenning van skuld en soeke na genade.

Vanuit 'n Gemeentebou perspektief is dit egter belangrik om te onthou dat dit nie gaan oor die enkeling nie, maar oor die gemeente wat as gemeenskap van gelowiges gesamentlik in ootmoed voor God die Vader staan. Barnard (1985:549) wys daarop dat die gemeente as gemeenskap van gelowiges hulle skuld op verskillende wyses kan bely:

- 'n Voorganger kan dit hardop doen en die gemeente beaam dit in hulle harte.
- Die gemeente bely hulle skuld deur 'n gepaste lied te sing.
- Die gemeente bely self hulle skuld hardop aan die hand van 'n formule.

Met die hipotese van hierdie navorsing in gedagte, is die volgende opmerking van Vos (2010:2) belangrik: "God vergewe mense boonop die redes vir hulle klagtes. Een van die oudste liturgiese formules in Eksodus 34:6 beeld God as die genadige, vergewensgesinde God uit". Wanneer die gemeente dus hulle skuld voor God bely, is die verwagting wat hulle van God het en dus ook die beeld van Hom, 'n beeld van 'n Vader wat verstaan en genade betoon in reaksie op die sonde van die mens (Immink 2011:188).

### 5.6.8 Genadeverkondiging

Die samebindende faktor van die gemeente lê in die genade van God (Van der Merwe & Beukes 1991:648). Nadat die gemeente tot die besef van hulle skuld en sonde gekom het, is dit goed, maar ook noodsaaklik, om te besef dat hulle met God



© University of Pretoria

gemeenskap mag en kan hê. Dit is 'n gemeenskap wat veranker is in die heilswaarheid dat God die mens as verloste sondaar aanvaar, en dit dryf die gelowiges tot onderlinge gemeenskap met mekaar. Barnard (1985:550) verwys na Calvyn wat in die genadeverkondiging die moment van troos raaksien – troos vir die gemeente wat voorkom uit die rykdom van God se barmhartigheid. Vos (2010:2) sluit hierby aan as hy opmerk: "God is die God van genade, standvastige liefde en oordeel. Hierdie God is 'n genadige God, oorvloedig in liefde. Daarom vergewe God die volk se sonde. Deur die genade en in gemeenskap met die Vader en die Seun deur die inwerking van die Heilige Gees, ontstaan 'n nuwe lewe, waarmee die herstelde mens in 'n verhouding met God tree (Nel 1994:41asook Nel 2015:99) en dit word in die genadeverkondiging verwoord.

### 5.6.9 Geloofsbelydenis

Vanuit die genadeverkondiging vloei die geloofsbelydenis as die gemeente se respons op die verlossingswerk van God (Van der Merwe & Beukes 1991:648) en volgens Müller (1990:92) is die geloofsbelydenis 'n "samevatting van ons hele geloofsleer." Die geloofsbelydenis is die gemeente se reaksie is op God se spreke, en is volgens Barnard (1985:573) "die pelgrimslied van die gelowige skare". Soos pelgrims is die gemeente op reis en kan hulle nie anders as om hulle geloof voor God te bely nie.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing, is die geloofsbelydenis, as die respons van die gemeente, van kardinale belang aangesien dit die gemeente se verstaan van God verwoord, of soos Müller (1990:92) dit stel: "Dit is nie 'n aktiwiteit nie , maar eerder 'n refleks, 'n antwoord." Dit is dus die gemeente se reaksie of verstaan van God en die beeld wat hulle aangaande God het, kom hierin na vore.



© University of Pretoria

Hoe God gesien en gehoor word, vind weerklank in die belydenis wat uitgespreek word: "voor God en voor mekaar en voor die wêreld" (Barnard 1985:573). Die geloofsbelydenis kan óf deur die gemeente aangehoor word wanneer dit deur die liturg voorgelees word, of die gemeente kan dit in die vorm van 'n lied sing om sodoende die band van die gemeenskap van gelowiges opnuut weer te bevestig. Müller (1990:93) is egter van mening dat die geloofsbelydenis nie slegs deur die liturg gelees moet word terwyl die gemeente net daarna luister nie, aangesien dit dan die vorm van 'n gebed aanneem, in plaas daarvan dat die hele gemeente daaraan deelneem. Dit is belangrik dat die hele gemeente daaraan moet deelneem, soos Van der Velden (2000:34) beweer: "De geloofsbelijdenis vertolkt het geloof van de gemeente." In die geloofsbelydenis as reaksie of antwoord van die gemeente op God se openbaring, sien Barnard (1985:466) 'n noue korrelasie tussen die geestelike peil van die gemeente en die geestelike peil van die gelowiges. Lidmate se persoonlike geestelike vlak word weerspieël in die gemeente se geestelike peil. Wanneer lidmate se persoonlike godsdiens gestagneer het, sal daar ook stagnasie in die erediens plaasvind. Die omgekeerde is ook waar; wanneer lidmate se geloof verdiep, moet daar in die erediens 'n verdieping plaasvind.

Oor die plek van die geloofsbelydenis in die erediens, is daar verskeie moontlikhede:

- Aangesien die belydenis van geloof 'n logiese reaksie op die spreke van God is, is die beste plek direk na die preek (Müller 1990:92).
- Dit kan ook direk na die skriflesing plaasvind, soos die gebruik is in die Lutherse Kerke en in aansluiting by Rome (Barnard 1985:572).
- Die Sinode van Dordrecht, 1574, het dit direk na die dankgebed geplaas (Barnard 1985:572).



© University of Pretoria

- Tydens 'n nagmaalgeleentheid kan die geloofsbelydenis net na die preek geplaas word en dan vorm dit 'n skarnier of brug tussen die Woord en die sakrament (Müller 1990:92).

Brienen (1987:222) wys op die volgende: "Bij Calvijn komt het Credo, en dat is het Apostolicum, alleen voor, als er Avondmaal wordt bediend. Is er geen Avondmaal, dan blijft ook het Credo weg."

Müller (1990:93) sien ook die geloofsbelydenis as 'getuienisgeleentheid' en wel die geleentheid waar die gemeente van hulle geloof getuig. Die klem moet juis geplaas word op die getuienis van en deur die gemeente: "In die erediens het die individuele belydenis net 'n bestaansreg, as dit ook 'n gesamentlike belydenis kan word" (Müller 1990:93).

Die plek van die belydenis van geloof in die erediens kan varieer, en die volgende is die mees algemene voorbeelde:

- Die Twaalf Artikels of Apostolicum word baie wyd as geloofsbelydenis gebruik (Müller 1990:94).
- Die Niceaanse Belydenis kan gerus meer in ons eredienste gebruik word (Müller 1990:94).
- Die Gereformeerde belydenisse kan ook gebruik word (Müller 1990:94).
- Die antwoord op die eerste vraag van die Heidelbergse Kategismus kan volgens Müller (1990:94) ook sinvol gebruik word in 'n tyd van krisis, of na 'n troospreek.



© University of Pretoria

- Die Geloofsbelydenis van Athanasius kan op 'n Sondag Trinitaries gelees word (Barnard 1985:574).

### 5.6.10 Skriflesing

Wat die skriflesing in die erediens betref, het daar met verloop van tyd verskeie ontwikkelinge ontstaan. Alhoewel die verband en eenheid tussen skriflesing en prediking vandag as vanselfsprekend aanvaar word, was dit nie altyd die geval nie (Van der Velden 2000:29). Deur die verloop van die kerkgeskiedenis het die volgende gebruike voorgekom:

- In die Rooms Katolieke kerk het die skriflesing selfstandig gefunksioneer en het dit geen verband gehou met die preek nie. Die preek was meestal geen teksprediking nie (Van der Velde 2000:29).
- Gedurende die 18de en 19de eeu het die bewussyn van die erediens as 'n ontmoeting tussen die Here en Sy volk volgens Barnard (1985:371) meestal verlore gegaan en het die preek los van die Skriflesing en die res van die erediens gestaan. Die skriflesing was die taak van die voorleser en Van der Velden (2000:29) wys daarop dat die prediking deur die predikant meestal geen verband gehou het met die skriflesing nie.
- Die latere gebruik om 'n verband tussen skriflesing en prediking te hê, is volgens Van der Velden (2000:29) 'n groot aanwins vir die liturgie. Van Rongen (1990:121) beweer: "Schriflezing vindt in de kerk plaats in verband met de preek; uit het de gelezen gedeelte wordt de tekst voor de preek genomen, of anders met de Schriflezing dienen om voor te bereiden wat in de preek gezegd sal worden".



© University of Pretoria

Wat die keuse van die skriflesing betref, wys Van der Velden (2000:30) daarop dat alhoewel die predikant verantwoordelik is vir die keuse van die skriflesing, dit ook sekere nadele inhou, soos dat die gemeente daarvan uitgesluit word. Dit gebeur ten spyte van die kerkraad se medeverantwoordelikheid vir die verloop van die erediens (Van der Velden 2000:30).

Die praktyk waar die predikant die vryheid het om die skriflesing willekeurig te kies, was nie altyd die geval nie. "In vroegere tijden was dit anders. In de middeleeuwse kerk, waaruit de reformatoren kwamen, werd de Schrift gelezen volgens een leesrooster, een zogenaamd perikopenstelsel" (Van der Velden 2000:30). Barnard (1985:563) wys ook daarop dat die Skrif in volgorde deurgelees kan word of dat die kerklike jaar gevolg kan word, *die sogenoemde lectio continua.* Calvyn het gekies om Bybelboek vir Bybelboek te lees en het telkens aangegaan waar hy die vorige keer opgehou het (Van der Velden 2000:31). Die belangrikheid van skriflesing word deur Duck (2013:125) benadruk wanneer hy die opmerking maak dat: "Scripture of course is the prime witness to the life-giving work of the true God among humanity, and as such should be at the heart of worship, not only in preaching but in all that is said and done." Duck (2013:126) wys ook daarop dat daar deur die eeue verskillende benaderings was tot skriflesing en verskillende wyses waarop dit in die erediens hanteer is. Dit kan óf by wyse van 'n leesrooster (Van der Merwe 2010:174) óf *lectio continua* óf na willekeur geskied (Barnard 1985:563).

Saamlees deur die gemeente het ook groot waarde, veral as 'n hulpmiddel om te onthou en volgens Barnard (1985:564) kan die gemeente "deur self te lees, ook beter oordeel of die prediking inderdaad bediening van die Woord van God is". Wat



© University of Pretoria

Skriflesing belangrik maak, is dat die gemeente tot die besef moet kom dat dit God self is wat met hulle praat. Dit dra sodoende by tot verdieping van die gemeenskap van die gelowiges.

### 5.6.11 Prediking

Vanuit die Skriflesing vloei die prediking, en Van der Merwe en Beukes (1991:650) beklemtoon die feit dat die gemeente deur middel van die prediking begelei moet word om te verstaan dat God met hulle praat, en op hierdie manier word 'n gemeenskap van gelowiges gevorm en gevestig. Dit is egter meer as net die vestiging van 'n gemeenskap van gelowiges; "for preaching must help people draw connections between the perspectives of Scripture and their daily lives and relationship with God" (Duck 2013:139). Prediking is dus die begeleiding van lidmate om in 'n verhouding met God te lewe en in die proses is dit noodsaaklik dat God se teenwoordigheid ervaar moet word (Van der Merwe 2009:149). In die teenwoordigheid van God word die gemeente as verloste sondaars met die genade van God gevoed, en aan ander word die boodskap van verlossing in Christus gebring (Barnard 1985:565).

Die erediens, en veral die prediking, moet dus só geskied dat die liturg deur sy optrede die gemeente lei om die verlossende teenwoordigheid van God te ervaar, maar Van der Merwe (2009:149) wys ook op die noodsaaklikheid daarvan dat die liturg se stemtoon en liggaamstaal sy eie oortuiging moet weerspieël dat God teenwoordig is.

Wat die erediens betref, verwys Van Blerk (1995:6) na Barth, wat die verloop van die erediens as die inleiding tot die preek sien en vir Barth is die preek die hoogtepunt van



© University of Pretoria

die erediens. Barnard (1985:564) is van mening dat die prediking en die erediens, wat die gesprek tussen die Here en sy volk is, nie los van mekaar staan nie; inteendeel, die preek is dít wat voortbou en lei op wat volg. Die prediking reik dus terug na die voorafgaande en reik uit na wat volg. Prediking is egter nie net eenrigtingkommunikasie nie, maar 'n "kommunikatiewe handeling, in diens van die evangelie, waaraan die hele gemeente ook 'n aktiewe aandeel het, met ander woorde, dat prediking tweerigtingverkeer veronderstel" (Venter & Du Preez 2008:1426). Die hoorder word dus aktief betrek by die prediking met sy of haar vrese, hoop en behoeftes en: "In die erediens ontmoet God en mens mekaar, sodat die erediens dus 'n soort antwoordkarakter vertoon" (Wepener 2009:191).

In die ontmoeting tussen God en mens, wys Wepener (2009:191) op die volgende: "Die inisiatief is deurentyd by God wat deur sy Woord en Gees in die erediens na ons uitreik, met ons praat en werk, maar dan ook by die mens wat God hierop antwoord". In die prediking word woorde gebruik om God se boodskap aan die gemeente te kommunikeer. Duck (2013:102) wys daarop dat verskillende beelde of metafore van God gebruik word om die gemeente te begelei in die ontmoeting met God, en die volgende opmerking is vir hierdie navorsing van groot belang: "Christians may worship through metaphors drawn from present human experience as well from Scripture and tradition because of God's ongoing presence in human life; drawing all people towards love, peace, and justice" (Duck 2013:103).

Van der Merwe (2009:174) onderskei tussen twee style van Woordverkondiging, naamlik die tradisionele erediens, wat formeel en gestruktureerd is, en die meer kontemporêre erediens, wat meer informeel is. Waar die tradisionele dienste se fokus



© University of Pretoria

meer val op verkondiging en response soos geloofsbelydenis, gebed en voorbidding (Van der Merwe 2009:174), is die sentrale boodskap by kontemporêre eredienste meer van 'n "lerende, praktiese, inspirerende aard en roep dit gelowiges op tot 'n lewensveranderende besluit. Die boodskap word verhelder of ingelei deur drama, solosang of voorsang deur die musiekgroep" (Van der Merwe 2009:174).

### 5.6.12 Gebed

“Wie kerk en erediens noem, sê in dieselfde asem ‘Gebed’” (Loots 1990:63). Die een kan nie sonder die ander nie. Die gemeente se samekoms is 'n samekoms op grond van God se uitverkiesende genade, om met Sy gemeente in gesprek te tree en vanuit 'n baie unieke verbondsverhouding reageer die gemeente deur God te aanbid en te dien. Immink (2011:183) beskryf gebed soos volg: "In het gebed komt de levendige betrekking van de mens tot God tot uitdrukking." Die verhouding tussen God en mens kom te voorskyn in die mens wat biddend voor God vergader.

Vanuit 'n Gemeentebou-perspektief is gebed in die erediens belangrik, aangesien dit enkelinge as 'n gemeente saamsnoer in 'n hegte verhouding waar die gelowiges onderling aan God en aan mekaar verbind is (Nel 1994:40). Die erediens, en dan spesifiek gebed, is ook die geleentheid waar die enkeling deel word van die volk van God (Smuts,Vos & Nel 1990:65). Nie slegs word die enkeling deel van die volk nie, maar volgens Barnard (1985:553) verander gebed die bidder en dan ook die gemeente.

Barnard (1985:552) beklemtoon die funksionele rol van gebed in die erediens en is van mening dat: "wanneer die kerk in die erediens bid, sy ware aard op 'n heel



© University of Pretoria

besondere wyse tot openbaring kom." Die erediens is dus 'n plek en ruimte waar die gemeente in biddende afhanklikheid vergader. Jesus Christus het as die groot Liturg die volmaakte gebed na die Vader opgestuur (Barnard 1985:552) en hiermee 'n baie unieke beeld van God as Vader in die lewe van die gelowiges kom vestig. Barnard (1985:552) wys op die volgende: "Gebed is die antwoord op die selfopenbaring van God". Vanuit die openbaring van God aan die mens, reageer die mens en tree hy in ontmoeting met die lewende God.

Gebede kan in verskillende kategorieë verdeel word na aanleiding van die doel en die plek van die gebed in die liturgie:

- **Epiklese gebed**: Die gebed word gebid voor die skriflesing met die oog op die beter verstaan van die skriflesing en Duck (2013:114) wys daarop dat die epiklese gebed sy ontstaan by Calvyn het, wat geleer het dat die Heilige Gees die gemeente moes lei in die verstaan van die Skrif.
- **Voorbidding**: Hierdie vorm van gebed is daarop gemik om die behoeftes en nood van mense voor God te bring en sodoende ontmoet liturgie en die lewe mekaar (Duck 2013:116). In hierdie gebede stort die mens sy nood en hart in biddende afhanklikheid voor God uit, en Barnard (1985: 571) sien hierin die gemeente se priesterlike taak: "Die kerk en gelowiges mag voor God tree en by Hom voorbidding doen vir die mense, en omgekeerd God se seën na die mense toe uitdra".
- **Stilgebede:** Dit is die geleentheid wat aan die gemeentelede gebied word om in stilte en afhanklikheid vir 'n spesifieke saak te bid. Hierdie stilgebed word deur die liturg afgesluit met 'n kort gebed in verband met die spesifieke saak (Duck 2013:117).



© University of Pretoria

- **Dankgebede**: Aangesien die gemeente bewus is van alles wat die Here vir hulle doen en gedoen het, is dankgebede 'n integrale deel van die liturgie en kan dit die vorm van dankgebede wat gesing word, aanneem (Barnard 1985:569).
- **Responsoriese gebed:** Die liturg gaan voor en die gemeente antwoord, deur middel van woorde of frases wat hulle uiter (Barnard 1985:559).

#### 5.6.13 Die seën

Net soos die erediens begin met God wat spreek, so sluit dit ook af met God wat spreek. Die seën aan die einde van die erediens laat die gemeente as geseëndes die wêreld ingaan en Duck (2013:122) sien in die wegsendingseën 'n bepaalde doel: "they charge the people to live faithfully as Christians in the world". Die gemeente word dus opgeroep om as getroue getuies die wêreld in te gaan. Barnard (1985:576) beklemtoon die feit dat die seën aan die einde van die erediens, eintlik 'n samevatting van al die liturgiese handelinge van die erediens is, waarmee die gemeente die opdrag ontvang om as draers van die seën die wêreld in te gaan. De Klerk (2007:33) sien in die seën 'n baie sterk en besondere opdrag tot evangelisasie, en hy beklemtoon dat die boodskap wat ontvang is, die wêreld ingedra moet word. Om hierdie rede is die seën nie die aankondiging dat alles nou verby is nie, maar dat "die wegstuurseën eintlik die begin van die lewenserediens moet aankondig" (De Klerk 2007:30). Die erediens van Sondag moet voortgaan om die erediens van die lewe te word. Voortvloeiend hieruit is die bewustheid van gemeentelede dat die gemeente nie bestaan ter wille van homself nie, maar dat dit bestaan juis om uit te gaan en met 'n missionale gerigtheid 'n verskil in die wêreld te gaan maak (Callahan 1983:1 & Nel 1994:188). So word die boodskap van Sondag se erediens deur baie meer gehoor as net hulle wat die erediens bygewoon het.



© University of Pretoria

Nel (1990:187) maak die opmerking dat die kansel as't ware op die sypaadjie neergesit moet word, om sodoende die evangelie by die mense te kry. Met die seën aan die einde van die erediens word die kerkdeure oopgemaak en word die eerste tree in die sendingveld gegee met die doel "om ons aanbidding in elke aspek van die lewe voort te sit" (Van der Merwe 2009:177). Met die uitgaan uit die erediens die wêreld in, is Duck (2013:122) van mening dat: "a deacon gives the charge, as an extension of the ministry of service in the world, while the elder gives the blessing, as an extension of the ministry of proclaiming the gospel." In aansluiting hierby is die volgende opmerking deur Wepener (2010:148) in verband met die nagmaal van belang: "Met ander woorde, die wyse waarop ons God se brood breek, is eintlik vervleg met die wyses waarop ons met mekaar in ons samelewing brood breek." Hier word met ander woorde verwys na die afstand tussen Sondag se nagmaaltafel en die sosiale tafels van die samelewing. Die gemeenskap wat aan die nagmaaltafel beoefen word, moet sigbaar word gedurende die week.

## 5.7 LITURGIESE INKLEDING VAN DIE EREDIENS

### 5.7.1 Emosie en gevoel in die erediens

Die ontmoeting tussen God en mens in die ruimte van die erediens skep volgens Vos (1999:99) " 'n kanaal vir emosies en ervaring". Wanneer Jakob by Bet-El met sy kop op die klip slaap en droom van die leer, met God wat aan die bopunt staan en na hom kyk, vertel Genesis 28:16 van sy emosiebelaaide reaksie op die droom. Ook in Eksodus 3:1–6 word vertel van die openbaring van God aan Moses by die brandende doringbos en hoe Moses sy gesig bedek het, want hy was bang om na God te kyk. Die ontmoeting tussen God en mens gaan gepaard met emosie, omdat die mens telkens sy eie nietigheid en afhanklikheid besef. Die fokus van hierdie navorsing is juis op



© University of Pretoria

lidmate van die NHKA se Godsbeeld en hulle ervaring van die erediens. Volgens Smit (2009:99) gaan dit "in die erediens om die teenwoordigheid van God by ons, om die belewenis van God se lewende aanwesigheid." Die ondersoek is dus na lidmate se ervaring en belewenis in hierdie verband. Cloete (1985:44)verwys na Johnson, wat beweer dat godsdiens diep gewortel is in menslike emosie, en daarvolgens is geen godsdiens moontlik sonder emosionele steun nie, aangesien godsdiens ten diepste te doen het met die node en waardes van die lewe.

Alhoewel daar verskeie elemente of godsdienstige handelinge in die erediens is wat kan bydra tot die skep van 'n gevoel van gemeenskap met God en ander, waarsku Smit (2009:99) egter teen hierdie meganiese handelinge wat soms slegs oppervlakkige veranderinge en pogings kan wees. Smit (2009:98) wys daarop dat "die eintlike kommunikatiewe gebeure in die erediens verskuil lê onder en agter die blote formele elemente." Die vraag is dus, wat word gekommunikeer met 'n bepaalde handeling? Watter soort boodskap word uitgedra? Smit (2009:98) vra die vraag: "Wat gebeur byvoorbeeld met 'n gemeente se selfverstaan en langtermynidentiteit as die kansel uit die liturgiese ruimte verwyder word en vervang word deur – sê maar – 'n nagmaalsaltaar?"

In dié verband is dit egter belangrik om van Smit (2009:100) se opmerking kennis te neem, dat God meer is as waaroor gelowiges beskik; dat Christus buite gelowiges se werklikheid is, en dat slegs die Heilige Gees die teenwoordigheid van God kan bemiddel. Gelowiges kan dus nie God se teenwoordigheid deur middel van meganiese handelinge manipuleer nie. Smit (2009:102) hou die volgende mening: "Dis sonder meer duidelik dat hierdie soort Godsbeeld deur sekere soorte liturgieë en sekere soorte



© University of Pretoria

aanbiddingstyle gedien en bevorder word, deur ánder weerspreek, ondergrawe en selfs verloën word. ″

Met Smit (2009:100) se waarskuwing teen meganiese manipulasie in gedagte, verskeie liturgiese handelinge van naderby ondersoek word:

### 5.7.1.1 Multisensoriese aanbidding

Deel van die skepping van 'n gunstige atmosfeer in die erediens is volgens Niemandt (2007:117) om "al die sintuie te betrek by eredienste. Mense smag na *whole body experiences.* Al die sintuie word by aanbidding betrek en speel 'n rol in die gebeure." Hy wys daarop dat veral die visuele belangrik is en daarom moet moeite gedoen word om sigbaar uitdrukking te gee aan aanbidding. Die visuele sluit dinge soos brandende kerse in, waarmee 'n mistieke antieke atmosfeer van ontmoeting met God geskep word, tot die gebruik van moderne tegnologie soos multimediaprojektors waarmee beelde tydens preke vertoon word. Wat belangrik is, is om te hoor wat Niemandt (2007:116) sê: "Dit is nie soos 'n ouditorium waar die aanbiddingsgebeure opgevoer en die toeskouers beïndruk moet word nie. Dit kan eerder met 'n danssaal vergelyk word, waartydens almal deelneem en betrokke is en self die uitkoms van die ontmoeting kan beïnvloed."

Die klem moet dus val op die deelname van elke lidmaat aan die verloop van die erediens, want dit is tog die hele gemeente wat met God in ontmoeting kom en nie net sekere lidmate nie. Van der Merwe (2009:174) wys ook op die belangrikheid van deelname aan die erediens: "Deelname aan die erediens word ook al meer



© University of Pretoria

beklemtoon. Deelname tydens die Woorddiens kan die volgende insluit: voorlesers, respons op die Skriflesing, stilte, sang, geloofsbelydenis, drama en die vredesgroet".

#### 5.7.1.2 Musiek

Musiek is seker een van die handelinge wat die meeste bydra tot die skep van 'n bepaalde atmosfeer. In die ruimte van die erediens val die fokus spesifiek op kerkmusiek wat ten doel het om 'n atmosfeer of klimaat te skep wat die gemeenskap met God verdiep. Nie net word gemeenskap met God geskep nie, maar met musiek word ook 'n atmosfeer van deelname geskep (Duck 2013:79). Kloppers (2005:191) verwys na die uitdaging waarmee kerke vandag te doen het: "Die erediens in die Reformatoriese kerke in Suid-Afrika staan onder druk. Eredienste word dikwels as te eenvormig en te 'tradisioneel' ervaar." Vir Kloppers (2005:204) lê die antwoord in die groter deelname van lidmate aan die liturgie van die erediens en is die liggaamshouding van gemeentelede veral belangrik omdat dit bydra tot die sinvolheid van die erediens (Duck 2013:79). Kloppers (1997:175) verwys na Meyer, wat aangetoon het dat musiek op sigself nie iets beteken nie, maar dat musiek tot assosiasie en 'n bepaalde belewenis lei, wat mense bewus maak van sekere dinge. Hoe meer lidmate dus deel voel van die erediens, hoe groter is die belewenis van 'n ontmoeting met God, en 'n gemeenskap met mekaar (Kloppers 1997:178). Die waarde van musiek lê daarin dat dit op 'n affektiewe wyse met die mens kommunikeer en gevolglik het dit 'n groter kommunikasiemoontlikheid as die gesproke woord (Kloppers 1997:178). In hierdie verband verwys Keiffert (1992:98) daarna dat vreemdelinge makliker tuis voel in 'n erediens wanneer musiek 'n gunstige atmosfeer skep. Hy wys daarop dat al is die woorde nie noodwendig bekend nie, dit 'n gunstige atmosfeer skep as die melodie aangenaam klink. Die waarde van musiek en liedere lê



© University of Pretoria

in die kommunikasiemoontlikhede wat dit bied en "While some hymns speak about God, many speak to God, expressing theology in the context of an encounter with God, who also speaks to us" (Duck 2013:80). Dit beklemtoon juis die kommunikasiewaarde van musiek en in dié verband beweer Van der Merwe (2009:154) dat musiek in die erediens nie slegs van uitvoerende aard is nie, maar dit bydraend tot die gesamentlike aanbidding van die gemeente is. Dit skep dus onder die gemeentelede 'n eenheidsgevoel in hulle kommunikasie met God en 'n ervaring van geloof.

#### 5.7.1.3 Kleredrag

Klere dra ook by tot die skep van 'n bepaalde atmosfeer en die waarde daarvan in die erediens mag nie onderskat word nie. Klere bedek en beskerm nie net die liggaam nie, dit kommunikeer ook. Dit kommunikeer iets van 'n persoon se ouderdom, geslag, sosiale posisie, asook godsdiens, soos blyk vanuit die vroeë Christendom toe dit die gebruik was om veral aan swart klere bepaalde simboliese waarde te heg (Roets & Dreyer 1998:719–720).

Klere kan egter 'n belemmering in die erediens wees (De Klerk 2007:35) indien mense mekaar daarvolgens sou beoordeel. Jakobus 2:2 en verder, wys juis op die negatiewe effek wat dit kan hê op die skep van 'n gunstige atmosfeer van aanbidding. Vir baie jare was daar in baie kerke en ook in die NHKA 'n bepaalde verwagting oor kleredrag wat dikwels gelei het tot 'n vervreemding. Te streng en eng voorskrifte ten opsigte van kleredrag kan belemmerend wees op die prediking. Die moderne tendens in die meeste kerke is om gemaklike en informele klere te dra. Beukes (1993:16)



© University of Pretoria

verwys na Houda, wat aangedui het dat klere maklik kan lei tot 'n onderskeid tussen ampsdraers en gewone lidmate en ook 'n miskenning van hulle dienswerk.

#### 5.7.1.4 Kleure

Deur verskillende liturgiese kleure simbolies in die erediens te gebruik, word lidmate bewus gemaak van die ritme van verskillende Christelike feesdae en seisoene, en word 'n groter bewustheid van deelname aan die verloop van die erediens geskep (Agenda Algemene Kerkvergadering: 2004:246). Hierdie liturgiese kleure help lidmate om iets te onthou van die verloop van die liturgiese jaar, en dien ook as visuele verkondiging wat bydra tot 'n groter gevoel van geborgenheid. Die verskillende liturgiese kleure is nie ligtelik gekies nie, maar kom uit 'n ekumeniese tradisie, en is vasgelê op grond van die simboliese waarde van die kleur (Agenda Algemene Kerkvergadering 2004:247).

Die volgende liturgiese kleure word aanbeveel vir gebruik in die erediens gedurende die verskillende tye van die liturgiese jaar:

- **Advent**: Die liturgiese kleur hiervoor is pers as simbool van koningskap (NHKA 2008:21) en Advent verwys na die Latynse woord vir 'coming' of 'arrival' (Duck 2012:134). Die fokus val hier op Christus se menswording in Betlehem, asook die afwagting op die Wederkoms. Die kerk leef in die afwagting op die koms van die Koning en "Advent expresses hope and longing that God's full will may be done on earth. This involves admitting the limits of the present world and our own lives as they are; it means embracing new ways of living to welcome Christ's reign" (Duck 2012:134).



© University of Pretoria

- **Kersfees**: Die liturgiese kleure is wit en goud (NHKA 2008:21) met wit as simbool van reinheid en goud as simbool van koningskap en Kersfees. "Christmas celebrates the nativity of Jesus as Immanuael, which means 'God is with us' " (Matteus 1:23b & Duck 2013:135).
- **Epifanie:**Die liturgiese kleure van Epifanie is ook wit en goud (NHKA 2008:21) en volgens Duck (2013:137) is die fokus van Epifanie "the revealing of God in Christ. Epiphany is a feast of incarnation." Die klem val op die openbaring van God en dan spesifiek die openbaring of die verskyning van Christus aan die heidene. Hier wys Duck (2013: 137) in die besonder op die betekenis van die wyse manne uit die Ooste wat Christus gesoek en gevind het.
- **Lydenstyd**: Wynrooi of persrooi (NHKA 2008:21) is die kleur van 'n Koning wat ook tegelyk lydende Kneg is. Gedurende hierdie tyd is die stemming baie droewig en gedemp en "the church's identification the Jesus' death and resurrection' " (Duck 2013:130). Gedurende hierdie periode oordink gelowiges die betekenis van hulle eie doop.
- **Goeie Vrydag**: Op Goeie Vrydag val die fokus op die Kruisgebeure en dink die gemeente na oor die betekenis daarvan (Duck 2013:131). Die liturgiese kleur is swart, as kleur van rou (NHKA 2008:21).
- **Paassondag**: Jesus Christus se opstanding en die oorwinning oor die dood is die fokus van Paassondag. Die liturgiese kleur is weereens wit en goud (NHKA 2008:21) en die fokus is op 'n nuwe lewe en 'n nuwe begin (Duck 2013:132).
- **Hemelvaart:** Die liturgiese kleur is hier ook wit en goud (NHKA 2008:21) as simbool van die Lig van die wêreld wat oral skyn (NHKA 2008:21).



© University of Pretoria

- **Pinkster**: Hier is vuurrooi (NHKA 2008:21) die simboliese kleur, as simbool van die Heilige Gees wat uitgestort is en wat die mens begeester om getuie vir God te wees. Pinkster kan gevier word met "a profusion of flowers, with vivid colors, with use of the varied languages that people in the congregation know, and with symbols of flame and wind. Pentecost is a good time of worship with other churches or to have a meal or mission festival following the service" (Duck 2013:132). Ten opsigte van Pinkster maak Immink (2011: 75) die volgende opmerking: "Het Pinksterfeest als onderdeel van de Paaskring maak duidelijk dat Christus tegenwoordig is op de wijze van de Geest."
- **Drie-eenheidsondag:** Die Drie-eenheidsondag is die afsluiting van die Paaskring (Immink 2011:75) en die liturgiese kleur is wit en goud (NHKA 2008:21) as kleur van die Allerheiligste en sy volmaaktheid.
- **Tyd van die Koninkryk van God en Eskatologie:** Groen is die kleur wat hier gebruik word om groei te simboliseer (NHKA 2008:21).

Deur innoverende gebruik van kleure kan lidmate op verskillende wyses by die verloop van die erediens betrek word, soos byvoorbeeld die aantrek van klere van 'n spesifieke kleur by 'n spesifieke erediens, of die maak van ruikers vir versiering. Dit dra alles by tot die skep van 'n aangename atmosfeer in die erediens.

#### 5.7.1.5 Stilte

Die sinvolle aanwending van stilte tydens 'n erediens dra by tot die skep van 'n gunstige en aangename atmosfeer. Kloppers (2005:195) is van mening dat stilte deel behoort te vorm van elke erediens. Alhoewel stilte soms ongemaklik is, verwys Kloppers (2005:194) na Josuttis, wat aangedui het dat stilte die kommunikatiewe



© University of Pretoria

grens met die buitewêreld aandui. Dit beteken dat die gemeente wat vanuit die geraas van die alledaagse kom, eers in stilte moet voorberei om God te ontmoet. Dit is dus asof die stilte die grens is tussen die alledaagse geraas en die ontmoeting met God. Dit herinner aan die tydperk van afsondering wat Jesus in die woestyn deurgebring het ná sy doop en voordat Hy met sy werk begin het. Die stilte en afsondering van die woestyn het Hom voorberei om as Gestuurde van God alle gelowiges ook te stuur.

Cilliers (2008:32) beskryf die funksie en rol van stilte in die erediens soos volg:

> "In liturgy, silence – being representative symbolism – always is a (ful)filled silence. Fulfilled silence creates, from words and ritual, moments of intensification of understanding, prayer, experiences and praise".

Stilte in 'n erediens kan ook die geleentheid skep vir stilgebed, en Barnard (1985:558) wys daarop dat dit 'n wesenlike onderdeel van die ontmoeting tussen God en elkeen in die gemeente is. In stilte word elkeen opnuut bewus van God se teenwoordigheid en sodoende verander toeskouers van die liturgie in deelnemers aan die liturgie. Van der Merwe (2009:149) is van mening dat elke stilte anders is en dit dra by tot die skep van 'n ervaring van die teenwoordigheid van God.

## 5.8. LITURGIE EN LIDMATE

### 5.8.1 Beplanning en evaluasie

Ten einde 'n erediens sinvol te laat verloop en van die lidmate deelnemers aan die liturgie te maak, is dit noodsaaklik dat die liturgiese verloop van die erediens so volledig as moontlik beplan moet word. Kloppers (2005:205) wys op die



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

noodsaaklikheid van erediensbeplanning en die belangrikheid van afwisseling, en daarom kan sekere eredienste voller wees en ander weer stiller.

Aangesien die erediens 'n kommunikasieproses tussen die prediker en die gemeente is, wys Pieterse (1985:161) daarop dat dit belangrik is dat die prediker tydens die preek in voeling met die gemeente moet wees, en dat hy of sy moet let op die gemeente se reaksies. In sowel die beplanning as die evaluasie van die preek, is die gemeente medeverantwoordelik in die opsig dat die prediker bewus is van die gemeente se behoeftes en nood, en dat dit 'n bepalende rol speel in die voorbereiding van die liturgie van die erediens (Pieterse 1985:163). Na afloop van die erediens is daar verskeie maniere waarop die gemeente betrokke kan wees by die nadenke oor die erediens. Dit kan óf by wyse van 'n formele evaluasieproses wees (Pieterse 1985:164) óf 'n informele gesprek tussen die prediker en die gemeente. McClure (1995:22) beweer: "We must actually allow members of the congregation to participate in the discernment of the preached Word." Op hierdie wyse word daar volgens McClure (1995:24) dikwels meer realiteit in die verkondigde Woord gebring, aangesien lidmate vanuit hulle ervaringe, vrese en behoeftes insette lewer, wat tot gevolg het dat "the Word of God becomes a real Word, spoken in the closest possible relation to the actual life situation of both the congregation and individuals" (McClure 1995:25).

In die kommunikasieproses tussen prediker en gemeente vind die gemeente as liggaam van Christus opnuut weer gestalte, en kan hulle 'n dialoog voer vanuit die Woord, waarin hulle aan mekaar die Woord verkondig en mekaar daarin leer (Pieterse 1985:163–164). Vanuit 'n Gemeentebou-perspektief is hierdie interaksie uiters belangrik en wys Nel (1995:38) daarop dat daar 'n verweefdheid van verskillende



© University of Pretoria

bedieninge vanuit die erediens vloei, wat in diens van die kommunikasie van die Evangelie staan. Die verskillende bedieninge van die gemeente kom in die erediens bymekaar, en vloei weer vanuit die erediens via die gemeentelede na die gemeenskap. Van der Merwe (2009:158) sien in die verband "die erediens as die middelpunt van die uurglas". Alles vloei hierna en alles vloei weer hieruit. Dit is belangrik om daarop te let dit nie gaan oor die prediking nie, maar dat dit gaan oor al die liturgiese handelinge wat deel is van die erediens. Van der Merwe (2009:170) verwys na die verskillende liturgiese handelinge as 'n gesprek tussen God en die gemeente. God praat onder andere deur middel van Sy Woord, prediking en seën en die gemeente antwoord of reageer onder andere deur middel van lofsang, gebed, skuldbelydenis en dankoffers.

### 5.8.2 Deelname van lidmate

In die ontmoeting tussen God en mens in die erediens, is dit nie slegs enkelinge wat God ontmoet nie, maar elkeen wat in die erediens teenwoordig is, moet die belewenis van 'n ontmoeting met God ervaar. Niemandt (2007:115) is van mening: "Wye deelname en betrokkenheid maak deure oop, sodat meer lidmate hulle skeppende vermoëns kan uitleef". Hy wys daarop dat elke lidmaat as beelddraer van God op 'n bepaalde manier kreatief is, en dus is elkeen se unieke deelname aan die liturgie belangrik. Hoe groter die deelname aan die liturgie, hoe groter is die gevoel van omgee tussen lidmate, en hoe groter is die ervaring van lidmate dat daar vir hulle omgegee word. Callahan (1983:25) beskryf hierdie klimaat van omgee soos volg:

> "As a means of evaluating the quality of warmth that members share with one another and to obtain a firm grasp of the climate of caring and sharing, present among those who participate in worship together."



© University of Pretoria

Callahan (1983:32) is van mening dat indien lidmate weet dat die prediker vir hulle omgee, met ander woorde, as hy of sy 'n goeie herder is, is hulle meer bereid om te luister, juis omdat hulle ervaar dat daar vir hulle omgegee word. Dit skep nie alleen 'n ruimte van omgee vir mekaar nie, maar motiveer lidmate ook om deel te neem aan die aktiwiteite van die gemeente. Die voorkoms en deelname aan rituele in die erediens skep volgens Duck (2013:7) 'n sterk kommunale identiteit en kohesie in die gemeente wat die verhouding tussen God en mense bou, asook die verhouding van mense met mekaar.

Callahan (1987:103) wys daarop dat Sondag die eerste dag van die week is, en dat die aktiwiteite van die gemeente dus vanuit die erediens vloei. Die aanbidding wat op die Sondag plaasvind, is die aktivering en dryfkrag van dít wat die gemeente in die wêreld gaan doen in die dae wat volg. Daar is verskillende wyses waarop lidmate kan deelneem aan die verskillende liturgiese aktiwiteite van die erediens, en wat kan dien as vertrekpunt vir hulle betrokkenheid by die missionale opbou van die gemeente. Die volgende is wyses van deelname aan die erediens:

- **Algemene deelname ("lay leadership")**

  Duck (2013:20) het met betrekking tot die deelname van lidmate aan die erediens die volgende opmerking gemaak: "One common repeated was to involve lay people in Scripture reading, which we agreed to begin immediately. Lay people lead in many other ways; such as ushering, preparing the Communion elements, and singing in the choir."

- **Verbale deelname**

  Lidmate se deelname is die fokus; veral op die voorlesing uit die Bybel, sang asook die voorlees van gebede (Duck 2013:21)



© University of Pretoria

- **Stille deelname**

  Stilte vorm 'n belangrike deel van die liturgiese elemente van 'n gemeente en bied aan lidmate die geleentheid "to reflect on, and respond to what is happening in worship, to join their individual prayers to the corporate confession, or intercession, and to contemplate the nonverbal aspects of worship" (Duck 2013:21).

- **Sintuiglike deelname**

  Die wyse waarop lidmate staan of kniel as daar gebid word, die opsteek van hande tydens gebede, of die vou van hande, asook die wyse waarop lidmate in die kerk inbeweeg of iemand wat aan liturgiese danse deelneem, of bloot die aanskou van 'n liturgiese danser, is volgens Duck (2013:21) lidmate se sintuiglike deelname aan die erediens.

- **Spontane deelname**

  Die gemeente se spontane deelname aan die erediens is belangrik, aangesien dit iets weerspieël van hulle ervaring daarvan. Alhoewel dit in sommige tradisies vreemd sal wees, is daar sekere eredienste waar die spontane sing van liedere sonder enige aankondiging deur die liturg nie noodwendig vreemd is nie (Duck 2013:22). Die noodsaak van spontane deelname aan die erediens word beklemtoon in die volgende opmerking van Duck (2013:22): "Spontaneity is an important part of worship; indeed, a worship service that is entirely scripted, with no room for the unexpected, may seem to lack life or spirit."



© University of Pretoria

- **Profeties-verbale deelname**

  Prediking, gebed en ander vorme van deelname aan aanbidding, is profeties-verbale deelname aan die erediens (Duck 2013:23). Dit sluit dus alle vorme van verbale verkondiging in.

## 5.9 LITURGIE EN DIE FOKUS OP HOMOGENE GROEPE

As verkondiger van die evangelie verkondig die kerk die evangelie, nie net aan diegene buite die kerk nie, maar ook aan diegene binne die kerk. Met inbegrepe dat die kerk die liggaam van Christus is, is die uitdaging om die evangelie só te verkondig dat die verskillende dele of ledemate van die liggaam die evangelie in sy of haar eie taal of idioom kan verstaan. Indien die diversiteit in die erediens nie in gedagte gehou word in die beplanning van liturgie nie, sal die volgende gebeur (Keifert 1992:8):

> "In terms of congregational analysis, these inside strangers as well as outsiders like Barbara, will remain outside as long as we continue to relate the public and private spheres of our lives in accordance with two modern assumptions, what I will call undercurrents in contemporary life."

Die gevolg is dat mense dus vreemdelinge bly en nooit deel word van die familie van gelowiges wat vir mekaar omgee nie. Ten einde 'n ware koinonia te beleef, sodat almal deel van die gemeenskap van gelowiges sal word, moet daar in die beplanning en inrigting van die liturgie met die volgende homogene groepe rekening gehou word:

### 5.9.1 Kinders en jongmense

Kinders en jongmense word dikwels beskou as die kerk van die toekoms, en sodoende word hulle buite rekening gelaat in die inkleding van die erediens. Die gevolg is



© University of Pretoria

dikwels dat hulle naderhand heeltemal verdwyn uit die erediens omdat hulle glad nie tuis voel nie. In hierdie verband maak Nel (2001:19) die volgende opmerking:

> "Kinders en jongmense is onvervreembaar deel van die gemeente. Hulle is, soos enige ander lidmaat, deel van die gemeente en as sodanig gemeenteverantwoordelik."

Met die liturgiese beplanning en inkleding van die erediens sal die liturg dus rekening moet hou met die verskillende fases van ontwikkeling van kinders en jongmense, omdat hulle net so deel van die erediens is as ouer lidmate (Nel 2001:65 en 78). Die kinders en jongmense moet deel wees van die opbou van die gemeente ten einde dít te wees wat God se wil vir die gemeente is.

### 5.9.2 Volwassenes en gesinne/families

Aangesien die erediens 'n samekoms van persone van verskillende ouderdomme is, is dit belangrik om 'n "omvattende gemeentebediening" te vestig (Nel 2001:85). Lidmate van alle ouderdomsgroepe en agtergronde moet tuis voel in die gemeente. Dit is nie alleen van toepassing op gemeentelike aktiwiteite nie, maar is in die besonder van belang vir die inrigting van die erediens. In dié verband maak Vos (1999:107) die volgende opmerking: "Die erediens behoort ook die atmosfeer en karaktertrekke van 'n familiefees te weerspieël." As 'n familiefees is die erediens die basis en fondament vir die nakoming van ouers se doopbelofte – om hulle kinders te onderrig en groot te maak binne die ruimte van die verbond wat God met ons elkeen gesluit het deur Abraham" (Beukes 1981:147-148).



© University of Pretoria

As gesin/familie is die gemeente en dan spesifiek die inrigting van die erediens, 'n verweefdheid van verskillende verhoudings waarmee die liturg rekening sal moet hou. Stevens en Collins (1993:80) verwoord dit soos volg:

> "Members are free to express their own dreams and ministry, but they remain deeply connected. They have enough liturgy, tradition, and structured ways of relating to be effective, but are adaptable to change. This kind of church could be healthy enough for many individuals, to think of the church as their substitute familiy."

As mekaar se broers en susters, moet die kerk, en dan spesifiek die erediens, nie slegs 'n plaasvervangende gesin/familie wees nie, maar veel eerder 'n uitbreiding van die gesin of familie (Stevens & Collins 1993:80). Dit moet 'n ruimte wees waar hulle mekaar kan vind en in 'n hegte verhouding as liggaam van Christus kan groei, ten spyte van hulle verskille (Heitink 1999:279).

## 5.10 GEVOLGTREKKING

Soos reeds elders in hierdie hoofstuk vermeld, kan die erediens met al die verskillende liturgiese handelinge, vergelyk word met die middelpunt van 'n uurglas (Van der Merwe 2009:158) waar die verskillende handelinge van die gemeentelike aktiwiteite aan die eenkant bymekaar kom en aan die ander kant weer hiervandaan uitvloei. Nel (1994:38) beweer: "Vanuit die erediens word die gemeente gebou, maar aan die ander kant is dit ewe waar dat 'n gemeente wat erns maak met gemeentebou veral ook vernuwing in sy eredienste sal ervaar."



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE NAVORSING GEDOEN IN DIE RING VAN LAEVELD

## 6.1 INLEIDING

Die volgende navorsingshipotese is in hierdie navorsing gebruik:

> "Lidmate van die NHKA se Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring in die erediens hou direk met mekaar verband, en dit het 'n invloed op lidmate se betrokkenheid by die missionale opbou van die gemeente."

As vertrekpunt in die empiriese navorsing, is die vier vrae van Osmer (2008: 4) en Heitink (1999:165) se sirkels gebruik, sonder om die een bo die ander een te stel. Die navorser wil dit beklemtoon dat alhoewel die vrae hieronder gestel word, dit inleidend gedoen word, ten einde die navorsing te stimuleer. Antwoorde is in die NHKA gesoek op die volgende vrae:

- **"Wat is besig om te gebeur?" (**Osmer 2008:4 & Heitink 1999:165)

  Hierdie is die fase van *verstaan en vorm deel van die hermeneutiese sirkel.* Die proses van *verstaan* is in Hoofstuk 2, 3, en 4 bespreek deur die prakties-teologiese vertrekpunte aangaande ekklesiologie, koinonia en liturgie vanuit 'n gemeentebouperspektief te verklaar, en in Hoofstuk 5, deur die verstaan van 'n veranderende wêreld.

- **"Waarom is dit besig om te gebeur?**" (Osmer 2008:4 & Heitink 1999:165

  Hierdie is die fase van *verklaar* en die fokus val in Hoofstuk 6 op die empiriese ondersoek, deur middel van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoektegnieke wat in die NHKA se Ring van Laeveld gedoen is. Data vir



© University of Pretoria

die kwantitatiewe ondersoek is verkry deur vraelyste wat deur die gemeentelede op 'n anonieme basis voltooi is. Die samestelling van die vraelyste fokus op die volgende:

a. Die respondente se agtergrond: Dit is belangrik, want dit help om hulle ervaring van God te verstaan;

b. Die respondente se Godsbeeld: Die respondente moes telkens hulle ervaring van God weergee;

c. Ekklesiologie, koinonia en liturgie: Respondente se mening en ervaring ten opsigte van die NHKA, hulle plaaslike gemeente, asook die erediens wat hulle bywoon, is met die vraelys getoets.

- **"Wat is veronderstel om te gebeur?"** (Osmer 2008:4 & Heitink 1999:165)

  Hierdie is die fase waar die fokus val op *verandering*. Die derde fase word in Hoofstuk 7 hanteer waar 'n nuwe praktykteorie geformuleer gaan word.

- **"Hoe kan ons reageer?"** (Osmer 2008:4 & Heitink 1999:165)

  Hierdie is die fase waar die fokus val op *strategie* en dit word ook in Hoofstuk 7 hanteer waar 'n nuwe praktykteorie vir die NHKA geformuleer gaan word.

## 6.2 DATA-INSAMELING

### 6.2.1 Kwantitatiewe navorsing

Met behulp van die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria is 'n vraelys en 'n steekproefplan ontwikkel om die nodige inligting vanuit die teikenbevolking [lidmate uit die onderskeie gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) se Ring van Laeveld] in te samel. Die steekproefplan is gebaseer op die gestratifiseerde ewekansige steekproefnemingsmetode en die steekproefgroottes per gemeente is proporsioneel



© University of Pretoria

bepaal. Die geïdentifiseerde lidmate uit die onderskeie gemeentes het elkeen 'n anonieme vraelys ontvang wat hulle ingevul en teruggestuur het. Die posstaking wat Suid-Afrika gedurende die begin van 2015 lamgelê het, het ook 'n invloed op die aantal voltooide vraelyste gehad wat terug ontvang is. Dit het tot gevolg gehad dat die proses herhaal moes word. Die volgende aantal vraelyste is aan die lidmate in die onderskeie gemeentes gestuur en vanaf hulle terug ontvang:

| **Gemeente** | **Aantal vraelyste uitgestuur** | **Aantal vraelyste terug ontvang** | **Persentasie vraelyste terug ontvang** |
|---|---|---|---|
| Laeveld | 61 | 12 | 19,6% |
| Kampersrus | 49 | 18 | 36,7% |
| Tzaneen | 97 | 20 | 20,6% |
| Phalaborwa | 113 | 38 | 33,6% |
| Letsitele | 83 | 46 | 55,4% |
| **Totaal** | **403** | **134** | **33,2%** |

'n Voorbeeld van die vraelyste is ingesluit as BYLAAG A.

Die resultate wat terug ontvang is, is aan verskeie toetse onderwerp om die navorsingsdoelwitte te bereik en die gestelde hipoteses te toets. Die resultate word in punt 6.4.2 gerapporteer.

### 6.2.2 Kwalitatiewe navorsing

Met behulp van die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria is naas die kwantitatiewe navorsing ook 'n steekproefplan ontwikkel om vanuit die teikenbevolking (lidmate uit die onderskeie gemeentes van die NHKA se Ring van Laeveld), lidmate te identifiseer waarmee onderhoude gevoer is. Die steekproefplan is gebaseer op die gestratifiseerde ewekansige steekproefnemingsmetode en die steekproefgroottes per gemeente is proporsioneel bepaal. Onderhoude is met geïdentifiseerde lidmate uit die onderskeie gemeentes gevoer. Die volgende aantal lidmate is per gemeente geïdentifiseer:



© University of Pretoria

| **Gemeente** | **Aantal lidmate geïdentifiseer** |
|---|---|
| Laeveld | 3 |
| Kampersrus | 2 |
| Tzaneen | 3 |
| Phalaborwa | 5 |
| Letsitele | 4 |
| **Totaal** | **17** |

Die resultate van die kwalitatiewe navorsing word in punt 6.4.3 gerapporteer.

## 6.3 STATISTIESE TERMINOLOGIE

Die volgende statistiese terminologie word kortliks toegelig, aangesien dit deel uitmaak van die toepaslike statistiese tegnieke wat gebruik is in die ontleding van die data.

### 6.3.1 *p*-waarde (oorskrydingswaarskynlikheid)

Die oorskrydingswaarskynlikheid, ook genoem die *p*-waarde, is die waarskynlikheid, soos bereken onder die toepaslike verdeling van die toetsgrootheid, dat die toetsgrootheid groter of gelyk aan, of kleiner of gelyk aan (afhangend van die rigting van die alternatiewe hipotese) die waargenome waarde van die toetsgrootheid sal wees (Steyn et al. 1998:420).

### 6.3.2 Fischer se eksakte toets

Hierdie toets word gebruik om te bepaal of daar 'n betekenisvolle verwantskap of verband tussen twee stelle data bestaan. Die Fischer se eksakte toets is geskik vir klein datastelle: "Although in practice it is employed when sample sizes are small, it is valid for all sample sizes" (Fischer 2015:1).



© University of Pretoria

Indien daar nie 'n betekenisvolle verband tussen twee groepe data/veranderlikes bestaan nie, kan aanvaar word dat hulle onafhanklik van mekaar is, en mekaar dus geensins beïnvloed nie. Gevolglik het die veranderlikes se waardes nie 'n invloed op mekaar se waardes nie. Indien daar wel 'n betekenisvolle verwantskap tussen die veranderlikes teenwoordig is, beteken dit dat veranderings aan die een groep data, die ander groep data se waarde wel sal beïnvloed. Fischer se eksakte toets word uitgevoer onder die aanname dat die nul-hipotese ($H_0$), wat onafhanklikheid aandui, wel waar is.

### 6.3.3 Korrelasiekoëffisiënt

Die korrelasiekoëffisiënt is volgens Runyon en Haber (1980:119) 'n maatstaf wat uitdrukking gee aan die mate waarin twee of meer veranderlikes met mekaar gekorreleerd is. Die korrelasiekoëffisiënt is 'n numeriese waarde tussen -1 en +1 wat 'n aanduiding is van die sterkte van die lineêre verwantskap tussen twee veranderlikes. Waardes naby aan -1 dui op 'n sterk negatiewe lineêre verwantskap, wat beteken dat 'n toename in die waardes van die een veranderlike 'n afname in die waardes van die ander veranderlike sal teweegbring, en omgekeerd. Die veranderlikes beweeg dus in teenoorgestelde rigtings, wat aandui dat hulle negatief gekorreleerd is. Waardes naby aan +1 dui op 'n sterk positiewe lineêre verwantskap wat beteken dat 'n toename in die waardes van die een veranderlike 'n toename in die waardes van die ander veranderlike sal teweegbring, en omgekeerd. Die veranderlikes beweeg dus in dieselfde rigtings, wat aandui dat hulle positief gekorreleerd is. Waardes van nul, of naby aan nul, dui aan dat daar geen, of 'n baie swak lineêre verwantskap tussen die veranderlikes bestaan, en dus sal verstellings aan die waardes van die een veranderlike geen, of weinig invloed hê op die waardes van die ander veranderlike.



© University of Pretoria

## 6.4 DATA-ONTLEDING

Die probleem wat geïdentifiseer is, is dat sekere lidmate nie tuis voel in die eredienste van die NHKA nie. Die hipotese waarmee gewerk word, is dat indien lidmate se liturgiese behoeftes bevredig word en hulle beeld van God positief is, hulle 'n tuiste sal vind in eredienste van die NHKA en dat die NHKA 'n groei in lidmaatgetalle sal toon.

### 6.4.1 Beskrywende statistiek

Uit die voltooide vraelyste wat uit die Ring van Laeveld terug ontvang is, kon bepaalde inligting verkry word in verband met lidmate van die NHKA se liturgiese behoeftes. Die inligting is gebruik om in Hoofstuk 7 'n nuwe praktykteorie te formuleer vir lidmate se liturgiese behoeftes.

In punt 6.4.2 en 6.4.3 hieronder word die resultate van die empiriese navorsing gerapporteer.

### 6.4.2 Kwantitatiewe data-ontginning

Vrae is ontleed en afleidings/gevolgtrekkings is gemaak:

Daar is 403 vraelyste uitgestuur en 134 voltooide vraelyste terug ontvang. Dit verteenwoordig ongeveer 33.2%. Uit die ontleding van hierdie 134 vraelyste het 131 hulle posisie in die gesin (v.3) aangedui. Hieruit blyk dat die persoon wat die vraelys voltooi het, sy/haar posisie in die gesin soos volg aangedui het:

- 51, oftewel 38,93%, was pa's;
- 65, oftewel 49,62%, was ma's;
- 15, oftewel 11,45%, was kinders.



© University of Pretoria

Die volgende frekwensies is uit die vraelyste verkry:

**6.4.2.1 Kerkbesoek**

Op die vraag in verband met die frekwensie van erediensbywoning, het die respondente soos volg reageer:

| HOE GEREELD WORD EREDIENSTE BYGEWOON? | GETAL RESPONDENTE WAT POSITIEF GEREAGEER HET | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Weekliks** | 89 | 66,42% |
| **Twee keer per maand** | 39 | 29,10% |
| **Een keer elke drie maande** | 6 | 4,48% |

Op die vraag of daar nog ruimte is vir erediensbywoning in die moderne tyd, het 97,01% van die respondente positief gereageer. Tog het 66,42% aangedui dat hulle die eredienste weekliks bywoon.

Die gevoel wat 'n mens kry as jy op 'n Sondag 'n erediens in die NHKA bywoon, is dat die bywoningsyfers heelwat laer moet wees as die 66,42% wat deur die respondente gerapporteer is.

**6.4.2.2 Huisgodsdiens**

| HOU JY EN/OF JOU GESIN HUISGODSDIENS? | GETAL RESPONDENTE WAT GEREAGEER HET | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Ja** | 91 | 68,94% |
| **Nee** | 39 | 31,06% |

**6.4.2.3 Beeld van God**

Die volgende stelling is as vraag aan die respondente gestel:

God is vir my:



© University of Pretoria

1. 'n Liefdevolle Vader
2. 'n Regter
3. 'n Vriend
4. 'n Herder
5. 'n Skepper
6. 'n Rots
7. 'n Vuur
8. Water
9. 'n Versorger

Die reaksie van die respondente soos volg:

**LIDMATE SE BELEWENIS VAN GOD**

| | LIEFDEVOLLE VADER | | | 'N REGTER | | | 'N VRIEND | | | 'N HERDER | | | SKEPPER | | | ROTS | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **J** | **T** | **N** | **J** | **T** | **N** | **J** | **T** | **N** | **J** | **T** | **N** | **J** | **T** | **N** | **J** | **T** |
| **Pa** | 0<br>0,00<br>0,00 | 51<br>100,00<br>39,53 | 51 | 8<br>15,69<br>33,33 | 43<br>84.31<br>40.19 | 51 | 3<br>5,88<br>60,00 | 48<br>94,12<br>38,10 | 51 | 0<br>0,00<br>0,00 | 51<br>100,00<br>38,93 | 51 | 0<br>0,00<br>0,00 | 51<br>100,00<br>38,93 | 51 | 1<br>1,96<br>50,00 | 50<br>98,04<br>38,76 | 51 |
| **Ma** | 2<br>3,08<br>100,00 | 63<br>96,92<br>48,84 | 65 | 14<br>21,54<br>58,33 | 51<br>78.46<br>47.66 | 65 | 2<br>3,08<br>40,00 | 63<br>96,92<br>50,00 | 65 | 0<br>0,00<br>0,00 | 65<br>100,00<br>49,62 | 65 | 0<br>0,00<br>0,00 | 65<br>100,00<br>49,62 | 65 | 1<br>1,54<br>50,00 | 64<br>98,46<br>49,61 | 65 |
| **Kind** | 0<br>0,00<br>0,00 | 15<br>100,00<br>11,63 | 15 | 2<br>13,33<br>8,33 | 13<br>86.67<br>12.15 | 15 | 0<br>0,00<br>0,00 | 15<br>100,00<br>0<br>11,90 | 15 | 0<br>0,00<br>0,00 | 15<br>100,00<br>0<br>11,45 | 15 | 0<br>0,00<br>0,00 | 15<br>100,00<br>0<br>11,45 | 15 | 0<br>0,00<br>0,00 | 15<br>100,00<br>0<br>11,63 | 15 |
| **Totaal** | 2 | 129 | 131 | 24 | 107 | 131 | 5 | 126 | 131 | 0 | 131 | 131 | 0 | 131 | 131 | 2 | 129 | 131 |



© University of Pretoria

| LIDMATE SE BELEWENIS VAN GOD | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 'N VUUR | | | WATER | | | 'N VERSORGER | | |
| | **N** | **J** | **T** | **N** | **J** | **T** | **N** | **J** | **T** |
| **Pa** | 13<br>25,49<br>28,26 | 38<br>74,51<br>44,71 | 51 | 8<br>15,69<br>34,78 | 43<br>84,31<br>39,81 | 51 | 0<br>0,00<br>0,00 | 51<br>100,00<br>39,32 | 51 |
| **Ma** | 28<br>43,08<br>60,87 | 37<br>56,92<br>43,53 | 65 | 13<br>20,00<br>56,52 | 52<br>80,00<br>48,15 | 65 | 1<br>1,54<br>100,00 | 64<br>98,46<br>49,23 | 65 |
| **Kind** | 5<br>33,33<br>10,87 | 10<br>66,67<br>11,76 | 15 | 2<br>13,33<br>8,70 | 13<br>86,67<br>12,04 | 15 | 0<br>0,00<br>0,00 | 15<br>100,00<br>11,54 | 15 |
| **Totaal** | 46 | 85 | 131 | 23 | 108 | 131 | 1 | 130 | 131 |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit die vraelyste wat ontvang is:

1. Die respondente het 'n baie sterk en positiewe beeld van God ten opsigte van die persoonlike metaforiese beelde van God.
2. Ook wat die onpersoonlike metafore van God betref, is die respondente se belewenis oorweldigend positief.

Die volgende gevolgtrekkings kan hieruit gemaak word:

1. Ten spyte van al die veranderinge wat in die wêreld plaasvind (sien Hoofstuk 4, punt 2) vind die respondente hulle sekuriteit in God, veral as in ag geneem word hoe oorweldigend positief daar op die metafoor van God as Versorger gereageer is.
2. Die kerk, en spesifiek die NHKA, moet hierdie reaksie beskou as 'n geleentheid om in 'n veranderende wêreld die verskillende metafore van God te gebruik om lidmate op te lei om die dieper betekenis van hierdie metafore te ontgin (sien Hoofstuk 7).



© University of Pretoria

#### 6.4.2.4 Erediensbywoning van pa's en die Beeld van God

Ons het pa's wat weekliks eredienste bywoon, se beeld van God vergelyk met dié van pa's wat een keer in drie maande eredienste bywoon.

| BEELD VAN GOD | PA'S WEEKLIKS IN EREDIENSTE | PA'S ELKE DRIE MAANDE IN EREDIENSTE |
|---|---|---|
| God is 'n Liefdevolle Vader | 100% | 100% |
| God is 'n Regter | 86,21% | 83,33% |
| God is 'n Vriend | 100% | 83,33% |
| God is 'n Herder | 100% | 100% |
| God is 'n Skepper | 100% | 100% |
| God is 'n Rots | 100% | 100% |
| God is 'n Vuur | 82,76% | 83,33% |
| God is Water | 89,66% | 83,33% |
| God is 'n Versorger | 100% | 100% |

Uit die navorsing blyk dit dat daar geen betekenisvolle verskil is tussen die twee groepe nie. Ons kan dus hieruit aflei dat pa's se beeld en ervaring van God nie 'n invloed uitoefen op die bywoning van eredienste nie. Die teenoorgestelde is dan ook waar, die bywoon van eredienste het nie 'n invloed op die beeld wat pa's van God het nie.

#### 6.4.2.5 Beeld van God en eredienste moet streng formeel wees

Die navorser het die beeld wat respondente van God het, vergelyk met hulle mening dat die liturgiese verloop van eredienste streng formeel moet wees.

| BEELD VAN GOD | EREDIENSTE MOET STRENG FORMEEL WEES |
|---|---|
| God is 'n Liefdevolle Vader | 48,48% |
| God is 'n Regter | 49,09% |
| God is 'n Vriend | 46,51% |
| God is 'n Herder | 47,76% |
| God is 'n Skepper | 47,76% |
| God is 'n Rots | 47,73% |
| God is 'n Vuur | 49,43% |
| God is Water | 47,71% |
| God is 'n Versorger | 47,37% |



© University of Pretoria

Uit die navorsing blyk dit dat die meerderheid van die respondente, ongeag hulle beeld van God, van mening is dat die eredienste nie streng formeel hoef te wees nie. Die 49,43% respondente wat God beskou as Vuur, was die hoogste persentasie wat gevoel het dat die eredienste streng formeel moet wees.

### 6.4.2.6 Beeld van God en kerkordelike reëls

Die navorser het die beeld wat respondente van God het, vergelyk met hulle mening dat die gehoorsaamheid aan die Heilige Gees belangriker is as kerkordelike reëls.

| BEELD VAN GOD | GEHOORSAAMHEID AAN DIE HEILIGE GEES IS BELANGRIKER AS KERKORDELIKE REËLS |
|---|---|
| God is 'n Liefdevolle Vader | 87,12% |
| God is 'n Regter | 86,36% |
| God is 'n Vriend | 86,82% |
| God is 'n Herder | 87,31% |
| God is 'n Skepper | 87,31% |
| God is 'n Rots | 87,12% |
| God is 'n Vuur | 87,36% |
| God is Water | 85,32% |
| God is 'n Versorger | 87,22% |

Die volgende kan uit hierdie resultate afgelei word:

a. Uit die respondente wat God as 'n Liefdevolle Vader beskou, het 87,12% gevoel dat gehoorsaamheid aan die Heilge Gees belangriker is as kerkordelike reëls. Dit beteken dus dat slegs 12,88% van die respondente wat God as 'n Liefdevolle Vader beskou, genoop voel om die NHKA as instituut te gehoorsaam.

b. Van die respondente wat God as 'n Regter beskou, het 13,64% gevoel dat die kerkordelike reëls belangriker is as gehoorsaamheid aan die Heilige Gees. Alhoewel hulle dus 'n streng en formele beeld van God het, beskou hulle nie meer die kerk as instituut, wat in regiede blokke gegiet is nie.



© University of Pretoria

c. Alhoewel 86,82% van die respondente God beskou as 'n Vriend, wat dus beteken dat hulle gemaklik voel in hulle verhouding met God, was dit tog die gevoel onder 13,18% van die respondente wat God as Vriend beskou, dat die NHKA as instituut belangriker is as gehoorsaamheid aan die Heilige Gees.

d. Van die respondente wat God beskou as 'n Herder en Skepper, het 12,69% gevoel dat die NHKA as instituut belangriker is as gehoorsaamheid aan die Heilige Gees.

**Gevolgtrekking**

In al die gevalle was dit die mening van die meerderheid van die respondente, ongeag wat hulle beeld van God is, dat gehoorsaamheid aan die Heilige Gees belangriker is as kerklike reëls; Dit beteken dat alhoewel sommige van hulle 'n streng en formele beeld van God het, hulle nie dieselfde voel ten opsigte van aanbidding in die eredienste nie.

### 6.4.2.7 Die Beeld van God en die ervaring van eredienste deur vreemdelinge

| BEELD VAN GOD | VREEMDELINGE VOEL TUIS IN GEMEENTE |
|---|---|
| God is 'n Liefdevolle Vader | 89,39% |
| God is 'n Regter | 90,00% |
| God is 'n Vriend | 89,15% |
| God is 'n Herder | 89,55% |
| God is 'n Skepper | 89,55% |
| God is 'n Rots | 89,39% |
| God is 'n Vuur | 88,51% |
| God is Water | 88,99% |
| God is 'n Versorger | 90,23% |

Tussen 10% en 12% van die respondente is van mening dat vreemdelinge nie tuis sal voel in hulle eredienste nie. Alhoewel van die meeste respondente dus positiewe menings en ervarings van God het, blyk dit dat sommige van hulle van mening is dat die eredienste nie sodanig ingerig is dat vreemdelinge tuis sal voel nie.



© University of Pretoria

#### 6.4.2.8 Erediensbywoning en siening oor die nodigheid om eredienste by te woon

| BYWONING VAN EREDIENSTE | DIE NOODSAAKLIKHEID OM EREDIENSTE BY TE WOON | | |
|---|---|---|---|
| | **Nee** | **Ja** | **Total** |
| Weekliks | 23,60 | 76,40 | 100 |
| Twee keer per maand | 41,03 | 58,97 | 39 |
| Een keer elke 3 mnde | 50,00 | 50,00 | 6 |
| Totaal | | | 134 |

Uit hierdie resultate kan gsien word dat die bywoning van eredienste nie deur almal as noodsaaklik beskou word nie. Daar is selfs nie eenstemmigheid onder diegene wat weekliks eredienste bywoon nie.

**Gevolgtrekking**

Fischer (2015:1) se eksakte toetsing van vergelyking het 'n *p*-waarde van 0,0559. Omdat dit groter as 0,05 is, word die nul-hipotese ($H_0$) wat onafhanklikheid aandui, kan aanvaar word dat daar nie 'n betekenisvolle verband is tussen die bywoning van eredienste en siening oor die noodsaaklikheid om eredienste by te woon nie.

#### 6.4.2.9 God as Regter en die toepassing van sensuur

In die navorsing is lidmate se beeld van God en hulle mening of diegene wat skei onder sensuur geplaas moet word, vergelyk.

| BEELD VAN GOD | SENSUUR VAN TOEPASSING OP LIDMATE WAT SKEI |
|---|---|
| God is 'n Liefdevolle Vader | 13,28% |
| God is 'n Regter | 14,15% |
| God is 'n Vriend | 13,60% |
| God is 'n Herder | 13,08% |
| God is 'n Skepper | 13,08% |
| God is 'n Rots | 13,28% |
| God is 'n Vuur | 14,28% |
| God is Water | 13,08% |
| God is 'n Versorger | 13,18% |



© University of Pretoria

**Gevolgtrekking**

Ongeag van die respondente se beeld van God, is hulle van mening dat lidmate wat skei, nie onder sensuur geplaas moet word nie. Alhoewel sommige hulle dus 'n streng en formele beeld van God het, is hulle tog van mening dat lidmate wat die trauma van 'n egskeiding ervaar, met empatie en begrip deur die kerk hanteer moet word.

### 6.4.2.10 Die bywoning van eredienste vandag en die aanbidding van God in eredienste

'n Vergelyking is getref tussen lidmate se mening oor die noodsaaklikheid om eredienste by te woon en hulle siening oor die nodigheid van eredienste om God te aanbid.

| IS DAAR VANDAG NOG RUIMTE VIR EREDIENSBYWONING? | IS EREDIENSTE NODIG OM GOD TE AANBID? | | |
|---|---|---|---|
| | **Nee** | **Ja** | **Totaal** |
| Nee | 25,00 | 75,00 | 4 |
| Ja | 42,64 | 57,36 | 129 |
| Totaal | 56 | 77 | 133 |

Die volgende kan uit hierdie resultate afgelei word:

- 57,36 % van die respondente is van mening dat eredienste noodsaaklik is om God te aanbid, en is ook van mening dat daar vandag nog ruimte is vir erediensbywoning.
- 42,64% van die respondente is van mening dat daar vandag nog ruimte is vir die bywoon van eredienste, maar dat eredienste nie noodsaaklik is om God te aanbid nie.



© University of Pretoria

**Gevolgtrekking**

Fischer (2015:1) se eksakte toetsing van vergelyking gee 'n *p*-waarde van 0,6383 wat beteken dat $\mathbf{H_0}$ (die nul-hipotese) aanvaar word. Dit dui daarop daar nie 'n betekenisvolle verskil is tussen diegene wat van mening is dat eredienste noodsaaklik is en diegene wat van mening eredienste nie noodsaaklik is in die aanbidding van God nie.

### 6.4.2.11 Die bywoon van eredienste en gemeentelike aktiwiteite is belangrik

| IS DIE BYWONING VAN EREDIENSTE EN GEMEENTELIKE AKTIWITIETE BELANGRIK? | PERSENTASIE |
|---|---|
| Nee | 5,97% |
| Ja | 94,03% |

Uit hierdie resultate kan afgelei word dat 94,03% van die respondente die bywoon van eredienste en deelname aan gemeentelike aktiwiteite as belangrik beskou.

**Gevolgtrekking**

Dit is vir lidmate belangrik om deel van 'n gemeenskap van gelowiges te wees. Gevolglik bied dit dus die geleentheid om hulle te betrek by die aktiwiteite van die gemeente.

### 6.4.2.12 Die lidmate voel deel van die aanbidding

| LIDMATE VOEL DEEL VAN AANBIDDING | PERSENTASIE |
|---|---|
| Nee | 9,85% |
| Ja | 90,15% |



© University of Pretoria

Hieruit blyk dit dat 90,15% van die respondente deel voel van die aanbidding.

### 6.4.3 Kwalitatiewe data-ontginning

Die volgende vrae is in die kwalitatiewe navorsing aan die repsondente gestel:

- Wie is God?
- Hoe beleef jy die beeld van God in die erediens?
- Hoe lyk die ideale erediens vir jou?
- Watter impak het die erediens op jou betrokkenheid by julle gemeente?
- Is daar iets anders wat vir jou belangrik is ten opsigte van God, eredienste, of julle gemeente?

Daar is 17 onderhoude gevoer en 'n opsomming van die antwoord word hieronder gegee. Onderhoude is numeries gelys en die respondente se reaksies kan soos volg opgesom word:

#### 6.4.3.1 Wie is God?

1. Hy is anders.
2. God is Skepper en Ewig. Die ewigheidswaarde van God is wat opvallend is.
3. Hy is 'n Herder wat leiding gee.
4. Begin en Einde van alles. God is die Betermaker en ook Slegtermaker. God was verveeld en toe Hy maak die mens vir Sy "siek plesier".
5. Dink aan God as Goud. Warmte wat uitstraal soos die son.
6. God is Drie-enig.
7. Anders en groot. Nie bang vir God maar respek.
8. Vader wat lei en sorg. God gee leiding en reik uit na ander.



© University of Pretoria

9. Skepper en Beskermer.
10. Lewe is 'n masjien en God is die spilpunt waarom alles draai. Hy is allomteenwoordig.
11. My Vader. Ontmoet God in swaar en mooi tye.
12. Hemelse Pa.
13. God is Skepper. Hy stoot ons in rolstoel.
14. Almagtig en Hoof van die Skepping. Hy lei.
15. God is Versorger. Altyd by ons.
16. My Vader en Leier. My situasie beïnvloed my mening oor God.
17. Vader en Skepper. God is in beheer van alles.

**Gevolgtrekking**

- Die beeld van God as Skepper en Vader het die sterkste na vore gekom.
- Een respondent sien God as 'n Beter- of Slegtermaker. Hierdie respondent het 'n baie negatiewe beeld van God.

**6.4.3.2 Hoe beleef jy die beeld van God in die erediens?**

1. My eie gesindheid is belangrik en bepaal wat ek ervaar.
2. Soms word die ewigheidswaarde van God gemis in die prediking. Hierdie wesenkenmerk van God kan meer verkondig word.
3. Ervaar erediens as leiding en rigtinggewend. 'n Herderbeeld.
4. Erediens is baie dood. Somtyds beleef ek God as Betermaker in die erediens.
5. Positief. Voel die Here is teenwoordig.
6. Baie hang af van die prediker. Die Heilige Gees maak die eredienste heilig.



© University of Pretoria

7. Beleef Sy grootheid. Orde is belangrik en daarom moet kinders nie rondloop gedurende die erediens nie.
8. Leef jouself in die erediens in. Stel jouself in om boodskap te kry.
9. Beleef God as Skepper en herken God wie Hy is.
10. Somtyds te maklik. Daar moet meer oor heiligheid gepreek word.
11. As Vader en daarom moet ons mekaar liefhê en respek hê vir mekaar.
12. Orde is belangrik.
13. Ervaar meer vir Jesus.
14. Positief.
15. Prediking is goed en liedere/sang is belangrik.
16. Gewyd en daarom is orde belangrik.
17. Erediens bevestig die geloof.

**Gevolgtrekking**

- Van die respondente was 82,35% van mening dat die die beeld wat hulle van God het, in die erediens na vore kom.
- Hieruit kan dus afgelei word dat hulle ervaring van die erediens positief is.

**6.4.3.3 Hoe lyk die ideale erediens vir jou?**

1. Die omgee van mense moet sigbaar wees. Wil liefde en omgee van mense ervaar.
2. Die erediens moet ordelik verloop en die kerkgebou as plek van ontmoeting met God is belangrik. Sang is ook baie belangrik. Die klankstelsel is belangrik.
3. Koorsang sal goed wees. Getuienislewering.
4. Meer vriendelik en ontspanne. Preek moet eenvoudiger wees.



© University of Pretoria

5. Preke moet dieper wees met meer inhoud en diepte.
6. Ons moet hoor wat God sê. Liedere is belangrik.
7. Netjiese kleredrag is belangrik. Ou erediens ordes is belangrik. Liedere moet opgeruimd wees.
8. Boodskap met skrifuitleg. Moet dus iets leer.
9. Aanbidding moet nie "jolig" wees.
10. Die ritme van die lewe is versteur. Almal is naweke weg. Ideale erediens is waar almal terugkeer na God. Sang moet verbeter. Deelname is belangrik.
11. Gewydhed is belangrik. Liedere is belangrik. Luister na woorde.
12. Gebruik van stilte is belangrik. Nuwe leidere leer is belangrik!
13. Lees van die Wet en Geloofsbelydenis is belangrik.
14. Preek met voorbeeld en toepassing.
15. Goeie boodskap en offergawes.
16. Orde en tien gebooie.
17. Omgee van mense is belangrik. Gemeenskap van die heiliges.

**Gevolgtrekking:**

- Daar is twee sake wat hier baie sterk vore kom, naamlik sang en prediking. Dit is veral sang wat aandag moet kry, aangesien dit die geleentheid is waar die gemeente as gemeenskap van gelowiges in gesprek met God tree.
- Die gebruik van stilte het ook na vore gekom en moet benut word. Die liturgiese waarde van stilte as ontmoetingsgeleentheid met God, gaan dikwels verlore omdat ons deurentyd besig is. Deur stilte in die erediens effektief te gebruik, kan die gevoel van 'n ontmoeting met God geskep word.



© University of Pretoria

**6.4.3.4 Watter impak het die erediens op jou betrokkenheid by die gemeente?**

1. Eredienste verander ons gesindheid en wys iets van omgee vir mekaar .
2. Baie.
3. Afkondigings na die erediens gee rigting vir betrokkenheid. Goed as kinders wat presteer, genoem word. Beeld omgee en belangstelling uit.
4. Baie min. Mense se onderlinge band is verbreek.
5. Motiveer jou en sit jou weer op die pad.
6. Somtyds geen invloed nie.
7. Preek motiveer en is geestelike kos vir die week.
8. Uitreik na ander begin hier. Uitdeel van die boodskap is belangrik.
9. Beïnvloed lewe positief.
10. God as middelpunt moet orde van lewe bepaal.
11. Hoogte punt van die week.
12. Bepaal en orden hele lewe.
13. Sang is my deel.
14. Gee van boodskappe lei tot groter deelname.
15. Erediens lei tot voedingskema.
16. Nie noodwendig nie. My omstandighede speel rol.
17. Erediens vorm ons

**Gevolgtrekking**

- Van die respondente was 76,47% van mening dat die eredienste 'n positiewe invloed op hulle betrokkenheid by die gemeente het. Hieruit kan afgelei word dat die eredienste van Sondag oorvloei in die erediens van lewe.



© University of Pretoria

### 6.4.3.5 Is eredienste noodsaaklik om God te aanbid?

1. Dit is die energie vir wat in die gemeente en gedurende week gebeur.
2. Ja, beslis.
3. Ja.
4. Ja. Netwerk van aanbidding is nodig.
5. Ja. Veral sang speel 'n belangrike rol.
6. Nie noodwendig nie. Ons moet God die hele week aanbid.
7. Ja. Verbindtenis met God en gemeentelede vind so plaas.
8. Ja. Belewenis van God is belangrik.
9. Ja. Die Bybel roep ons op tot gesamentlike aanbidding.
10. Nee. Dit is slegs 'n geleentheid om in die teenwoordigheid van God te kom.
11. Ja, maar aanbidding heel week is noodsaaklik.
12. Ja.
13. Ja.
14. Ja.
15. Ja. Want God lei ons tot bekering.
16. Ja. Mense vorm mekaar.
17. Daaglikse aanbidding is belangrik

**Gevolgtrekking:**

- Alhoewel die meerderheid van die respondente van mening was dat eredienste noodsaaklik is vir aanbidding, was daar ook die mening dat eredienste nie noodsaaklik is vir aanbidding nie, aangesien God die hele week aanbid moet word. Hierdie laasgenoemde respondent fokus op die erediens van die lewe in plaas van die erediens van Sondag.



© University of Pretoria

#### 6.4.3.6 Is daar iets anders wat vir jou belangrik is ten opsigte van God, die eredienste of julle gemeente?

1. Die omgee van mense is kosbaar.
2. Die gebou word soms oorbeklemtoon.
3. Huisbesoek is belangrik en die bekommernis oor die jeug wat wegraak uit die kerk.
4. Nie van toepassing nie.
5. Liedere moet meer ontgin word. Met huisgodsdiens kan liedere gelees word indien dit nie gesing kan word nie.
6. Preekbespreking moet plaasvind. Behoefte aan ruimte en geleentheid om oor preke te gesels. Liedere is belangrik. Ons moet ook aan die jeug aandag gee.
7. Nie van toepassing nie.
8. Bybelkennis moet op standaard kom.
9. Nie van toepassing nie.
10. Die wyse van kerkwees is afgemat en daar is niks om oor opgewonde te raak nie. Sang moet aandag kry. Inhoud van kerk is reg. Maar die wyse is probleem.
11. Beleef God as geestelik.
12. Nie van toepassing nie.
13. Kleredrag is belangrik. Toon so respek vir God.
14. Sang is noodsaaklik. Beelde in preek is belangrik!!
15. Nie van toepassing nie.
16. Mense vergeet van God.
17. Kyk na mekaar. Awarenss is belangrik! Doen van moeite is belangrik!



© University of Pretoria

**Gevolgtrekking:**

Die een saak wat telkens na vore kom, is gemeentesang wat aandag moet kry. Hieruit kan hieruit afgelei word dat die respondente 'n behoefte het om as groep met God in gesprek te tree. Dit beklemtoon die belangrikheid van koinonia in die gemeente.

## 6.5 SAMEVATTENDE OPMERKINGS

### 6.5.1 Inleiding

#### 6.5.1.1 Vraag 1: "Wat is besig om te gebeur?"

Hierdie vraag van Osmer lei ons om te vra:

- "Hoe verstaan ons vir God?"
- "Wie is God?"
- "Hoe lyk die opbou van die gemeente?"
- "Wat is dus besig om in die NHKA te gebeur ten opsigte van die verstaan van God?"

Die hipotese waarmee die navorser in hierdie navorsing werk, is dat lidmate van die NHKA se Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring in die erediens direk verband hou met mekaar, en dat dit 'n invloed uitoefen op hulle betrokkenheid by die missionale opbou van die gemeente.

Die vraag van Osmer (2008:4) "Wat is besig om te gebeur?" kan vanuit die onlangse gebeure in die NHKA beantwoord word met die kerkskeuring wat op 28 Julie 2013 plaasgevind het (Dreyer 2014:1) toe dertien gemeentes van die NHKA hulle onafhanklik van die NHKA verklaar het (Dreyer 2014:14). Van die besware wat as motivering vir die stap gedien het, was dat die NHKA 'n vrysinnige en humanistiese teologiese rigting ingeslaan het (Dreyer 2014:13) wat 'n horisontale teologiese



© University of Pretoria

beoefening tot gevolg het. Hierdie besware hou verband met die ontwikkeling van 'n missionale ekklesiologie in die NHKA, (Dreyer 2014:5) asook besware dat die NHKA 'n organisasie geword het wat fokus op diensbaarheid, en nie op die verkondiging van God nie (Dreyer 2014:7).

Alhoewel diegene wat van die NHKA weggebreek het, ongemaklik voel oor sekere teologiese verwikkelinge in die NHKA, toon die resultate van hierdie navorsing dat 87,33% van die respondente van mening is dat gehoorsaamheid aan die Heilige Gees meer belangrik is as kerkordelike reëls. Hieruit kan ons dus aflei dat daar onder lidmate van die NHKA 'n ekklesiologiese beweging is van die kerk as instituut na die kerk as dinamiese liggaam van Christus, waar die fokus verskuif van die instandhouding van die instituut na 'n dinamiese liggaam van gelowiges wat missionaal betrokke raak by ander.

| GEHOORSAAMHEID AAN DIE HEILIGE GEES IS BELANGRIKER AS KERKORDELIKE REËLS | GETAL RESPONDENTE WAT EREDIENSTE BYWOON | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Beslis nie** | 2 | 1,49% |
| **Nee** | 15 | 11,19% |
| **Ja** | 71 | 52,99% |
| **Ja, beslis** | 46 | 34,33% |

Die fokus is nie meer die instituut en kerkordelike reëls nie, maar gehoorsaamheid aan die stem van God. Van die respondente, het 87,32% gevoel dat gehoorsaamheid aan die Heilige Gees belangriker is as die kerkordelike reëls, teenoor die 12,68% wat van mening is dat gehoorsaamheid aan kerkordelike reëls belangriker is.



© University of Pretoria

Op die vraag of die eredienste streng formeel moet geskied omdat God 'n Regter is, het die respondente soos volg gereageer:

| **GOD IS 'N REGTER** | **EREDIENSTE MOET STRENG FORMEEL GEHOU WORD** | | |
|---|---|---|---|
| | **Nee** | **Ja** | **Total** |
| **Nee** | 14<br>58,33<br>20,00 | 10<br>41,67<br>15,63 | 24 |
| **Ja** | 56<br>50,91<br>80,00 | 54<br>49,09<br>84,38 | 110 |
| **Totaal** | 70 | 64 | 134 |

Hieruit kan ons dus sien dat 50,91% van die respondente wat van mening is dat God 'n Regter is, gereageer het dat eredienste nie streng formeel hoef te wees nie. Interessant genoeg is 41,67% van die respondent van mening dat alhoewel God nie 'n Regter is nie, die eredienste wel streng formeel moet wees.

**Gevolgtrekking:**

Fischer (2015:1) se eksakte toetsing van vergelyking gee 'n *p*-waarde van 0,6527 wat beteken dat $\mathbf{H_0}$ (die nul-hipotese) aanvaar word. Dit dui daarop dat daar nie 'n betekenisvolle verband is tussen formele eredienste en die mening dat God 'n Regter is nie.

### 6.5.1.2 Vraag 2: "Waarom is dit besig om te gebeur?"

Met die resultate van hierdie navorsing en onlangse kerkskeuring in die NHKA (Dreyer 2014:1) as agtergrond, kan ons die vraag van Osmer (2008:4) "Waarom is dit besig om te gebeur?" soos volg beantwoord:



© University of Pretoria

- Lidmate se beeld van God is in sommige gevalle baie uiteenlopend, en soms selfs onversoenbaar (Dreyer 2014:7).

| BEELD VAN GOD | JA, GOD IS ... |
|---|---|
| God is 'n Liefdevolle Vader | 98,5% |
| God is 'n Regter | 82,09% |
| God is 'n Vriend | 96,26% |
| God is 'n Herder | 100% |
| God is 'n Skepper | 100% |
| God is 'n Rots | 98,51% |
| God is 'n Vuur | 64,98% |
| God is Water | 81,96% |
| God is 'n Versorger | 99,26% |

Hieruit blyk dit dat dat die beeld van God as Liefdevolle Vader, Regter, Vriend, Herder en Skepper baie sterk figureer onder die respondente. Dit kan by sommige botsend van aard wees, veral as beelde soos Vriend en Regter sterk beklemtoon word.

- Van Aarde (2013:10) is van mening die antwoord op gebeure van vandag in die NHKA die gevolg van die volgende: "Geloof is geloof in God alleen – nie in spesifieke verwoordings of ideologieë nie. Volkskerkideologie is, Bybels-teologies gesien, onaanvaarbaar en die term 'volkskerk' 'n teenspraak op sigself."
- Lidmate se ekklesiologiese ervarings is soms so uiteenlopend dat dit in sommige gevalle kan lei tot skeiding tussen lidmate. Dit kan om die beurt aanleiding gee het tot kerkskeuring (Dreyer 2014:7).
- Op die stelling dat die eredienste 'n heilige aangeleentheid is en daar nie ruimte is vir grappies nie, het die respondent soos volg geantwoord:



© University of Pretoria

| DIE EREDENSTE IS 'N HEILIGE AANGELEENTHEID | GETAL RESPONDENTE WAT GEREAGEER HET | PRESENTASIE |
|---|---|---|
| Beslis nie | 18 | 13,43% |
| Nee | 60 | 44,78% |
| Ja | 30 | 22,39% |
| Ja beslis | 26 | 19,40% |

Dit beteken dat 41,79% gevoel het dat die eredienste heilig is, en daar geen ruimte vir grappies is nie, terwyl 58,21 % van mening is dat dit nie die geval is nie.

- Lidmate se liturgiese ervaring en behoeftes is in sommige gevalle van so 'n aard dat dit moontlik bygedra het tot die spanning en skeuring in die NHKA. Hierdie 'wegbeweeg' word direk toegeskryf aan die afwykende teologiese tendense ten opsigte van die Skrif, die Belydenis, asook die Reformatoriese Liturgie van die NHKA (2012).
- Die vraag of elke erediens presies dieselfde moet verloop, is soos volg deur die respondente beantwoord:

| DIE EREDIENS MOET PRESIES DIESELFDE VERLOOP | GETAL RESPONDENTE WAT GEREAGEER HET | PRESENTASIE |
|---|---|---|
| Beslis nie | 22 | 16,42% |
| Nee | 87 | 64,93% |
| Ja | 20 | 14,93% |
| Ja beslis | 5 | 3,73% |

Hieruit kan afgelei word dat 81,35 % van die respondente van mening is dat elke erediens nie presies dieselfde hoef te verloop nie, terwyl 18,66% van mening is dat alle eredienste presies dieselfde moet verloop.



© University of Pretoria

- Lidmate se verstaan van God, en gevolglik hulle betrokkenheid by die opbou van die plaaslike gemeente, is dikwels van so 'n aard dat dit nie bydra tot die opbou van die gemeente en die missionale betrokkenheid van gemeentelede by die omgewing nie.

**6.5.1.3 Vraag 3: "Wat is veronderstel om te gebeur?"**

Na aanleiding van Osmer (2008:4) se vraag oor wat behoort te gebeur, is daar in Hoofstuk 5 gekyk na liturgiese tendense, en nuwe moontlikhede wat daaruit voortvloei, as antwoord op die vraag oor wat behoort te gebeur. Wat behoort te gebeur, is dat mense meer bewus moet word van God se teenwoordigheid. Deur middel van verskeie liturgiese handelinge, kan die betrokkenheid van meer mense verseker word, en dan verander toeskouers in deelnemers. Nie alleen deelnemers aan die liturgie van die erediens nie, maar ook aan die erediens van die lewe (De Klerk 2007:29). Dit beteken dat dit om meer gaan as net die formele erediens op 'n Sondag. Wanneer die formele erediens op 'n Sondag eindig, word die erediensgangers met die wegsendingseën toegerus om 'n verskil in die wêreld te gaan maak.

Die "interconnectedness of ministry in the congregational system, and the congregation's interaction with its context" (Osmer 2008:15) van die verskillende ekklesiologiese modelle met die verskillende liturgiese handelinge kan moontlik dien as antwoord of roetekaart, wat leiding kan gee na 'n punt waar die die kerk en die omgewing waarin die kerk fuksioneer, meer met mekaar in aanraking kom, sodat die kerk as gestuurde van God, haar roeping as sout van die aarde kan uitleef. Hierdie roeping van die kerk as gestuurde van God, word dikwels beperk deur mense se eie siening en soms ook 'n onwilligheid om betrokke te raak by die omgewing. In



© University of Pretoria

Hoofstuk 5 van hierdie navorsing is daar verwys na die oprigting van kruise by bykans elke dorp in Suid-Afrika. Volgens Wepener (2011:262) is een van die moontlike redes waarom die kruise opgerig word, 'n poging om God sigbaar te maak in 'n wêreld wat nie meer bewus is van God nie. Die liturgie het dus uit die erediens uit beweeg wat in die kerkgebou plaasvind, na die erediens van die lewe.

**6.5.1.4 Vraag 4: "Hoe kan ons reageer?"**

Hierdie vraag van Osmer dien as die stimulus vir die formulering van 'n nuwe praktykteorie vir die NHKA, wat lidmate kan begelei om hulle begrip van God om te skakel in 'n positiewe aksie wat kan bydra tot die geloofsverdieping en groei by lidmate van die NHKA. Die vraag is dus " Hoe kan die verskillende persepsies in verband met die beeld van God 'interconnect', sodat die verskeurde NHKA weer as 'n 'eenheid' kan funksioneer?" Die nuwe praktykteorie sal teorie en praxis bymekaar uitbring, wat kan dien as 'n roetekaart vir die NHKA in die besonder, maar dan ook vir alle gelowiges.

Hiervolgens kan die reaksie van die NHKA beskryf word as 'n reis, en dan in die besonder 'n missionale reis wat beskryf word as 'n "Kerk wat só bestaan, is 'n missionale kerk wat die roeping van die kerk verstaan in terme van die voortdurende verkondigingstaak wat die kerk het" (NHKA 2013:219). Dat hierdie missionale roeping van die kerk gefokus moet wees, word duidelik wanneer dit gestel word dat "missionale ekklesiologie beklemtoon die kerk se 'gehoorsaam volg' op die roepstem van God om deel te wees van God se plan (*mission Dei*) met die wêreld. Die roepstem van God fokus nie op die besorgdheid oor krimpende getalle, of sosiale geregtigheid



© University of Pretoria

(NHKA 2013:220) nie, maar dit fokus op die eer van God, en die lei van mense terug na God toe (NHKA 2013:220).

### 6.5.2 Samevatting

Die hipotese van die navorsing is dat lidmate van die NHKA se Godsbeeld en hulle liturgiese ervaring in die erediens, direk met mekaar verband hou, en dat dit 'n invloed uitoefen op lidmate se betrokkenheid by die missionale opbou van die gemeente.

Met die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing is die volgende vasgestel:

- **Beeld van God**

  Die respondente se beeld van God is baie positief en oor die algemeen is daar by almal 'n instemmigheid wat dit betref. Van die respondente was 69,92% egter van mening dat mense wat in God glo, die eredienste gereeld bywoon. Daar is dus 'n mening dat geloof in God nie noodwendig lei tot die bywoning van eredienste nie.

- **Liturgiese ervaring**

  Uit die navorsing blyk dit dat die meerderheid van die respondente, ongeag wat hulle beeld van God is, van mening is dat die eredienste nie streng formeel hoef te wees nie. Van die respondente was 89,48% van mening dat kinders en 93,29% dat vreemdelinge tuis sal voel in die erediens; wat daarop dui die liturgiese inkleding van die eredienste positief ervaar word. Verder was 90,15% van die respondente van mening dat almal by die eredienste betrek moet word, wat 'n verdere aanduiding daarvan is dat die liturgie positief ervaar word.



© University of Pretoria

- **Missionale opbou van die gemeente**

  Uit die navorsing blyk dit dat 93,28% van die respondente van mening is dat hulle gemeente betrokke is by die gemeenskap. Hieruit kan afgelei word dat die erediens nie stop by die uitspreek van die seënbede nie. Ook wat die inkleding van die erediens betref, is 93,29% van die respondente van mening dat daar moeite gedoen word om vreemdelinge tuis te laat voel in die erediens.

Wat egter uit hierdie navorsing belangrik is, is dat:

- 97,01% van mening is dat daar nog ruimte is vir die bywoon van eredienste;
- 66,42% eredienste weekliks bywoon;
- 70,14% glo dat hulle elke Sondag in die erediens moet wees;
- 69,92% van mening is dat mense wat in God glo, eredienste gereeld bywoon;
- 97,76% van mening is dat hulle God se teenwoordigheid ervaar in die erediens;
- Slegs 57,17% van mening was dat eredienste nodig is om God te aanbid.

Die uitdaging vir die NHKA is dat dit grootliks op erediens gefokus is. Die erediens is die fokuspunt van die gemeentelike lewe, terwyl hierdie navorsing toon dat die respondente van mening is dat die bywoon van eredienste nie as noodsaaklik is nie**.**

**Gevolgtrekking**

1. Erediensbywoning het 'n plek, maar is nie noodsaaklik om God te aanbid nie;
2. Eredienste bied 'n veilige tuiste;
3. Mense voel tuis en veilig in eredienste;
4. Vraag**:** Het eredienste nie ontaard in slegs 'n 'horisontale' funksie, met 'n verlies aan 'n 'vertikale' funksie of ontmoetingsgebeure met God nie?



© University of Pretoria

In Hoofstuk 7 gaan daar met behulp van gemeentebou-insigte 'n nuwe praktykteorie vir die NHKA ontwikkel word, wat die resultate van hierdie navorsing gaan gebruik om 'n aanbiddingsruimte buite die formele erediens te ontwikkel, wat ten doel het die opbou van missionale gemeente.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 7

# RIGLYNE VIR 'N NUWE PRAKTYK TEORIE

## 7.1 INLEIDING

Met die wisselwerking tussen *teorie* en *praxis* is daar deur die loop van hierdie navorsing antwoorde gesoek op die verband tussen lidmate van die NHKA se Godsbeeld, hulle liturgiese ervaring in die erediens en die invloed wat dit op hulle betrokkenheid by die missionale opbou van die gemeente het. Vanuit die literatuur het is gekyk hoe daar oor gemeentebou gedink word met verwysing na die verskillende metaforiese beelde van God. Ook is die veranderende wêreld waarin gelowiges vandag lewe onder die vergrootglas geneem, as ruimte waarin gelowiges die liturgie van hulle verhouding met God beoefen.

In die empiriese hoofstuk (Hoofstuk 6) is die metodiek wat gevolg is, reeds verduidelik en is daarop gewys dat daar in hierdie navorsing met behulp van die vier vrae van Osmer (2008:4), asook (Heitink 1999:165) se sirkels, antwoorde gesoek is op die vrae:

- **"Wat is besig om te gebeur?"** (Osmer 2008:4 & Heitink 1999:165)

Hierdie is die fase van *verstaan* en *vorm deel* van die hermeneutiese sirkel. Die proses van *verstaan* is bespreek in Hoofstuk 2, 3 en 4 deur die prakties-teologiese vertrekpunte aangaande ekklesiologie, koinonia en liturgie vanuit 'n gemeentebouperspektief te verklaar, en ook in Hoofstuk 5, deur die verstaan van 'n veranderende wêreld.



© University of Pretoria

- **"Waarom is dit besig om te gebeur?"** (Osmer 2008:40 & Heitink 1999:165)

Hierdie is die fase van *verklaar* en in Hoofstuk 6 is 'n empiriese ondersoek in die NHKA se Ring van Laeveld gedoen deur middel van 'n kombinasie van 'n kwantitatiewe en 'n kwalitatiewe ondersoek.

- **"Wat behoort te gebeur?"** (Osmer 2008:4 & Heitink 1999:165)

Hierdie is die fase waar die fokus val op *verandering.* Deur die loop van die navorsing is daar beweeg tussen die pole van die huidige en die soeke na nuwe. Die fase van *verandering* bied die fondament vir die nuwe praktykteorie wat geformuleer gaan word.

- **"Hoe kan ons reageer?"** (Osmer 2008:4 & Heitink 1999:165).

Hierdie is die fase waar die fokus val op *strategie* en dit word in hierdie hoofstuk hanteer, waar 'n nuwe praktykteorie geformuleer gaan word.

In Hoofstuk 7 sal dus gefokus word op 'n strategie wat na verandering sal lei. Antwoorde sal verskaf word op die vrae "Wat behoort te gebeur?" (Osmer 2008:4) asook "Hoe kan ons reageer?" (Osmer 2008:4). Met die insigte van hierdie navorsing wil die navorser hierdie twee vrae beantwoord en sodoende prakties-teologiese riglyne verskaf wat die kerk, en in die besonder die NHKA, van hulp kan wees in die ontwikkeling van 'n groter missionale bewussyn onder lidmate wat spesifiek rekening hou met hulle verstaan van God. Aangesien die kerk nie daar is ter wille van haarself nie (Nel 2015:96), het die nuwe praktykteorie ten doel om gemeentes te begelei om opnuut hulle roeping en opdrag te ontdek vanuit die verskillende metaforiese beelde van God. Vanuit die navorsing, wat gefokus het op die verskillende metafore (sien punt 6.4.2.3), is dit die navorser se mening dat die opdrag en roeping van ampsdraers



© University of Pretoria

en lidmate in die kerk, en veral in die NHKA, opnuut weer aandag moet kry. Die bevinding is dat daar veral 'n positiewe houding onder lidmate is ten opsigte van deelname aan gemeentelike aktiwiteite en in die besonder die erediens (sien punt 6.4.2.11). In die lig hiervan sal die nuwe praktykteorie spesifiek ook aandag gee aan leierskap, met die oog op verandering (Osmer 2008:176–218). Veranderende leierskap (Osmer 2008:177) het ten doel om die gemeente te begelei om dít te word wat God se doel met die gemeente is (Nel 2015:19) en in dié opsig het die nuwe praktykteorie ten doel om 'n strategie voor te stel wat tot verandering en die opbou van die gemeente kan lei.

Op grond van die insigte wat deur die loop van die navorsing verkry is, word die volgende hier genoem:

- Die metaforiese uitbeelding van God is 'n teologiese skat wat beter ontgin en gebruik kan word in die opbou van 'n missionale gemeente. Die identiteit van die gemeente is geanker in verskillende metafore van God en dit vorm *die fondament* (Osmer 2008:9, 97) vir die opbou van die gemeente. Die eksistensiële waarde van die metaforiese uitbeelding van God vir die opbou van 'n missionale gemeente, moet ten volle benut word.
- Met die metafoor van God as *fondament* word die ekklesiologiese modelle *die mure* wat op hierdie fondament opgerig word. Elke *muur* is uniek en anders en dit gee aan die gebou 'n besondere identiteit.
- Die liturgiese skat van kerke, en van die NHKA in die besonder, wat oor 'n tydperk ontwikkel het, kan as die *dak* uitgebeeld word, wat die gebou van 'n missionale gemeente afrond en volledig maak. Soos wat 'n gebou se dak die gebou afrond en dit volledig maak, so rond die liturgie die "gebou" van die



© University of Pretoria

missionale kerk af. Soos 'n gewone dak die vertoonstuk en sigbare uitbeelding van 'n argitek se droom is, so is die liturgie die vertoonstuk, afronding en sigbaarmaking van die liturg se droomontmoeting tussen God en gemeente.

Die beeld van die gebou kan selfs verder benut word. Uit die empiriese navorsing is bevind dat daar 'n mooi ontwerpte gebou (die kerk) bestaan met 'n stewige fondament (metaforiese uitbeelding van God), netjiese mure (die ekklesiologie), 'n dak wat nie slegs afrond is nie, maar wat ook beskerm (liturgie). En tog is die gebou in sommige gevalle leeg en word dit nie na behore bewoon en gebruik nie (Niemandt 2007:11).

Die nuwe praktykteorie het ten doel om die gebou *oop te sluit* sodat dit doelmatig gebruik kan word. Net soos verkeerde sleutels nie in 'n slot pas nie, sukkel gelowiges ook soms om toegang te verkry tot die "gebou van die missionale gemeente". Die regte sleutels waarmee die gebou oopgesluit kan word, word in die nuwe praktykteorie uitgewys.

## 7.2 SLEUTELS WAARMEE OOPGESLUIT WORD

Hoe gaan gelowiges die deur oopsluit? Die volgende is "sleutels" wat gebruik kan word om die gebou mee oop te sluit, sodat dit met die warmte van geloof en genade gevul kan word:

### 7.2.1 Opleiding as sleutel

Met die wisselwerking tussen *teorie* en *praxis* is daar deur die loop van hierdie navorsing tot die volgende gevolgtrekkings gekom:



© University of Pretoria

- Lidmate moet begelei word om die verskillende metaforiese beelde van God beter te verstaan, sodat dit kan lei tot groter missionale bewustheid en die missionale ontwikkeling van die gemeente. Dit moet gedoen word teen die agtergrond van die veranderende wêreld waarin gelowiges tans leef (sien Hoofstuk 4).

- Vir baie jare het die amp van herder en leraar meer aandag gekry as die ander ampte van Efesiërs 4, en het hierdie ampte in 'n sekere sin agterweë gebly (Hirsch 2012:17).

- Ten einde die metaforiese beelde van God tot hulle volle reg te laat kom in die missionale opbou van die gemeente, sal al die ampte van Efesiërs 4 die nodige aandag moet kry. Teen die agtergrond van Efesiërs 4:11–12 (Hirsch en Catchim 2012:17) wil die navorser die opleiding van lidmate beklemtoon; sonder om 'n eksegetiese ontleding van die gedeelte te doen, aangesien dit nie deel van die navorsingsprobleem is nie. Daar moet 'n doelbewuste besluit geneem word dat die lidmate opgelei moet word sodat hulle ander kan betrek by deelname aan die gemeentelike aktiwiteite (sien 2.1.2, asook 2.1.3).

- Die aktiewe deelname van gemeentelede ten einde verandering en dan veral die opbou van die gemeente te bewerk, is belangrik.

- Opleiding as sleutel wat die gemeente oopsluit, moet plaasvind met die oog op leierskapontwikkeling en teen die agtergrond van 'n veranderende wêreld (vlg. Gibbs 2005:175).



© University of Pretoria

Op grond hiervan is die navorser van mening dat daar aan die volgende sake aandag geskenk moet word:

#### 7.2.1.1 Teologiese opleiding van predikante

Die kurrikulum van teologiese studente en die voortgesette teologiese toerusting van gemeentelike predikante, kan wat betref die Praktiese Teologie en dan spesifiek Gemeentebou en Liturgie, verder uitgebrei en verryk word met die verskillende metaforiese verwysings na God. Deur die teologiese rykdom van die verskillende metafore vir Gemeentebou te ontsluit, kan daar nuwe perspektiewe vir die opbou van die gemeente oopgesluit word. Die toerusting van teologiese studente en predikante sal hulle in staat stel om die gemeente in te nooi in die rykdom van die geloofskat van metafore van God wat die gemeente en elke gelowige se lewe verryk.

Die vraag wat beantwoord moet word, is: "Wat is die oogmerk met die opleiding van predikante?" Is hulle opleiding daarop gemik om die gemeente oor te vat of is dit om lidmate op te lei om ander op te lei om sodoende die gemeente missionaal uit te bou?" In watter mate is predikante opgelei om dissipels te maak (Callahan 1987:49 en 84, asook Ogden 2003:37, 40 en 175) wat weer dissipels kan maak.

Predikante moet lidmate dus oplei om hulle Efesiërs 4-opdrag uit te voer (vgl. Hirsch & Catchim 2012:xxxv, asook Nel 2015:152). Met die tekort aan predikante in die NHKA sal die rol wat ampsdraers en lidmate in die bediening van gemeentes speel, groter word. Uit die empiriese navorsing het dit geblyk dat die respondente wat lidmate van die NHKA is, 'n baie positiewe beeld van God het. Ons het reeds in Hoofstuk 6 (punt 6.4.2.2) aangetoon dat 100% van die respondente God sien as



© University of Pretoria

Herder en Skepper. Die navorser is van mening dat aangesien hierdie metaforiese beelde, veral dié van 'n herder, so sterk by lidmate van die NHKA figureer, hierdie lidmate deur die plaaslike predikant, met die regte begeleiding, opgelei moet word om 'n groter rol te speel in die missionale uitbou van die gemeente.

Voorstelle in hierdie verband:

- **God is Herder**: In die praktykgerigte opleiding van predikante moet hulle spesifiek toegerus word om die betekenis van 'n herder en dan God as Herder se doelgerigte leiding en versorging te beklemtoon. Die navorser het reeds in Hoofstuk 3 (punt 3.3.1) van hierdie navorsing die metafoor van 'n herder bespreek en daar verwys na God wat soos 'n Herder die volk deur die woestyn gelei het. Daar is ook aangetoon hoe Jesus in die Nuwe Testament as die Goeie Herder sy lewe vir die mens kom aflê het. Die metafoor wil God se sorg en dan spesifiek sy verhouding met die mens uitbeeld. Hierdie beeld van God se sorg en leiding moet praktykgerig word.

- **God is Koning**: Soos wat 'n koning met streng en ferm optrede sy koninkryk regeer, so wil ons aanbeveel dat predikante spesifiek vanuit 'n Gemeentebouperspektief bemagtig word om hierdie metafoor van doelgerigte leiding en dissipline te gebruik in die begeleiding van die gemeente. Daar het reeds elders in die navorsing gewys op die talle veranderings (Hoofstuk 4) waarmee gelowiges daagliks gekonfronteer word en gemeentepredikante sal vanuit 'n Gemeentebouperspektief toegerus moet word om die eise van verandering te hanteer.



© University of Pretoria

- **God is Regter**: Die metafoor van God as Regter dui op orde wat gevind word in 'n era wat gekenmerk word deur talle grys gebiede. Gelowiges leef in 'n tyd waarin die begrippe reg en verkeerd soms vervaag en dit skep veral vir gelowiges 'n krisis. Hierdie saak moet duidelik in die Gemeenteboukurrikulum na vore kom, sodat predikante dit doelgerig kan gebruik in die opbou van die gemeente.

- **God is Vader**: Die veranderende tye (Hoofstuk 4) waarin gelowiges vandag lewe, vra definitiewe leiding. Vanuit 'n Gemeentebouperspektief moet gemeentelede deel gemaak word van 'n geloofsgesin waar daar liefde en deernis vir mekaar is.

- **God is Versorger**: Hulp en leiding word deur die metafoor uitgebeeld en predikante moet opgelei word om deur middel van hierdie metafoor van God, gemeentelede te begelei om binne die ruimte van gemeentelike aktiwiteite koinonia te ervaar. Daar is reeds in Hoofstuk 2 verwys na die gemeente as geloofsgemeenskap. Die omgee en versorging van die gemeente moet deur middel van hierdie metafoor sigbaar gemaak word.

#### 7.2.1.2 Opleiding van gemeenteleiers en gemeentelede:

- **Gemeenteleiers**

Soos in die geval van die predikante, moet ampsdraers en ander gemeentelike leiers toegerus word om die verskillende metaforiese verwysings na God, met insig en vaardigheid, aan te wend in die missionale opbou van die gemeente (vgl. Nel 2015:162). Aangesien die NHKA reeds die belangrikheid hiervan besef (vgl. NHKA



© University of Pretoria

2013:76), wil die navorser 'n beroep op die Universiteit van Pretoria doen om die NHKA hierin by te staan.

- **Gemeentelede**

Gemeentelede moet ook begelei word om die waarde van die verskillende metaforiese verwysings na God te verstaan en dit uit te leef. Die amp van die gelowige moet opnuut aandag kry (vgl. Nel 2015:66, 67 & 92 ). Die kultuur van kerk toe en huis toe gaan tot volgende week, moet verander word na 'n kultuur van deurgans kerkwees. Indien lidmate byvoorbeeld besef dat hulle 'n profetiese roeping het, kan hulle leiding neem met kerkplanting in die omgewing. Lidmate moet dus opgelei word om hulle roeping as gelowiges uit te leef. Soos wat atlete wat aan 'n aflos deelneem, die stokkie vir ander aangee, so moet die stokkie van dissipelskap (vgl. Callahan 1987:49 & 84 ) vir ander aangegee word.

**7.2.1.3 Samevatting**

Met die "sleutel" van opleiding word vanuit 'n Gemeentebouperspektief die rykdom van die verskillende metaforiese beelde van God oopgesluit ten einde die gemeente missionaal op te bou. Die Heidelbergse Kategismus verwys in Vraag en Antwoord 31 (NHKA 1997:143) na die drie ampte van Christus en dit word dan ook deur die lawing van die Heilige Gees, die gelowiges se amp van koning, priester en profeet. Hierdie drie ampte bied die inhoud van die opleiding (vgl. Calvyn 1989 Inst. – II, XV:426 & Barnard 1985:464) wat verskaf moet word. Aangesien hierdie navorsing se fokus nie die drie ampte is nie, word daar net kortliks hierna verwys:

- *Koning*



© University of Pretoria

Soos wat 'n koning beheer het en heerskappy uitoefen oor sy onderdane, so sal die fokus van die opleiding op die neem en gee van leiding moet wees. Leierskap, en veral leierskap met die oog op verandering, is baie belangrik.

- *Priester*

Die taak van die Bybelse priester was om as middelaar diens te doen tussen God en mens. Die priester het die offerande van die mens vir God aangebied. Op grond hiervan sal die fokus val op die dienswerk wat lidmate moet verrig en in so 'n mate dat ander na God gelei kan word. Die fokus van die opleiding sal dus wees om deur diens en diensbaarheid ander te begelei in aanbidding.

- *Profeet*

Aangesien die profeet se amp luister en verkondiging behels het, sal die fokus van die opleiding hier val op getuienis. Die verbale en nieverbale kommunikasie van lidmate is baie belangrik en in die opleiding sal dit aandag moet geniet.

Hiervolgens is elke gelowiges dus geroepe om betrokke te raak by die uitdra en uitleef van die evangelie. Die nuwe praktykteorie het ten doel om die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, en in die besonder die HTK, bewus te maak van die belangrikheid daarvan om in die opleiding van predikante aandag te gee aan die begeleiding van lidmate van die NHKA om van toeskouers in deelnemers te verander. Dit kan gebeur deur die diepte, betekenis en die waarde wat die metaforiese beelde van God het vir die opbou van 'n missionale gemeente, te ontsluit. Die aktiewe deelname van almal in die gemeente is baie belangrik. Gesien in die lig dat die navorsing fokus op die opbou van die gemeente, is dit nodig om die waarde wat die opleiding van opleiers het, te beklemtoon. Die opbou van die gemeente is 'n



© University of Pretoria

nimmereindigende proses (vgl. Nel 2015:25) en daarom sal die opleiding van opleiers dus ook nie kan stop nie.

### 7.2.2 Aanbidding as sleutel

#### 7.2.2.1 Die erediens van Sondag

Die erediens in die NHKA is die middelpunt van die gemeentelike lewe (NHKA 2013:75). Daar is reeds in die navorsing (Hoofstuk 5) aangetoon dat die erediens al die handelinge in diens van God insluit. Hiervolgens is daarop gewys dat die liturgiese handelinge (sien punt 5.3) ten doel het om die mens in die teenwoordigheid van God te bring en is die erediens beskryf as 'n ontmoetingsgebeurtenis wat ook die hartklop van die gemeentelike aktiwiteite en in die besonder van die liturgiese aktiwiteite is. Ook wat die liturgie betref, sal die "sleutel" van opleiding gebruik moet word, aangesien die NHKA haarself in 'n era bevind wat gekenmerk word deur 'n tekort aan predikante. Teen hierdie agtergrond, sal die rol wat ouderlinge in die eredienste speel, opnuut weer beklemtoon en ontgin moet word (sien NHKA 2013:32–33). Met die opleiding en toerusting van ouderlinge, word nie alleen hulp verleen met die neem van leiding in die eredienste nie, maar word 'n groter gevoel van betrokkenheid en deelname onder die gemeentelede geskep.

Met die kwantitatiewe ondersoek is gevind dat die metaforiese beelde van God wat die sterkste na vore kom, die beelde van God as Herder en God as Skepper (sien punt 6.4.2.3) is, terwyl die metaforiese beelde van God as Skepper en God as Vader (sien 6.4.3), die sterkste tydens die kwalitatiewe navorsing na vore gekom het.



© University of Pretoria

Aangesien die navorsingshipotese fokus op die verband tussen lidmate se Godsbeeld, liturgie en gemeentebou, gaan daar gefokus word op die uitkringende effek hiervan. 'n Liturgie sal ontwerp word met die metaforiese beeld van God as Vader as die middelpunt, en dit gaan uitgekring word na die uitbou van 'n missionale gemeente. Soos wat 'n klip wat in 'n dam gegooi word, uitkringende golwe veroorsaak, word die volgende uitkringende golwe hier gevolg:

- Beeld van God as Vader;
- Liturgie vir erediens in 'n NHKA gemeente;
- Missionale opbou van gemeente

Daar word doelbewus gekies om die metaforiese beeld van God as Vader te gebruik en juis om die volgende redes:

- Die metaforiese beeld van God as Vader skep die ruimte van sorg en omgee wat gelowiges nodig het.
- Dit skep die beeld van 'n gemeente as gesin en familie.
- Soos wat die beelde van vader en gesinsuitbreiding by mekaar pas, impliseer die metafoor van God as Vader ook die moontlikheid van groei en uitbreiding.
- Soos wat 'n vader veronderstel is om sy gesin te beskerm, vind gelowiges beskerming in die erediens en gemeente.
- Die doopformulier (NHKA 2008:49) beklemtoon die liefde van God as Vader.
- Die gebed wat Jesus vir sy dissipels leer, naamlik die Onse Vader, is teologies-liturgies belangrik vir aanbidding.



© University of Pretoria

Om die beeld van God as Vader te beklemtoon, is die volgende liturgie ontwerp wat in 'n erediens in die NHKA gebruik kan word.

1. Liturg: Kies 'n gesin uit die gemeente wat leiding neem met die liturgie.

2. Sondag: Dit word aanbeveel dat dit op 'n Sondag soos Vadersdag aangebied word. Die rede hiervoor is dat die fokus dan alreeds op vaders en gesinne is. In gesinne waar vaders afwesig is of 'n negatiewe beeld geskep het, kan hierdie liturgie gebruik word met die oog daarop om dit reg te stel.

3. Sang: Besondere klem gaan op sang geplaas word. Deur middel van sang word die gemeentelede deelnemers aan die liturgie. Met die aankondiging van die liedere moet die gemeente opnuut bewus gemaak word van die deelnemende waarde van sang. Die fokus val op deelname en nie op mooi stemme nie.

4. Litugie tydens die erediens

    4.1 Votum en seën: Predikant van die gemeente: Aangesien hierdie deel van die ampsvoorregte van 'n geordende predikant van die NHKA is, word dit so hanteer.

    4.2 Loflied: Ma van die gesin kondig dit aan, Lied 188:1–3.

Hierdie lied is gekies omdat dit 'n loflied is en die lirieke fokus op God die Vader wat sorg, vrede gee, bewaar en die bron van lewe is – alles wat 'n vader moet doen.

4.3 Wet: Kind hanteer dit, en wel om die volgende redes:

- Die vyfde gebod handel juis oor vaders en moeders en 'n kind se stem kan dit opnuut weer beklemtoon. 'n Kind se stem sal radikaal anders



© University of Pretoria

wees as die tradisionele manstem wat vir jare die gebooie aangekondig het. Die onskuld van 'n kinderstem kan dan ook minder veroordelend wees.

4.4 Skuldbelydenis: Kind kondig lied aan waarmee skuld bely word. Lied 241:1, 2 en 3 verwys na die Vader en die Seun wat vergewe en verlos. Dit beklemtoon die beeld wat deur die liturgie uitgedra wil word. Vers 2 verwys na "hart se wonde" en aangesien baie lidmate verwond is deur die lewe en in 'n sekere sin "weeskinders" is, sal die lied troos bring.

4.5 Genadeverkondiging: Kind lees Lukas 15:17–20. Die verlore seun se inkeer en hunkering na sy pa.

4.6 Geloofsbelydenis: Kind lees dit: Die Apostolicum word gebruik, wat begin met 'n belydenis van geloof in God wat Vader is.

4.7 Toewydingslied: Lied 275:1, 3, 4 en 5 word aanbeveel. Die lirieke vra dat God, as Vader sal lei, brood skenk en dit eindig met 'n belydenis dat God Vader is.

5. Skriflesing: Pa hanteer dit. Lees Lukas 15:11–32. In die gelykenis van die verlore seun is daar soveel van die lewe se weggaan, die verkeerde keuse, die gevolge van keuses, maar ook die geleentheid om terug te gaan en te herstel.

6. Prediking: Die predikant hanteer dit.

7. Nagmaal: Predikant hanteer dit: Die aansit by die nagmaaltafel kan juis die gesin saambring by 'n geloofsmaaltyd. In die NHKA word daar aangesit by die tafel voor in die liturgiese ruimte. Kindernagmaal vind nie in die NHKA plaas nie, en dit kan die metafoor van 'n gesinsmaal benadeel.



© University of Pretoria

8. Gebed: Pa hanteer dit en hy bid vir gesin se herstel en ook vir omgee en troos in 'n stukkende omgewing.

9. Opneem van offergawes deur kinders in die erediens: Alhoewel die gebruik in die NHKA is om die offergawes by die deur op te neem as teken van 'n eerste dankbaarheid op pad na die erediens van die lewe, wil die navorser die opneem van offergawes na die erediens verskuif om juis die fokus te plaas op 'n geloofsoffer. Die offer word hier oorgemerk vir 'n gesin wat nood het.

10. Sang: As laaste lied kan Lied 284:1–3 gesing word. Die lied vra dat God se vrede deur die gemeente sal vloei na ander en dat die gemeente draers van hoop sal wees. Dit is 'n samevatting van die erediens wat juis herstel en vrede vir gesinne (spesifiek gebroke gesinne) bring.

11. Wegsendingseën: Die gemeente moet daarop gewys word dat hulle moet uitgaan en as geloofsgesin moet gaan lewe.

12. Gemeente-ete: Die gemeente kan gevra word om 'n gereg te bring wat op 'n sentrale tafel geplaas kan word waar almal kan opskep en saameet. Die gemeente word aangemoedig om saam met ander gemeentelede te eet. Daar moet veral moeite gedoen word om hulle wat enkelinge is, deel te maak van 'n gesprek om sodoende sigbaar gestalte te gee aan die koinonia van die gemeente.

- As deel van die versierings van die tafels kan familiefotos op tafels geplaas word. Daar kan ook 'n spesiale "onthoutafel" wees waar foto's geplaas word van hulle wat oorlede of weg is.



© University of Pretoria

### 7.2.2.2 Op pad na die erediens van Sondag

Met die erediens van Sondag wat as die middelpunt van die gemeentelike lewe beskryf word, is daar verskeie merkers of aktiwiteite in die lewe van die gemeente wat gebruik kan word om die pad aan te dui na die erediens wat die middelpunt is.

Vanuit die empiriese navorsing (sien punt 6.4.2.11) is aangetoon dat lidmate se betrokkenheid en deelname aan gemeentelike aktiwiteite vir hulle belangrik is. Daar is gesien dat lidmate hulleself as deelnemers in plaas van toeskouers (sien punt 6.4.2.12) van die liturgie beskou. Ten einde hierdie deelname verder uit te bou en lidmate meer betrokke te maak by die erediens van Sondag, (vgl. McClure 1995:7 en 50) word die volgende voorgestelle gemaak wat ontgin kan word ten einde die aanbidding van die gemeente as sleutel te gebruik in die oopsluit van die erediens as missionale geleentheid:

- *Preekgroepe*

Deur lidmate te betrek by die beplanning van die liturgie en inkleding van Sondag se erediens, word 'n atmosfeer van deelname geskep. Op hierdie wyse word lidmate deelnemers en nie toeskouers nie.

- *Sosiale media (Facebook ens.) en persoonlike boodskappe (SMS, WhatsApp ens.)*

Ons leef in 'n elektroniese era wat die kerk moet gebruik. Deur middel van die sosiale media kan die gemeente betyds inligting ontvang in verband met Sondag se erediens en kan die skrifgedeelte voor die tyd gelees en oordink word. Die lidmate kom dus voorbereid by die erediens aan, wat dan reeds by die huis begin het (vgl. Barnard 1985:528).



© University of Pretoria

**7.2.2.3 Op pad vanaf die erediens van Sondag**

Soos wat daar gemeentelike aktiwiteite is wat die pad na die erediens as middelpunt van die gemeentelike aktiwiteite aandui, wil die nuwe praktykteorie ook aktiwiteite voorstel wat in die gemeente gebruik kan word, vanaf die erediens van Sondag na die erediens van die lewe. Die nuwe praktykteorie wil die gebruik by gemeentes aanmoedig om op 'n Maandag 'n selfoonboodskap of 'n e-pos te stuur aan al die gemeentelede wat die volgende bevat:

- Die skrifgedeelte wat Sondag tydens die erediens gebruik is. So word erediensgangers opnuut weer betrek by die erediens van Sondag.
- 'n Kort opsomming van die preek. So kry almal weer 'n geleentheid om die preek te ervaar.

Lidmate kan ook gevra word om deur middel van e-posse, sms'e en facebook te reageer op die afgelope Sondag se preek. Deur dit te doen, kan die prediking interaktief gemaak word (vgl. McClure 1995:52).

Met 'n klein bietjie moeite kan ons op die wyse daarin slaag dat die erediens van Sondag te laat oorspoel in die lewe van Maandag en die res van die week.

**7.2.2.4 Die erediens van die lewe**

Met die erediens van Sondag as die middelpunt van die gemeentelike lewe (NHKA 2013:75), word daar beweeg na die erediens van die lewe (vgl. Barnard 1985: 459). Ten einde die erediens van Sondag te laat oorvloei in die gemeentelike aktiwiteite en sodoende sigbaar gestalte te gee aan die erediens van lewe, kan die volgende geleenthede gebruik word in die opbou van die missionale gemeente:



© University of Pretoria

- *Leesroosterprogramme*

Een van die metodes waarmee die erediens van Sondag kan vloei na die erediens van die lewe, is deur gebruik van 'n *lectio continua* (vgl. O'Flaherty & Peterson 2010:97). Op dié wyse kan die erediens van Sondag deel gemaak word van die lewe van elke dag en dit verseker dat die erediens as aanbiddingsgeleentheid nie beperk word tot 'n afdeling van die rusdag nie. Dit word eerder die beginpunt van deurlopende aanbidding (vgl. Barnard 1985:460 asook O'Flaherty & Peterson 2010:98).

- *Huisgodsdiens*

Huisgodsdiens moet van familie- of gesinsbediening onderskei, maar nie geskei word nie. Van Staden (2014) het reeds die komplekse aard van gesinsbediening aangetoon. Huisgodsdiens word in die nuwe praktykteorie slegs as 'n faset van gesinsbediening beklemtoon (vgl. Van Staden 2014:4) en dan wel as 'n geloofsruimte waar 'n gesin in ontmoeting met God kan tree in 'n veilige en privaat ruimte. Dit is ook belangrik om daarop te let dat huisgodsdiens, as deel van die erediens van die lewe, nie as 'n nuwe kommunikasiehandeling in die diens van die Evangelie (vgl. Nel 1994:27 asook Nel 2015:71) voorgestel word nie, maar eerder ruimte waar die kommunikasiehandelinge van *kerugma, leiturgia, koinonia* en *diakonia* herontdek word in die "diens aan die Drie-enige God, onderlinge diens aan mekaar en diens aan die wêreld (Nel 1994:26–27 asook Nel 2015:71).

### 7.2.3 KOINONIA AS SLEUTEL

Met die erediens, wat ons kan beskryf as die ontmoeting tussen God en mens asook tussen mens en mens (vgl. Callahan 1983:24) en wat vir hierdie navorsing die kernpunt vorm in die opbou van die missionale gemeente, beweeg ons nou na die uitkringende effek wat hierdie ontmoeting tussen God en sy gemeente het. Naas die



© University of Pretoria

ontmoeting in die erediens, is daar ook ander geleenthede waar lidmate in ontmoeting met mekaar kan tree en die empiriese navorsing het getoon dat lidmate 'n behoefte het aan groter betrokkenheid en interaksie (sien punt 6.4.2.11), veral weens die unieke situasie van lidmate wat soms gekenmerk word deur gebrokenheid, alleenheid en teleurstellings. Die empiriese navorsing het egter ook getoon dat die respondente reeds omgee in hulle gemeentes ervaar (sien punt 6.4.2.13). Die nuwe praktykteorie wil in die lig hiervan aanbeveel dat, naas die bestaande ontmoetingsgeleenthede, die volgende geleenthede verder ontgin moet word ten einde die dieper betekenis en waarde wat die metaforiese beelde van God vir koinonia bied, te ervaar:

#### 7.2.3.1 Groepshuisbesoeke

Huisbesoek is eie aan die NHKA se bediening. As alternatief vir individuele huisbesoek wat van huis tot huis gedoen word, kan groepshuisbesoek gehou word waar 'n paar huisgesinne bymekaar kom en deur die predikant besoek word. Die samesyn en gemeenskap wat hierdeur behaal word, is kosbaar vir die opbou van die gemeente.

#### 7.2.3.2 Omgeegroepe

Omgeegroepe is nie eie aan die NHKA nie, maar die waarde wat die geleenthede bied vir die koinonia in die gemeente, moet gebruik word. Lidmate en veral nuwe lidmate wat by 'n gemeente inskakel, het die behoefte om te behoort (vgl. Callahan 1983:35 asook Nel 2015:46, 77). In die lig hiervan wil die navorser die NHKA aanmoedig om 'n doelgerigte program van omgeegroepbediening te implementeer.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 7.2.3.3 Huisgodsdiens

Die huisgesin se bymekaarkom rondom die Woord van God is 'n kosbare geleentheid vir die gesin om as kerk in die kleine bymekaar te kom. In die binnekring van die gesin word die Woord van God verkondig en ook aangehoor en dit bied 'n geleentheid om die koinonia wat in die gemeente ervaar word, in die intieme en veilige ruimte van die huisgesin te oefen (vgl. Van Staden 2014:6).

### 7.2.3.4 Faseologiese byeenkomste

Met die unieke uitdaging wat eie is aan elke generasie (sien punt 2.1.4.2 ), wil die navorser gemeentes aanmoedig om sensitief te wees vir die behoeftes van lidmate van verskillende generasies en om faseologiese bedieninge te begin wat gefokus is op die unieke behoeftes van die verskillende generasies. Hieronder tel jeugbyeenkomste en seniorburger-byeenkomste.

## 7.3 SAMEVATTING

Deur die eeue bely die kerk dat dit die liggaam van Christus is. Sondag na Sondag bely die NHKA saam met die kerk van alle eeue dat ons glo in 'n algemene heilige kerk. Die NHKA sien haarself as deel van die kerk van Christus en as sodanig is dit deel van God se plan met die wêreld. Nie alleen het die kerk 'n roeping nie, die kerk is God se roeping (Niemandt 2012:1) met en vir die wêreld. In die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) in Artikels 27–31 word die roeping en opdrag van die kerk, maar ook aan die kerk uitgespel. As lede van die liggaam van Christus het ons 'n roeping en taak om mekaar te versorg en hiervoor het die Heilige Gees ons met gawes



© University of Pretoria

toegerus. Die kerk, as liggaam van Christus, is die wyse waarop God bemoeienis maak met die wêreld en die missionale ekklesiologie wil juis hierdie roeping en opdrag aan die kerk beklemtoon. Aangesien missionale ekklesiologie ook missionale liturgie veronderstel, wil die studie dan juis die NHKA as gestuurde van God oproep om haar missionale verantwoordelikheid te besef. Die NHKA beskik oor die middele en gawes wat aangewend moet word om gehoorsaam te antwoord op die roepstem van God. As missionale kerk moet elkeen sy en haar plek inneem in die kerk.



© University of Pretoria

# Bylaag A
## Empiriese Toetsing
## Kwantitatiewe vraelys



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE GODSBEELD* VAN LIDMATE VAN DIE HERVORMDE KERK

**Hierdie vraelys toets jou mening van die gemeente waarvan jy 'n lidmaat is.**

Vir kantoorgebruik

**Respondentnommer** v0

***Vraelys***

**1** Wat is jou posisie in die gemeente? — Ampsdraer 1; Nie ampsdrae 2 — v1

**2** Hoe sien jy jou gemeente? — Platteland 1; Stad 2 — v2

**3** Wat is jou posisie in die gesin — Pa 1; Ma 2; Kind 3 — v3

**4** Hoe oud is jy op jou volgende verjaarsdag ______ — v4

**5** Hoe gereeld woon jy die eredienste by? — Weekliks 1; Twee keer per maand 2; Een keer elke 3 mnde 3; Minder as een keer in 3 mnde 4; Glad nie 5 — v5

**6** Jou gesin hou huisgodsdiens? — Ja 1; Nee 2 — v6

***Dui asseblief jou mening aan ten opsigte van die volgende vrae:***

| | | Beslis nie | Nee | Ja | Ja beslis | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **7** | **God is vir my:** | | | | | |
| **7.1** | 'n Liefdevolle Vader | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.1 |
| **7.2** | 'n Regter | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.2 |
| **7.3** | 'n Vriend | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.3 |
| **7.4** | 'n Herder | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.4 |
| **7.5** | 'n Skepper | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.5 |
| **7.6** | 'n Rots | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.6 |
| **7.7** | 'n Vuur | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.7 |
| **7.8** | Water | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.8 |
| **7.9** | 'n Versorger | 1 | 2 | 3 | 4 | v7.9 |
| **8** | Is jy bang vir God ? | 1 | 2 | 3 | 4 | v8 |
| **9** | Kleredrag na eredienste moet streng formeel wees. | 1 | 2 | 3 | 4 | v9 |
| **10** | Eredienste moet streng formeel gehou word. | 1 | 2 | 3 | 4 | v10 |
| **11** | Dit is nodig dat ek elke Sondag in die erediens moet wees. | 1 | 2 | 3 | 4 | v11 |
| **12** | Dink jy dat vreemdelinge tuis voel in julle eredienste? | 1 | 2 | 3 | 4 | v12 |
| **13** | Dit is noodsaaklik dat elke erediens presies dieselfde verloop? | 1 | 2 | 3 | 4 | v13 |
| **14** | Die eredienste is 'n heilige geleentheid en daar is nie ruimte vir grappies nie? | 1 | 2 | 3 | 4 | v14 |
| **15** | Ons gemeente staan bekend dat ons vir mekaar omgee. | 1 | 2 | 3 | 4 | v15 |
| **16** | Vreemdelinge voel welkom in ons gemeente? | 1 | 2 | 3 | 4 | v16 |
| **17** | Ons gemeentelede is betrokke in die gemeenskap. | 1 | 2 | 3 | 4 | v17 |
| **18** | Ons gemeente doen moeite om vreemdelinge tuis te laat voel. | 1 | 2 | 3 | 4 | v18 |
| **19** | Mense is belangriker as kerklike strukture. | 1 | 2 | 3 | 4 | v19 |
| **20** | Ons eredienste betrek almal by ons aanbidding. | 1 | 2 | 3 | 4 | v20 |
| **21** | Voel kinders tuis in julle eredienste? | 1 | 2 | 3 | 4 | v21 |
| **22** | Dink jy mense ervaar die teenwoordigheid van God in julle gemeente? | 1 | 2 | 3 | 4 | v22 |
| **23** | Ervaar jy hoop onder julle gemeentelede ? | 1 | 2 | 3 | 4 | v23 |
| **24** | Is daar nog ruimte vir erediensbesoek in die moderne tyd? | 1 | 2 | 3 | 4 | v24 |
| **25** | Moet die kerkraad lidmate onder sensuur plaas wat skei? | 1 | 2 | 3 | 4 | v25 |
| **26** | Het mense nog respek vir die kerk se ampsdraers? | 1 | 2 | 3 | 4 | v26 |



© University of Pretoria

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **27** | Die instandhouding van strukture moet te koste geskied. | 1 | 2 | 3 | 4 | v27 | |
| **28** | Dink jy aanbidding in julle eredienste behoort te verander in die gemeente waar jy woon? | 1 | 2 | 3 | 4 | v28 | |
| **29** | Gehoorsaamheid aan die Heilige Gees is belangriker as die kerk-ordelike reëls? | 1 | 2 | 3 | 4 | v29 | |
| **30** | Ek het eredienste nodig om God te aanbid? | 1 | 2 | 3 | 4 | v30 | |
| **31** | Mense wat in God glo woon gereeld eredienste by? | 1 | 2 | 3 | 4 | v31 | |
| **32** | Deelname aan die gemeente se erediens en aktiwiteite is vir my as Christen belangrik? | 1 | 2 | 3 | 4 | v32 | |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Bylaag B

## Empiriese Toetsing

## Kwalitatiewe Navorsingsriglyn



© University of Pretoria

**DIE VOLGENDE VRAE IS GEBRUIK IN DIE KWALITATIEWE NAVORSING**

1. Wie is God?
2. Hoe beleef jy die Beeld van God in die erediens?
3. Hoe lyk die ideale erediens vir jou?
4. Watter impak het die erediens op jou betrokkenheid in die gemeente?
5. Is eredienste noodsaaklik om God te aanbid?
6. Is daar iets anders wat vir jou belangrik is ten opsigte van God, die eredienste of julle gemeente?
7. Opsomming



© University of Pretoria

# **Bibliografie**

ALMANAK 2014. *Jaarboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*.

BARNARD, A.C. 1985. *Die Erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

BARNARD, A.C. 1994. *In die kragveld van die Woord en Gees*. Etoile.

BARNARD, M. 1998. *Prediking*. (In Oskamp, P., ed. De weg van de liturgie. Tradities, agtergronden, praktijk. Zoetermeer.Meinema. p 210 – 216)

BARNARD, M. 2009. Ontdek die nagmaal in die gereformeerde erediens. (In Wepener, C & Van der Merwe J. *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi.B.M. Wellington. p.109 – 128).

BARNARD, M. & POST, P. 2001. *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie*. Meinema. Zoetemeer

BARNARD, M. & WEPENER, C. 2012. 'Reclaiming space for learning in liturgical contexts: Cracks in the maxim of the uselessness of liturgical ritual', In *Hervormde Teologiese Studies* 68(2), Art#1184, 8 pages. http://dx doi.org/ 10.4102/hts.v68i2.1184

BARRETTT, C.K. 1978. *The Gospel according to St.John. An introduction with commentary and notes on the Greek text. Second Edition*. William Clowes (Beccles) Limited, Beccles and London.

BARRETTT, C.K. 2002. *Acts. A shorter Commentary*. T&T Clark. A Continuum Imprint. London & New York

BARTH, K. 1961. *Church Dogmatics Vol III. The doctrine of the creation. Part 4.* Uit die Duits vertaal deur G.W. Bromiley & T.F. Torrance. Edinburgh: T & T Clark.

BARTH, K. 1975. *Church Dogmatics Vol III. The doctrine of the Word of God. Part 1*. Uit die Duits vertaal deur G.W. Bromiley & T.F. Torrance. Edinburgh: T & T Clark.

BECK, H. 2001. Water, bron, zee, leven, dood et cetera. ( In Barnard, M. & Post, P. (reds) *Ritueel bestek, Antropologische kernwoorden van de liturgie.* Zoetemeer: Meinema.

BELCHER, J. 2009. *Deep Church. A third way beyond emerging and tradition*. IVP Books. Illinois.



© University of Pretoria

BERKHOF, H. 1985. Christelijk Geloof. Callenbach. Nijkerk.

BEUKES, M.J. du P. 1981. Huisbesoek. HAUM Pretoria.

BEUKES, M.J. du P. 1987. *Die verskillende elemente van die erediens.* Ongepubliseerde klasaantekeninge. Universiteit van Pretoria.

BEUKES, M.J.du P.1990. *Die Erediens*. Ongepubliseerde studiegids, Departement Praktiese Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria.

BEUKES, M. J. du P. 1993. Liturgiese klere. In *Hervormde Teologiese Studies.* (49/1 & 2), p 5 - 18.

BOSCH, D.J. 1979. *Heil vir die wêreld.* N.G.Kerkboekhandel. Transvaal.

BOTHA, A. & DREYER, Y. 2007. Demistifikasie van die metafoor " die kerk as bruid". *Hervormde Teologiese Studies.* 63(3), p 1239 – 1274.

BRANDT, R.B. 1968. *The Philosophy of Schleiermacher*. New York. Greenwood Press.

BRIENEN, T. 1987. *De liturgie bij Johannes Calvijn. Zijn publicaties en zijn visies.* Uigeverij De Groot Goudriaan- Kampen.

BROUWER, R. 2009. *Geloven in gemeenschap. Het verhaal van een protestantse geloofsgemeenschap*. Uitgeverij Kok-Kampen.

BROWN ED AL 1979. The New Hebrew and English Lexicon. Hendrickson Publishers.

BRUGGER, W. 2009. From Hostility through Recognition to Identification: State-Church Models and their Relationship to Freedom of Religion in Secularization and the World Religions. Joas, H. en Wiegandt, K. p 160 – 180.

BRUNO, B.2003. Reformed Worship in Continental Europe sincs the Seventeenth Century. (In Vischer, L. ed. *Christian Worship in Reformed Churches past and present.* William B. Eerdemans Publishing Company Grand Rapids, Michagan / Cambridge, U.K. p 32 – 65).

BUITENDAG, J. 2009. *Triniteit en triangulasie*. Op soek na 'n kosmiese liturgie. (In Immink, G. ed. God in 'n kantelende wêreld. p. 220 – 230.)

BURGER, C. 1997. Familie van God. Lux Verbi. Bloemfontein.

BURGER, C. 2009. *Ontdek die belang van die erediens*. (In Wepener & Van der Merwe ed. Ontdekkings in die erediens. Lux Verbi. Wellington.p. 15 – 29.)



© University of Pretoria

CALLAHAN, K. L. 1983. *Twelve Keys to an Effective Church. Strategic Planning for Mission*. Jossey –Bass. United States of America.

CALVYN, J. 1989.*Institutes of the Christian Religion*. Vertaal deur Henry Beveridge. WM.B. Eerdemans Publishing Copany. Grand Rapids, Michigan.

CARROL, J.W. 1991. *As One With Authority. Reflective Leadership in Ministry.* Westminister/John Knox Press. Louisville, Kentucky.

CASANOVA, J. 2011. *Secular, Secularizations, Secularisms. In Rethinking Secularism*. Calhoun,C. , Juergensmeyer, M. & Van Antwerpen, J. p.54 - 74. Oxford University Press.

CHRISTENSEN, D.L. 2002. *Word Biblical Comnmentary. Volume 6B. Deuteronomy 21:10 – 34:12.* Thomas Nelson Publishers. Nashville.

CILLIERS, J. 2008. In die omtrek van die Gees: 'n Besinning oor die ruimtelikheid van liturgie. In *Praktiese Teologie in Suid Afrika.* (23/2). p 1 - 21.

CILLIERS, J. 2009. 'Why worship? Revisiting a fundamental liturgical question', In *Hervormde Teologiese Studies/Theological Studies* 65(1), Art#126,6 pages. X.DOI:10,4102/hts65i1.126

CILLIERS, J. 2011., ' Liturgy as space for anticipation', In *Hervormde Teologiese Studies/Theological Studies* 67(2), Art#1202, 7 pages. X.DOI.ORG/10,4102/hts.v67/2.1020.

CLASEN, F.J. 2008. Liturgy on the edge of change. In *Praktiese Teologie in Suid Afrika.* (23 /1). p 36 - 54

CLEMENTS, R.E. 1978. *Old Testament Theology. A Fresh Approach.* Marshall, Morgan & Scott.London.

CLOETE, J.O. 1985. *Gevoel en Emosie in die erediens*. Universiteit van Pretoria.Ongepubliseerde Nagraadse diploma in Teologie.

CRAIGIE, P.C. 1976. *The Book of Deuteronomy*. William B. Eerdemans Publishing Company.

CRAIGIE, P.C. & KELLY, P.H. & DRINKARD, J.F.jr. 1991. *Word biblical commentary. volume 26*. Jeremia 1-25. Word Books, Publisher. Dallas, Texas.

CODRINGTON, G. & GRANT-MARSHALL, S. 2004. *Mind the Gap !* Penguin Books S.A.

COLLINS, G.R. 2007. *Die A tot Z van Berading.* Struik Christelike Boeke. Kaapstad.



© University of Pretoria

DE KLERK, B. 2007. Liturgie en Evangelisasie met besondere verwysing na die seën. In *Praktiese Teologie in Suid Afrika* . (22/2) p 20- 39.

DE KLERK, W. 1998. *Die vreemde God en sy mense.* Human & Rousseau. Kaapstad.

DE VAUX, R. 1973. *Ancient Israel. Its Life and Institutions.* Darton, Longman & Todd. London.

DE VAUX, R. 1984. *Ancient Israel.* Darton, Longman & Todd. London.

DOYLE, D.M. 2000. *Communion Ecclesiology. Visions and Versions*. Orbis Books. Maryknoll, New York.

DREYER, J. S. 2010. *Practical theology and lived religion: Reflections on a narrative approach.* Unpublished inaugural lecture at the University of South Africa, Pretoria.

DREYER, T.F.J. 1995. Implikasies van die kommunikatiewe handelingsteorie vir 'n prakties-teologiese perspektief op die ekklesiologie. In *Hervormde Teologiese Studies.* (51/3) p.792 – 803.

DREYER, T.F.J. 2004. God die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie. In *Hervormde Teologiese Studies* (60/3). p 665 – 672.

DREYER, T.F.J. 2005. "Kenotiese prediking" – die katalisator vir liturgiese verdieping in die huidige konteks. In *Hervormde Teologiese Studies* (61/1&2) p 93 – 108.

Dreyer, W.A. 2014. 'Wanneer een twee word: 'n Perspektief op resente gebeure in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika'. HTS Teologiese Studies/Theological Studies 70(1), Art.#2054, 16 pages. http://dx.doi.org/10.40102/hts.v70i1.2054.

DREYER, Y. 1998a. *Pastorale interaksie met vroue: 'n Prakties-teologiese begronding.*DD-verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

DREYER, Y. 1998b. Pastorale interaksie met vroue- gesien vanuit die beelde wat vir God gebruik word. In *Hervormde Teologiese Studiens* 54/3 & 4, p 544 –572.

DUCK, R.C. 2013. *Worship for the Whole People of God. Vital Worship for the 21st Century.* Westminister John Knox Press. Louisville.

DULLES, S.J. 2002. *Models of the Church.* Image Books. Doubleday New York.

DUNN, J.D.G. 1999. *Jesus' Call to Discipleship*.Cambridge University Press.

DUNNAM, M.D. 1987. T*he Communicator's Commentary. Exodus.* Word Books,



© University of Pretoria

Publisher. Waco, Texas.

DURAND, J. 2007a *The many faces of God.* Sun Press.

DU RAND, J. 2007b. *Die A-Z van Openbaring*. Christelike Uitgewersmaatskappy. China.

DU TOIT, C.W. 1984.Die metaforiese spreke oor God. DD –proefskrif, Universiteit van Pretoria.

FISCHER,R.A.,2015.http;//en.wikipedia.org/wiki/Fischer'{}s%20exact %20test?oldid=63499476.

EIDEVALL, G. 2005. *In Metaphor in The Hebrew Bible*. Van Hecke. P. ed. p 55 - 65.

EVANS, O.E. 1986. Kingdom of God. ( In *The Interpreter's dictionary of the Bible. An illustrated Encyclopedia. Vol.3 p 17-26.)*

GIBBS, E. & COFFEY, I. 2001. *Church Next*. Intervasity Press.

GIBBS, E. 2005. *Leadership Next. Changing leaders in a changing culture*. Inter-varsity Press.

GOOD E. M. 1986. Fire. ( In *The Interpreter's dictionary of the Bible. An illustrated Encyclopedia. Vol. 2 p 268 - 269 )*

GROENEWALD, E.P. 1980. *Die Evangelie van Johannes.* N.G. Kerk-Uitgewers Kaapstad.

GROENEWALD, E.P. 1981. *Die Evangelie van Markus*. N.G. Kerk-Uitgewers Kaapstad

GUNDRY, R.H. 1983. *Matthew . A commentary on his literary and theological art*. William B. Eerdemans Publishing Comp.Grand Rapids, Michigan.

GUNDRY, R.H. 1993. Mark. A commentary on His Apology for the Cross. William B. Eerdemans Publishing Comp.Grand Rapids, Michigan.

HEITINK, G. 1999. *Pratical Theology*. Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan/ Cambridge,U.K.

HEITINK, G. 2012. *Golfslag van de tijd.* Europa's niet te stillen verlangen naar God. Uitgeverij Kok - Utrecht

HENDRIKS, J. 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels & praktyk van gemeentevernuwing*. Hugenote uitgewers, Wellington.



© University of Pretoria

HIRSCH, A. & CATCHIM, T. 2012. *The permanent revolution*. Jossey-Bass. A Wiley Imprint.

HOLLADAY, W.L. 1971. *A Concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament*.

HOLT, E. K. 2005. The Fountain of Living Water and the Deceitful Brook: The Pool of Water Metaphors in the Book of Jeremiah (MT). (In *Metaphor in the Hebrew Bible*. p 99-117.

IMMINK, F.G. 2011. *Het Heilige Gebeurt. Praktijk, theologie en traditie van de protestante kerkdienst*. Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer

JAMIESON, A. 2002. *A churchless Faith. Faith journeys beyond the church*. Society for Promoting Christian Knowlegde, London.

JANSE VAN RENSBURG J. 2007. Voortsetting van die epistemologiese diskoers in die Praktiese Teologie. In *Praktiese Teologie in Suid Afrika.* (22/2) p 61-80.

JUERGENSMEYER, M. 2011. Rethinking the Secular and Religious Aspects of Violence. (In *Rethinking Secularism.* Calhoun,C. , Juergensmeyer, M. & Van Antwerpen, J. p 185 – 203. Oxford University Press.)

KEIFERT, P.R. 1992. *Welcoming the Stranger*. Fortress Press. Minneapolis.

KEIFERT, P.R. 2013. *Ons is nou hier:'n Nuwe era van gestuur-wees.'n Missionale ontdekkingsreis*. Bybel-Media. Wellington.

KEIL, C.F & DELITZSCH, F. 1983. *Commentary on the Old Testament in ten Volumes. Volume I. The Pentateuch*. William B.Eerdemans Publishing Comp.Grand Rapids, Michagan.

KEOWN, G.L , SCALISE, P.J. & SMOTHERS, T.G. 1995. *Word Biblical Commentary Volume 27, Jeremia 26 -52*. Word Books, Publisher Dallas, Texas.

KIMBALL, D. 2004. *Emerging Worship. Creating worship gatherings for new generations.* Zondervan. Grand Rapids.Michigan.

KLOPPERS, E. 1997. Liturgical music: Worship or war? In *Hervormde Teologiese Studies.* (53 / 1&2) p 172 - 184.

KLOPPERS, E. 2005. Handelinge in die erediens. Die verryking van die liturgie deur musiek. In *Hervormde Teologiese Studies*, (61 / 1&2) p 191 - 209.



© University of Pretoria

KLOPPERS, W.C. 2003. Wanneer die beelde uit die oog geneem word. In *Hervormde Teologiese Studies* (59/1). p 85 – 97.

KOESTLER , A. 1967. *The Ghost in the Machine*. Penguin Group.

KÖSTENBERGER, A.J. 1998. *The missions of Jesus and the disciples according to the fouth gospel*. Wim.B. Eerdemans Publishing.

KÜNG, H. 1992. *The Church*. Great Britian BPCC Wheatons Ltd, Exeter.

LINDIJER, C. 1988. *Beelden van God*. Meinema,Delft.

LOOTS , P.J.C. 1990. Die plek van gebed in die erediens.( In Smuts, A.J., Vos, C.J.A. & Nel, M. ed. *Gesprek oor die erediens.* NG Kerkboekhandel Bpk. p. 63 -84.)

LOUW, D.J. 1992. Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*. (7/2) p 119-136.

LOUW, D.J. 1998. God as Friend: Metaphoric Theology in Pastoral Care. *Practical Psychology* **(**46/4) p 233 – 242.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. *Greek- English Lexicon of the New Testament Based on Semantic Domains (vol 1 & 2 ).* United Bible Societies. New York. USA.

LUTHERAN WORLD FEDERATION. 1996. *Nairobi Statement on Worship and Culture*. http://www.worr.org/images/File/Nairobi%20Statement.pdf

MALAN, F.S. 2005. Vaderskap in die Pauliniese korpus- volgens 1 Korintiërs. *Hervormde Teologiese Studies*. (61/ 1&2) p 253 – 271.

MALPHURS , A. 1993. *Pouring new wine into old wineskins.* Grand Rapids: Baberbook.

MARTIN, D. 2005. *On Secularization. Toward a Revised General Theory*. Ashgate.

McCLURE. J.S. 1995. *The Roundtable Pulpit. Where leadership & Preaching meet.*

Abingdon Press. Nashville.

MILLER, P.D. 1985. Israelite Religion. (In *The Hebrew Bible and its Modern Interpreters*. Knight D.A. & Tucker G.M. ed. Fortress Press Philadelphia, Pennsylvania. p 201 – 238).

MILLS, M.E. 1998. *Images of God in the Old Testament*. Cassel.

MÜLLER, J. 1992. *Die erediens as fees*. NG Kerkboekhandel (Edms) Bpk.



© University of Pretoria

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 2001. *Agenda van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering.* Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika . Pretoria.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 2004. *Agenda van die sewe en sestigste Algemene Kerkvergadering.* Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika . Pretoria.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 2007. *Agenda van die agt en sestigste Algemene Kerkvergadering.* Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 2013. *Agenda van die sewentigste Algemene Kerkvergadering.* Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 2015. *Almanak en Bybelse Dagboek 2015*. Pretoria: Sentik

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 1997. *Diensboek.* Doornfontein.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 2008. *Diensboek.* Sentik. Pretoria.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 2013. *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria.

NEL, M. 1985. Kerklike bedieninge aan die jongmens. (In Nel, M. (red.) *Kerkjeug Antwoord.* NG Kerkboekhandel Transvaal. p 13 - 41)

NEL, M. 1987. Die erediens en die wêreld. (In Smuts, A.J., Vos, C.J.A. & Nel, M. ed. *In gesprek oor die erediens.* NG Kerkboekhandel Bpk. p. 172 -192).



© University of Pretoria

NEL, M. 1994. *Gemeentebou.* Orion Uitgewers. Halfway House.

NEL, M. 2001. *Jeugbediening. 'n Inklusiewe gemeentelike benadering.* Barnabas . Bloemfontein.

NEL, M. 2015. *Identity –driven churches*. Biblecor Wellington.

NIELSEN, K. 2005. *Metaphor in The Hebrew Bible.* Leuven University Press

NIELSEN, J.T. 1976. *Het Evangelie naar Matteus*. Uitgeverij G.F. Callenbach B.V. Nijkerk.

NIEMANDT, C.J.P. 2012. 'Trends in missional ecclesiology, *HTS Teologiese studies/Theological Studies* 68(1), 1-9. ttp;//dx.doi.org/10.4102/hts.v68;1.1198

NIEMANDT, N. 2007. *Nuwe Drome vir nuwe werklikhede.* Lux Verbi.BM. Wellington.

OGDEN, G. 2003. *Transforming Discipleship*. Illinois: InterVasity Press.

OSMER, R.R. 2008. *Practical Theology. An Introduction.* William B.Eerdemans Publshing Company. Grand Rapids, Michigan / Cambridge. U.K.

OTTO, R.E. 1991. *The God of Hope.The Trinitarian vision of Jurgen Motlmann*. University Press of America.

O'FLAHERTY, E. & PETERSON, R.L. 2010. *Sunday, Sabbath and the Weekend. Managing time in a global culture*. Wm.B. Eerdemans Publishing Co. Grand Rapids / Cambridge

PIETERSE, H.J.C. 1985. *Verwoording en Prediking.* N.G.Kerkboekhandel. Transvaal.

PIETERSE, H.J.C. 1990. 'n Erediens-uitsig op die gemeente. (In Smuts A.J., Vos C.J.A. & Nel M. *In gesprek oor die erediens*. p 22- 37)

PIETERSE, H.J.C. 2009. Prediking wat God ter sprake bring in die Suid Afrikaanse konteks van regstellende aksie (In Immink, G. ed. *God in 'n kantelende wêreld*. p 250 – 273.)

PONT, A.D. 1978. *Kerkgeskiedenis*. HAUM. Pretoria

RIDDERBOS, J.1963. *Het boek Deuterononium.* Tweede druk. J.H. Kok N.V. Kampen



© University of Pretoria

REISSMAN, C.K. 2008. Narrative methods for the human sciences. Los Angeles: Sage

ROETS, P.J. & DREYER, T.F.J. 1998. Die kommunikasiekrag van liturgiese simbole. *Hervormde Teologiese Studies*, (54/ 3 &4). p 712 - 735.

RUNYON, P. R. & HABER, A. 1980. *Fundamental Behavioral Statistics*. Addison-Wesley Publishing Company.

SCHARMER, O. & KAUFER, K. 2013. *Leading from the emerging future*. Berret-Koehler Publishing, Inc. San Francisco.

SCHAEFER, K. 2001. *Psalms.* The Liturgical Press, Collegeville, Minnesota.

SCHULZE, L.E. 1990. *Geloof deur die eeue.* NG Kerkboekhandel (Edms) Bpk. Goodwood Kaap.

SENN, F.C. 1985. *The Servant Church and the Diaconate*. Lutheran Forum.

SIDER, R.J. OLSEN, P.N. & UNRUH, H.R. 2005. *Churches that make a difference.* Baker Books.

SIMPSON, C.A. 1989. The book of Genesis. (In *The Interpreter's Bible. A Commentary in Twelve Volumes*. 1: 458 tot 829.)

SMAIL, T. A. 2006. *Like Father,like Son. The Trinity in our imaged in our humanity.* William B.Eerdemans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan (Cambridge. U.K.)

SMIT, D. 2009. Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens. (In Wepener, C & Van der Merwe J. *Ontdekkings in die erediens,* Lux Verbi.B.M. Wellington. p.87 – 108).

SMIT, G.H. 2010. 'Aanbidding en prediking in missionale gemeentes – homoletiese-liturgiese beskouinge van missionêre gemeentebediening'. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 66(1), Art#313,6 pages. DOI:10,4102/hts66i1.313.

SMITH, W.J. 2003. Godsbeelde in die konteks van die rouproses. HTS *Teologiese Studies/Theological Studies* 59(4) p 1443 – 1460.

SMITH, W.J. & DREYER, Y. 2000. Godsbegrippe en die funksie van metafore in die rousmartproses. HTS *Teologiese Studies/Theological Studies* 56 (1) p 295 – 313.

SNYDER, H.A. 2001. *Models of the Kingdom.* Wipf and Stock Publishers. Eugene, Oregon.



© University of Pretoria

SPURGEON, C.H.1976. *Psalms.* Kregel Publications, Grand Rapids.

STEVENS, P.R & COLLINS, P. 1993. *The Equiping Pastor.* The Alban Institute.

STEYN, A.G.W., SMIT, C.F., DU TOIT, S.H.C., STRASHEIM, C., 1998. *Moderne Statistiek vir die Praktyk,* Sesde uitgawe , JL Van Schaik Uitgewers.

TAYLOR, C. 2007. *A Secular Age.* The Belknap Press of Harvard University Press. London.

THOMAS, W.H.G. 1976. *Genesis. A Devotional Commentary*. William B.Eerdemans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan

TRIMP, C. 1989. *De Gemeente en Haar Liturgie.* Uitgeverij van den Berg- Kampen

VAN AARDE. A.G. 2013. ' 'n Postliberale perspektief op 'n ekklesiologiese modaliteit as'n ecclesiola in ecclesia – heroriëtasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika'. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 69(1), Art.#2012, 14 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.2012

VAN BLERCK, H. 1995. *Die Preekinleiding*. Makro Boeke (Edms) Bpk.

VAN BRUGGEN, J. 1990. *Commentaar op het Nieuwe Testament. Matteus. Het evangelie voor Israel*. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok – Kampen.

VAN DEN BROM, L. 2009. Kerk als gemeenschap: beeld van God. (In Immink, G. ed. *God in 'n kantelende wêreld.* p. 136 – 152.)

VAN DER MERWE, J. 2009. Ontdek nege lense in die erediens. (In Wepener, C & Van der Merwe J. *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi.B.M. Wellington. p.147 – 180).

VAN DER MERWE, J.C. 2013. 'Lense op spirutualiteit en kerkwees: Die pad vorentoe vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)', *HTS Teologiese studies/ Theologycal Studies 69(1)* p 1 - 16

VAN DER MERWE, J F & BEUKES, M J du P, 1991. Die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges binne die erediens. *HTS Teologiese Studies/ Theologycal Studies* (47/3) p 635 – 655.

VAN DER MERWE, W.L & DUVENAGE, P. 2008. *Tweede Refleksie. 'n Keur uit die denke van Johan Degenaar*. Sun Press. Stellenbosch.

VAN DER WATT, J.G. 1990. *Here, nou verstaan ek U beter. Na anleiding van beelde in die Johannesevangelie.* Orion.

VAN DER VELDEN, M.J.G. 2000. Als wij samenkomen – de gang van de liturgie.



© University of Pretoria

(In Van der Velden, M.J.G. ed. . *Als wij samenkomen. Liturgie in de gereformeerde traditie.* Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer.)

VAN HECKE, P. 2005. *Metaphor in the Hebrew Bible*. Leuven University Press

VAN HOUWELINGEN, P.H.R. 1997. *Johannes. Het evangelie van het Woord. Commentaar op het Nieuwe Testament*. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok-Kampen.

VAN RONGEN, G. 1990. *Met al de Heiligen.* Liturgie in hemel en op aarde. Uitgeverij De Vuurbaak Barneveld.

VAN ROOYEN, H.A. 1983. *Die Erediens as Koinonia.* Pretoria: UP. (Nagraadse diploma in Teologie)

VAN STADEN, J.M. 2014. 'Gesinsbediening in 'n postmoderne kerk: Modelle en metodes'. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 70(1), Art.#2783, 8 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i1.2783

VAN WYK, J.J. R.1986 . *Die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels in die erediens.* (Universiteit van Pretoria.)

VAN WYK, G.M.J. 1995. Metafore en waarheid. HTS *Teologiese Studies/ Theologycal Studies* 51(2) p 517 – 538.

VAN WYK, I.W.C. 1988. Die verleentheid van die teoloog voor die teodiseeprobleem. *HTS Teologiese Studies/ Theologycal Studies* (44/2) p 450 - 461.

VAN WYK, I.W.C. , 2013. 'Die Hervormde Kerk: Soekend na 'n weg tussen ekklesiologiese verstarring en innovasie sonder tradisie'. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 69(1), Art.# 1999, 11pages. http://dx.doi.org/10.4102 / hts.v69i1.1999.

VENTER, C.J.H. en DU PREEZ, A.P. 2008. Hoordersgesindheid as moontlike kommunikasiesteurnis in die prediking: Homileties-empiriese gesigspunte. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* (64/3) p 1425 - 1445.

VRIJLANDT, M.A. 1989. *Liturgiek*. Uitgeverij Meinema.

VOS, C.J.A. 1999. Die Towertyd van Liturgie. *Praktiese Teologie in Suid Afrika.* (14/1) p 99 – 126.

VOS, C.J.A. 2010. 'Godsbeelde in die liturgie', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 66(2), Art#790, 5 pages. DOI:10,4102/hts66i2.790



© University of Pretoria

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. *Hoe lieflik is U woning.* RGN-Uitgewery. Pretoria.

VOS, C. & WEPENER, C. 2014. *Tussen God en mens. 'n Literêr-estetiese benadering tot liturgie en prediking in 'n skuiwende kultuur.* Pretoria: Hond Uitgewers.

WARREN R, 2005. *Die Doelgerigte Kerk*: Struik Christelike Boekhandel.

WAGNER-FERREIRA, E. C. 2008. *'n Prakties-Teologiese ondersoek na die inkleding van die erediens met die doel om die verskillende generasies in 'n gesamentlike familie-erediens aan te spreek*.Pretoria: UP. (Proefskrif - PHD). p 120 – 126.

WATSON, D. 1999. *Discipleship*. Holder & Stoughton. London.

WEBER, O, 1981: *Foundations of Dogmatics.Volume 1*. Grand Rapids, Michigan William B. Eerdemans Publishing Company.

WEBER, O. 1988. *Foundations of Dogmatics. Volume 2.* Grand Rapids, Michigan William B. Eerdemans Publishing Company.

WEPENER, C. 2005. Participation and power: Opportunities for method and theory in liturgical research from a changing (Dutch Reformed) South African liturgical landscape.(*In Roads to Transcendence* at Tilburg University, 1 – 2 September 2005).

WEPENER, C. 2009. Ontdek die draaipunt in die geskiedenis van die liturgie. (In Wepener,C & Van der Merwe, J. ed. *Ontdekkings in die erediens*. Lux Verbi.BM. Wellington p. 69 – 86).

WEPENER, C. 2009. Ontdek eietydse tendense en uitdagings rondom die erediens. (In, Wepener,C & Van der Merwe J.ed. *Ontdekkings in die erediens*. Lux Verbi.B.M. Wellington. p 181 – 194).

WEPENER, C. 2010. *Aan die tafel met Jesus*. Bybel-Media.

WEPENER,C. 2011. Nuwe tendense buite-om die erediens van die 21ste eeu. 'n Beskrywende liturgie-historiese en hedendaagse verkenning. *NGTT* (52/ 1 & 2) p. 257 – 271.

WEPENER,C. 2012.Reflections on Recent Devolopments in Liturgical Studies in the Light of Experiences from the Research Field and the Lecture Room. JTSA.(144) p. 109 – 143.

WESSELS, F. 2009. Ontdek die Joodse wortels van die erediens. ( In, Wepener,C & Van der Merwe J. *Ontdekkings in die erediens.* Lux Verbi.B.M. Wellington. p.31 – 50) .



© University of Pretoria

WHITE, J.F. 1993. *A brief history of Christian worship.* Abingdon Press.Nashville.

WILKES, P. 2004. *Worship for the next generation.* Christian Century.

WOODBRIDGE, N.B.2008. Evaluating the changing face of worship in the Emerging Church in terms of the ECCLESIA model: a modern-day revival or merely a return to ancient tradions? *Praktiese Teologie in Suid Afrika.* (23/2.) p. 336 – 355.



© University of Pretoria